VIR ELKE DAG

1976

'n Bybelse Dagboek

ten dienste van

die daaglikse gebruik

deur gelowiges.

VOORWOORD

Met vrymoedigheid bied die redaksie van die Bybelse Dagboek die oordenkings vir 1976 aan. Die redaksie kon niks meer doen as om die voorbereidingswerk te doen en die voltooide stukkies aan te bied nie. Dit lê in die skoot van elke lidmaat om dit daagliks te gebruik by die huisgodsdiens of ampsdraers by huisbesoek. So nie gaan dit onbenut vir die betrokkenes verlore. Wie kan die skade bereken? Aan die medewerkers 'n woord van groot waardering.

J. H. KOEKEMOER
M. J. NAUDÉ
P. M. SMITH

MEDEWERKERS

1 — 3 Januarie	:	D. F. Erasmus (jr.)
4 — 10 Januarie	:	G. J. van Staden (jr.)
11 — 17 Januarie	:	J. J. Steenkamp
18 — 24 Januarie	:	P. T. Jacobs
25 — 31 Januarie	:	D. J. Muller
1 — 7 Februarie	:	W. J. Bezuidenhout
8 — 14 Februarie	:	J. H. Steenekamp
15 — 21 Februarie	:	J. J. Smit
22 — 28 Februarie	:	L. J. S. Steenkamp
29 Februarie — 6 Maart	:	J. N. Wolmarans
7 — 13 Maart	:	G. J. J. Roos
14 — 20 Maart	:	D. J. P. Stoltz
21 — 27 Maart	:	F. Houwert
28 Maart — 3 April	:	H. M. E. Dreyer
4 — 10 April	:	R. P. Botha
11 — 17 April	:	C. J. Viljoen
18 — 24 April	:	W. J. Steyn
25 April — 1 Mei	:	S. Schutte
2 — 8 Mei	:	W. G. Habig
9 — 15 Mei	:	P. J. Kruger
16 — 22 Mei	:	J. A. Schroeder

23 — 29 Mei	:	J. A. Jacobs
30 Mei — 5 Junie	:	S. P. Pretorius
6 — 12 Junie	:	J. P. Snyman
13 — 19 Junie	:	D. J. C. van Wyk
20 — 26 Junie	:	J. J. C. du Plooy
27 Junie — 3 Julie	:	W. P. van der Merwe
4 — 10 Julie	:	N. H. Buitenweg
11 — 17 Julie	:	J. W. Rhoda
18 — 24 Julie	:	E. Engelbrecht
25 — 31 Julie	:	F. J. H. Buitendag
1 — 7 Augustus	:	L. J. J. Nell
8 — 14 Augustus	:	J. H. Breytenbach
15 — 21 Augustus	:	J. G. M. Dreyer (jr.)
22 — 28 Augustus	:	A. T. McDonald
29 Augustus — 4 September	:	S. J. van der Westhuizen
5 — 11 September	:	J. M. Labuschagne
12 — 18 September	:	C. J. van Schalkwyk
19 — 25 September	:	P. R. Prinsloo
26 September — 2 Oktober	:	J. H. Viljoen
3 — 9 Oktober	:	J. F. Mouton
10 — 12 Oktober	:	A. Alberts
13 — 16 Oktober	:	J. H. Koekemoer
17 — 23 Oktober	:	F. Beytel
24 — 30 Oktober	:	A. P. B. Breytenbach
31 Oktober — 6 November	:	S. J. Botha
7 — 13 November	:	J. P. Labuschagne
14 — 20 November	:	B. J. van Staden
21 — 27 November	:	P. S. van Staden
28 November — 4 Desember	:	W. H. Swart
5 — 11 Desember	:	S. G. A. Golden
12 — 18 Desember	:	J. J. Engelbrecht (jr.)
19 — 25 Desember	:	J. A. van Biljon
26 — 31 Desember	:	P. J. T. Koekemoer

1 Januarie **Lees:** Mat. 2:13-18 **Teks:** Mat. 2:13

SORG EN VERNEDERING

Wanneer ons uit die evangelie hierdie vlug nalees, is daar twee sake wat dadelik opval: die sorg van God vir sy Kind én die diepe vernedering vir Jesus!

Josef en Maria het deur die koms en die aanbidding van die wyse manne uit die Ooste, opnuut die grootheid van hulle kind ingesien. God gebruik hierdie Oosterlinge om sy Kind die messiaanse hulde te laat toebring as 'n voorspel en pand van die dinge wat sal kom. Na alles wat sy ouers gesien en gehoor het (vgl. Lk. 2:16-38), beteken hierdie hulde vir Josef en Maria, die versterking en die verheldering van hulle geloof. Maar hierdie heerlikheid dra voorlopig 'n verborge karakter; God openbaar aan Josef die heimlike bedoeling van Herodes en beveel: „Staan op en vlug na Egipte." Verder ontvang hy belofte dat God hom ander bevele sal gee. God laat geen mens aan sy lot oor nie! Opmerklik is die sorg van God vir sy Kind. Hierdeur is Josef en Maria ook wonderlik gesterk. Daar is 'n God wat oor hulle wel en wee, wat oor hulle gesin, wat oor hulle mens-wees, vaderlik besorgd is! Hy bestier en beskik hulle lewe en Hy laat hulle in veiligheid woon.

Maar welke vernedering hou die goddelike bevel om te vlug vir Jesus in! So verlaat die Seun van Dawid sy vaderstad, verlaat Hy sy land en verlaat Hy sy volk. Deur sy geboorte en verblyf in Bethlehem, was die profesie vervul (Miga 5:1). Maar al die eer wat daarin vir Hom opgesluit lê, word bedek. Sy inkoms in Bethlehem was die gevolg van 'n keiserlike dekreet (vgl. Lk. 2); sy verblyf in Bethlehem was net moontlik as Hy anoniem verkeer, en sy uittog was allersmadelik en in die duister van die nag! Die feit van sy afkoms uit Bethlehem, bly nie behoue nie en daarom word Hy nooit na hierdie koningstad van sy vader Dawid genoem nie, maar na Násaret — die stad van Josef! Dit skep onaansienlikheid wat die Here se afkoms betref in die oë van mense.

Ook hierdie vernedering maak ons Heiland deur, sodat die liefdevolle en vaderlike sorg van God homself behoudend oor ons sal uitstrek in die tyd, maar ook vir die ewigheid . . .

2 Januarie **Lees:** Mat. 3:1-12 **Teks:** Mat. 3:3

'N OPROEP TOT BEKERING

Ons lees van Johannes die Doper geen wonders nie (Joh. 10:41)! Hy het geen genesings verrig en hy het geen tekens gedoen nie. Hy preek!

Daar het ontsettend veel invloed en krag van sy prediking uitgegaan. Die hele volk in al sy lae en deur die ganse land heen (vgl. Lk. 3:21), het daardeur in beweging gekom.

Hy was 'n stem en hy het met krag geroep, en hy het tot bekering geroep.

Nou was Johannes nie werksaam in Jerusalem nie en hy hou ook nie sy dienste in die gewone bewoonde wêreld nie. Hy tree in die woeste en in die eensame streke op; die woestyn van Judea was sy arbeidsveld.

En nou is sy optrede in hierdie dorre en troostelose wildernis vol van aangrypende simboliek. Dáár predik hy: „Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!" Die onherbergsaamheid van die woestyn is net so ongeskik as heirbaan vir 'n koning, as wat Israel onvoorbereid is vir die koms van die Here!

In die optrede van hierdie boetgesant en prediker lê daar voorts opgesluit, dat die Here sy volk nie verstoot nie, ondanks die feit dat die volk geestelik gesproke, in 'n wildernis woon. Hy wil hulle besoek met sy heil, mits hulle vir Hom 'n weg berei waarlangs Hy kan ry.

Hierdie prediking van die Doper is 'n oproep tot alle mense om hulle te bekeer en daarom: „Berei die weg, maak sy paaie reguit!" Berei jou lewe en sy omstandighede so, dat die Here vrymoedig by jou kan en wil kom met sy heil, sodat Hy by sy koms (en Hy kom in elk geval!) jou nie deur sy toorn moet verbreek nie.

Die weg van die Here is daardie weg waarlangs Hy wil kom met sy seën tot 'n volk en tot die enkelinge van 'n volk; dit is tot jou en tot my! Hierdie weg van die Here is daardie weg van verootmoediging, van skuldbelydenis, van aanroeping van die Here om sy genade.

En die paaie wat reguit gemaak moet word, doel op die afkeer van verskillende sondes waaraan 'n mens hom skuldig maak, en om voortaan te doen wat God onder verskillende omstandighede en gevalle so duidelik beveel.

Die Here kom! En sy koms kan tot seën wees, óf... (vgl. Lk. 3:17)! Rig daarom jou lewe betyds na sy Woord en welbehae.

3 Januarie **Lees:** Mat. 4:1-11 **Teks:** Mat. 4:1

STRAF OP SONDE IS GEREGVERDIG

Het God die mens dan so boos en verkeerd geskape, dat hy maar net altyd wil beswyk voor die verleidelike aanval van die satan?

Dan mis God mos die reg om 'n mens te straf as hy sondig!

Óf — kan 'n mens deur dik en dun voor die verleiding van die satan staande bly, sodat wanneer jy dan wel swig, dit enkel jou eie skuld is, pligsversuim, opstand teen God?

Dan mag God jou onder hierdie omstandighede mos met

volle reg oordeel en verdiend straf in sy toorn teenoor elke vorm van sonde!

Die antwoord op hierdie lastige vrae vind ons uit die versoeking van Jesus in die woestyn.

Hier word 'n mens, die Seun van God na sy menslike natuur, aan die aanvalle van die satan uitgelewer. Proefondervindelik sal dit nou moet blyk, of 'n mens kragtens die gesteldheid waarin God hom geskape het, noodsaaklik voor enige aanval van sonde moet beswyk, óf — dat hy die aanvalle van die satan kan weerstaan as hy so wil en wanneer hy gehoorsaam styf vashou aan die handreling van die onvervalsde Woord van God.

Daarom moes die Here, voordat Hy met sy verlossingswerk begin, aan die felle versoekinge van Satan uitgelewer word. Die Gees lei Hom in die woestyn in.

In die eensaamheid, in afsondering, by die afwesigheid van alle teenwoordigheid en steurnis van mense — dáár is die verleiding tot ongehoorsaamheid en tot sonde soveel groter!

U weet die verloop van hierdie spannende geskiedenis! Die omstandighede van die Here by hierdie versoeking van die duiwel, was soveel slegter as die van Adam; die versoeking van die duiwel self soveel sterker en sy listige aanvalle geruggesteun deur 'n skrifwoord soveel geweldiger. Maar onse Here Jesus Christus triomfeer in gehoorsaamheid!

Nou het ons meteen afdoende antwoord op die lastige vrae van so ewe! Uit die versoekingsgeskiedenis blyk, dat die val van die mens onteenseglik sy eie skuld is, hoewel verlei deur die satan en dat hy dus met volle reg gestraf kan word. Verder blyk dit dat die sonde so te sê geen reg van bestaan het nie. Ten laaste weet ons met dankbaarheid dat God daarom 'n volmaakte Skepper is; ons eerbiedig sy reg om te rig en wanneer Hy in ons lewe straf, is dit verdiend.

4 Januarie **Lees:** Mat. 5:1-12 **Teks:** Mat. 5:9

DIE VREDEMAKERS

Ter wille van die vrede, om die vrede nie te versteur nie doen ons baie dinge nie. Ons gaan van die veronderstelling uit dat daar vrede is as alles sy gang gaan en bly soos dit is. Moet tog net nie aan dinge krap nie.

Let daarop dat Jesus nooit hierdie vrede-bewaarders salig gespreek het nie, maar wel die vrede-makers.

Vrede maak beteken dat dit wat skeiding bring en spanning veroorsaak uit die weg geruim word. Daarom is die vredemaker daardie persoon wat die onkruid raaksien, maar dit dan uittrek en in die plek daarvan 'n blom plant. Die vredemaker sluit nie sy oë vir die onkruid, vir dit wat verkeerd is nie. Hy sien daardie verkeerde dinge raak en dan beywer hy hom om dit wat verkeerd is reg te maak.

Daar is dinge wat 'n mens se innerlike vrede versteur en daar is dinge wat die vrede in ons onderlinge verhoudinge onmoontlik maak en daar is dinge wat meebring dat ons geen vrede by God het nie. Jesus se vredemaker sien hierdie dinge raak. Hy krap aan hierdie swere al maak dit seer en al word die ander vir hom kwaad. Hy bewaar geen valse vrede nie. Hy knoop 'n stryd aan om die lug te suiwer en daardie dinge te bring soos die Here Jesus dit wil hê. Slegs as die lewe vir die dinge gevorm is na die wet van die Here kan daar vrede wees. Daarvoor veg die vredemaker.

Salig is daardie mens wat 'n ander persoon kan help om vrede in homself te vind, dit wat hom ongelukkig maak uit te ken en reg te stel. Salig is die persoon wat ander mense na mekaar toe lei en met mekaar versoen. Uitnemend geluksalig is die man of vrou wat 'n ander help om vrede by sy Here en God te vind.

5 Januarie **Lees:** Mat. 5:1-12 **Teks:** Mat. 5:11

DIE WÊRELD HAAT DIE GELOWIGE

Die wêreld wou Jesus Christus nie hê nie. Hy was onwelkom en ongewild. Ons weet hoe Hy beledig en vervolg is en van al die kwaad wat valslik teen Hom gespreek is. Hy is doodgemaak om van Hom ontslae te raak.

Wat Jesus sê en doen, bots met wat die satanwêreld sê en doen. Jesus en sy boodskap sý leefwyse sal altyd vir Satan en sy wêreld 'n gehate aanstoot wees.

Die gelowige Christen wat getrou en nougeset agter die Here Jesus aan volg op die pad wat Hy lei, kan verseker weet dat hy in die wêreld net so ongewild en onwelkom gaan wees as sy Heer. Die Christen volg 'n Heer in wie die satanwêreld 'n haat het. Die Christusleefwyse bedreig Satan se leefwyse. Satan en sy wêreld laat so 'n mens nie met rus nie. Hulle val hom aan omdat hulle sy Heer haat. Deur hom veg hulle teen die Here Jesus Christus. Salig is ons as Satan ons só haat!

Ons lewe as gelowiges mag nie gemaklik en ongehinderd wees nie. Ons mag nie tuis wees in hierdie wêreld nie. Ons mag nie oral gewild en welkom wees nie. Sou Satan en sy mense jou nie hinder en beledig en vervolg nie, dan is dit so omdat jy vir hulle geen bedreiging is nie. Hulle is tevrede met jou.

Hoe meer ons ons aan die Here toewy, hoe heftiger sal Satan en sy mense ons aanval. Hoe meer ons ons aan die Here toewy, hoe minder sal ons tuis wees in hierdie wêreld. Hoe meer en hoe duideliker ons van Jesus Christus getuig, hoe minder mense sal na ons luister. Hoe meer ons die lof van die Here verkondig, hoe minder lof sal ons van die wêreld ontvang.

Salig is jy as Satan en sy mense jou beledig en vervolg en belaster. Hulle haat jou — omdat jy in Jesus Christus glo. Hulle haat Hom. Jy en jou eie naam is niks. Wee jou as Satan en sy mense jou nie haat nie — dan bedreig jou geloof hulle nie, dan beteken jou geloof nie veel nie. Salig is jy as hulle jou beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen jou spreek om Jesus ontwil. Want dan is jy op die regte pad. Salig is jy as Satan se mense jou omrede jou Christusgeloof vermy en beledig en bespot. Dan maak jou geloof 'n merk. Dan is jou geloof sigbaar.

Mag Satan en sy mense ons beledig en vervolg met 'n felle haat. Dan is ons salig. Dan weet ons ons is met ons geloof op die salige Christusweg.

6 Januarie **Lees:** Mat. 5:13-16 **Teks:** Mat. 5:13

DIE SOUT VAN DIE AARDE

Die Here Jesus het nooit aan sy dissipels gevra of hulle die sout van die aarde wil wees of dat hulle dit nie moet wees nie. Hy het sonder meer uit gesê: „Julle is die sout van die aarde." Daarmee plaas hy 'n geweldige verantwoordelikheid met verpligtinge op almal wat Hom volg.

Hulle is die sout van die aarde. Hulle moet rein wees. In die ou tyd is gesê dat sout die reinste van alle stowwe is: Dit was 'n bestanddeel in die offers en by die verbondsluiting, self die reine wet van God is met sout vergelyk. Die volgeling van Jesus Christus het die hoë roeping om 'n voorbeeld van reinheid te wees. Sy lewe moet soos sout ontsmettend in die samelewing deurwerk. Hy moet alle kwaad ontsmet en alle sondekieme vernietig. Hy moet die samelewing rein en gesond maak. Sover die volgeling van Jesus gaan, moet hy die samelewing suiwer en alles ontsmet en rein maak. Aktief moet hy die reine inbring en vestig.

Sout gee smaak (Job 6:6). Die volgeling van Jesus moet in 'n floue mensewêreld smaak gee aan die lewe. Die Christen moet 'n besondere smaak, 'n aangename smaak aan die samelewing gee. Waar die Christen en die kerk kom, moet hy van die wêreld 'n beter en aangenamer plek maak om in te woon en te werk.

Die Christen wat hierdie roeping nie vervul nie, beteken niks — net soos sout wat laf geword en sy soutende funksie verloor. Dit word uit die huis uit sommer op die grond weggegooi en die mense wat daarlangs loop, trap daarop.

Dit is ons roeping om die samelewing te reinig en suiwer te maak. Ons moet aan ons samelewing 'n aangename en goeie smaak gee. Waar ons kom moet die wêreld beter word, nie omdat ons so goed is nie, maar omdat ons draers van die evangelie is.

7 Januarie **Lees:** Mat. 5:38-48 **Teks:** Mat. 5:38-44

JOU VYANDE

Deur Jesus Christus is ons met God versoen. Ons staan in 'n ander verhouding tot God. Deur Jesus Christus is ons met ons naaste versoen. Ons staan in 'n ander verhouding tot ons naaste. In plaas van „geneig om God en ons naaste te haat" moet ons nou „die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand „en" jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Mat. 22:37 en 39).

Ons veranderde houding tot God moet gesien kan word in ons veranderde houding tot ons naaste.

In ons teksverse word nie gesê dat ons nou willose pap swakkelinge moet word nie. Ons staan teenoor baie vyande Ons moenie nou sommer maar voor hulle ingee nie. Inteendeel: Nou moet ons met alle mag inklim om hulle te oorwin en hulle onreg te verwoes. Ons is nou vegters van Jesus wat niks verkeerd duld nie.

Die wyse waarop ons hulle oorwin, verander. Die wyse om die te oorwin wat ons veronreg, is nou nie mag en wraak nie, maar liefde. In ons Skrifgedeelte van vandag praat Jesus van „die ander wang", „die bokleed ook", „die tweede myl", „seën en bid vir dié wat julle beledig en vervolg". Dit is nie vrome wensdenkery nie. Het u al getoets watter magtige wapen dit is? In die oë van die wêreld was Jesus 'n swakkeling om aan die kruis te gaan sterf. Maar daarmee het Hy die wêreld oorwin. Hy word onthou terwyl ons lankal die name vergeet het van die sterk manne van sy tyd wat so goed geweet het hoe om op hulle „regte" te staan.

Ons moet ons vyande oorwin: Nie uit haat nie maar uit liefde. Ons moet ons vyande nie wil vernietig in hatige vervolging nie. Ons moet hulle wil keer en red van hulle self en dit doen uit meegevoel oor hulle ellendige lot en uit bewoënheid met hulle.

Jesus Christus het ons toe ons sy vyande was, liefgehad. Hy het ons met God versoen. Hy seën ons en bid vir ons terwyl ons Hom dag vir dag deur woord en daad beledig.

Ons nuwe verhouding tot God moet gesien kan word in ons nuwe verhouding tot ons naaste.

8 Januarie **Lees:** Mat. 6:5-13 **Teks:** Mat. 6:5-13

ONS GEBED

Vreugde in beproewing, geloof en volharding in dae van donkerheid en smart, ook as dinge nie loop soos ek gebid het nie — dis moeilike sake hierdie. „God doen dan nie wat ek vra nie. Dis nou al so lank en God het my nog nie gehelp nie." Ons is teleurgesteld. Ons twyfel aan die krag van die gebed. Nou vra ons maar — dalk doen God dit.

Die Here eis dat ons „in die geloof" moet „bid sonder om te twyfel" (Jak. 1:6). Juis hierin is die toets van elke gelowige bidder geleë, om wanneer ek „amen" sê nie te twyfel nie maar te glo dat God op sy eie tyd en op sy eie wyse my gebed sal verhoor. Hierin lê ons gebedsprobleem: Ons verwag God moet onmiddellik maak soos ons wil hê.

Dit hang daarvan af wat jy vra. God verhoor net in en deur Jesus. Ons moet in sy Naam bid. God verhoor net dit wat jy in sy Naam kan vra. Ons mag nie krag vra om ons vyande te haat en te verpletter nie. God sal so 'n gebed nie verhoor nie. In „sy Naam" word jy toegelaat om net dinge te vra soos geduld en verdraagsaamheid en wyse woorde om jou vyand te oorwin met liefde. Dit is te rym met „sy Naam". So 'n gebed sal God verhoor. God verhoor nie 'n gebed wat rykdom eis uit hebsug nie. God verhoor wel deeglik die gebed om die daaglikse brood (Mat. 6:11). Dit hang af van wat ons bid. God verhoor net wat in „Jesus Naam" gevra word.

Gebedsverhoring is altoos 'n genadedaad van God. Ons verdien niks van dit wat ons biddend vra nie. Ons stel ook nie ons eie wil en wense voorop nie. Luister Jesus se smeking: „Nogtans nie wat Ek wil nie maar wat U wil." „Laat u wil geskied (Mat. 6:10). God sal verhoor na sý wil en na sý welbehae en op sý tyd.

Bid opreg. Leer om te bid volgens Gods wil. Laat die uitslag gelowig in Gods hande.

9 Januarie **Lees:** Mat. 6:19-34 **Teks:** Mat. 6:25, 32

SOEK EERS DIE KONINKRYK VAN GOD

Moenie julle kwel oor eet, drink en aantrek nie. Iemand wat só besorgd, gekweld lewe, is een wie se lewenshouding so is dat hy gekweld, besorgd besig is om een ding te doen dat daar net nie tyd is vir iets anders nie. Só iemand is beangsgekweld op jaag na eetgoed, drinkgoed, aantrekgoed — na geld. Geld gee hom vastigheid en sekuriteit. Het hy geld, het hy na sy oordeel geluk, sekuriteit, veiligheid en is hy sonder bekommernis.

Ons sekuriteit lê nie daarin nie. Ons versekering vir ons aardse bestaan, ons versekering dat ons altyd genoeg geld kos en klere sal hê, lê daarin dat ons „Hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het" (vers 32). Hy sal ons daaglikse brood vir ons gee.

Gekweld wees hieroor? Beangs en bekommerd wees asof God sal toelaat dat ons van honger en dors doodgaan? Beangs en bekommerd wees asof God sal toelaat dat ons van honger en dors doodgaan? Beangs asof God nie in staat sal wees om te sorg nie — net om seker te maak moet ons maar self hard inspring? Sal God nou te suinig wees om dit vir ons te gee? Luister na Rom. 8:32: „Hy wat self sy eie Seun nie gespaar het

nie, maar hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? As God nie geskroom het om selfs sy Seun as vloek te offer om ons in die lewe te hou nie — hoe kan ons Hom dan wantrou oor kos en klere.

Oppas vir kleingeloof (vers 30). God is absoluut betroubaar. As God dan vir die voëls van die hemel (vers 26) en vir die lelies (vers 28) en vir die gras van die veld só sorg (vers 30), hoeveel te meer vir ons. Ons is tog vir Hom baie meer werd as hulle (vers 30).

Ons bid: „Gee ons vandag ons daaglikse brood." Elke dag van ons lewens verhoor God hierdie gebed. Elke dag ontvang ons genoeg om te eet en te drink en aan te trek. Vertrou Hom.

10 Januarie **Lees:** Mat. 6:19-34 **Teks:** Mat. 6:33

CHRISTUS DIE HOOFSAAK VAN ONS GELOOF

Hoekom glo jy in die Here? Waarin stel jy belang? Wat wil jy van Hom hê dat jy tot Hom bid en in Hom glo?

Kom kyk hoe bid ons. Ons vra: „Spaar, bewaar, geld, kos, klere, seën, sukses op planne, vrede." Dit terwyl Jesus Christus tog die hoofsaak is in ons geloof. Al wat ons in hierdie verband bid is om die gebed af te sluit met 'n vinnige „vergeef ons ons sondes . . . amen." Dank u ooit God dat Hy die Christus gegee het, dank u dat Hy gesterf het. Dank u dat Hy vir u gesterf het. Bid u ooit om 'n plek in die hemel. Vertel u ooit aan God u begeerte om in die hemel by Hom te wees?

Jesus Christus is die hoofsaak in ons geloof. Geld, kos, klere, suksesvolle planne is in verhouding met Hom nie van veel waarde nie. As God vir jou geld, kos en klere gee dan het Hy jou nie iets besonders gegee nie. Hy gee dit vir almal. Goeies en slegtes, almal eet en dra klere en het geld. As jy God aanhou om net hoofsaaklik vir jou wins reën te maak — dis nie vir God iets groot nie. Reën gee Hy sommer weg. Hy laat reën oor gelowiges en ongelowiges. Maar Jesus Christus: Hy is 'n baie duur en kosbare gawe. Hom en sy skatte gee die Vader nie sommer vir enigeen nie. Die hemel is nie vir almal nie.

„Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid." Soek eers vir Christus. Hy is tog die heel belangrikste. Dit help nie jy het al die geld van die wêreld maar God verwerp jou in die hel nie. Soek eers vir Christus. „Al hierdie dinge" van geld, kos, klere, roem, die sal God sommer vir julle byvoeg, liewer minder geld as ons net Christus kan hê. Liewer nou roem misloop en posisies verloor maar ons verkry elkeen sy plek in die hemel. Liewer nie so hoog geëerd by die mense nie as God u in guns en in liefde by Hom wil hê.

Ons mag nie God aanhou vir eie gewin om geld te kry nie. Glo God om Christus te kry. Glo God om in guns by Hom te mag kom. Glo God om Christus wil om vergewing en sý hemel te beërwe.

11 Januarie **Lees:** Mat. 8-1-17 **Teks:** Mat. 8:3b

CHRISTUS SE MAG OOR DIE SONDE

Die Here Christus doen hier drie wonderwerke. By elke genesing kan ons veronderstel dat Hy sou kon sê: „Ek wil; word gereinig!"

Dit was dus en is die wil van die Here Christus dat die mens gereinig, gesond sal wees. Maar nou kom die vraag dadelik by ons op: „Waarom het Christus net die paar mense tydens sy omwandelinge genees? Die hele wêreld is dan nog vol pyn en lyding?!"

Die antwoord hierop vind ons in die persoon van Christus.

Die feit dat die mens siek kan word, dui daarop dat die liggaam van die mens onvolmaak is. Sy liggaam is onvolmaak as gevolg van die sondeval van Adam en Eva. Die toestand van volmaaktheid waarin die Here die mens geskape het, het verlore gegaan met die sondeval.

Die mens kan homself egter nie weer tot volmaaktheid terugbring nie. Daarom kan die mens ook nie weer in teenwoordigheid van God verskyn nie. God is die enigste wat die mens weer tot volmaaktheid en tot sy heilige teenwoordigheid kan terugvoer. Daarom stuur Hy sy eniggebore Seun om as 'n mens ter wille van die mense in te tree.

Christus word sonder sonde gebore. Die onvolmaaktheid van die sonde kleef nie aan sy liggaam nie. Daarom het Hy mag oor die sonde en oor die onvolmaaktheid van die sondige menseliggaam. Gevolglik heers Hy ook oor die sonde en kan Hy met mag sê: „Ek wil; word gereinig!" Nou doen Hy hierdie wonderwerke, nie om die paar mense wat gesond word alleen te help nie, maar om aan te toon dat Hy mag het oor die sonde. Dit doen Hy, sodat die mensdom en ook sondaars in Hom kan glo; dat ons kan glo dat Hy vandag nog mag het oor die onvolmaaktheid van ons eie sondige liggame. Want as ons dit glo, sal Hy ons reinig sodat ons in die hiernamaals sonder vlek in die heilige teenwoordigheid van God kan verskyn om Hom te loof en te prys in ewigheid.

12 Januarie **Lees:** Mat. 8:18-27 **Teks:** Mat. 8:22

DIE NAVOLGING VAN JESUS

Die volgelinge van Jesus Christus weet reeds hy hulle roeping dat daar vir hulle nie baie luukses of tyd of veiligheid gaan wees nie. Ter wille van Christus sal sy volgelinge geen vaste woning hê nie, maar in die verkondiging sal hulle rondtrek en geen herberg vind nie. Daar sal geen tyd wees om aan jou familie te bestee nie. Die enigste tyd wat daar sal wees, is die tyd wat Christus verleen om sy diens in die wêreld te doen.

Die volgelinge van Christus sal deur storm en ellende bedreig word, maar Christus wat die Beskermer is, sal die kleingeloof van ons mensekinders versterk.

Dit klink onsimpatiek wanneer iemand aangesê word om die dooies aan die dooies oor te laat. Maar die diens van die Here eis die ganse mens op, sodat die mens in sy navolging van Christus met hart en siel kan werk. Daarom is dit onmoontlik dat 'n mens jou sal steur aan dinge wat in die weg van die verkondiging staan.

Wanneer ons in die navolging van Christus geroep is, is daar nie nog tyd vir ander bekommernis nie. Die saak van die Here kom eerste en die Christen is geroepe om in sy lewe die eerste aandag daaraan te bestee. Dit is so, omdat die Here Christus ons tot eer van God en tot ons eie redding roep. Waar die eer van God in die gedrang is, moet alle ander sake opsy gestel word, ja, meer nog; alle sake moet dien tot eer van God.

13 Januarie **Lees:** Mat. 8:28-9:8 **Teks:** Mat. 9:2c

CHRISTUS IS IMMANUEL

Nadat die Here Christus die twee duiwelbesetenes van Gadara genees het, vertrek Hy weer na Kapernaüm. Daar bring hulle 'n verlamde man na Hom. Christus genees hom. Hy sê vir hom: „Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe." Hieroor was die skrifgeleerdes ontstoke en, 'n mens kan sê, met reg ook, want die mag om sondes te vergewe, behoort aan God alleen. Deurdat Christus nou sondes vergewe, stel Hy Homself daar as God. Hy tree as God op en dit was vir die skrifgeleerdes iets ongehoords, ja, godslasterlik dat 'n mens vir homself die mag van God toeëien.

Indien enige ander mens dit sou doen, sou dit inderdaad godslasterlik wees, maar nou vergewe CHRISTUS die sondes, Christus van wie gesê is dat Hy Immanuel, God met ons, is. Deur hierdie daad lewer Christus die bewys daarvan dat Hy volmag het om te heers oor die sonde. Sy volmag het Hy uit die feit dat Hy die eniggebore Seun van God is; Seun van God, self ook God. Hy is die ware Immanuel, Hy is ware God, maar ook ware mens. As Hy nie ware God was nie, sou Hy nie met sukses sondes kon vergewe nie en as Hy nie ware mens was nie, sou Hy nie ter wille van die mensdom kon optree en intree nie.

Wat by ander wondergeleenthede net met die daad betuig word, word hier nou met daad en woord betuig: Jesus Christus die Verlosserheer is God. Nou mag ons verseker wees van ons eie sondevergiffenis, want God het mens geword en onder ons kom woon.

14 Januarie **Lees:** Mat. 9:9-17 **Teks:** Mat. 9:12

CHRISTUS SOEK DIE SONDAARS

Die Here Christus het ongewone dinge gedoen. Hy het die maatskaplike reëls van daardie tyd oortree, deur tafelgemeenskap met die tollenaars en sondaars te beoefen. Met die regverdiges het Hy nie veel omgang gehad nie, maar hulle eerder afgewys as mense wat hul regverdiging in hulself gesoek het. Met die tollenaars en sondaars het Hy verkeer en Hom nie gehou aan die vastye nie.

Ons kan vra: „Waarom dan nou dit?" Die antwoord is dat Christus bo-oor die gebooie van die wet staan. Daarom is die gebooie van die wet wat vastye reël onvanpas as Christus, as God dus self by die mensdom teenwoordig is. Die teenwoordigheid van Christus bied soveel vreugde, dat vastye nie daarby hoort nie.

Christus hou tafelgemeenskap met tollenaars en sondaars, omdat diegene wat iets van die geregtigheid van God ontvang het, naamlik die Fariseërs, dit wat hulle ontvang het, vir hulleself gehou het. Hulle het daarmee hul eie eer gedien. Hulle taak was eintlik om die geregtigheid van God aan die mensdom te verkondig.

Maar dié geregtigheid het hulle vir hulleself toegeëien. Daarom het Christus dan die taak wat die Fariseërs nagelaat het, vervul deur die geregtigheid van God aan die tollenaars en sondaars te verkondig en met hulle tafelgemeenskap te hou.

Ons is vandag nie baie anders as die Fariseërs nie. Hoe dikwels hoor ons nie dat mense sê, hulle meng hulle nie met hierdie of daardie klas mens nie? Die voorbeeld van Christus leer ons anders. Ons wat meen dat ons iets verstaan van die geregtigheid en die regverdiging van God, is verplig om ons met alle soorte mense te meng en met hulle gemeenskap te beoefen, sodat ons aan hulle die geregtigheid van God, sy genade, barmhartigheid en liefde kan verkondig.

15 Januarie **Lees:** Mat. 9:18-34 **Teks:** Mat. 9:24

CHRISTUS IS DIE LEWENSVORS

Ons lees hier weer van vier wonderwerke wat die Here Christus gedoen het. Telkens vind ons by die mense waar die wonders gedoen word geloof, verbasing, bespotting en ook ongeloof. Dit kan ook nie anders nie, want telkens het Christus probeer om in stilte hierdie wonderwerke te doen. Hy wou nie as 'n sensasiewekkende wonderdoener bekend wees nie. Die doel van die wonderwerke was om sy mag oor die sonde en die dood aan te dui, sodat die mensdom tot geloof geroep kon word. Maar soos Christus ook elders gesê het, het Hy gekom

om tweedrag te verwek. Sommige sou in Hom glo en andere nie. Sommige sou gered word en andere nie.

Dit is presies om dieselfde rede dat Christus die dogtertjie opwek uit die dood. Hy doen dit in stilte nadat Hy die skare uitgedryf het. Hiermee betoon Christus Homself as die Vors van die lewe. Reeds voor sy opstanding uit die dood, heers Hy al oor die dood. Reeds voordat Hy die straf vir mensesonde gedra het, betoon Hy Homself as die een wat mag en heerskappy voer oor die lewe.

Hierdie opwekking van die dogtertjie dui egter ook op die komende opwekking van die dode, want daarom sê Christus dat sy slaap. Die beeld van die dode wat slaap, is bekend aan die Bybel, omdat die mense geglo het dat die dode slapende is, wagtende op die wekroep tot die lewe op die laaste dag.

So gee hierdie opwekking ook aan ons die versekering dat Christus wel heers oor die dode en gevolglik ook oor ons eie dood. Daarom mag ons in die versekering leef dat die Here sy belofte van ons eie salige opstanding gestand sal doen.

16 Januarie **Lees:** Mat. 9:35-38 **Teks:** Mat. 9:38

DIE OES EN DIE ARBEIDERS

Beelde uit die veeteelt en akkerbou het die Here ryklik gebruik om te verduidelik wat Hy aan die mense wou sê. Dit was 'n gangbare manier van praat en het die verlangde reaksie gehad.

Hier tref ons die Here aan waar Hy die mense aanskou wat moeg en uitgeput was. En hier sien ons weer eens dat die Here die mense grondeloos liefhet, want anders as sy dissipels, het Hy innig jammer vir die mense gevoel. Hulle probleme en moeilikhede het Hom diep geraak. Hy het hulle nood geken en Hy wis ook dat hulle nood hoog was. Want hoewel siekte, armoede en ander ellendes aan die mens nood toebring, is die groot nood van die mensdom nie die siektes en armoede nie, maar die krankheid van die gees. Die sonde is die mens se grootste honger en kommer. Daarvan is siekte en armoede die simptome.

Sondevergiffenis skenk God egter aan elke gelowige. En hier waar Christus die skare aanskou, is die nood van die mensdom groot; hulle is soos skape sonder herder. Nou is dit so, dat juis wanneer die nood op sy hoogste is, is redding deur God op sy naaste. Daarom beveel Christus die dissipels om te bid dat die Here arbeiders in die oes sal stuur. Die arbeiders moet heengaan en verkondig dat daar 'n einde gekom het aan sondenood deurdat Christus die mensdom met God versoen. God sal self hierdie arbeiders stuur en ons moet ook daarom bid, want ook vandag is die nood van die mensdom hoog as gevolg van die sonde.

17 Januarie **Lees:** Mat. 10:1-42 **Teks:** Mat. 10:20

DIE GEES VAN DIE VADER SPREEK IN DIE GELOWIGES

Die Here Christus stuur sy dissipels uit in die wêreld om met woord en daad te verkondig dat die koninkryk van God naby gekom het.

Die uitsending van die twaalf was daarom ook verbonde met baie gevare. Die Here Christus sê self dat Hy hulle soos skape onder wolwe instuur. Hulle was ook bewus van die gevare wat vir hulle gewag het, want hulle het 'n heeltemal nuwe leer verkondig. Verder het hulle ook dade gedoen wat aan hulle die oneerbiedige en onlofwaardige naam van towenaars kon besorg. Hulle leer sou ook twis en tweedrag veroorsaak, omdat dit mense voor 'n radikale keuse sou plaas, naamlik geloof of weerstand. Hiertoe was die dissipels beswaarlik toegerus, want hulle was mense wat uit die laere klasse van die destydse samelewing gekom het.

Nogtans moes hulle hulself nie kwel nie, want al sou hulle as gevolg van hulle leer gevange geneem word, moes hulle weet dat dit nie in eie naam was dat hulle opgetree het nie, maar in Naam van God. Daartoe sou die Heilige Gees hulle bystaan en in dié wete moes hulle ook nie terugdeins vir die moeilike werklikheid nie.

Vandag staan die kerk alleen in die wêreld teen magte en kragte wat soek om dit uit te wis. Maar ook vandag is dit die Gees van God wat in die kerk spreek. Daarom mag elke gelowige die versekering hê, dat hy of sy hom of haar nie moet kwel oor wat hulle sal sê nie. Getuig maar dat Christus die Here is. Daartoe sal die Heilige Gees ons help.

18 Januarie **Lees:** Mat. 11:1-11 **Teks:** Mat. 11:3

DIE VERWAGTING OP JESUS

Johannes die Doper het 'n baie duidelike opdrag van God ontvang soos dit reeds aan die profeet Jesaja openbaar was, as die hom noem: „Die stem van een wat roep in die woestyn, berei die weg van die Here." Johannes het homself ook so bekend gestel aan die Joodse volk en sy roeping as wegbereider met groot ywer en geloof begin. Hy verkondig met krag en oortuiging aan die volk dat die koninkryk van God naby gekom het en dat dit nou die tyd is om tot inkeer te kom en hulle tot God te bekeer.

Hoe kragtig en sterk in die geloof verkondig hy aan die volk dat Jesus die Verlosser is, die Messias wat sou kom. As Jesus na hom toe kom dan roep hy uit. „Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

Hy ontvang self van God die teken as hy Jesus doop deurdat die Gees van God soos 'n duif op Hom neerdaal en

die stem uit die hemel wat dit bevestig. „Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."

Noudat Johannes in die gevangenis sit het alles so verander. Hy verneem in die gevangenis van die werke van Jesus: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan die armes word die evangelie verkondig. Hierdie kragtige dade kan alleen plaasvind deur Hom wat as Seun van God na die wêreld gekom het as die Messias, die Gesalfde van God. Jesaja voorspel reeds sy koms in dieselfde duidelike taal as hy sê: „En in die dag sal die dowes Skrifwoorde hoor, en uit donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien." (Jes. 29:18.) En verder: „om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit." (42:7.)

Johannes het net soos baie ander in die verwagting geleef, en met groot blydskap die koms begroet van Hom wat as Verlosser deur God gestuur is, Jesus die Christus. Noudat hy in die gevangenis sit, wag hy op die bevryding uit die kerker. Dit gebeur egter nie. Met groot verwagting sien Johannes daarna uit dat ook in sy lewe die kragtige tekens moet plaasvind dat Jesus die Messias is. Met hierdie verwagting in sy hart, stuur Johannes twee dissipels na Jesus om Hom te vra: „Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?

Met dieselfde woorde uit Jesaja waaruit Johannes se verwagting geleef het, antwoord Jesus vir Johannes dat Hy wel die Messias is want Hy doen die kragtige dade van die Messias. Johannes word dan ook tereg gewys deur Jesus om dat hy aanstoot geneem het oor die wyse waarop Jesus as Christus sy werk gedoen het.

Ons verwagting word gebou en versterk op Jesus as die Christus en die werke wat Hy as Verlosser gedoen het. Dit wat in ons eie lewe plaasvind moet ons sien in die lig van sy verlossing. Ons lewe staan nie buite Christus nie. Al sit ons ook in die gevangenis moet ons nog saam met Paulus, lofliedere sing in die nag, want ons wag op sy verlossing.

19 Januarie **Lees:** Mat. 11:20-24 **Teks:** Mat. 11-20

GEEN BEKERING

Gebore in Bethlehem het Jesus saam met sy ouers gaan woon in Nasaret waar Hy opgegroei het. Later leer ons dat Hy gaan woon het in Kapernaum aan die see, in die gebied van Sebulon en Naftali.

Dit is begryplik dat Jesus in hierdie stede waar Hy dag vir dag gepreek het en die Woord van God verkondig het, die grootste gedeelte van sy wonderwerke dan ook gedoen het. Kragtige dade het plaasgevind waardeur diegene wat dit aan-

skou het, ook na sy Woord geluister het, beslis tot inkeer kom en hulle tot God bekeer.

Die stede Gorasin en Betsaida het verhard gebly en steeds die weg van die sonde gegaan. Hulle het nie in Jesus geglo nie. Jesus veroordeel hierdie stede deur daarop te wys dat Tirus en Sidon wat bekend staan as stede wat onboetvaardig en verhard teenoor God en sy Woord gestaan het, en daardeur die regverdige en strenge oordeel van God sal ontvang dat dit vir hulle in die oordeelsdag verdraagliker sal wees as vir Gorasin en Betsaida. Oor hulle sal die volle oordeel van God voltrek word vanweë hulle verhardheid en onbekeerdheid teenoor God.

Ook oor Kapernaun word die strenge oordeel van God uitgespreek. As stad waar Jesus gewoon het, is dit dan ook so dat hulle daardeur tot die hemel toe verhoog is. Geen plek op aarde het 'n groter voordeel en 'n heerliker geleentheid gehad as juis Kapernaun waar die Seun van God deur woord en wonder die wil van God dag na dag openbaar het nie. Baie mense het die kragtige dade gesien van Hom wat as Seun van God mag het om op die aarde sonde te vergewe. Toe Jesus die verlamde man in Kapernaun genees het, nadat vier hom deur die dak van die huis laat afsak het in teenwoordigheid van Jesus, was almal verbaas en verwonderd en het God geprys en gesê: So iets het ons nog nooit gesien nie. Die groot menigte wat daar saamgekom het was getuie van Jesus se werke — en tog het hulle hul nie bekeer nie. Daarom dat Jesus ook die oordeel uitspreek oor Kapernaun sodat die stad tot die doderyk toe neergestoot sal word, want hulle is ongelowiger en onbekeerliker as Sodom, die toonbeeld van sonde en ongeregtigheid.

Ook ons het baie voorregte. Van kleins af is ons onderrig uit die Bybel, ons het baie geleenthede om in diens van God te staan. Almal besit die Bybel as Woord van God. Die vraag bly egter dringend: Is ons waaragtig bekeerd en leef ons soos die Here wil.

20 Januarie **Lees:** Mat. 11:25-30 **Teks:** Mat. 11-30

DIE JUK VAN JESUS

Die skrifgeleerdes en Fariseërs het 'n streng wetstoepassing nagestreef, en met groot nougesetheid die uitlewing van die wet vereis. Hulle was die wyse en verstandige mense wat deur hulle wetsbetragting met verharde harte net hulleself raakgesien het. Hulle was nie vatbaar vir die prediking van Jesus nie en het sy verlossingsboodskap nie ter harte geneem nie. Hulle het geleef na die letter van die wet, en het daardeur die weg van die liefde nie geken nie. Jesus het hulle self dan ook blinde leiers genoem.

In hierdie gedeelte loof en dank Jesus die Vader, omdat Hy die verlossing en die genade wat God deur Hom aan die mens gebring het, wel vir die wyse en verstandige verberg, maar dit openbaar aan diegene wat dit in kinderlike opregtheid en geloof aanneem. Jesus spreek dan ook hier van sy dissipels. Die dissipels het nie besondere verdienste om te verstaan wat die wyse skrifgeleerdes en Fariseërs nie kan verstaan nie, maar God het dit in sy welbehae aan hulle gegee om te verstaan dat Jesus die Verlosser, die Seun van God is. Hulle is deur Jesus geroep en gekies, en daardeur verlos van die sware las van die wet.

Jesus nooi dan ook na Hom, nie net die dissipels nie, maar almal wat vermoeid en belas is onder die druk van die wetsuitleg en wetstoepassing van die Fariseërs en skrifgeleerdes, want in Hom alleen kan hulle rus vind.

Die geestelike rus lê daarin dat almal wat in Jesus Christus glo, vry is van die dwang van die wet en gedra word deur die drang van die liefde. Hy as Leidsman van die lewe is sagmoedig en nederig van hart, en staan dus teenoor die hartvogtige en hoogmoedige Fariseërs en daarom is sy juk sag en sy las lig.

Wie Jesus navolg leef nie meer in vrees vir die straf wat volg deur oortreding van die wet nie, maar leef in blydskap vir die verlossing en genade van God wat aan ons deur Christus openbaar is. Sy juk en sy las is vir die gelowige lig omdat Hy vir ons die kruis gedra het en vir ons die Leidsman van die lewe is.

21 Januarie **Lees:** Mat. 12:1-8 **Teks:** Mat. 12:8

JESUS AS HEER VAN DIE SABBAT

Die Fariseërs as strenge wetsbetragters het gedurig 'n wakende oog oor Jesus en sy dissipels gehou. Hulle soek na redes om Hom aan te kla. Die sterkste aanklag teen Hom sal wees as Hy nie leef volgens die wet van God nie.

Jesus se opvatting teenoor die sabbat word beheers deur een grondgedagte: die sabbat is daar ter wille van die mens, en nie die mens ter wille van die sabbat nie (Markus 2:27). As Jesus saam met sy dissipels deur die gesaaides op die sabbat loop, en hulle pluk are om te eet, tree hulle op soos die wet hulle toelaat in Deut. 23:25 — „As jy in die ongesnyde graan van jou naaste kom, mag jy met jou hand are afpluk; maar 'n sekel mag jy nie swaai in die ongesnyde graan van jou naaste nie."

Die Fariseërs maak beswaar dat die dissipels en Jesus are op die sabbat pluk. Jesus antwoord hulle deur te wys op wat daar geskrywe staan in die Woord en Wet van God.

Dawid en sy makkers het in die tempel van die toonbrode geëet toe hulle honger was. Hierdie toonbrode was alleen vir die priesters. So werk die priesters ook op die sabbat in die tempel, on ontheilig daardeur die sabbat, en tog is hulle onskuldig. Wanneer daar dus nood is, word die wet verbreek.

Jesus staan egter bokant die sabbat, en sy diens is noodsaakliker as die tempeldiens. Daar is geen twyfel wie die grootste gesag dra nie. Is dit die wette oor die sabbat, of is dit die Woord van Jesus as Seun van God? Jesus as Here van die sabbat staan bokant die wetsbepaling aangaande die sabbat, en daarom is sy Woord belangriker. Sy Woord is ook die Woord van God as Hy sê: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerhandes nie. Daarvolgens moet hulle weet dat die Seun van die mens is ook Here van die sabbat.

In ons godsdiens is dit ons Bybels-Christelike geloofsoortuiging wat ons te alle tye moet handhaaf, dat Jesus in alles eerste is. As Seun van God, is Hy ons hoogste wet, want sy Woord is woorde van die ewige lewe.

22 Januarie **Lees:** Mat. 12:9-14 **Teks:** Mat. 12:12b

GOEIE DADE OOK OP DIE SABBAT

Vir die tweede keer is daar weer 'n debat oor die sabbat. Steeds soek die Fariseërs na 'n geleentheid om Jesus aan te kla deur Hom te beskuldig van wetsoortreding. Op die sabbat in die sinagoge is daar 'n man met 'n verdorde hand. Jesus word nou in die versoeking gestel deur die vraag van die Fariseërs of dit geoorloof is om op die sabbat gesond te maak. Hieroor is daar geen uitspraak in die Skrif nie, en daarom weet die Fariseërs dat Jesus nie weer die Skrif kan gebruik om hulle te weerlê nie.

Nou verwys Jesus hulle na hulle eie sabbatsgebruike, veral in die geval van nood. As 'n skaap op die sabbat in 'n sloot val, word dit tog uitgehaal. 'n Mens is tog veel meer werd as 'n skaap. Die Fariseërs se eie sabbatsgebruike beantwoord hulle vraag.

Jesus spreek egter baie duidelik as Hy sê dat dit geoorloof is om op die sabbat goed te doen. Wat Jesus doen, gee egter aanleiding aan die Fariseërs om saam raad te hou teen Hom, om Hom om die lewe te bring.

Dit wat die Fariseërs hier beplan, slaag uiteindelik. Hulle het die hele volk stelselmatig opgesweep teen Jesus, en Hom later gevange geneem en sonder dat Hy skuldig bevind kon word op enige klag, is Hy ter dood veroordeel.

Op Goeie Vrydag sterf Jesus aan die kruis. Op die sabbat is Hy in die graf, en op Sondag die eerste dag van die week, het Hy opgestaan uit die dode. Jesus het dus, deurdat Hy die dood vir ons ingegaan het, die hoogste goed aan ons gedoen

op die sabbat, deur sy lewe vir ons as losprys te gee. Hy het ook deur sy dood die wet van God vervul, sodat met sy dood die wettiese idee omtrent die sabbat tot 'n einde gekom het. Met sy opstanding het 'n nuwe dag met nuwe betekenis aangebreek. Op die eerste dag van die week as opstandingsdag van Jesus Christus, die sabbat van die Nuwe Testament, dank ons God vir al sy goedheid en genade wat Hy in en deur Jesus Christus aan ons bewys het.

23 Januarie **Lees:** Mat. 12:38-45 **Teks:** Mat. 12:38

GEES ONS 'N TEKEN

In die voorafgaande gedeelte van Mat. 12 het Jesus duiwels uitgedryf. Nou kom die Fariseërs, bygestaan deur die skrifgeleerdes en vra aan Jesus dat Hy 'n teken aan hulle moet gee, as bewys dat Hy die duiwels uitdryf op gesag van God self. Daar moet 'n buitengewone daad plaasvind wat direk van God afkomstig is. Die Jode het hieraan 'n besondere groot waarde geheg, en daarom vra die Fariseërs en die skrifgeleerdes vir Jesus om 'n teken aan hulle te gee.

Hulle vra dus 'n teken as voorwaarde van geloof. Dit bewys dat hulle nie glo nie. God gee alleen tekens in die lewe van hulle wat reeds glo. Die geloof in God, open die oë en maak die hart ontvanklik sodat die werking en teenwoordigheid van God baie duidelik gesien kan word.

As deel van die slegte en owerspelige geslag sê Jesus aan die Fariseërs en die skrifgeleerdes dat aan hulle alleen die teken van Jona gegee sal word. Hulle ontrou en ongeloof sal hulle egter in die weg staan sodat hulle selfs in die magtige teken nie die verlossingswerk van God sal raaksien nie.

In die teken van Jona sien ons dat net soos Jona drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis was, net so sal Christus drie dae in die hart van die aarde wees wanneer Hy deur die dood die graf ingaan. Deur hierdie teken sal die Fariseërs en skrifgeleerdes ook nie oortuig word nie, maar word hulle eerder daardeur veroordeel. Die inwoners van die stad Ninevé het hulle bekeer op grond van die prediking van Jona, en nou is daar in Christus meer as Jona teenwoordig. Die Jode kom egter nie tot bekering deur die prediking van Jesus Christus nie. Wat 'n beskamende oordeel spreek Jesus nie hier uit nie. Die heidene van Ninevé het hulle bekeer, maar die uitverkore volk van God, Israel, bly onbekeerd. Hulle vra en soek na tekens, terwyl daar in Jesus Christus die grootste teken van Gods teenwoordigheid verskyn het.

Verharding van hart verblind ook die geestes-oog en vernietig die waaragtige geloof. Al wat oorbly is om te vra na tekens.

24 Januarie **Lees:** Mat. 13:1-9 **Teks:** Mat. 13:3

DIE SAAIER

Die doel van die koms van Jesus Christus na die wêreld was ook om die wil en die Woord van God aan ons as mens duidelik te openbaar, en dit vir almal verstaanbaar te maak. Jesus spreek dus vir die gelowige in duidelike taal in die gelykenisse. Diegene wat na Jesus kom luister, word egter al meer verdeel in gelowiges en ongelowiges. In die gelykenisse word daar groot waarhede gelyktydig verberg en onthul. Vir die gelowige onthul die gelykenisse nog duideliker die heerlikheid van Gods genade, terwyl die ongelowiges die woorde van Jesus nie kan begryp nie, want dit is vir hulle duistere taal.

Uit die alledaagse lewe word 'n mooi beeld gebruik in die gelykenis van die saaier. Die saaier gee altyd die beeld van 'n persoon wat met hoop en verwagting sy oog op die toekoms rig, want wie saai, wil ook maai.

As die saaier uitgaan om te saai, val 'n deel van sy saad langs die pad, want die paaie het tussen die lande deur geloop. 'n Ander deel val op vlak grond wat klam bly weens die rotsagtige onderlaag. Dit ontkiem vinnig maar verdroog ook vinnig. 'n Derde gedeelte val tussen die dorings en word daardeur verstik. Die vierde deel val op goeie grond en dra veelvuldig vrug.

In hierdie gelykenis sowel as in baie ander gaan dit om die koninkryk van die hemele. Die gelowiges verstaan die taal van hulle Heer en Meester en leer dus daaruit baie. Die ongelowiges en oningeligtes word in die duister gelaat omdat hulle dit nie verstaan nie.

Die dissipels is dus gelukkig omdat hulle oë gesien en hulle ore gehoor het, en hulle die verborgenhede van die koninkryk van die hemele verstaan het, naamlik dat Jesus die Christus is, die Verlosser van die wêreld.

As die dissipels ook stadig van begrip is, dan verklaar Jesus vir hulle die gelykenis. Jesus is die Saaier, die evangelie is die saad, en die grond is die hoorders — hulle wat dit nie aanvaar nie, die wat dit net vir 'n tyd aanvaar en die ander wat dit met vrug aanneem.

Vir die mens is daar dus geen verskoning nie. Jesus bring die evangelie soos nog nooit tevore nie. Almal hoor dit, almal weet daarvan. Alleen deur Gods genade word dit in die geloof ter harte geneem, sodat dit die woorde van die ewige lewe is.

25 Januarie **Lees:** Mat. 13:24-30 **Teks:** Mat. 13:38, 39 en 36-43

DIE ONKRUID IN DIE KORING

Naas die gelykenis van die saaier is hierdie die enigste waarvan Jesus 'n verklaring gee. Net soos in daardie geval

doen Hy dit ook nou op versoek van die dissipels en open Hy sekere insigte wat in die gelykenis self ietwat bedek is.

In hierdie gelykenis kom 'n nuwe faktor na vore: die feit dat 'n vyand die oes wil belemmer deur onkruid op die land te saai. In die koninkryk heers daar dus nie net voorspoed nie; daar is ook 'n verbete stryd teen 'n vyand wat intens haat.

In die praktyk van die lewe sou dit selde gebeur dat iemand in die nag na die land van sy buurman gaan om onkruid daar te saai, maar dit gebeur wel op die terrein van die koninkryk van God. Teenoor die heerskappy van God staan die heerskappy van Satan en tussen dié twee kan daar geen vrede wees nie. Aangespoor deur die haat teen God, doen Satan selfs ondenkbare dinge om die groei van die koninkryk van die hemele te probeer verydel. Waar God saai, daar saai ook die duiwel.

Die goeie saad is die kinders van die koninkryk en die onkruid is die kinders van die bose. Elke mens is 'n saadkorrel. Dit kan wees „goeie saad" of „onkruid". En wat hy was, sal in die oordeelsdag geopenbaar word. Jesus waarsku dat die skeiding tussen koring en onkruid nie in die bevoegdheid van die mens lê nie, en ook nie 'n saak is wat in hierdie bedeling afgehandel moet word nie. Die kinders van die koninkryk sal altyd omring wees deur die kinders van die bose. Omdat die skeiding nie nóú plaasvind nie, mag geen mens in 'n valse sekerheid berus nie. Altyd moet die geestelike lewe een van gespanne waaksaamheid bly.

Met die uitstel van die skeiding het die huisheer 'n goeie bedoeling. So is dit ook met God wat uit goedertierenheid sy oordeel vertraag (Rom. 2:4; 2 Petr. 3:9-10). Die dag van oordeel sal egter wel aanbreek.

26 Januarie **Lees:** Mat. 13:31-35 **Teks:** Mat. 13:31

DIE GROEIKRAG VAN DIE KONINKRYK

Die mosterd hoort tot die groentesoorte, maar besit so 'n sterk groeikrag dat die destydse Jode bepaal het dat mosterd nie in die groentetuin geplant mag word nie. Dit moes afsonderlik op 'n land gesaai word. Daar kon dit groei tot 'n kragtige struik wat selfs 'n boom genoem kon word.

In die geval van die suurdeeg word 'n buitengewoon groot hoeveelheid meel genoem. Die klein bietjie suurdeeg bewerk iets wat aan 'n wonder grens deurdat dit hierdie massa deursuur en laat rys. Die klem val dus op die kleinheid van die begin en die grootheid van die einde.

Jesus praat hier van die koninkryk van die hemele wat 'n begin het soos 'n mosterdsaad of 'n bietjie suurdeeg en vandaar ontwikkel tot 'n heerlike voleinding. Die gelykenisse wil die versekering gee dat uit daardie onaansienlike begin, uit die geboorte van 'n Kind in die stal van Bethlehem, die wonder van die wêreldomspannende Godsryk ontwikkel. Net so kragtig as die groei van die saad of die werking van die suurdeeg sal die koninkryk ontwikkel.

Jesus wil dit benadruk dat die koninkryk reeds teenwoordig is, maar dat die volle heerlikheid daarvan eers in die toekoms geopenbaar sal word.

Tans is daar vele wat kleinmoedig word wanneer hulle op die skynbaar geringe uitwerking van die evangelie op die oorweldigend anti-Christelike wêreld het. Tog mag niemand die dag van kleine dinge verag nie. Die mosterdsaad en die suurdeeg van die Godsryk is aan die ontwikkel. Weldra kom die voleinding en die triomf van Hom aan wie die mag en die heerskappy gegee is oor die ganse heelal tot in ewigheid.

27 Januarie **Lees:** Mat. 13:44-46 **Teks:** Mat. 13:44-46

DIE UITNEMENDE WAARDE VAN DIE KONINKRYK

Hoewel die twee gelykenisse in verskeie opsigte van mekaar verskil, word die nadruk gelê op die ooreenkomste. Albei beskryf die koninkryk as iets van onskatbare waarde; voorts is dit iets wat onverwags gevind word, en om dit in besit te kry, moet alles op die spel geplaas word.

Die hoë waarde van die koninkryk van God word in die een geval beskryf as 'n skat wat iemand in 'n saailand vind; in die ander geval as een bepaalde pêrel van buitengewone waarde.

Die koninkryk van die hemele het ten minste drie betekenisse: die ryk van God, die heerskappy van God en die burgerskap van die Godsryk. Lg. is 'n gawe van God aan die gelowige; dit omvat alles wat God uit genade en liefde aan die mens gee.

In die gelykenisse van die skat en die pêrel kom al drie die betekenisse in aanmerking, maar hoofsaaklik die lg. waardeur die Koninkryk opgevat word as die hoofsom van die genadegawes van God aan die mens. Daarom is dit 'n skat wat van die allergrootste waarde is vir die mens. Trouens, sy lewe en geluksaligheid hang daarvan af dat hy dit sal verkry. Daarom is die ontdekkers van die koninkryk ook bereid om onvoorwaardelik alles op die spel te plaas ten einde die pêrel van groot waarde te bekom.

Die ontdekking van die koninkryk bly steeds 'n verrassing omdat dit 'n gawe van God is — dit word nie deur die inspanning gevind nie. Om hierdie ontdekte skat te verkry, verkoop die mens alles wat hy het. Hy word in dieselfde situasie geplaas as die ryk jongman aan wie Jesus sê: „Gaan verkoop jou besittings en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê."

Die werklike heerlikheid van die skat sal eers by die voleinding geopenbaar word aan elkeen wat dit nou in hierdie lewe waag om in God te glo en op sy belofte te vertrou en alles prys te gee wat hy voorheen as van waarde beskou het, sodat hy die een skat en die een pêrel van baie groot waarde mag verkry: die koninkryk van die hemele.

28 Januarie **Lees:** Mat. 13:47-52 **Teks:** Mat. 13:48

DIE SKEIDING TUSSEN GOEIES EN SLEGTES

Die gelykenis van die visnet vertel dat die koninkryk van die hemele alle mense insluit, maar dat slegs diegene behou word wat waardig bevind word.

Wanneer die vissers hulle net optrek as dit vol is, kyk hulle die visse deur en gooi dan die onbruikbares weg. Met hierdie alledaagse beeld verduidelik Christus op 'n treffende wyse wat aan die einde van die dae sal gebeur: die regverdige mense en die slegtes sal van mekaar geskei word en die slegtes word dan verwerp om die allergrootste ellende te verduur.

Wie is die regverdiges? Dit is hulle wat in Christus glo. Dit is hulle wat hulle eie nietigheid en sondigheid besef en hulle toevlug neem tot Christus. Dit is hulle wat weet hoe groot hulle skuld is, hoe hulle deur Christus daarvan vrygespreek is en wat dankbaar is jeens God vir sulke onverdiende genade. Die regverdiges is sodanig, nie deur eie toedoen, maar uit genade.

Die slegte mense is diegene wat Christus verwerp en op hulle eie kragte staatmaak. Dit is hulle wat reken dat hulle hulle eie saligheid kan bewerk en daarom nie die genade nodig het nie. Hierdie mense sal verwerp word op grond van hulle eie skuld — hulle het ook die geleentheid gehad om die genade aan te neem, maar wou dit nie doen nie.

As ons in Christus glo, het ons 'n verdere troos, naamlik hy wat sy lewe vir ons afgelê het sodat ons kan lewe, is dieselfde Een wat ook die lewende en dode sal oordeel. 'n Regverdiger Regter as dit kan ons nie hê nie

29 Januarie **Lees:** Mat. 13:53-58 **Teks:** Mat. 13:55

DIE MENS JESUS

Jesus het Nasaret, die plek waar Hy opgegroei het besoek en in die sinagoge die Skrifte uitgelê. Hy het dit op so 'n kragtige en duidelike wyse gedoen dat die hoorders verslae gestaan het. Nog nooit voorheen het hulle iemand gehoor wat soveel insig en kennis in die Skrifte gehad het; hulle het ook nog nie voorheen gehoor dat iemand die Skrifte uitlê alles wat homself betrekking het soos Jesus dit inderdaad gedoen het nie. Die Skrifte het slegs betrekking op God en daar is beloftes van die Messias, maar wie is Jesus dan? Is Hy nie die seun van 'n timmerman nie? Het hy dan nie saam met hulle kinders opgegroei nie? Ken hulle dan nie sy ouers, sy broers en susters nie?

Ons kan hulle verslaendheid goed begryp, omdat hulle nie besef het dat die mens Jesus die vleesgeworde Woord van God is wat onder die mense kom woon het nie; dat Hy die Seun van die lewende God is, dat Hy God self is wat die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het nie. In Jesus van Nasaret het hulle nie die groot genade van God raakgesien wat die wêreld so lief gehad het dat Hy nie die dood van 'n sondaar begeer het nie, maar dat hy sal lewe.

Die sonde van die mensdom kan nie ongestraf bly nie, maar na sy regverdige oordeel wil God dit tydelik en ewiglik straf. Jesus Christus het daarom as mens aan die kruis gesterf. Hy het die tydelike en ewige straf van God gedra. As regverdige mens het Hy die oordeel van God op Hom geneem en ons daarvan bevry. Maar as ewige God het Christus die dood oorwin en die ewige lewe vir ons bewerk.

30 Januarie **Lees:** Mat. 14:1-13 **Teks:** Mat. 14:4

JY MAG NIE EGBREEK NIE

In die ou tyd het profete dikwels die oordeel van die Here aangekondig oor ongeregtighede wat voor sy aangesig gedoen is. Die profete het selfs nie gehuiwer om konings te vermaan nie. So lees ons hoedat Elia na koning Agab gegaan het en hom die oordeel van God meegedeel het: „Daar sal geen dou of reent in hierdie jare wees nie."

Toe koning Dawid owerspel gepleeg het met Batseba, die vrou van Uria, en hy Uria vermoor het en sy vrou geneem het, het Natan die koning op sy verkeerde dade gewys en die Woord van God aan hom meegedeel: „En nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie."

In ons gelese gedeelte word berig van 'n soortgelyke situasie: 'n profeet konfronteer 'n koning met die Woord van God.

Koning Herodes het Herodias, die vrou van sy broer, as vrou geneem. Johannes die Doper het nie gehuiwer om aan hom te sê dat dit verkeerd is nie. Op grond van hierdie teregwysing wou die koning die profeet doodmaak en hy hom dan ook vermoor.

Deur die Bybel heen weerklink die bevel: jy mag nie egbreek nie. Dit kom tot ons in die allergrootste erns, soos dit duidelik blyk uit die voorbeelde in die geskiedenis.

Die mens van ons dag is blykbaar onbewus van die erns van hierdie bevel. Vandaar die oorsaak van so baie gebroke huwelike en die ongeluk wat daaruit gebore word. Ons moet die bevel van God ernstig opneem en eers besin voordat ons handel.

31 Januarie **Lees:** Mat. 14:22-36 **Teks:** Mat. 14:31

WAAROM HET JY GETWYFEL?

Die dissipels is alleen op 'n skuit in die water. Hulle verkeer in groot gevaar vanweë die ruwe see en tierende wind. Jesus kom na hulle terwyl Hy op die water loop. Toe die dissipels Hom so sien naderkom, het hulle beangs geword en uitgeroep: „Dit is 'n spook!" Maar Jesus het hulle gerus gestel: „Hou goeie moed dit is Ek."

Nou wou Petrus die Here tegemoetgaan. Hy klim uit die skuit en loop op die water, maar toe hy bewus word van die dreigende dieptes, onheilspellende golwe en loeiende wind om hom, het hy baie bang geword. Alle geloofssekerheid het verdwyn. Hy het getwyfel en daarom gaan hy onder. Maar die Here het hom gegryp en gesê: „Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?" Petrus het sy hulpeloosheid en nietigheid besef. Hy het geweet dat as Jesus hom nie red nie, hy sal sterwe.

Toe Petrus Christus uit die oog verloor, sien hy net die dreigende gevaar rondom hom. Sonder die toedoen van Christus sou hy gesterwe het. In sy nood wend hy hom tot sy Heer wat hom dan ook red.

Die toekoms van ons volk is donker en vol onheil. As kleingelowiges sien ons net die dreigende gevaar raak en twyfel ons. Sou ons op onsself staatmaak, sal ons ondergaan. Ons het egter die versekering dat as ons op God vertrou op grond van sy liefde in Christus, ons bewaar sal word vir sy koninkryk. Die dreigende gevaar van hierdie lewe moet ons nie laat twyfel aan die liefde van God nie en Christus sodoende uit die oog verloor nie, maar ons moet te midde van gevaar steeds uitroep: „Here red my!" En redding sal daar wees.

1 Februarie Lees: Mat. 15:1-20 Teks: Mat. 15:6

GEVAAR VAN EIE OORLEWERINGE

Die algenoegsaamheid van die genade van God is so dikwels kragteloos gemaak deur die verwatering, verskraling en toevoeging van die mens se eie denke, woorde of werke. Die reformatoriese opvattinge ten opsigte van genade en geloof word steeds meer geweld aangedoen. Die leer en gebooie van die Bybel moet plekmaak vir die plusse en toevoegings van die moderne denke. Die aanspreekvorm „Geveinstes" is vir meer ore bedoel is vir die Fariseërs in Christus se tyd. 'n Mens wonder hoe persone wat byvoorbeeld die Woord plus die „tradisie", genade plus die „goeie werke", Christus plus Maria, die goddelike opdrag plus die „metode", die heilsopenbaring plus 'n „besondere" of „persoonlike" openbaring propageer, hierdie gedeelte met 'n kalm en skoon gewete kan lees. Voeg hierby die poging van moderne teoloë om die Woord te wil suiwer deur wat hulle meen mitologie moet wees, uit te haal, dan besef mens hoe aktueel hierdie waarskuwing van Christus ook vir ons vandag is.

Dit was nog altyd veilig vir die gelowige om die Woord van God te aanvaar soos ons bekende gesang dit wil naamlik

„God het ons sy Woord gegewe,
En dié Woord bly ewig waar . . ."

As kinders van die kerkhervorming waak ons as Christene teen die gevaarlike neigings om die bysaak te verhef en die hoofsaak geweld aan te doen, om die „plus-godsdiens" met sy sekondêre bokant die ware godsdiens met sy primêre waardes te stel.

2 Februarie Lees: Mat. 15:21-28 Teks: Mat. 15:27a

„JA, MAAR . . ."

Die kuns of euwel om verskonings te soek of te vind, is by die mens „fyn ontwikkel". Dié woorde „Ja, maar . . ." is reeds 'n geykte vorm van ons spreektaal. Van nader beskou is die eerste woord naamlik „Ja" reeds gelyk aan 'n skulderkenning. Die ou sondige natuur is nou eenmaal nie altyd bereid om skuld te erken nie en poog steeds om te verontskuldig. Dit was immers die patroon van ontkenning by die eerste sondaar in die paradys. Gelukkig het ons in die geval van die Kananese vrou te doen met iemand wat haar nood en onvermoë goed begryp en weet tot wie sy haar moet wend. Sy probeer nie haar hopelose toestand verbloem nie maar leer ons om hierdie uitdrukking reg te gebruik. Indien ons tog ooit hierdie „ja" . . . „maar" . . . voor God of ons naaste gebruik mag dit altyd die volgende betekenis hê: Ja — (skuldig) — maar — (wees my genadig).

Hierdie vrou leer ons iets meer van 'n suiwer erkenning van nood en skuld en 'n pragtige belydenis van geloof. As nederige en afhanklike mens wil sy soos die klimopplant haar tengerige ranke hoopvol teen dié Rots opstuur wetende dat by Hom vastigheid en uitkoms is. In haar volgehoue soeke na Christus vir redding vir haar kind, word sy bekroon deur sy goedkeuring en aanmoedigende woorde. Hoe beskaamd staan ons met ons eie „Ja Here, maar . . ."?

3 Februarie **Lees:** Mat. 15:29-39 **Teks:** Mat. 15:32a

INNIG JAMMER VIR DIE SKARE

Christus hou sy kerk in stand. Sy wonderbaarlike bemoeienis en ontferming oor die sondige mens dwing die gelowige steeds tot 'n groter bewondering en 'n toenemende verbasing.

Veel groter as die sigbare vermeerdering van die brode en vissies twee duisend jaar gelede is sy trou, genade en bystand vir elkeen wat hom of haar na Christus wend.

Anders as die duisende wat na Jesus gaan, het die sondige mens deur sy sonde van God gevlug soos die verlore seun van sy vader. So lief egter het God die wêreld gehad dat Hy sy Seun, Jesus Christus, die brood en manna uit die hemel gestuur het. Sodoende het God die sondaar se ewige honger van hom weggeneem en 'n ewige spyse daar gestel dat die hongerige skare nie langs die pad sou omkom nie. Hy het ons ook innig jammer gekry en wil tot vandag toe die hongerige skare van hierdie verloregaande wêreld spysig en laaf tot die ewige lewe.

Desgelyks roep Hy vandag nog sy kinders toe met die opdrag „Gee julle vir hulle iets om te eet". As lidmate hetsy oud of jonk, stuur Hy ons as saaiers uit om te saai. Deur sy Seun en die werking van die Heilige Gees roep Hy sy gemeente na sy huis om ons daar te laat eet en drink deur sy gepredikte en sigbare Woord. Sodoende wil Hy die deur-sonde-verminkte, verblinde en verstomde skare weer oprig tot 'n nuwe en ewige lewe.

4 Februarie **Lees:** Mat. 16:13-20 **Teks:** Mat. 16:16

DIE TAAK VAN ONS BELYDENIS

Van die vroegste tye in die geskiedenis van die Christelike kerk was daar 'n behoefte om die geloof te bely. Die dissipels onder wie Petrus en Thomas en selfs die hoofman oor honderd moes by die kruis bely „waarlik, Hy was die Seun van God".

Hoe eenvoudig ookal, die kerk het 'n behoefte gevoel om te bely „Ek glo . . ." Waar ons steeds belydende kerk wil wees, ken ons ook die gevaar van die sogenaamde „belydenis" kerk

wat meer waarde aan die dogma of belydenisleer as aan Gods Woord wil gee. Die gevaar bestaan dat die aksent van die Woord as grondslag na die oorlewering van die mens verskuif. Met groot kommer moes die gelowige in die verlede en tans, merk hoe skeuring en verdeeldheid die liggaam van Christus, sy kerk vandag nog gésel.

Ons wil steeds die belydenis as riglyn, as baken sien en daardeur leer hoe ons vaders sedert die ou-Christelike kerk die Woord van God verstaan het. As hulpmiddel in diens van die Woord en alleen op grond van die Woord wil ons hierdie denkwerk van die kerk benader. Met waardering vir die studie en gebedswerk van ons vaders wil ons die rykdom van belydenisskrifte ondersoek, verstaan, begryp en gebruik om ons na die Lam van God heen te wys. Solank ons deur hierdie mooi denkarbeid in die ligkring van Jesus en sy verlossingswerk bly, wil ons met groot ywer ons belydenisskrifte ken en waardeer. In diens van die Skrif wil ons dit bewarend toevoeg tot dit waarvan ons saam met die psalmdigter kan sing, „My erfenis is vir my mooi." Hierdie erfenis moet nie met die lippe alleen bely word nie, maar ook ten volle gelowig uitgeleef word.

5 Februarie **Lees:** Mat. 16:21-23 **Teks:** Mat. 16:21

DIE NOODSAAKLIKHEID DAT JESUS MOES LY

Die noodsaaklikheid dat Hy na Jerusalem moes opgaan om daar te gaan ly, wou Jesus by sy dissipels inskerp. So geweldig was die gevolge van die sonde, dat alleen die Christus as Lam van God die sonde van die wêreld kon wegdra. Hoe geweldig en allesomvattend sy offer sou wees, kon selfs sy dissipels nie begryp nie. Die doel van sy laaste intog in Jerusalem was om daar 'n nog groter wonderwerk te gaan verrig as dié van sy Vader by die skepping. Eersgenoemde behels die totstandkoming van alles uit niks maar op Golgota moes die „alles" wat sedert die skepping deur die mens se sonde tot stand gekom het, deur Sy soendood tot niks gereduseer word. Die sondige kleed van die mens, besmet met sonde, moes deur sy bloed gereining word.

Sy lyding van wieg tot graf was nodig sodat die mens van sy lyding in die ewige dood verlos kon word.

Sy laaste intog in Jerusalem het vir Hom oneindige smart ingehou. Die „hosannas" het in „kruisig hom" verander. Anders as die tempelganger uit vergange jare met die loflied op die lippe, moes Hy kreunend onder sy kruis deur die mens bespot, verloën en verlaat sy altaar nader.

Ons ken ons tye van nood en lyding. As ons maar net besef dat Hy my skuld betaal het.

6 Februarie **Lees: Mat. 16:24-28** **Teks: Mat. 16:24**

DIE OPNEEM VAN ONS KRUIS

Gedurende die lydenstyd staan ons as gemeentes op daardie heilige terrein, waar opnuut onder die indruk gekom word van Jesus se werklike lyding hier op aarde. Die gevaar bestaan dat ons die gebeure rondom die kruis as vanselfsprekend aanvaar en deur die paar tydperke met geleentheidsdienste gaan.

As navolgers van Christus voel ons dat ons direk daarby betrek is en dat ons met ons hele wese deel daaraan het. In die skadu van die kruis kan en mag ons nie as toeskouers en dwarskykers op 'n afstand gaan staan en ons belangeloos daarvan distansieer nie. Biddend kniel die gelowige en teer kom die skulderkenning:

„Ja, ek kos Hom die slae,
die smarte en die hoon,
vir my word daar gedrae
die kleed, die doringkroon . . ."

Ons sondig so dikwels as smarte of beproewinge op ons weg kom. Die waaroms en hoekoms oorheers ons gedagtes. Tog het ons hier die duidelike opdrag van Jesus om ons kruis op te neem en Hom te volg. Nêrens het Hy, ons hier op aarde 'n lewe sonder kruis beloof nie. Inteendeel Hy het vir ons nog vele lyding voorspel. As die Onskuldige die skuld van die ganse mensdom moes dra, wie is ons dat ons dit sou vryspring? Is die kneg dan meer as sy Heer. Miskien moet ons dit so sien. God het 'n doel met alles. Hy onderhou ons lot. Wat met ons gebeur, al verstaan ons dit nie dadelik nie, gebeur met ons ten goede. Dit mag help om die volgende in gedagte te hou:

Die tuinier snoei die vrugteboom — hy doen die boom geweld aan. Hiermee wil hy sekerlik nie die boom uitroei nie. Inteendeel hy wil maar net dat groter vrugte wat bruikbaar is sal voortkom. Die smelter gooi ook die goud in die vuur om dit te louter. So slyp die juwelier die diamant juis om hom glans en waarde te gee. Deur ons kruis op te neem word ons minder en Hy meer.

7 Februarie **Lees:** Mat. 16:1-12 **Teks:** Mat. 16:3b

SIEN IS GLO

Die teenkanting wat Jesus telkens van die Fariseërs en Sadduseërs moes verduur, het veel tot sy lyding bygedra. Knaend was hulle gereed om sy optrede te bevraagteken en kritiek te lewer. Hy die rustige kalme Heer wat tog niks anders as goed gedoen het nie, moes hulle telkens hard aanspreek

Hier weerklink weer die skerp woord: Geveinsdes. Tereg spreek Jesus hulle aldus aan want hulle optrede sou meer negatief en hul aanvalle meer aggressief word. Hulle vra dan ook na tekens. Dadelik en korrek steek Christus hul sweer oop.

Sy teregwysing bly vir ons net so aktueel as ons daaraan dink dat ons onder 'n magdom van tekens en 'n verstommende mate van kennis nog geestelik tot so min in staat is. Die mens ken die roetes, formules na hemelliggame en kernreaksies maar die weg na die hart van sy naaste, sy vrou, kind, ouer, vriend, kerk of God ken hy nie. Tekens van rampe en verskynsels kan ons vooraf bepaal maar heilsgebeure, bly vir ons vreemd, onbepaalbaar en onverklaarbaar. Kragte van die elemente word ingespan dog sondige magte in ons lewens bly vir ons onbeheerbaar. In ons liefdeloosheid en onvermoë tot vrede en harmonie tot God en ons naaste gaan tekens van verval, ongemerk by ons verby. Die dag het ver gevorder en die nag het reeds naby gekom maar hierteenoor staan die besige twintigste eeuse mens so bitter onverskillig. „Sien is glo" bly die ongelowige se leuse en soos 'n Thomas wil hy deur die lewe gaan en vra om tekens voordat hy iets sal glo, as waar aanvaar. Vir hulle kom die waarskuwing van Jesus: „Geen ander teken, as die teken van Jona die profeet nie." Dit is Jona die prediker. Die prediking: Glo en bekeer!

8 Februarie **Lees:** Mat. 17:1-4 **Teks:** Mat. 17:4

ONS WIL HUTTE BOU

Op die berg was Jesus Christus in sy heerlikheid geopenbaar. Sy diensknegsklere het plek gemaak vir sy koningskleed. En by Hom staan onder andere ook Petrus, Jakobus en Johannes. Sy heerlikheid en glans het hulle nie vernietig nie — geen rook of swaweldamp, geen donderslae of bliksemvuur nie. Te midde van dit alles neem Petrus die woord. Sou in hierdie heilige moment mensewoorde nie hol en leeg en dwaas moes klink nie? Markus wil daarvoor 'n verskoning bied: „want hy het nie geweet wat om te sê nie, want hulle was heeltemal verskrik." Wie kan 'n woord uiter as God die kroon op sy Seun se hoof plaas!

Petrus vra: „Here . . . laat ons hier drie hutte maak." Dit mag vir ons dwaas klink, maar Petrus het uit liefde en deur hoop hier gespreek.

Oorweldig daardeur dat Jesus ook Here is te midde Godsmanne en profete, wil hy aan hierdie gesig vashou — hy wil dit byderhand hê wanneer die gang van die wêreldse gebeurtenisse straks hoop en liefde wil uitblus.

Ons ken ook soms sulke hoë en heilige oomblikke wanneer iets van sy koninklike heerlikheid ons hart verlig. As dit

dan maar altyd so kan bly! Dan wil ons hutte bou. Ons wil sy heerlikheid vasknoop aan 'n bepaalde plek en tyd om dit in groue dae byderhand te hê sodat ons weer rustig kan word. Vergeet ons dat die Here altyd by ons is. Deur sy teenwoordigheid is daar vir sy gelowige kinders altyd fees.

9 Februarie **Lees:** Mat. 17:1-6; Hebr. 13:8 **Teks:** Mat. 17:5a

IN VRYHEID WIL HY GENADIG WEES!

„Here . . . laat ons hier drie hutte maak . . ." Petrus het hierdie voorstel uit liefde en in hoop gemaak. Maar die Here Jesus het nie aan hierdie wens van die dissipel voldoen nie. „Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens . . ." weg is al die glans en die boweaardse. Dit is Jesus se antwoord! Uit liefde wil Hy nie hê dat Petrus en ook ons ons aan iets moet vasklem sodat stryd en geloof oorbodig sal word nie. Want anders sal die verlede so te veel nadruk kry. Ons sal dan bly agtertoe kyk en in die hede en in die toekoms geen geloofsbeslissings hoef te neem nie. Petrus en ook ons moet dit weet: „Ek is met julle al die dae", en daarom is Ek ook met julle onder alle omstandighede. Hy is gister en vandag dieselfde in sy liefde en trou. En Petrus — hy sal eers in die stryd, in die groue dae, in die versoeking werklik Petrus word. Die Here gaan mee en voort met sy werk aan Petrus en aan ons. Hy laat Homself nie vang, nie opsluit nie (dit maak Paasfees ook aan ons duidelik). In vryheid wil Hy genadig wees. En so sal die Here dan vir Petrus en vir ons waarlik kan help aan die voet van die berg waar ons eintlike lewe verloop. Want aan die voet van die berg is die aardse nood en die menslike ellende. Wie daarheen opgaan ontmoet Hom vandag nog in sy Woord en deur sy Gees.

10 Februarie **Lees:** Ex. 3:1-7; Mat. 17:1-6 **Teks:** Mat. 17:5b

LUISTER NA HOM

Die drie dissipels het God self nie gesien nie, want hoe sou hulle God kon sien en lewe? Maar dit was aan hulle vergun om Gods stem te beluister: „daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!" Hulle mag luister — hulle moes hoor dat dit die beste is om te luister na die Seun van God.

Dit was nie die eerste keer dat die Vader van die hemel gespreek het nie. By die doop in die Jordaan het die Vader ook gespreek. En die tweede maal het die stem van die Vader weerklink: „Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik."

Ons vra onsself af: waarom spreek God nie meer nie — nie meer soos Hy dit gedoen het met 'n Noag, 'n Abraham, 'n Jakob, 'n Moses, 'n Dawid en met 'n Jesaja nie?

„Hier hoor ons die antwoord." God spreek en Hy spreek ook vandag nog. En ons word verwys na Jesus Christus. In Hom het God die laaste woord gespreek en in Hom het God alles gesê, wat Hy te sê gehad het. So spreek God nou nog. Luister na Hom want in elke lewenssituasie waarin ons ons mag bevind, het Hy vir ons iets te sê — ja alles te sê: „Luister na Hom" en „jou siel sal lewe."

Hy spreek deur sy Woord — sy Woord in ons huise — in die kerk, sy huis. Wie daardie spreke nie hoor of wil hoor nie — hulle vra: Waarom spreek God nie meer nie. Hy spreek! Luister en u sal lewe!

11 Februarie **Lees:** Mat. 17:1-13 **Teks:** Mat. 17:9a

MET JESUS TERUG NA DIE WERKLIKHEID

„En Jesus het nader gekom en hulle aangeraak en gesê: Staan op . . . Toe slaan hulle hul oë op en sien niemand meer nie, behalwe Jesus alleen."

Met die Here Jesus moet die dissipels weer terug gaan na die werklikheid. Want aan die voet van die berg lê vir Jesus 'n taak en straks ook vir hulle. Daarom moet hulle afdaal — met Jesus. Daarom moet hulle terug na die werklikheid, na 'n wêreld vol ellende, vol sonde, vol leed, verdriet en trane. In die wêreld word ook van alle kante geroep om hulp. Daarom moet Jesus van die berg afdaal soos Hy eenmaal van die hemel neergedaal het. Bo-op die berg lê die taak van Jesus en sy dissipels nie.

Die dissipels moet met Jesus alleen afdaal.

Die beroemde skilder Rafaël het die verheerliking op die berg geskilder. Aan die voet van die berg, in die donker staan 'n groep mense met 'n wanhopige vader, en 'n seun en nege dissipels wat nie kan help nie. Bo-op die berg is dit lig — rondom Jesus, Moses, Elia, Jakobus en Johannes, maar om Petrus was dit donker. Dit is donker om Petrus omdat hy Jesus op die berg wil hou. Maar uit die groep mense onder aan die voet van die berg wys daar een na bo, na Jesus. Jesus, 'n sterk ligterde figuur. Want Jesus is die enigste op wie die arme, sondige mens sy hoop moet vestig. Kyk omhoog na Jesus, elke dag, elke oomblik. Dan kan u ook hier „aan die voet van die berg" dit uithou.

12 Februarie **Lees:** Mat. 17:14-23 **Teks:** Mat. 17:17

VERONTWAARDIGING OOR ONS ONGELOOF

Ons word gewaarsku om nie dieselfde te wil doen as wat Petrus voorgestel het nie, naamlik om hutte te bou wat op een plek vasstaan nie. Tog is dit goed om telkens saam te wees — so saam in aanbidding te wees sodat ons gesterk en vernuut kan word.

Maar dit is ook die bedoeling dat ons die wêreld sal ingaan. Laat ons die visioen, op die berg aan ons getoon, nie los laat nie. Dit wil ons sterk en tot volhardende geloof, hoop en liefde in die verwarring van hierdie lewe bring. En van hierdie lewe spreek Mattheus 17:14 v.v.

'n Vader met 'n kind . . . maansiek, miskien epilepties — 'n siekte wat 'n mens magteloos laat neerval. Wat 'n groot verdriet. In die tyd was dit as die werk van die duiwel gesien.

Die leerlinge van Jesus was gevra om hom gesond te maak, maar sonder sukses. Dit bring 'n verbysterende teleurstelling van die kind self en sy familie . . . die verbysterende teleurstelling van die dissipels self.

„Toe antwoord Jesus en sê: „o Ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra?" Dit is die heilige verontwaardiging van Gods wese oor ons kleingeloof. Hoe lank sal ons magteloos bly staan teenoor die kwaad, die besetenheid van hierdie tyd vanweë ons ongeloof. Hoe lank sal ons deur ons ongeloof die wêreld aanleiding gee om die Christendom, ja God self, te laster.

13 Februarie **Lees:** Mat. 17:14-23 **Teks:** Mat. 17:21

DEUR DIE GEBED KONTAK MET HOM

Die siek seun is na die dissipels gebring — tot die dissipels wat duiwels moes uitwerp. Maar hulle kon nie. Dan kom Jesus Christus self en doen die wonder. Toe die skare weg was vra die dissipels waarom hulle dit nie kan doen nie. En Jesus antwoord hulle: „Deur julle ongeloof . . . hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed . . . nie."

Hierdie verhaal leer ons baie dinge. Die mens wat met sy siek kind by die dissipels gekom het — ons ken dié mens. Dikwels was hulle ookal by ons gewees. Die mense kom met allerlei siek dinge en siek mense tot ons. En hulle verwag dat ons, die gelowiges, moet help. En dan staan ons magteloos.

Dit is so ellendig. Want altyd is daar mense wat ons dan uitlag. Ons kan natuurlik uit hierdie verleentheid kom. Want

Jesus stel aan sy hulp 'n voorwaarde: geloof „As julle kan glo — alle dinge is moontlik vir die wat glo". Met ander woorde die skuld lê by die ander — ons kan nie help nie omdat hulle nie glo nie!

Maar die skuld lê ook wel by ons. Want die merkwaardige is dat Jesus wel kan help. As Hy met die ongelowige mense in aanraking kom, dan gee Hy aan hulle die geloof. Soos ook hier. En dit is nou die verskil tussen Jesus en ons. Daar gaan van ons niks op die medemense oor nie. As Jesus Christus in ons leef en ons in Hom, sou ook ons groot dinge kan doen.

Waar lê dan die fout? In ons gebedslewe! Ons het geen kontak met Hom nie. En daarom is ons so arm. As ons maar bid, waarlik bid! Dan vloei dit van Hom oor in ons, en van ons na hulle, sodat ook hulle glo. En daar sal buitengewone kragte plaasvind.

14 Februarie **Lees:** Mat. 18:1-14 Luk. 15:4-7 **Teks:** Mat. 18:12

GOD BEKOMMER HOM OOR DIE EEN

Die Here Jesus vertel hier van 'n kudde en van 'n herder. Êrens in Palestina wei daar honderde skape. Die herder waak oor hulle. Maar een skaap ontsnap die waaksame oog van die herder. Die skaap dwaal af — steeds verder en verder van die kudde af. Uiteindelik is die skaap heeltemal vereensaam en verlore. Los van die verbond van die kudde gaan die skaap verlore.

Dan gaan die herder op soek. Hy laat die nege en negentig skape veilig agter om die een verlore skaap te soek.

Die Here Jesus openbaar hier die ware wese van God. God is 'n Soeker. Hy is op soek na mense — selfs na een enkele mens. Dit kan ons nie so mooi begryp nie. Want by ons gaan dit om die massa. Die enkeling die vergeet ons. Wanneer daar vier of vyf honderd lidmate is, stig ons 'n gemeente. Wanneer daar twee of drie honderd verwaarloosde ou mense is, bou ons 'n ouetehuis. Wanneer daar etlike honderde politieke vlugtelinge is, stig ons 'n noodlenigingsfonds. Maar wanneer daar een mens, onbekend, eensaam, verlate, troosteloos en verlore is! Juis oor daardie een mens bekommer God Hom. Daardie een enkeling is van waarde vir die Here. Die een enkeling — dit is ek, dit is u, is daardie een vereensaamde immigrant — is van belang in Gods oog. Enorm bevrydend is dit!

15 Februarie **Lees:** Mat. 20:24-28 **Teks:** Mat. 20:26

JULLE MOET DIENAARS WEES

Die woord dienaar, diakonos, is een van die woorde wat die meeste in die Bybel voorkom. Dit word naamlik vir alle ampsdraers in die kerk gebruik; vir diakens, ouderlinge, predikante en lidmate.

Die Here het Homself selde 'n priester en nooit koning genoem nie, maar gewoonlik dienaar. Hy en sy dissipels was dan nooit soos regeerders of soos die maghebbers van die wêreld nie, maar steeds soos diakonoi, dienaars. Dit vereis ootmoed en nederigheid om dit so te sien en so te verstaan. „Ek is onder julle soos een wat dien." „Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy siel te gee as 'n losprys vir baie." Hy het nederig die voete van sy dissipels gewas. Hy het gedien met sy trane in Getsemané. Hy het gedien met sy bloed aan die kruis van Golgota.

Daarom moet die moeder van die seuns van Sebedeüs, dit is van Jakobus en Johannes, nie vir hulle aspireer om in die koninkryk van die hemele die een aan die linker- en die een aan die regterhand van die Here te mag sit nie. Elkeen wat onder die gelowiges groot en belangrik wil wees, moet groot wees in diens en almal se dienaar wees. Wie groot is in diens, dit wil sê hy wat klein en nederig is, sal dan vanself groot wees.

Ook die ander dissipels was verontwaardig en selfs nydig, nie omdat Jakobus en Johannes onbeskeie was nie, maar omdat hulleself vir die belangrike posisies aspireer het. Hulle was dus net so skuldig en daarom word almal tereggewys. Grootheid in die geloof bestaan nie in oorheersing soos by wêreldlike vorste nie, maar in diens aan mekaar. Hulle moet mekaar se dienaar of beter nog mekaar se bediende, dienskneg of slaaf wees. Immers, die Here het gekom om te dien met die offergawe van sy lewe as 'n losprys vir vele wat slawe van die sonde en die dood was, sodat hulle gered kan word.

16 Februarie **Lees:** Mat. 19:26-30 **Teks:** Mat. 19:29

LOON VIR DIE VOLGELINGE

Die ryk jong man het so pas bedroef weggegaan want die opoffering wat hy moes maak om die ewige lewe te beërwe, was vir hom te groot. Hierdie prys kon hy net nie betaal om hom van sy besittings los te maak en die Here dan onvoorwaardelik te volg nie, dit wil sê sy dissipel te wees nie. Sy aardse skatte het vir hom swaarder geweeg as die moontlike hemelse skat. Rykdom is 'n seën en 'n gawe, maar dit is so

gevaarlik, want 'n kameel, die grootste lasdier in Palestina, sal makliker deur die oog van 'n naald kan gaan as 'n ryk man in die koninkryk van God.

Simon Petrus en die dissipels het daarop aanspraak gemaak dat hulle alles verlaat en die Here gevolg het en wat sal daar vir hulle wees? Geen mens kan uit homself salig word nie en tog ontvang hulle die plegtige versekering dat hulle by die herstel van alle dinge, ook saam met Hom op twaalf trone sal dit. Sy antwoord is daarop gerig dat dit vir die dissipels en ook vir die ganse christelike kerk duidelik moet wees: Die Here moet gevolg word sonder dat ons moet bereken watter loon ons terug sal ontvang maar dit moet geskied ter wille van die Here self. Ons moet nie eer of waardering of beloning daarvoor soek of verwag nie, en tog sal ons die ewige lewe en honderd maal meer ontvang as wat agtergelaat is.

Die loon van die werklike toewyding aan hom bestaan daarin dat ons geloofsgenote en geloofsverwante ontvang en opgeneem sal word in die toekoms van die Here. Die wat meen dat hulle vir beloning in aanmerking geneem behoort te word, moet dan gewaarsku wees. Die wat alles verlaat het ter wille van die Here self en sy evangelie, word vertroos en bemoedig. Al is daar nog vyandskap en vervolging wat daarop gerig is om die toewyding aan die Here te versteur, desondanks is daar 'n groter en 'n beter toekoms vir almal wat die Here gelowig volg en dien.

17 Februarie **Lees:** Mat. 19:13-15 **Teks:** Mat. 19:13

SY AANRAKING VIR DIE KINDERTJIES

Ons vra mos dikwels wat nou eintlik vir ons kinders die beste is? 'n Goeie en voorbeeldige vader en moeder, ja, dit is vir elke kind van wesenlike betekenis. Hier lees ons egter, dat Jesus hulle die hande opgelê het. Die ouers of enige ander mens kon dit ook gedoen het want wat is daar veiliger as die sagte moederarms en die sterk vaderskouers? Maar hierdie ouers het anders daaroor gedink en hulle kindertjies na Hom toe gebring sodat Hy hulle kon aanraak. Dit is die beste wat enige ouer ooit vir sy kind kan doen.

Slegs hulle wat ouerweelde ken, sal weet watter voorreg dit is om die kindertjies na Hom toe te bring sodat hulle met Hom in aanraking kan kom. As die Here ons dan hierdie allergrootste geluk en rykdom op ons hande neergelê het, 'n kindjie vir die ewigheid geskape, dan verstaan ons dat hierdie klein bondeltjie vir sterk vaderhande en liefhebbende moederarms eintlik te swaar is. Ons kan vir hulle alles doen en gee, desnoods die hele wêreld, maar 'n ewige mensesiel kan ons nie alleen dra nie. Ons kan vir hulle alles doen — en wat sou 'n reggeaarde ouer nie bereid wees om alles te doen nie — maar

daar is dinge wat 'n ouer nie vir sy kind kan doen en gee nie. Voedsel, klere, 'n rustige huis, opvoeding, geleerdheid en nog baie ander dinge kan ons vir hulle gee, miskien ook 'n aansienlike erflating. Maar ons kan God nie vir hulle gee nie en dit is juis wat elke kindjie so dringend nodig het.

Daarom moet ons die voorbeeld van daardie ouers, eeue gelede tog goed in gedagte hou en dieselfde vir en met ons kindertjies doen. Sy aanraking is vir ons kindertjies allernoodsaakliks. Hy kan en wil aan hulle gee, dit wat ons hulle nie kan gee nie en wat vir hulle die allerbeste is. Hy wil hulle aanraak en seën. Hy gee aan hulle die ewige lewe. Aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.

18 Februarie **Lees:** Mat. 19:13-15 **Teks:** Mat. 19:13

BRING DIE KINDERTJIES NA HOM

Die Here is in al sy weldade vir alle mense, ook vir die kindertjies onontbeerlik. Ons lieflike kinders met hulle sagte handjies en vrolike laggies is ook kinders met 'n eie bose aard, met sonde en skuld waarin hulle ontvang en gebore word en wat dikwels reeds op vroeë leeftyd tot openbaring kom. Daarom moet die klein kindertjies maar ook die jong seuns en dogters en natuurlik ook die volwassenes, wat die sondige wêreld instorm, na die Here toe gebring word. Dit is noodsaaklik vir hulle liggaam en hulle siel, vir hulle tyd en hulle ewigheid, vir hulle lewe en hulle sterwe. Uit persoonlike ervaring het die ouers van wie ons hier lees dit geweet. Maar voordat hulle hul kinders gebring het, het hulle self na die Here toe gekom. As christelike ouers het hulle self in hulle lewe die geseënde aanraking van sy hande gevoel. Dit is maar net Hy wat aan hulle die Koninkryk van die hemele, die hoogste en ewige goed, kan gee. Terwyl hulle daar by die wiegie van hul slapende kindjie staan, het hulle toe met mekaar daaroor gepraat: Hierdie kindjie van ons, moet ook by die Here uitkom, sodat hy ook kan ontvang, dit wat ons een maal ten deel geval het. Hoe heerlik sal dit nie wees as Hy ons kindjie ook wil aanraak en seën nie? Daarop het hulle die daad by die woord gevoeg en hulle kindjie geneem en hom na die Here toe gebring. Dit is die enigste manier waarop hulle met Hom in aanraking kan kom. Ons moet hulle bring en dan self ook gaan. Hulle kan nie gebring word as ons self nie ook gaan of op 'n afstand bly staan nie.

Dit sal soveel makliker wees om ons kinders by die Here te kry as hulle self sien en aanvoel dat ons met Hom in aanraking was en bly. Ons oë en ons gesigte, ons hele wese moet aan hulle vertel watter effek sy aanraking op ons gehad het. Dan gaan die kinders graag en sommer spontaan en sal hulle self ook sy seën en verlossing in hulle lewens ontvang.

19 Februarie **Lees:** Mat. 20:1-6 **Teks:** Mat. 20:10

GENADELOON VIR DIE ARBEIDERS

Die gelykenis van die arbeiders op verskillende tye gehuur, wil vir ons sê dat die Here die soewereine beskikker oor sy koninkryk is. Volgens sy vrye welbehae soek en roep Hy wie Hy ook al tot diens daarin wil gebruik. Hier is die Here 'n huisheer wat arbeiders in sy wingerd nodig het. Reeds vroeg in die môre begin Hy soek en sluit dienskontrakte waarvolgens sekere dienste in sy wingerd gelewer moet word terwyl Hy as teenprestasie die loon van 'n penning per dag aanbied, volgens die gebruiklike skaal in daardie tyd.

En nou is dit opmerklik dat Hy byna op elke uur van die dag nog arbeiders werf en met hulle ooreenkom dat hulle sal ontvang wat reg is. Dit is duidelik dat Hy nie wil hê dat mense ledig en nutteloos op die mark moet staan terwyl hulle kosbare tyd positief en konstruktief kon gebruik het nie. Teen die aand, dit wil sê toe die dagtaak afgehandel is, het die heer van die wingerd sy opsigter opdrag gegee om met die arbeiders af te reken. Maar hier is 'n ongelykheid van diens en 'n ongelykheid van beloning. Sommige het twaalf uur gewerk en die las van die dag en die hitte gedra terwyl ander net een uur gewerk het. Daar is geen verklaring vir die omgekeerde volgorde van beloning nie en ons moet dit sien as uitdrukking van die absolute vrymag van die huisheer. Die eerstes was van mening dat hulle beter as die laastes besoldig moes gewees het en op groter vergoeding geregtig is.

Hierdie gelykenis wil egter vir ons sê hoedanig die koninkryk van die hemele is. Die Here roep en soek sy kinders tot diens, tydig en ontydig om uiteindelik gelykelik aan almal genadeloon wat hulle nie verdien het nie te betaal. Aan die einde van die lewenstaak wil Hy wat goed is vir sy knegte gee, die vergewing van sondes in Jesus Christus en die ewige lewe.

Meer as hierdie genadige beloning na die verlossingswerk van Christus, hoef ons nie te verwag nie en het ons ook nie nodig nie.

20 Februarie **Lees:** Mat. 20:17-19 **Teks:** Mat. 20:18

JESUS GAAN OP NA JERUSALEM

Om na Jerusalem op te gaan, is 'n weergalose belewenis. Dit was die droom en ideaal van elke Jood deur al die eeue. Miljoene pelgrims het al die heilige stad besoek. 'n Mens gaan op na Jerusalem nie omdat die stad so hoog op die berge rondom lê nie, maar omdat die tempel van die Here daar op Sion staan. Jesus gaan nou ook op na Jerusalem maar Hy gaan op om daar te sterwe en weer op te staan. Daar sal die

owerpriesters en die skrifgeleerdes planne beraam om Hom enige vorm van skuld ten laste te lê sodat Hy gevange geneem, veroordeel en om die lewe gebring kan word. Die Joodse Raad het die bevoegdheid om tot die dood te veroordeel maar hulle mag self nie die vonnis voltrek nie omdat dit die prerogatief en privilegie van die heidense Romeinse owerheid is aan wie hulle Hom wou oorlewer. Hy het vooruit geweet dat die trotse Romeinse soldate hulle veragting van die Jode in sy bespotting as veroordeelde tot uitdrukking sal bring. Hy weet ook dat Hy deur géseling volgens die Romeinse gebruik, voorberei sal word vir sy teregstelling en dat Hy deur kruisiging sal sterwe. Dit is die vorm van straf wat die Romeine toegepas het op slawe en veragte onderhorige volke.

Hy gaan nie op na Jerusalem om saam met die menigte uitgelate vrolik fees te vier nie, maar Hy gaan op na die tempelstad, bewus van wat daar op Hom wag, om vrywillig te sterwe. Die twaalf dissipels moet dit ook weet. Hy gaan bewus van sy lyding en dood na Jerusalem. Hy gaan om sy verlossingswerk te volbring. Hy gaan om vir die sonde van die wêreld te betaal. Hy gaan om in die hande van die heidene te val. Hy weet al hierdie dinge, en tog gaan Hy op na Jerusalem. Hy gaan om te sterwe en uit die dode op te staan sodat almal wat in Hom glo, nie verlore hoef te gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. As dit nie gebeur nie, was alle mense vir ewig verlore.

21 Februarie **Lees:** Mat. 20:29-34 **Teks:** Mat. 20:30

WEES ONS BARMHARTIG, HERE

Die twee blindes van Jerigo het ook maar bedelaars geword want dit was die enigste beroep wat 'n blinde in daardie tyd in die maatskappy kon beoefen. Met hulle verdonkerde oë het hulle daar langs die pad gesit want daar was geen ander plek waar hulle tereg kon kom nie. Op hierdie pad tussen Jerusalem en Jerigo was daar 'n drukke verkeer en hier het hulle in hul nood darem somtyds 'n aalmoes ontvang.

Maar hulle groot dag het aangebreek toe Jesus Hom ook op hierdie pad bevind het. Met geoefende oor het hulle die gedruis gehoor, ook sekere woorde wat iemand so terloops geuiter het, so iets soos dat Jesus verbygaan. Hulle weet nie eens wie vir hulle die allerbeste aankondiging gemaak het nie, maar dit is nie belangrik nie. Hulle het gehoor en dit is vir hulle genoeg. Van hierdie Jesus het hulle klaarblyklik al dikwels verneem — ook van sy weldade — en hulle weet selfs dat Hy die Seun van Dawid is. Met sy koms is daar nou ook vir hulle hoop. Daarom roep hulle uit: Wees ons barmhartig Here, Seun van Dawid. Dit is hulle geloofsbelydenis wat volg op die verkondiging van 'n onbekende en willekeurige

verkondiger. Hy is die langverwagte Verlosser van die wêreld wat ook die oë van die blindes open.

Aangrypend hulle voortdurende geroep om erbarming, steeds harder en harder ten spyte van die bestrawwing van die menigte want hoe kan hulle swyg as Hy besig is om verby te gaan? So 'n geleentheid sou daar nooit weer wees nie.

Die Here het gaan staan en innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak en dadelik het hulle oë gesien.

Ons is ook maar soos die blinde bedelaars, so diep afhanklik, so geheel en al op Hom aangewys. Hy wil barmhartigheid bewys, sy lig in die donker laat skyn, sy kinders red uit die nood en dood en die ewige lewe deur die vergewing van sondes aan ons gee.

22 Februarie **Lees:** Mat. 21:1-11 **Teks:** Mat. 21:9

DIE MESSIAS KONING

Die gelese gedeelte beskryf Jesus se intog in Jerusalem. Terwyl Hy met sy dissipels by Bétfagé, 'n versamelplek vir pelgrims wat oppad is na Jerusalem, vertoef, stuur Hy twee dissipels om sy koninklike intog in die stad van Dawid voor te berei. Hierdie opdrag is in ooreenstemming met die Joodse bodereg wat vereis dat 'n vors sy gesante paarsgewys moet uitstuur (Luk. 10:1). Die dissipels vind die vasgemaakte eselin en so word die profetewoord vervul (Sag. 9:9).

Ons vind hier die proklamasie van Jesus as die Messiaanse Koning. Tot nog toe is daar nie openlik van Jesus se Messiasskap gespreek nie. Maar van hierdie oomblik af is dit anders, want Jesus kom na Jerusalem om die laaste week voor Sy kruisiging in te gaan.

Dit is geensins toevallig dat Jesus se intog in Jerusalem vanaf die Olyfberg plaasvind nie. In die tradisie van die Joodse volk het dit vasgestaan dat die Messias op die Olyfberg sal verskyn en vandaar die stad binnegaan. So verskyn die ware Koning van Israel nie met 'n magtige leër van perderuiters nie, maar op die vul van 'n esel. In die Ooste was dit gebruik dat alleen vorste 'n stad binnery. So was dit 'n teken van heerlikheid.

Terwyl Jesus, die Messias Koning, die stad binnery, gooi die skare hul klere en takke voor Hom oop, terwyl hulle Hom toejuig as die Christus-Koning wat hulle verwag. Met hulle sang eer hulle die Gesalfde wat kom in die Naam van die Here om volgens hulle verwagting die ou glorieryke koninkryk van Dawid te kom herstel! Dit is vir hulle 'n besondere geleentheid — Hy het gekom om hulle van die gehate Romeine te verlos.

Hierdie groot blydskap verander egter vinnig in felle haat toe blyk dat Jesus nie as nasionale hoop gekom het nie. Die jubelroepe word „Kruisig Hom" toe dit blyk dat Hy geen

wêreldse koninkryk verlang nie. Sy intog beteken lyding tot die dood aan te kruis. Daar oorwin Hy. Daar neem Sy hemelse koninkryk duidelik gestalte aan. En al is Sy kerk nog op aarde totdat die eindtyd aanbreek, is haar bestemming en burgerskap nie op hierdie aarde nie, maar wel die hemelse koninkryk waar ons Messias in al Sy heerlikheid regeer.

23 Februarie **Lees:** Mat. 21:12-17 **Teks:** Mat. 21:12

DIE MESSIAS REINIG DIE PLEK VAN AANBIDDING

Die Messias Koning wat kom in die Naam van die Here gaan dadelik na die tempel. Sy optrede is radikaal, soos Sy koms as Messias ook teen die verwagting ingesny het. Hierdie mense in die tempel wat voorgee dat hulle die Skrifte ken, se goddeloosheid word deur Jesus blootgelê.

Jesus beroep Hom op die profeet Jesaja (56:7) dat die tempel 'n huis van gebed moet wees. Daar tref Hy egter 'n koorsagtige bedrywigheid aan van veehandelaars wat offerdiere verkoop vir reinigingsoffers en die paasfees (Joh. 2:14). Daar is ook geldwisselaars wat teen 'n kommissie geld wissel.

Met die gesag waarmee Hy kom as Gesalfde van die Here verjaag Hy nou diegene wat die tempel gebruik vir hul dade van eie belang. In hierdie optrede van Jesus lê daar 'n diepe betekenis: met gesag tree Hy op, want Hy is die Christus-Koning. Die Messias wat die tempel gereed maak vir die ware gemeente van Christus, die nuwe Israel. Hierdie optrede staan ook in lyn met die profesië van Esegiël (hoofstukke 40-48), naamlik dat in die Messiaanse tyd 'n vernuwing van die tempel sal geskied.

Teenoor die dade van menslike eiebelang en winsbejag in die plek van aanbidding, stel Jesus dié van Goddelike ontferming; Hy verrig die Messiaanse werk en genees blindes en kreupeles (vgl. by 11:5). Daarom kan dit in die die nuwe bedeling wat saam met die Messias Koning gekom het, nòòit om die bevordering van ons eie oogmerke en belange gaan nie. Dit mag ook nie in die gemeente van Christus gaan om persoonlike wins of met die oog op verdienste nie.

Terwyl die Hosannas van die volwassenes in vrees verstil met hierdie optrede van Jesus, klink daar die nuwe Hosannaklanke op, en wel uit die mond van die kinders in die tempel. Toe die owerpriesters en skrifgeleerdes vererg op hierdie gepaste huldiging van die kinders reageer, antwoord Jesus hulle met die woorde van Ps. 8:3: die lof wat die mond van kinders aan Hom betuig, is die lof van God. Sy tempel sal nou wees 'n huis van gebed, waarin elke knie buig en elke tong bely dat Jesus die Christus is, tot eer van God die Vader.

24 Februarie **Lees:** Mat. 21:18-22 **Teks:** Mat. 21:22

ONGELOOF GEDOEM — GELOOF IN GEBED

Na die tempelreiniging moes Jesus die nag buite Jerusalem oornag. Vroeg die volgende oggend, is Jesus en sy dissipels op die terugtog na die stad met sy feesvierende menigtes.

Jesus se heengaan kom trapsgewys nader. Hy het honger gehad — maar geen voedsel gevind nie. Die menslikheid in Sy lyding tree hier na vore. Aan die vyeboom wat eenkant langs die pad staan, vind Hy geen vrugte om Sy honger te stil nie — net weelderige blare (vgl. by Mk. 11:13).

Hy laat die vyeboom verdroog en toon so sy gesag oor die geskapene (vgl. by 8:27). Die woord wat Hy tot die boom spreek, kom uit die krag van sy majesteit as Heerser, want die natuur gehoorsaam sy bevel. In hierdie oordeel oor die weelderige boom sonder vrugte, simboliseer Jesus die oordeel oor Jerusalem in haar paastooi. Nieteenstaande haar uiterlike weelderig vroomheid, is sy onvrugbaar wat haar geloof betref.

Die verbasing van die dissipels oor die verdroging van die boom, as tasbare voorbeeld van die oordeel van die Messias oor die ongeloof, word deur Jesus gebruik om hulle te onderrig oor die krag van die gelowige gebed. Die geloof in God gee selfs gesag oor die natuur (vgl. 17:20). Glo en moenie twyfel nie! Glo en bid! Want niks gaan die waarde van hierdie geloof te bowe nie. As Jerusalem maar net wou glo, maar hulle het hulle verlustig in hulle uiterlike vroomheid en vergaan in hulle ongeloof.

25 Februarie **Lees:** Mat. 21:33-46 **Teks:** Mat. 21:43

NIETEENSTAANDE VERWERPING GAAN DIE SAAK VAN GOD VOORT

Hoe langer Jesus op aarde besig is met sy werk, hoe duideliker groei die kloof tussen Hom en die godsdienstige leiers van die Jode. In hierdie gelykenis beeld Jesus die botsing tussen Hom en dié mense uit, wat op sy dood moet uitloop.

Israel word geteken as die wingerd van die Here (vgl. Jes. 5). Hierdie wingerd is goed toegerus met 'n wagtoring, omheining, 'n parskuip en ander benodigdhede. So het God sy volk Israel toegerus: hulle het sy Woord ontvang, asook die Wet en alles wat hulle nodig gehad het om 'n gelowige lewe te lei.

Die pagters wat oor hierdie wingerd moes waak in die Heer se afwesigheid was die godsdienstige leiers van die volk — die skrifgeleerdes en owerpriesters. Die slawe wat gestuur word is die profete. Hulle stel net die reg van God op alles.

Die geduld van God is vir die mens onbegryplik want Hy gee steeds meer namate sy reg meer vertrap word en sy gesante mishandel word.

So stuur Hy uiteindelik sy Seun. God bly getrou aan sy volk. Sy genade en barmhartigheid het geen einde nie. Maar — en daarmee sê Jesus aan die Jode dat Hy weet wat hulle met Hom gaan doen — die landbouers ontsien ook die Seun nie en maak Hom dood.

As die mens die geleentheid het om Jesus Christus te ken en hom te aanbid, maar Hom voortdurend verwerp, sal die koningkryk van God hom ontneem word. Nieteenstaande die verwerping en verset, gaan die saak van God tog voort. God sal sy koningkryk onder ander volke stig; ander sal sy barmhartigheid ontvang.

Ons werk en leef as die nuwe volk, sy kerk. Maar laat ons onthou: God is van geen mens afhanklik nie en Hy staan onder geen verpligting nie, alhoewel Hy geduldig is. Wat eenmaal gebeur het, kan en mag weer gebeur. Dra dan die vrugte wat by die bekering pas.

26 Februarie **Lees:** Mat. 22:1-14 **Teks:** Mat. 22:12

GEEN BRUILOF SONDER KLEED

Die seun in hierdie gelykenis is Christus. Sy Vader het Sy slawe volgens Oosterse gebruik twee keer (vgl. Ester 5:12 en 6:14) met uitnodigings gestuur; eers die profete en daarna Johannes die Doper. Die volk (gaste) het die uitnodigings egter met onverskilligheid bejeën. Nou kondig Jesus die oordeel aan wat 40 jaar later oor Jerusalem gekom het.

Tog gaan die bruilof voort. Ander slawe — Jesus se Apostels en die predikers ná hulle — gaan na die kruispaaie van die wêreld met hierdie blye uitnodigings. So kom die evangelie ook na ons.

Jesus verseker ons in die gelykenis dat Hy sy gaste versamel uit goeies sowel as slegtes. Armes, verminktes en kreupeles word genooi. — Arm in sonde, vermink deur misdade en inwonende bederf en kreupel geslaan deur die sondegebroke wêreld.

Daar is net een voorwaarde verbonde aan hierdie uitnodiging: ons mag aan hierdie fees nie deelneem sonder die bruilofskleed aan nie. In die Ooste was dit toentertyd die gebruik om by die ingang van die paleis feesklere uit te deel aan hulle wat 'n uitnodiging na die koningsmaaltyd ontvang het. Sonder die kleed aan is 'n genooide nie tot die feessaal toegelaat nie.

Mense uit alle volke, tale en nasies is geroep, genooi en opgedra om te glo. Maar vir al hierdie geroepenes kom nou die waarskuwing. Dit spreek nie vanself dat al die genooides

sondermeer in die koningkryk van God sal kom nie. Die genooides wat reken om in te gaan in die koningkryk van God, soos hulle is, (met hulle eie klere aan), sal uitgegooi word. Soos ons is, is ons nie waardig om na die bruilofsfees te kom nie. Ons eie verdienste, ons vroom en voorbeeldige lewe kan nie dien as kleding om toegang te verleen tot die koningkryk van die hemele nie.

Alleen diegene wat die hand in geloof uithou na die bruilofskleed van Christus, deurweef met Sy smart en dood, met sy gehoorsaamheid en geregtigheid, sal toegang verleen word. Met hierdie kleed van Christus se geregtigheid word die naaktheid van ons sonde bedek en uitgewis. Wie tot die koningkryk deur die genade geroep word, mag kom, so ellendig en behoeftig as wat hulle is . . . Maar dan moet hulle vir hulself dankbaar toeëien wat Christus in genade skenk.

27 Februarie **Lees:** Mat. 22:15-22 **Teks:** Mat. 22:21

GEE AAN GOD WAT GOD TOEKOM

Bewus van Jesus se gewildheid by die volk poog die Fariseërs deur 'n fynuitgewerkte strikvraag Jesus tot keuse dwing: óf teen die Jode om Hom dan so by die volk verdag te maak, óf teen die Romeine en so van Hom 'n rebel te maak.

Met vleitaal, deur Hom Meester te noem, en te sinspeel op Sy onbevreesde houding en optrede voor Sy vyande, poog hulle om Hom onverhoeds te betrap met die delikate vraag: Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie?

Jesus weet egter onmiddellik dat agter hierdie skynbaar godsdienstige vraag 'n politieke set skuil om Hom uit die pad te kry. Daarom vra Hy 'n belastingmunt wat elke burger as hoofbelasting moes betaal. Die beeld en opskrif op die penning bewys, volgens antieke beskouing, die wetlike eiendomsreg. Die munt behoort aan die keiser, want sy beeld verskyn daarop. „Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom . . . en aan God wat God toekom!"

Hiermee sê Christus nie soos die Jode gehoop het dat die volk die keiser moet aanbid nie. Betaal hom wat julle aan hom verskuldig is, maar gee ook aan God terug wat julle aan Hom skuld. Aan God behoort diegene wat Sy merkteken en Sy beeld dra.

Ons dra, as lidmate, die merk en teken van God se genade in Christus deur ons doop en belydenis. Daarom moet ons ganse lewe 'n lewe van offerbereidheid wees omdat ons aan Hom behoort. Ook ons kinders wat deur hul doop die eiendomsteken van God ontvang het moet as Gods besit bewaar word. Ons behoort dus nie meer aan onsself nie, maar deur die prys wat Christus aan die kruis betaal het, het ons die wettige eiendom van God geword.

28 Februarie **Lees:** Mat. 22:23-33 **Teks:** Mat. 22:32

DIE OPSTANDING

Die opstanding uit die dode wat ons glo en bely, word deur sommige mense betwyfel, soos dit hier die geval is met die Sadduseërs. Die Sadduseërs, verteenwoordigers van die priesterlike stand, aansienlike en vooraanstaande burgers, poog hier om Jesus te verstrik in die dispuut wat tussen hulle en die Fariseërs bestaan oor die opstanding. Die twee groepe het hoofsaaklik daarin van mekaar verskil dat die Sadduseërs die bestaan van die engele asook die opstanding van die dooies verwerp het terwyl die Fariseërs dit aanvaar het. Die Fariseërs het egter allerhande fantastiese spekulasies aan die opstanding verbind.

Die Sadduseërs kom met 'n belaglike voorbeeld terwyl hulle hul beroep op die woorde van Moses om so die onhoudbaarheid van die leer van die opstanding te bewys. Hulle huldig die gedagte, soos so baie gelowiges vandag ook, dat die hemel maar net die verlengstuk van die aarde is!

Jesus se antwoord laat hulle sprakeloos: Julle dwaal. Nie alleen is hulle onwaarskynlike voorbeeld verkeerd nie, maar ook hulle leer. Hulle glo nie in die opstanding nie, omdat hulle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie: hulle is onkundig en ongelowig!

Ons moet die opstanding aanvaar en glo, omdat God die God van Abraham, Isak en Jakob is — nie die God van dooies nie, maar van lewendes. By die noem van die name van hierdie aartsvaders, is hulle lankal dood, tog praat Jesus nie van hulle as geeste of skimme nie, maar as werklikhede. Hulle bestaan vir Hom al het hulle ook gesterwe.

Vir God is hulle reeds „kinders van die opstanding" en as sodanig sal hulle geopenbaar word in heerlikheid by die Wederkoms van Christus. Met sy eie liggaamlike opstanding as 'n werklikheid, het Hy almal wat glo voorgegaan as eersteling uit die dode. Die rede waarom so baie gelowiges dikwels aan die opstanding twyfel, is omdat hulle hierdie daad van God, wat uitstyg vér bo die bevattingsvermoë van die menslike verstand, júís wil onderwerp aan die logika van menslike vermoëns!

Die geloof in die opstanding berus in die almag van God; die dood is nie sterker as God nie, alhoewel dit die menslike verstand troef!

29 Februarie **Lees:** Jes. 53:1-5 **Teks:** Jes. 53:3

JESUS 'N VERAGTE MENS

'n Navolger van Christus sou graag wou uitroep: Maar dit kan mos nie waar wees nie! Dit moet tog nooit waar wees nie! Hy is dan die Verlosser van die wêreld. Ja seker, so voel

alle gelowiges vandag. Maar ongelukkig was dit in die verlede, daar in die tyd rondom sy koms, wel waar dat Hy 'n veragte mens was.

Ons is nou ten opsigte van die kerklike jaar in die lydenstyd en ons behoort met diepe meelewing sy lydensweg op hierdie aarde te volg. Die profeet het hier al voorspel dat sy hele lewe lyding sou wees.

Om verag te word is een vorm van lyding. Op 'n ander plek in die Bybel, naamlik Joh. 1:11 staan dit so, toe hierdie feit werklikheid geword het: „Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." Dit moes vir Hom as mens 'n pynlike ervaring gewees het — 'n mens kan jou tog daarin indink. „Hy was verag en deur die mense verlaat", sê die profeet.

Dit onderstreep maar weer net vir ons die groot wonder van God se liefde. Dat Hy dit alles van en vir slegte mense gedra en verdra het. Voor hierdie wonder kan ons elke dag slegs in stilte buig. Wanneer ons staan voor die lyding van ons Heiland, dan pas slegs die diepste ootmoed ons.

Daar is vandag nog baie mense wat Hom verag, op verskillende wyses. Sommige verwerp Hom deur ongeloof; ander bespot Hom; ergste is: talle sê dat hulle in Hom glo, maar hulle verag Hom in werklikheid deur nie goeie en getroue navolgers van Hom te wees nie en sy wil en leerstellinge nie uit te voer nie. Wie voor die werklikheid van die lyding van ons Heiland staan en dit begryp, sal ook weet dat Hy geen enkele dag van sy lewe iets mag doen wat dalk sal meedoen aan die verdere veragting van Jesus van Nasaret nie. Hy sal in die geloof daarteen stry.

1 Maart **Lees:** Jes. 53 **Teks:** Jes. 53:10

DIE GOUE LYDENSVERHAAL

So het Polikarpus, biskop van Smirna, wat ter wille van sy Christelike geloof gesterf het, hierdie hoofstuk van Jesaja genoem. Die lyde van ons Here Jesus Christus word vir ons deur die profeet hier op 'n pragtig aangrypende wyse gestel.

Menslike lyding is nooit mooi om te aanskou nie en dit is onchristelik om jou daarin te verlustig. Dit is daarom dat hierdie aangrypend tafereel uit die Ou Testament tot ons spreek. Want lyding en teëspoed was daar, wat die mens betref, vereenselwig met sonde of skuld, met ander woorde dit is jou as die verdiende loon daarop toegereken.

Maar, Jesus Christus het geen sonde of skuld gehad nie — inteendeel. Hy het ons skuld en ellende op Hom geneem en ons sondes gedra. Soos 'n aanklaer in die geregshof word die voordurende beskuldigende vinger nou na ons uitgesteek, maar tog het Hy soos 'n advokaat tussen ons en God kom staan.

„Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel . . ." — behaag, nie as gevolg van 'n vergeldingsdrang of van faktore wat dikwels in menslike egoïsme setel nie, maar op grond van Gods grote liefde vir die mens.

Menslike lyding gryp die mens aan en wanneer ons daardeur getref word dan vra die mens hom dikwels die vraag af na die sin van dit alles.

Waarom sluip terugslag juis ons huise binne?

Waarom het dit God behaag dat die onheil juis ons tente moes binnedring?

Maar die feit bly staan, as ons ooit sou wou spreek van onregverdige lyde en onverdiende beskuldigings, dan moet ons juis na die lyde en sterwe van ons Here Jesus Christus wys.

Want wat het Hy verkeerd gedoen?; en tog het dit die Here behaag om Hom te verbrysel, ja verbrysel, want in Gethsemane het sy sweetdruppels bloed geword en op Golgota was Hy deur God en mens verlate.

Maar juis in die lyde, kruisiging en opstanding van Jesus Christus lê ook die verlossing en bestemming van hierdie wêreld. Die wêreld wat in 'n bose kringloop van behoud en oorlog gewikkel is.

Maar selfs in hierdie tyd verwag ons as gelowiges die behae van die Here; deur sy hand wat deur sy Gees die tye omspan het, sal die uitkoms daar wees van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid sal woon.

2 Maart **Lees:** Jes. 55:1-8 **Teks:** Jes. 55:1

'N WONDERLIKE UITNODIGING

In die Nuwe Testament hoor ons dat die veragte Jesus, die lydende Kneg van die Here van Jesaja 53, met sy eie mond dieselfde onbegryplike ding sê wat hier in Jesaja 55:1 staan: Mat. 11:28: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."

Hy het in die volste sin van die woord vir ander mense gekom, ook vir u en my. Dit is selfgewing soos hierdie wêreld nog nie gesien het nie. Hulle het Hom verag, met uitsondering van 'n paar; hulle het Hom laat ly, maar Hy bied dit aan hulle om met hulle lyding na Hom te kom sodat Hy kan help en vertroos. En Hy doen dit omdat Hy geweet het dat Hy die enigste is wat kon help en troos. Waar is daar iemand anders wat so, net kan gee en gee en nooit iets vir Homself as persoon vra nie?

Ons het gesien hoe Hy gehelp het. Hy het siekes gesond gemaak, blinde oë geopen, dooies opgewek, moedeloses vertroos, armes versorg en gevoed; Hy het 'n antwoord vir elke probleem gehad; Hy het sondes vergewe en begrip en simpatie

gehad vir die gebrokenheid van die mens onder die sonde. Met ander woorde: Hy roep hierdie mens wat moeg geword het onder die laste wat hy dra, om nader te kom en te vertrou dat uitkoms vir hom sal kom.

Wie is die mens wat „dors" het, wat gaan na Jesus van Nasaret? Hy wat geen raad meer met homself weet nie. Hy wat bewus is van sy sondelas en berou het daaroor. Hy wat weet dat hy homself nie kan help nie en besef dat hy werklik hulp nodig het. Die selfvoldane en selftevredene, die een wat sterk is in eie oë, hy gaan nie. Hy dink hy het dit nie nodig nie. Hy is die een wat hom een of ander tyd vasloop in 'n bittere ontnugtering.

Óns besef ons kan dit nie doen nie want ons ken onsself. Daarom luister ons met dankbaarheid na Jesaja 55:1. Ons het „dors" en ons gaan om gelawe te word. Ons wil gehelp word. Ons „soek die Here terwyl Hy nog te vinde is". En omdat dit nog moontlik is, neem ons hierdie uitnodiging met die grootste dankbaarheid aan.

3 Maart **Lees:** Jes. 55 **Teks:** Jes. 55:4

DIE VERNEDERDE VORS

Die Here Jesus Christus word vier keer in die Nuwe Testament 'n Leidsman of Vors genoem. Die ironie in sy geval is dat sy Koningskap deur vernedering bevestig is.

As Vors wat die dood oorwin het, wil Hy ons dan ook van die dood na die ewige lewe lei deur menslike tekortkominge heen. Soos Josua 'n tipe uit die Ou Testament was, wat waarskynlik die eerste was om die volk Kanaän in te lei terwyl die priesters, die verbondsdraers, eenkant bly staan het.

Christus was ook die ware Getuie. Deur sy gehoorsaamheid het Hy Gods regsaak in hierdie wêreld gestel. En al moes Hy dit deur lyde ondergaan het het Hy tog die bewys gelewer dat lyding 'n smeltkroes kan wees, naamlik 'n middel tot reiniging, tot krag en tot dissipline.

Jesus Christus is die Vors van 'n lang ry martelare en getuies. Getuies en martelare kies nooit die weg van die minste weerstand nie, hulle kies eerder die lydensweg, die dood as dit nodig is. Maar op die wyse het hulle juis die stelling waar gemaak: „Die bloed van die martelare was die saad van die kerk."

Christus is ook óns Getuie wat vir ons sondaars by God intree.

Maar Hy is ook die Vors. Hy regeer as Koning wat heers oor die nasies, maar Hy regeer soos een wat waaragtig medelye het met die lyding van elke mens. Hy lei ons nie deur plekke wat donkerder is as die plekke waardeur Hyself gegaan het nie.

Omdat Hy in sy lyde soveel sterker as ons is weet juis

Hy hoe min ons kan verduur. Daarom dat Hy by monde van die apostel Paulus ook dit aan ons sê: 1 Kor. 10:13: „God is getrou wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee sodat julle dit sal kan verdra."

4 Maart **Lees:** Jes. 58:1-8 **Teks:** Jes. 58:8

VALSE EN WARE GODSDIENS

Dit is moontlik dat 'n mens vals in jou godsdiens kan wees. Dat uiterlik, formeel alles in orde is en jy ook tevrede daarmee mag wees. Maar in werklikheid kan jy jouself maklik bedrieg. Jy kom uiterlike voorskrifte na, soos vas en sabbat en vorm en allerlei ander dinge, maar jou hart sit op 'n ander plek. Soos die profeet hier sê: „Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen en julle jaag al jul arbeiders aan" met ander woorde: wat jouself betref is die sake formeel in orde, maar jy is nie die minste betrokke by jou medemens en sy probleme en nood nie. Jy twis selfs, en kyf, en „slaan met misdadige vuis". Jou godsdiensbeoefening het nog nie na die diepte gegaan nie. Jy is nog net oor jouself en die formeel-uiterlike bekommerd en solank jy dit gedoen het is jy tevrede. As jy maar gedoop is, as jy maar „aangeneem" is, as jy maar 'n „bydrae" gegee het, as jy die erediens uit gewoonte bygewoon het, dan kan jy maar leef soos jy wil. Jy kan maar dan jou „arbeiders" laat werk en met jou buurman twis en kyf. Dit is die valse godsdiens.

By die profeet en by Jesus is dit anders. Daar leer ons die ware godsdiens in sy praktyk. Dit verg lyding, soos vir Jesus, maar so is dit eg en reg. Jesus het sy apostel laat skrywe in Jak. 1:27: „Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou vlekkeloos te bewaar van die wêreld." Die profeet sê dieselfde in hierdie gedeelte op 'n ander manier: „Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie?"

Godsdiens is praktyk, nie net teorie nie. En Jesus het ons dit op sy lydensweg geleer. Hy het die woorde van die profeet waar gemaak. Hy het opdrag gegee om te voed en te klee, Hyself het gevoed en genees en gehelp op vele maniere. Hy was bewoë oor die nood van 'n ander en was allermins slegs met Homself en die formele besig. Hy het selfs sommige van die formele gewoontes oortree. Daaroor is Hy gehaat en verag en dit was deel van Sy lyding maar dit is ware godsdiens — die gosdiens in die praktyk. Aan hierdie godsdiens, soos ook in Jak. 2 beskryf, moet u en ek elke dag meedoen, al verg dit ook van ons opoffering en lyding.

5 Maart **Lees:** Jes. 61:1-11 **Teks:** Jes. 61:1

BLYDSKAP WAT DIE HERE GEE

Deur die eeue heen word die evangelie die blye boodskap genoem. In hierdie gedeelte praat die profeet al byvoorbaat van hierdie blydskap en beskryf dit in pragtige taal en beeld. Daar is mooi belofte aan almal, veral vir diegene in moeilike omstandighede. Hy praat van „gebrokenes van hart", van „gevangenes" en van „geboeides".

Hierdie laasgenoemdes vir wie daar „'n jaar van die welbehae van die Here" sal kom, is u en ek en al die duisendes wat onder die gebrokenheid deur die sonde leef. Vir ons wat „'n verslae gees" het kom daar" 'n gewaad van lof". Die mag van die sonde het ons verslae gemaak, ons is inderdaad gebreek. Ons sien dit mos elke dag in onsself, in ons eie handel en wandel. Ons kan die Wet van God nie volkome uitvoer nie en ons weet dat God die sonde haat en dit straf. Dit druk soos 'n swaar las op ons neer — dit, benewens al die ander beproewinge wat ons moet verduur soos siekte, armoede, eensaamheid, ens.

Maar nou voorspel die profeet hier in die Ou Testament al dat daar lig in hierdie duisternis van menslike bestaan sal kom. En die belangrikste van alles is: dit hét gekom, sy Woord het waar geword. Deur Jesus van Nasaret en later van Golgota, het 'n ewigdurende jubeljaar vir die mensdom aan gebreek en daarvan moet alle mense weet en dit onthou, want dit is ons enigste troos in lewe, lyde en sterwe.

Weliswaar het dit op 'n vreemde manier waar geword: deur 'n Man wat aan 'n kruis gesterf het; wat gely het in ons plek en die mag van die sonde, die bose en die dood gebreek het. Maar dis wonderlik, want dit het die innige blydskap van die verlossing uit die sonde gebring, die blydskap wat God hier deur Jesaja beloof het. Almal wat glo, het genade gevind in die oë van God. Ons kan rus vir ons siel vind, ons hoef nie meer verslae te wees nie. Daarom moet ons te midde van alles wat hierdie lewe met hom mag meebring, altyd in dankbare blydskap leef — hierdie blydskap wat God ons gegee het.

6 Maart **Lees:** Jes. 62:1-7 **Teks:** Jes. 62:7

JERUSALEM, DIE LOT VAN DIE AARDE

By die lees van hierdie gedeelte mag jy vra, waarom nou juis Jerusalem, waarom sou dit 'n lot op die aarde word?

Omdat die lot van die aarde hier in Jerusalem beslis is. Die lot van die aarde gaan nie in die toekoms deur Washington, Moskou of Peking beslis word soos baie mense vandag mag dink nie. Nee, dit is amper 2000 jaar gelede reeds in Jerusalem klaar beslis.

Dit het gebeur omdat 'n jong Man in daardie tyd daar aan 'n kruis gesterf het. Dit was 'n beslissing van God en geen mens kan dit ongedaan maak of verander nie. Daar het alles finaal verander en daarom het dit 'n „sierlike kroon" geword in die hand van die Here. Trouens, vir alle gelowiges is Jerusalem 'n „sierlike kroon", want daar het ons die belangrikste skat van ons lewe ontvang: die verlossing, die geregtigheid. Ja, sy geregtigheid het uitgebreek „soos 'n glans en sy heil soos 'n fakkel wat brand", soos die profeet in vers 1 sê.

Dit was Jesus. Hy was dit wat God deur die profete beloof het en wat Hy ook gestuur het om daar in Jerusalem die lot van die mensdom te beslis. Die kruis het daar in die grond van hierdie aarde gestaan, nie in ander politiek-belangrike moderne stede nie. God het daar die mensdom vir ewig vry gemaak van die dodelike, allesbederwende sondemag.

En nou die lot? Wie Jesus kies en sy volgelinge word, sal die ewige lewe beërwe; niks kan hulle meer keer nie, nie eers die dood nie, al sou die dood veroorsaak word deur 'n moderne politieke magsbotsing, want Hy gaan deur die graf na die ewige Vaderhuis waar alles volmaak is en „waar geen droefheid of geween of moeite" meer is nie. Daarom vrees die gelowige in die volste sin van die woord niks meer nie, hy kyk slegs vorentoe waar die ewige lig skyn.

Wie Jesus verwerp, bepaal eintlik sy eie lot. Is dit nodig om dit uit te spel? Wat u en my te doen staan is om hierdie wêreldomvattende lotsbepaling oral en altyd te verkondig omdat dit vir alle mense so belangrik is en sodat steeds meer en meer mense nog die regte keuse kan maak. Moenie dat 'n ongelowige onaangespreek by u verbygaan nie. Dis u plig teenoor hom en teenoor God.

7 Maart **Lees:** Hosea 13:12-14:1 **Teks:** Hosea 13:12

SONDE SE LOON IS DIE DOOD

Hosea 13 kondig die onafwendbare einde aan vir die volk as gevolg van afgode- en beeldediens. Die lewende God, wat hulle uit Egipteland uitgelei en verlos het, is gou deur die volk vergeet, namate hulle meer welvarend geword het. Aardse welvaart vernietig vandag nog geestelike rykdom en sonde is altyd weer 'n skeidsmuur tussen God en mens. As gevolg van afdwaling, ongehoorsaamheid aan die wet en die woord van God, was Hosea se uitspraak: „My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp . . . sal Ek ook jou kinders vergeet" (4:6) veelbetekenend. Hul sonde en ongeregtigheid sal die dood baar — die dood is ook daar waar God nie meer belangstel in die mens nie maar hom oorlaat aan sy lot.

So is dit vandag nog. Ook ons gaan ten gronde weens gebrek aan kennis van God en sy Woord. Alle mense is sondaars; selfs nie een is regverdig nie. Daarom sterf alle mense uiteindelik. Dit is al wat ons sondaarsbestaan ons kan gee: Die dood, nie die lewe nie! Voor God is ons skuldig. „Saamgebind is die ongeregtigheid van Efraim, weggebêre is sy sonde."

Dit beteken: God het sy sonde — ons sonde — bymekaar gemaak, saamgebind as 'n swaar drag en hy bêre dit. Dit word in die oordeelsdag weer na vore gebring — Niemand sal kan stry nie — ons sonde sal teen ons getuig!

Goddank! Jesus Christus het gekom, het al ons sondes en ongeregtighede op Hom saamgebind, in sy persoon opgeneem en in sy hart gebêre — sodat Hy in sy lyding sondaar kon wees voor God, kon sterf onder die las van sonde. Deur sy lyding en sterwe word ons genees en verlos!

8 Maart **Lees:** Hosea 14:5-9 **Teks:** Hosea 14:5

AFGEWENDE TOORN

Met striemende woorde het Hosea dwarsdeur sy profesieë die volk gekasty oor hul sondes en ongeregtighede. In die laaste hoofstuk (hoofstuk 14) kom hy nou en roep die volk op tot bekering en skuldbelydenis — „Bekeer jou, Israel, tot die Here jou God, want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid" (14:2). Maar Hosea laat ook hoor van groot genade oor sondaars as hy in ons teks kom met 'n bevrydende heilsprofetiese woord. En hoe bevrydend klink die woord nie vir die erbarmlike sondaarmens, die woord „want my toorn is van hulle afgewend?" God genees die volk se afkerigheid. Hy het hulle vrywillig lief. Hy wend sy toorn van hulle af. Hy doen dit uit vrye welbehae, uit onbeskryflike liefde, sonder verdienste aan sondaarskant. Hy doen dit omdat Hy goed is en nie omdat die mens goed is nie. Uit louter genade! Die volk verdien die dood, deur sy sonde het hy sy bestaansreg verbeur, tog verander God alles deur sy toorn af te wend en die volk die lewe te gun.

So tree God in Jesus Christus se lyding en dood die wêreld tegemoet. Die wêreld van fariseïsme en dwaling, die wêreld van oneer en haat, die wêreld van sonde en ongeregtigheid, die gebroke wêreld wat stik in sy sonde, nood en ellende en sê aan hom: my toorn is afgewend! afgewend van sondaars en skuldiges, omdat Jesus Christus die toorn van God teen die sonde op Hom geneem het, en dit vir ons gedra het! Christus se lyding op aarde, sy „via dolorosa" is lyding omdat die sonde van die wêreld op Hom gelaai word, omdat Hy in die plek van die sondaar onder die toorn van God kom en die toorn dra, sodat u en ek bevry word en belewe: God het ons vrywillig lief, op grond van vrye genade, nie op grond van ons vroomheid of goedheid nie.

9 Maart **Lees:** Joël 2:28-32 **Teks:** Joël 2:32

ONTKOMING

Joël se profesieë gaan oor 'n onbeskryflike tydelike ramp wat sy land en volk getref het tydens sy leeftyd. Die ramp het bestaan uit 'n geweldige sprinkaanplaag en 'n ongekende droogte. So erg was dit dat hy die volk oproep tot 'n vasdag om hulle te verootmoedig en hulle skuld voor God te bely. „Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind" (1:4). „Die veld is verwoes, die akkerland treur; want die koring is verwoes, die mos het weggedroog, die olie het verdwyn. Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is" (1:10, 11). Die mense, die natuur, die vee, ja alles het weggekwyn onder die ramp. Joël kom as profeet van God en kondig aan dat daar ontkoming sal wees, dat die Here ag gee op die nood en ellende, dat daar uitredding sal kom, dat die volk op God moet vertrou. Oorvloed op tydelike gebied sal weer kom en saam daarmee oorvloed in die geestelike bestaan van die volk (vers 32). Elkeen wat die naam van die Here aanroep, sal gered word — dus elke gelowige sal tydelike en geestelik ontkom aan die vreeslike oordeel van God.

Die sonde het die wêreld en die lewe van die mens laat verdor en verskroei — só, dat dit lyk soos in Joël se dae toe droogte en sprinkane die land lamgelê het.

In sy ryke erbarme kom God in Jesus Christus se lyding en dood in hierdie erbarmlike en beklaenswaardige wêreld in, in u en my sondaarsbestaan in, en bewerk vir ons ontkoming, bevryding van die gloed van sy toorn. Ons ontkom aan die straf en die toorn van God deur die heilswerk van die Heiland, Hy wat deur ons sonde gemaak is tot 'n dor land en 'n kaalgevrete aarde, omdat Hy van God verlate was, ter wille van ons.

10 Maart **Lees:** Joël 3:16-21 **Teks:** Joël 3:21

ONSKULDIG VERKLAAR

Joël 3 kondig aan dat God die vyande van Israel sal oordeel — die vyande wat teen Israel oorlog gevoer het en daardeur baie bloed vergiet het. God het dit toegelaat en so sy volk gestraf vir sy sonde en ongeregtighede. Al die bloed wat deur Israel in die oorlog gestort is, sal God aansien as 'n versoeningsoffer en daarom sal God sy volk onskuldig verklaar. Daarom wag ryke seëninge in die toekoms op die volk. Ons hoor hier byna dieselfde as in Jesaja 40:1, 2: „Troos, troos my volk

sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes." So sal dit wees wanneer die Here afgereken het met die vyande van Sy volk.

Vir die gemeente van die Nuwe Verbond het hierdie tekswoord besondere sin en betekenis. In die lyding en sterwe van Jesus Christus verseker God sy gemeente dat hy onskuldig verklaar is — al is sy sonde en ongeregtighede rooi soos purper! Die sondaar word onskuldig verklaar. Dit is die grensloosblye evangelie aan 'n verloregaande wêreld. Ons wat glo, is nie in onsself onskuldig nie — hoe goed ons ook mag lyk — ons is sondaars wat skuldig staan voor God, wie se straf ons verdien, wie se bestemming die verderf is. Maar vir die lyding en sterwe van Jesus Christus ruil God plekke. Christus kom staan op ons plek en word skuldig verklaar en sterf. Ons gaan staan op sy plek en word onskuldig verklaar en mag lewe! Deur sy bloed word ons skuld en sonde afgewas. Nou kyk God na ons, die sondaars, deur sy Seun, die sondelose en sien ons aan as mense wie se sonde bedek is, wie klaar betaal het deur Christus, wie kinders van God geword het.

11 Maart **Lees:** Amos 3:1-8 **Teks:** Amos 3:2

BESOEKING VAN GOD

Die profeet Amos se prediking gaan veral oor twee sake: reg en geregtigheid. Sy tyd is gekenmerk deur voorspoed, weelde, gemaksug, bedrog, stygende pryse. Die rykes het ryker geword en die armes het armer geword. Verdrukking en onreg in die sosiale lewe was aan die orde van die dag. Vergeefs het die arme hom op die reg beroep. Daar was geen oor vir hulle nood nie. Hierdie man, Amos van Tekoa word deur die Here geroep om met striemende, genadelose woorde die volk te roep tot selfondersoek en bekering. Ondanks alles het dit gelyk of die godsdienstige lewe in orde is. Die feeste is druk besoek, feestye is noulettend nagekom, offers het ingestroom. Die Here het geseën, hulle was gerus want hulle is tog die volk wat die Here geken het en verkies het uit al die nasies — so dink die volk. Maar Amos kom as spelbreker met hierdie woord: „Ek haat, „Ek verafsku julle feeste" (5:21-23). Israel moet nie dink dat, omdat God hulle verkies het, die verkiesing 'n vrypas is tot sonde en onreg nie. „Daarom sal Ek besoeking doen oor al julle ongeregtighede." Uiteindelik was ondergang en ballingskap die hoogtepunt van die oordeel.

As gevolg van die sonde en ongeregtigheid van die wêreld het God in die volheid van die tyd besoeking gedoen oor die mensdom. Hy besoek die wêreld in en deur sy Seun, Jesus Christus. Maar dit was nie 'n besoek ten dode nie, maar ten

lewe. „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16.) God se besoek in Christus is 'n besoek in ons nood en ellende, Jesus Christus word een met ons. Sy lyding op aarde is 'n lyding onder die las van ons ongeregtighede. Dit kos Hom sy lewe aan die kruis. God se besoek is reddend, bevrydend vir elke sondaar wat glo.

12 Maart **Lees:** Miga 7:14-20 **Teks:** Miga 7:18, 19

GOD VERGEWE

Miga was 'n tydgenoot van die profeet Jesaja, soos Jesaja gaan sy profesie veral teen die sondes van die invloedrykes, die misstande van sy tyd, die leuens van die valse profete — daarom moet Jerusalem ondergaan. Maar hy verkondig ook die heil van God deur die regering van die Messias. As die volk sê: „Is die Here nie in ons midde nie? — dus kan onheil ons nie tref nie" (3:11) dan tree hy ernstig op teen hierdie verkeerde Godsbegrip. Sy prediking kan ons saamvat in Miga 6:8: „Reg doen, liefde betrag, ootmoedig wandel met God."

In ons teks kom hy met die prediking wat reeds 'n Nuwe Testamentiese klank dra: God vergewe die sonde, die ongeregtigheid. Dis heilsboodskap aan 'n sondige volk. God laat sy werk nie tot niet maak deur die sonde en die ongeregtigheid nie. Hy vergewe dit, want Hy is sterker as die mag van die bose. Die wêreld is sy wêreld wat Hy geskape het en daarom gee Hy die wêreld nie prys nie — ondanks sy sonde. Daarom stuur Hy sy Seun Jesus Christus weerloos die wêreld in om deur sy lewe, lyding, dood en opstanding die goddelike werk van vergewing te voltooi. In Jesus Christus gaan God by die ongeregtigheid van die mens verby; werp Hy die sondes in die diepte van die see. In Jesus Christus voltrek God die finale oordeel oor die sonde en die magte van die bose, word sy Vaderhart wyd oopgemaak sodat sy reddende genade en vergewende liefde soos 'n helder stroom water uitsprei oor die aarde en die sonde afgewas word — soos ons doop ons leer. Die bloed wat gestort word aan die kruis reinig ons van alle sonde. Daarom kan ons nog bestaan voor God. God vergewe die sonde in die Seun se offer. Daarom mag ons blymoedig lewe omdat God die ongeregtigheid vergewe. Geloof maak ons deelgenote van die vergewing.

13 Maart **Lees:** Sagaria 9:9-17 **Teks:** Sagaria 9:9

BLYDSKAP

Sagaria wat net na die terugkeer uit die ballingskap lewe, lewer sy eerste profesie in die jaar 520 v.C. Die eerste paar hoofstukke bevat 'n oproep tot die herbou van die verwoeste

tempel. In die laaste hoofstukke is daar by hom die duidelike aankondiging van die koms van die Messias en die Messiaanse ryk. So vind ons in ons teks die aankondiging van die koms van die koning, sagmoedig en nederig, 'n Oorwinnaar wat op die vul van 'n eselin ry. In Mattheus 21:5 en Joh. 12:15 word hierdie profetiese woord aangehaal as vervul in Jesus Christus. En so is dit. Jesus Christus het in die wêreld gekom as die nederige mens wat sonde en dood en hel oorwin het. Die profeet sien dit vooruit en daarom roep hy die volk toe: Verheug jou, Juig! Die Verlosser kom.

Jesus Christus is die vervulling van die profesie. Hy kom uit die hemel as seun van God: „Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word; en in die gedaante gevind as mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis" (Filippense 2:6-8). Hy kom om Homself solidêr te verklaar met die sondige mensheid — gewillig en vrywillig. Hy kom en word gebore in 'n stal met 'n krib as bed; om vervolg te word as 'n misdadiger, om gevang te word, verhoor te word, veroordeel te word, gekruisig te word in die plek van sondaars. „Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom; en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom" (Jes. 53:5). Daarom verheug jou en juig sondaar — in Christus is jy verloste sondaar, gekoop deur sy bloed, eiendom van God!

14 Maart **Lees:** Mat. 23:23-26 **Teks:** Mat. 23:23

HOE ONDERHOU ONS DIE WET?

Volgens Lev. 27:30 moet tiendes gegee word, ook van die veldplante se opbrengs. Hier in, soos die ander voorskrifte van die wet, het die Fariseërs uitgemunt. Sodanig dat hulle selfs tiendes gegee het van vrugte wat hulle koop, ingeval die vorige eienaar nie 'n tiende daarvan gegee het nie. Dan het hulle baie goed gevoel, want kyk net hoe nougeset hou hulle die wet van die Here.

Maar Jesus wys hulle af, omdat hulle die „swaarste van die wet" nalaat: die regverdige beoordeling van die medemens te alle tye, die betoning van naasteliefde in barmhartigheid en om vertroue in jou naaste te hê terwyl jy self absoluut betroubaar is.

Hierdie dinge is swaar, omdat dit nie net 'n deel van jou lewenswandel in beslag neem nie, maar jou hele wese, altyd en oral waar jy met ander mense omgaan. Hier het die Fariseërs verkeerd geloop: hulle het verval in 'n starre uiterlike onderhouding van voorskrifte maar die wese van die wet,

naamlik die liefde het hulle vergeet. Dit nadat in Lev. 19:18 die gebod van die naasteliefde al gegee is. Hulle het onbenullige dingetjies gedoen en die belangrikes nagelaat.

Is ons nie dikwels ook maar tevrede met klein uiterlike dingetjies nie? Soos af en toe help met gemeentefunksies, af en toe kerk toe gaan, ons paar rand maandeliks gee, selfs die nodige doen as kerkraad of N.H.S.V.-lede? Doen ons al hierdie dinge en selfs meer, maar laat die liefde na? Hierdie dinge moét ons doen, maar as uitvloeisel van ons liefde tot God en ons naaste, as deel van ons lewe van geloof, regverdigheid, barmhartigheid, liefde en trou.

Omgekeerd: is ons gelowige kinders van God wat die kleinere dinge nalaat? Soos om klein oortredings van die wet te begaan (byvoorbeeld spoed, belasting-ontduiking), verwaarlosing van jou huislike lewe, en so meer? Indien wel, skort daar iets met die diepte van ons geloof. Ons moenie die een doen en die ander nalaat nie.

15 Maart **Lees:** Mat. 23:27-33 **Teks:** Mat. 23:28

HOE LYK EK VAN BINNE?

Andermaal is daar 'n bittere klag teen die Fariseërs: van buite lyk hulle na goeie en getroue en regverdige mense — hulle voer 'n besonder netjiese, afgeronde, gekultiveerde lewe, MAAR van binne is hulle vol huigelary en wetteloosheid (dit is wat die woord ongeregtigheid in ons teks beteken). Hierdie mense wat so nougeset die voorskrifte van die wet nakom, is dus huigelaars omdat hulle die wese van die wet, die liefde, misgeloop het en so is hulle in werklikheid nie wetsgetrou nie, maar wetteloos!

So lyk ons lewe ook maar — van buite fraai, netjies, beskaaf, gekultiveerd, maar van binne in die diepte van ons wese, is ook óns liefde tot God en ons naaste onvolkome, is ons ook wetteloos. Ander mense dink miskien die wêreld van my, maar ek weet hoe sleg ek werklik is.

Wat hierdie prentjie nog leliker maak is die wete dat God toornig is oor hierdie liefdeloosheid en dat Jesus self dit hier skerp veroordeel.

Dit is genoeg om 'n mens jou hande in die lug te laat gooi, maar juis hierom het Christus gely en gesterwe, sodat ons nie sal tou opgooi nie, maar in alle nederigheid na Hom sal opsien om die saak te bepleit voor die Vader. Verder nooi Hy ons om ons bekommernisse op Hom te werp en Hy gee ons sy Gees om ons in die liefde tot God en ons naaste te lei. Die liefde wat in ons is, kom van God en hoe meer ons gee hoe meer kom daar om te gee.

So lyk ek nou van binne sleg, maar deur Christus word ek rein totdat ek eendag voor God mag staan onbevlek deur die sonde.

16 Maart **Lees:** Mat. 24:3-14 **Teks:** Mat. 24:8

DIE SMARTE!

Baie keer al is die vraag van die dissipels in vers 3 gevra: wanneer... en wat sal die teken wees? Jesus gee geen direkte antwoord hierop nie, behalwe om herhaaldelik te waarsku teen die misleidinge van die valse profete in verband met die einde. Verder gee Hy slegs herhaalde en herhaalbare tekens aan en geen tydsaanduiding nie. Derhalwe moet ons ons ook nie laat mislei deur valse profete en valse „gesalfdes" of „christusse" nie. Ook nie deur dié wat bepaalde gebeurtenisse as dié tekens van die eindtyd wil aandui nie — en van hulle is daar genoeg in hierdie wêreld.

Merkwaardig dat die Here al die „tekens" — oorloë, hongersnode, pessiektes, aardbewings — aandui as 'n geheel: almal saam is 'n begin van dié smarte. Dit is die smarte van die vervolging en haat teenoor dié wat aan Christus behoort — smarte wat nou al aan die gang is, omdat die verdrukking, haat en vervolging van Christus reeds begin het.

Die woord „smarte" het 'n besondere betekenis: dit is die smartlike pyne van 'n vrou by die geboorte van haar kind — barensweë. Dit is dus ontsettende pyn, maar nie vrugteloos of doelloos, net maar pyn nie. Dit is pyn met die vreugde van 'n heerlike vooruitsig. Vir die vervolgde Christen is daar die heerlike vooruitsig van die wederkoms van Christus en die wonderlike heil en vrede wat Hy dan bring vir die wat volhard tot die einde toe — vers 13.

Hoe dankbaar kan ons wees: die smarte van die hel sal ons gespaar bly. Dít het Jesus, onse Here, aan die kruis namens ons gely. Geen smart wat óns ly (wat ons boonop verdien) kan naby kom aan die (onverdiende) smartlike ellende wat Hy op Homself geneem het nie. Maar ook dit was pyn met 'n vreugdevolle vooruitsig, want God is liefde.

17 Maart **Lees:** Mat. 24:15-24 **Teks:** Mat. 24:24

KAN DIE UITVERKORENES MISLEI WORD?

Die ellendes van die eindtyd sal groot wees, omdat die satan dan alles in die stryd werp om totale heerskappy oor die aarde te verkry. Hy sal nie tevrede wees om net 'n deel van die mensdom te oorheers nie, nee almal word aangeval — ook en veral die uitverkorenes van God.

Die mensdom word maklik verlei om af te dwaal van die goeie weg, maar die uitverkorenes nie so maklik nie. Dit is moontlik dat 'n ware gelowige kan afdwaal, maar God sal hom telkens terugbring. Dit word besonder mooi en duidelik deur

die kerk bely in hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls (agter in die Gesangeboek). Daar staan o.a. in artikel 6: —

> „Want God wat ryk is in barmhartigheid, neem volgens die onveranderlike voorneme van die verkiesing, die Heilige Gees van hulle wat sy eiendom is, ook selfs in hulle droewige val, nie heeltemal weg nie, en Hy laat hulle nie só ver verval dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdigmaking uitval nie, of dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees bedrywe en, geheel en al deur Hom verlate, hulself in die ewige verderf stort nie."

Nietemin probeer Satan steeds die gelowiges mislei: as hulle dan nie wil toegee aan die versoekinge van die liggaam nie, dan verlei hy hulle geloof deur valse profete (wat sê: so spreek die Here, terwyl dit die satan is) en deur valse gesalfdes/christusse, wat 'n valse beeld van Jesus Christus kan wees — waarvan die wêreld vol is — of wat persone kan wees wat voorgee dat hulle die Christus is, wat in die eindtyd waarskynlik dikwels sal gebeur.

Maar, sê Jesus in ons teks, Satan sal nie die uitverkorenes van God om die bos lei nie. Daarvoor ken hulle die Christus van die Skrif, wat vir hulle gely en gesterf het, te goed.

18 Maart **Lees:** Mat. 24:29-35 **Teks:** Mat. 24:31

GENADE BY DIE WEDERKOMS

In die voorafgaande gedeelte het Jesus vertel van die geweldige verdrukkinge van die eindtyd, die teistering en vervolging van die gelowiges. Dan, skielik en helder soos 'n weerligstraal, sal die wederkoms van Christus plaasvind (vers 27) en die wêreld sal diepe berou hê oor sy ongeloof en ongeregtigheid.

Die Koning van al die konings sal dan allereers 'n groot daad van GENADE doen. Te midde van die paniekbevange, huilende, skreeuende, vlugtende massas sal sy engele sy liefde laat blyk wanneer van oral in die wêreld af die uitverkore, begenadigdes byeengebring word. Hulle sal nie hoef te vrees en sidder in afwagting nie.

Vir die vreesbevange menigtes sal die begenadigdes groot meegevoel hê, omdat hulle self baie deeglik bewus is daarvan dat hulle self nie anders gered is nie as deur genade. Die vreugde van die uitverkorenes sal die vreugde van groot en diepe dankbaarheid wees, sonder selfverheffing en juis met selfverootmoediging.

Deurentyd sal die heerlikheid van die Heer duidelik wees vir almal en sal Hy besing word deur sy engele en sy uitverkorenes, omdat sy genade só groot is.

19 Maart **Lees:** Mat. 24:36-44 **Teks:** Mat. 24:37

DIE DAE VOOR DIE WEDERKOMS

As ons die wêreldtoestande in die tyd van Noag vergelyk met dié van vandag, vind ons 'n merkwaardige ooreenkoms. Destyds, sê Gen. 6:11, was die aarde „verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld". Toe „het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het". (Gen. 6:6.) Hoeveel te meer is daar nie vandag rede hiervoor nie? Die Here het toe besluit om die mens te verdelg, maar het tog genade betoon deur Noag en sy mense as 'n kern te bewaar.

Noag was 'n lewende getuienis teenoor die wêreld van regverdigheid en opregtheid voor God — tog het die mense om hom, gewoon aangegaan soos altyd. Hulle het normaal gewerk, geleef, gestreef, gestry, getrou, „ge-alles". Vandag ook: die wêreld en die lewe gaan voort ten spyte van die lewende getuienis van die kerk oor die geregtigheid van God in Jesus Christus en oor die oordeel en die koninkryk wat kom. Soos in die tyd van Noag gee God ook nou 'n getuienis van sy oordeel te midde van al die boosheid en God-loosheid.

Maar eweneens is daar hoop op redding en verlossing vir dié wat getrou bly aan God in opregtheid en waarheid. Wanneer God weer die bewoners van die aarde verdelg sal Hy, dié keer deur sy Seun, die wat ag gee op Hom, red — hierdie keer nie in 'n ark nie, maar in 'n stad, die nuwe Godstad, die nuwe Jerusalem.

Almal wat tydig die genade soek, sal dit vind deur Hom wat gely en gesterwe het sodat daar genade vir ons mag wees.

Tog sal daar diegene wees, soos by Noag, wat nie ag slaan op die getuienis van die kerk van God nie, maar wat bly voortploeter op die weg na die verderf.

Laat dit nooit van ons waar word nie!

20 Maart **Lees:** Mat. 25:1-13 **Teks:** Mat. 25:8

WIE RY SAAM?

'n Verstandige mens is versigtig, bedagsaam, noulettend op die toekoms en een wat alle moontlikhede in ag neem tydens beplanning. 'n Dwase mens is die teenoorgestelde hiervan. Die verskil is duidelik in hierdie gelykenis, waarin „die bruidegom talm om te kom".

Die verhouding tussen Christus en sy kerk word dikwels met die huwelik verbeeld. Hier word dus gepraat van die wederkoms wat skielik sal wees, **hoewel ons weet Hy kom.** Die tien meisies het geweet die bruidegom kom, vyf het hulself voldoende voorberei, vyf nie, EN TOG het al tien aan die slaap geraak. Is die kerk, hoewel voorbereid op sy koms, nie ook aan die slaap nie? Soos die meisies, wanneer Hy kom, sal

almal opstaan en haastig regmaak, maar nie almal sal genoeg olie in hulle lampe hê nie.

Daar sal baie wees wat saam met die kerk, ook as deel van die kerk, gewag het op die wederkoms en dan sal uitvind: my voorraad olie is te min, ek is nie genoegsaam gereed vir sy koms nie. Dit is die dwases wat nie versigtig en bedagsaam, noulettend op die toekoms **alle** voorsorg getref het nie.

Merkwaardig: die dwases sal by dié wat voorsorg getref het, wil gaan kers (lamp) opsteek: „Gee vir ons van julle olie." Dit is presies hoe baie van ons mense maak: hulle ry saam op die geloof van ander. Hulle **verbeel** hulle, hul is voorbereid — leef volgens christelike wette en gewoontes in 'n christelike beskawing — leef selfs in die kerk en is aktief in die kerk, maar hierdie dinge is nie 'n waarborg dat jy te alle tye gereed is vir die wederkoms nie. Inteendeel — dié wat so saamry op die geloof van ander — by wie die kennis van God en sy beloftes is, maar nie die hartlike vertroue in sy genade nie — hulle sal by 'n geslote deur teleurgesteld moet omdraai.

Ry u ook maar net saam?

21 Maart **Lees:** Mat. 25:31-46 **Teks:** Mat. 25:40

NOU REEDS VAL DIE BESLISSING

Ons kom vandag by die vierde lydensweek. En ons wil ons bepaal by wat in hierdie tyd sentraal staan. Dit gaan om 'n skeiding, sê Matthéüs. As die Here in sy heerlikheid kom, sal blyk wie Hom toebehoort en wie Hom nie toebehoort nie.

Daarom lê ons beslissing in die hede en nie in die verlede nie. Almal wat hulp gee aan die geringstes van die broeders van die Here, doen dit aan Hom.

Die koms in heerlikheid van Jesus Christus is nie die koms in hoë waardigheid nie, maar in die grootste vernedering. Dit is moeilik om te onderskei, maar hier lê die boodskap van die evangelie. Dit is 'n aanstoot en 'n struikelblok, sê Paulus.

As ons stilstaan by die diepste betekenis van die lydenstyd, dan is dit vir baie van ons onbegryplik. Ons weet dat die Here moes gely het. Ons weet dat die Here moes gesterf het, sodat ons kan lewe (Joh. 3:16). So het ons dit mos geleer en onthou. Maar eintlik gaan dit bo ons verstand uit.

Die koms in heerlikheid is die koms in geringheid. Die Here het gekom as die geringste van al die mense. Hy het gekom as broeder van almal wat honger het, wat dors ly, vreemdelinge, naaktes, siekes, of die wat in die gevangenis is. Hy het gekom om vir hulle die boeie los te maak en bevryding te verkondig (Luk. 4:19).

Hy wat van daardie vernedering af weet, hy wat die boodskap van bevryding ervaar het, weet watter beslissing hy moet neem, nie uit homself nie, maar as 'n antwoord en as 'n teken van dankbaarheid.

22 Maart **Lees:** Mat. 26:1-6 **Teks:** Mat. 26:10b

'N GOEIE DAAD

Nog altyd is daar 'n twisvraag tussen baie kerkgenootskappe oor die kwessie van die sogenaamde goeie werke. Ontvang 'n mens loon volgens arbeid of nie? In die huidige samelewing — mits hy goed werk — sal 'n mens inderdaad loon volgens arbeid bekom. Langsamerhand het dit by ons soos 'n ingebore begrip geword, dat baie mense verwag dat God ons sal beloon as ons 'n goeie daad verrig.

Die vrou in Betánië kon amper verwag het, dat sy so'n goeie daad sou verrig het om daarvoor 'n beloning te ontvang. Die reaksie van die dissipels is uiters duidelik: 'n groot verkwisting van die kosbare salf.

Met die gedeelte van gister 'n gedagte kan ons miskien beter verstaan, hoe moeilik dit vir mense is wat baie naby die Here lewe (naamlik die dissipels), om op 'n juiste wyse teenoor Hom te handel. Hulle sien baie, maar ongeraak loop hulle aan die wesenlike verby.

Die Here word deur die vrou gesalf. In die Ou Testament hou die salwing verband met die kroningsrituele van koninge. Sowel deur die volk, as in die Naam van God deur profete, kan die salwing gedoen word (byvoorbeeld 2 Sam. 2:4, vgl. 1 Sam. 16:13). Christus beteken immers „gesalfde".

In die gelese gedeelte word dus versinnebeeld, dat Jesus deur 'n buitestaander as koning gesien en aangedui word, terwyl die nabystaandes aan hierdie feit oënskynlik verby loop.

Deur die daad lê die vrou belydenis van haar geloof af. Daarom is dit 'n goeie daad. Wie sy geloof bely, doen dit nie net met woorde nie. Hy handel, omdat hy nie anders kan nie. Dink aan Luther se uitspraak: Hier staan ek, ek kan nie anders nie.

23 Maart **Lees:** Mat. 26:17-30 **Teks:** Mat. 26:21

DIE LAASTE PASGA

Eintlik lê in hierdie opskrif (wat so ook in die Bybel staan) 'n merkwaardige gedagte verborge. Die pasga is dié groot fees vir die Israeliete. Die engel van die dood het aan die Joodse huise verbygegaan. Dit was die teken van die hand van die Here God, wat sy volk uit Egipte laat uittrek het.

Pasga is die maaltyd waarby die groot bevryding in herinnering gebring word.

Vir die Here beteken hierdie maaltyd die laaste wat Hy tydens sy lewe nog met sy leerlinge kan hou. Vir Hom beteken dit die einde. My tyd is naby; Ek gaan sterwe.

Maar aan die ander kant dui dié maaltyd 'n begin aan. Dit

is die eerste nagmaal. Nie 'n ou belofte en verbond (=testament) nie, maar 'n gans nuwe.

'n Nuwe bevryding, 'n hernuwde moontlikheid tot lewe word aangebied deur Hom wat as 'n Lam na die slagplek gelei sal word (Jes. 53:7).

Een van sy eie dissipels sal Hom verraai. Verskeie verklaarders het gestel, dat Judas in Jesus iemand gesien(!) het, wat as 'n groot bevryder sou kom, om die Joodse volk te bevry van die Romeinse oorheersing. Toe dit nie vinnig gebeur het nie, moes hy so baie teleurgestel gewees het, dat hy wraak geneem het.

Ook vandag kan dit gebeur dat in die Naam van die Christus-koning mense opstaan om orals bevryding te verkondig en te wil bespoedig. Hulle sal Jesus verraai, want sy ryk is nie van hierdie wêreld nie.

Die nuwe lewe lê verborge in die bloed van Christus. Om daardie lewe te kan bespeur moet die mens se oë deur God self geopen word.

24 Maart **Lees:** Mat. 26:31-35 **Teks:** Mat. 26:31

KAN DIE GELOOF AANSTOOT NEEM?

Vers 31b is 'n aanhaling uit Sag. 13:7. Dit wil sê dat die mense, wat so naby die Here verkeer, niks sal verstaan van wat in die naaste toekoms sal aangaan nie. 'n Groot skandaal sal plaasvind. Die dissipels sal begin twyfel — soos dit later duidelik blyk in die geval van Petrus.

Die mense van naby sal om so te sê losgemaak moet word van die sentrale persoon. Hulle sal op 'n afstand moet staan, om opnuut 'n beslissing te kan neem: is Petrus tog nie die een op wie die kerk gebou sal word nie?

Petrus is mos iemand wat baie emosioneel kan reageer. Dit blyk in vandag se Bybelgedeelte. Oombliklik roep hy uit: „Maar ek, Here, sal nooit aanstoot neem nie." Is hy hierby nie die prototipe, die oerbeeld, van die gelowige nie, wat sal uitroep: „Maar ek, Here, sal immer vir my geloof uitkom."

Daar moet 'n bietjie van 'n afstand kom. Die emosies moet bedaar en die mens moet besef wat werklik aangaan.

Wie sal bereid wees om werklik met die Here te sterwe, sodat die Naam van God groot gemaak kan word?

Die kudde sal verstrooi word. Die skape sal nie meer weet van 'n herder nie, sê Sagaria. Gelukkig bly dit nie by hierdie verstrooiing nie. Nee, die Here verkondig: „Nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galiléa gaan." Dit wil sê, dat Hy voorgaan op ons pad, ook vandag. Maar Hy gaan nie sommer voor ons uit nie. Dit geskied eers na die verstrooiing, na die tyd van besinning, na die bedaring van die emosie. Maar die belofte klink: „Dan gaan Ek voor julle uit!"

25 Maart **Lees:** Mat. 26:36-46 **Teks:** Mat. 26:41

VLEES WAT SWAK IS, MAAK 'N GEES WAT MAK IS

In die ou daë, in Rome, was daar 'n gesegde wat lui: mens sana in corpore sano, dit wil sê: 'n gesonde gees (kan net lewe) in 'n gesonde liggaam.

Dit is hoekom in baie lande die sport so 'n belangrike plek ingeneem het. Want daar waar die liggaam verswak is, kan mens nie 'n baie veerkragtige gees verwag nie.

Nou moet ons oppas om nie al te menslik oor die Here te gaan gesels nie. Ons moet waak teen die opvatting dat die Here ook van sy swakhede geweet het. Want daar was nooit 'n mens gewees, wat deur die diepte gegaan het wat Hy gegaan het nie. Die naam Getsemané beteken Olijfpers. Waarskynlik wou die evangelis Mattheus daarop gewys het, wat die Here moes deurmaak.

Vandag gaan dit om die feit van die uiterste gehoorsaamheid. Hierdie gehoorsaamheid is nie die van 'n kind ten opsigte van sy ouers nie. Hier gaan dit om 'n gehoorsaamheid tot aan die dood, soos Jesaja dit in sy hoofstuk 53 beskrywe het. Die Here luister na die stem van sy Vader. Die opdrag wat Hy stel aan sy Seun, kan niemand oorneem nie. Dit blyk dat 'n klomp uitverkore dissipels selfs nie 'n uur met hulle Meester kon waak nie.

Hulle gees is baie gewillig om al wat Hy van hulle verlang, te verwerklik. Maar in hierdie geval is daar duidelik grense. Hulle bly maar net baie menslik en val aan die slaap.

In die kerk sal altyd die stryd teen die vlees gevoer moet word, soos Paulus dit keer op keer gestel het. As die Gees van God Hom nie aan ons gees openbaar nie, bly ons swak en sondig. Ook vir ons geld: „Nie soos ek wil nie, maar soos U wil." Dit is 'n opdrag vir heel ons lewe.

26 Maart **Lees:** Mat. 26:47-56 **Teks:** Mat. 26:56a

DIE SKRIFTE VERVUL

Ons het die gewoonte om Judas as die verraaier te beskou en as 'n baie slegte persoon te skilder. Ook mense wat nie so 'n goeie daad verrig, kan ons 'n Judas noem. So iemand kry daarmee 'n slegte kwalifikasie. Die geskiedenis van die Bybelse oorlewering het gemaak, dat ons 'n negatiewe blik op hierdie mens rig en ons liewers heeltemal nie wens om met hom te identifiseer nie.

Nogtans loop dwars deur die Ou Testament 'n groot lyn, naamlik Gods heilsplan met die wêreld. Daar word beloftes gemaak, dat die wêreld en die mens bevry sal word en versoen met God ten spyte daarvan dat die mens hom telkens van God wil afkeer. Ook Judas blyk op hierdie dieptepunt 'n voorbeeld daarvan te wees. Die soen is nie 'n uiting van affek-

sie nie, maar in die rabbijnse tradisie is hy 'n vorm van 'n eregroet. Die gebeurtenis wys minder op 'n tragedie of 'n drama as op 'n hoogtepunt in die plan van God met die wêreld.

Vir mense oë is hierdie plan nie so duidelik nie. Want die dissipels probeer eers om die onheil af te wend deur wapengeweld. Jesus gebied dan om die swaard in sy plek terug te steek, omdat dit nie gaan om die wil en die plan van mense nie, maar om die wil van God, aan wie die Seun moet gehoorsaam (vgl. die gedeelte van gister). As Hy dan gevange geneem is, vlug die dissipels. In groot eensaamheid en met oë wat deur die Vader geopen is, het die Seun antwoord gegee aan die stem van sy Vader.

Hier lê die betekenis van die vervulling van die Skrifte: wat geen mens kon sien of doen nie, het Hy gesien en gedoen.

27 Maart **Lees:** Mat. 26:57-68 **Teks:** Mat. 26:64b

DIE BEDRIËRS IS BLIND

Nog altyd is die bedoeling van God met die wêreld nie openbaar nie.

Tydens die sogenaamde proses van Jesus is daar getuies wat na vore kom om te sê dat Hy die tempel van God kan afbreek en in drie dae weer kan opbou. As ons dink aan wat Paulus gesê het oor die liggaam as die tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19), verstaan ons dat hier reeds 'n toespeling plaasvind op die dood en die opstanding van die Here (vgl. ook Mat. 27:40 en Joh. 2:19).

Jesus het stil gebly op die eerste aanklagte. Hy het niks gesê op die vraag of Hy die Seun van God is nie. Die mense het mos nie oë en ore om dit te verstaan nie? Die hoëpriester het so gesê, maar nie as 'n geloofsbelydenis nie. Jesus het geantwoord dat 'n oomblik van verheerliking sal aanbreek en dat in die dieptepunt 'n hoogtepunt beslote sal lê.

Die evangelis Mattheüs stam uit die Joodse volk en hy het nog die gewoonte om die Naam van God nie uit te spreek nie, maar omskrywinge van die Godsnaam te gee. Hy praat van die krag (die woorde „van God" is toevoegings van die Bybelvertalers) en hy praat van die hemel. Die hoëpriester hoor hier duidelik 'n Godslastering en die besluit val om oor hierdie lasteraar 'n dodelike vonnis te vel.

Die sogenaamde lastering is egter 'n profesie. Deur die donkerte heen skyn die lig, dwars deur die dood skyn die lewe. Die plan van God moet deurgang vind en blinde mense word daarvoor gebruik. God se plan eindig nooit by die vonnis of die dood nie. 'n Nuwe wêreld ontvou hom daar waar ons mense dink en verwag dat dit die einde is.

Lof aan U, o Christus, van ewigheid tot ewigheid.

28 Maart **Lees:** Joh. 13:1-10 **Teks:** Joh. 13:1

GOD REGEER

Met die woorde van ons teksvers lui Johannes die lydensgeskiedenis van Christus Jesus onder Pontius Pilatus in.

Die uitdrukking: „dat sy uur gekom het" word dikwels gebruik. Daarmee word alleen aangedui die tyd wat die Vader bepaal het. Die Fariseërs en skrifgeleerdes meen dat dit hulle is wat die geleentheid aangryp, hulle neem die inisiatief, hulle bepaal wat gaan gebeur. Dit is egter duidelik uit hierdie vers dat God die inisiatief neem. Dit is Hy wat die uur bepaal. As die uur aangebreek het, dan tree Christus handelend op, Hy laat die magte in beweging kom. Hy stuur Judas uit om Sy werk te doen. Hy gaan na die tuin van Getsemane en as die uur aangebreek het, tree Hy hulle tegemoet by die ingang van die tuin.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes dink dat dit hulle is wat Christus gevange neem en oorlewer om gekruisig te word en as dit alles plaasgevind het, dan juig hulle. Hulle het oorwin, hulle vyand is aan die kruis genael. Hulle is verlos van die lastige rabbi van Nasaret.

Hulle weet egter nie dat die kruis nie die einde is nie, dat Christus deur alles heen tog triomfeer nie. Reeds aan die begin weet Christus dat die uur aangebreek het; „dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader." Hy weet dus van sy sterwe, maar ook van sy opstanding .Hy gaan as Oorwinnaar die dood tegemoet. Die Fariseërs werk mee om die wil van die Vader te volbring. Dit is ook ons troos in hierdie wêreld van oorloë en gerugte van oorloë, hier waar die magte van die duisternis op ons aanstorm. God is die handelende. Hy neem die inisiatief. Hy regeer. Deur alles heen word sy raad volvoer en sy doel bereik.

29 Maart **Lees:** Joh. 13:6-12 **Teks:** Joh. 13:1b

PASGA VAN DIE NUWE TESTAMENT

Dat die gevangeneming en kruisiging van Christus gedurende die Paasfees plaasgevind het, is nie maar blote toeval nie. Dit moes so wees sodat Paasfees sy ware sin en betekenis sou kry. Paasfees was eintlik 'n heenwysing na Christus wat sou kom. Die uitdrukking „voor die Paasfees", is dus eintlik meer as 'n tydsaanduiding. Die hele spanning van die Messiasverwagting is op die Paasfees gekonsentreer. Met elke Paasfees hang die vraag in die lug, wat sal gebeur? Vir Jesus se dissipels is die vraag, sal die Messiaanse ryk nou werklik begin? Wie weet eintlik? Johannes sê dat Jesus dit al voor die Paasfees geweet het.

Paasfees is die fees van die uittog uit die slawehuis van Egipte. In daardie nag moes Israel 'n lam sonder gebrek slag en eet, sonder om sy bene te breek. Van die bloed van die lam moes aan die deurposte van hulle huise gestryk word, dan sou die doodsengel wat in daardie nag deur Egipte sou trek, by hulle verbygaan. Al hierdie dinge word ten volle bewaarheid in Christus Jesus. Hy is die Lam sonder gebrek, want Hy het ons in alles gelyk geword, uitgenome die sonde. Toe die ander kruiseling se bene op Golgota gebreek is, is dié van Christus nie gebreek nie. Die evangelis teken daarby aan: „sodat die Skrif vervul sou word." Soos die bloed van die paaslam, die eersgeborene van Israel, van die dood gered het, so het daar vir ons deur die bloed van Christus bevryding van die dood gekom. Die dood is nou geen straf meer nie, maar 'n deurgang tot die lewe. Met die laaste Pasga, het die Paasfees van die Nuwe Testament begin. Nou kan ons ook die fees van bevryding vier. Dit het Jesus se dood gekos — maar ons is verlos!

30 Maart **Lees:** Joh. 13:1-10 **Teks:** Joh. 13:1c

DIE LIEFDE VERGAAN NIMMERMEER

„Omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het."

Met hierdie woorde staan ons voor 'n onpeilbare misterie, waarvan ons moet bely, „as ek die wonder wil deurgrond, verstar my denke, swyg my mond; Ek sien alleen die wonder aan en bly aanbiddend daarvoor staan". Hierdie woorde wil vir ons sê, dat God in die koms van Christus in hierdie wêreld sy liefde aan ons openbaar het. Hy die Skepper van die groot heelal het die mense lief. Sy eie mense, dit is nie die bestes, die edeles nie. Dit is mense in die wêreld, sondaars, ellendiges, verminktes, ongehoorsames. Daar is geen enkele rede waarom God hulle sou lief hê nie. Hulle het niks wat hulle begeerlik maak nie. Tog, Hy het hulle lief gehad en het hulle nog lief.

Hierdie wonder gaan egter verder, die misterie word groter en heerliker. Hy het hulle lief gehad tot die einde. Waar is die einde? Is dit sy aardse omwandeling? Nee, dit gaan verder, in die dood en Godverlatenheid in. Tot in, tot oor die graf en dood. Tot ons einde toe. Tot aan die voleinding van die eeue. Tot die oordeel, eenmaal in die jongste dag. Tot die ewige lewe eenmaal in die Vaderhuis aanbreek. Dit beteken Hy het hulle vasgehou tot die einde toe. Dit is deur Getsemane, Gabatta en Golgota heen. Al hierdie dinge is blinkende druppels van die een groot liefde. Sy liefde is sterker as die dood. Dit is ons heerlikste troos, as alles ons eenmaal ontval, as ons van almal verlate is, dan bly die allerbeste, Gods liefde. Daar is een liefde wat geen maat of perke ken nie, die liefde van God in Christus Jesus.

31 Maart **Lees:** Joh. 13:1-15 **Teks:** Joh. 13:15

„NIE OM GEDIEN TE WORD NIE, MAAR OM TE DIEN"

„Ek het julle 'n voorbeeld gegee." Wil hierdie woorde nou aan ons verkondig dat ons mekaar se voete moet was? Moet daar onder die Christene so 'n instelling wees? Dit was seker nie Christus se bedoeling nie. Ons lees ook nêrens dat sy dissipels dit later gedoen het nie.

Die voetewassing is nie 'n voorbeeld wat ons moet navolg nie, dit is 'n teken, 'n beeld, 'n afbeelding van iets anders. Nie dit wat Jesus gedoen het, moet die dissipels doen nie, maar soos Jesus dit gedoen het, moet hulle dit doen. Dit gaan om die gesindheid, die gees agter die daad, om die bedoeling. Die voetwassing teken die persoon van Christus en ook sy werk vir ons.

Dit gaan hier om die gedagte van vernedering van die selfvergetende dien. Dit gaan hier om die feit van die koms van Christus na hierdie wêreld om te dien en nie om gedien te word nie. „Hy het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en het ons so in alles gelyk geword uitgenome die sonde."

So moet die dissipels en alle gelowiges steeds bereid wees om te dien, om die geringste te wees, om hulleself prys te gee. Dit kan 'n mens alleen doen as 'n mens besef hoe diep Christus Hom moes verneder om jou te vind en te red. Hoe diep Hy in die kuil van jou sonde moes indaal. Die neiging vandag is egter om gedien te word en nie om te dien nie. Ons wil onsself nie verneder en mekaar se diensknegte word nie. Ons wil nie mekaar se voete was nie, maar eerder mekaar se koppe was. Dit is mekaar veroordeel en verneder.

1 April **Lees:** Joh. 14:1-10 **Teks:** Joh. 14:1

DIE GELOOF HOU ONS STAANDE

Christus se lewenseinde het genaak.

Die donker skaduwees van die kruis het oor sy lewenspad geval. Hy dink aan sy dissipels. Hy weet sy dood gaan hulle ontstel. Hy weet, 'n mens wat deur omstandighede ontsteld word, is 'n mens wat nie meer nugter dink en handel nie. Dit is 'n mens wat deur die omstandighede so ontwrig word dat hy geen uitkoms meer sien nie. Hy knak en breek en stort meer.

Dit mag nie gebeur nie. Daarom „laat julle harte nie ontsteld word nie". In plek van die ontsteltenis stel Christus die geloof. Hulle moet glo. Glo is om vas te hou aan die beloftes van God. Dit is om op God te vertrou. Dit laat ons kalm en rustig bly, ook daar waar ander verward en ontsteld word.

Hulle moet glo, nie in 'n blinde noodlot, maar in God. Glo in God ook as Christus sterf en alles so hopeloos lyk. Glo dat God nog regeer en oor alles beskik en dat Hy ook deur die sterwe van Christus heen nog sy doel bereik.

Hulle moet ook glo in Christus. Glo dat Hy die Seun van God is. Die Verlosser van die wêreld. Die Oorwinnaar oor graf en dood. Die geloof sal kalmte en rus en rigting in hulle lewe bring, as hulle alleen agter gelaat is.

In die tyd waarin ons leef met sy twyfelvrae, sy verwarring, sy onsekerheid wat 'n mens so kan ontstel, bly daar ook net een ding: glo in God en in Christus Jesus. Dit bring kalmte en rus en sekerheid. Agter alles en bo alles is God, ook vandag en tot in ewigheid. Hy regeer. Alles lei na die verwesenliking van sy doel.

2 April **Lees:** Joh. 14:1-2 en Jes. 53:4-8 **Teks:** Joh. 14:2b

DAAR IS PLEK

Dit lyk asof in hierdie vers daar twee dinge gesê word wat lynreg teenoor mekaar staan naamlik „In die huis van my Vader is daar baie wonings" en daarteenoor „Ek gaan om vir julle plek te berei". Daar is hier egter geen teëspraak, die twee vul mekaar aan. „In die huis van my Vader is daar baie wonings", wil sê daar is genoeg plek vir almal. 'n Mens gaan nooit verlore omdat daar nie plek is in die hemel, of omdat die verlossingswerk van Christus nie algenoegsaam is nie, maar vanweë jou volharding in die sonde.

As Christus sê „Ek gaan om vir julle plek te berei" dan beteken dit nie dat Hy ekstra woonplek gaan oprig nie, meer plek en ruimte gaan maak om almal te kan opneem nie. Dit beteken heeltemal iets anders. Vanweë ons sonde kan ons nie in die hemel kom nie. „Plek berei" beteken Hy gaan dit wat verkeerd is en ons uit die hemel hou, regmaak, sodat ons in die hemel kan kom. Hy berei vir ons plek, deur vir ons sondes te sterf en die las van die toorn van God teen die sondes te dra.

Die „gaan" duí sy dood aan. Hy gaan die dood in en oorwin die magte van sonde en dood en word daar vir ons plek berei. Nou kan ons sê, Hy het gegaan. Vir ons sondes is versoening gedoen. Wat ons vandag uit die hemel hou, is ongeloof, die weiering om sy versoening aan te neem, ons volharding in die sonde. Lydingstyd verkondig aan ons Hy het gegaan om vir ons plek te berei. Die plek is berei. Hy wag op ons. Die enigste pad waarlangs ons die plek kan vind is deur Christus heen.

3 April **Lees:** Joh. 14:1-4 en Jes. 53:9-12 **Teks:** Joh. 14:4

DAAR IS GEEN VERONTSKULDIGING NIE

Die mens probeer altyd om verskonings te soek vir sy verkeerde dade. Ons vind dit in die alledaagse lewe, ook in die godsdienstige lewe. Christus sny egter met hierdie uitspraak, alle verskonings en verontskuldigings wat die mens kan aanvoer as rede waarom hy verlore gegaan het, af. Alle mense wat Christus ken en die Bybel het, het geen verskoning nie. Waar Hy heengaan weet hulle en die weg ken hulle. Sy heengaan is 'n gaan op die lydensweg, deur die diepte van graf en dood heen na die heerlike opstanding en uiteindelik terugkeer tot die heerlikheid by die Vader. Sy heengaan is om vir ons die weg te baan na die Vaderhuis daarbo. Waar Hy heengaan weet hulle, want hoeveel keer het Hy dit nie reeds aan hulle gesê nie en het die profete nie deur die eeue heen daarvan gespreek nie?

As Thomas nog verskoning maak dan sê Christus „Ek is die weg". Christus is die weg, die enigste pad waarlangs 'n verlore sondaar by God kom. Die weg wat voer deur kruis en dood heen na die ewige heerlikheid. Wie op die weg wil gaan moet homself prysgee, met Christus sterwe om op te staan tot 'n nuwe lewe, waarin nie meer ek sal lewe nie, maar Christus in my. Die weg na redding en lewe is daar. Die weg ken ons. Die weg moet egter bewandel word, anders baat alles niks, anders is ons nog verlore. Om alleen die weg te ken en weet waar Christus heengegaan het, is nie genoeg nie. „Sou Hy my raadgee, ek nie leer nie, die weg wat Hy my wys, nie gaan?"

4 April **Lees:** Joh. 16:1-6 **Teks:** Joh. 16:26

MENSEBESLISSINGS IS NIETIG

Hoe geheel onlogies klink die teks nie, naamlik dat mense, deur iemand anders dood te maak, kan dink dat hulle aan God 'n diens bewys.

Jesus voorspel dit egter hier vir sy dissipels. Want Hy kyk hier reeds oor sy eie lyding heen, die toekoms in. Dit wat Hy vir sy dissipels voorspel, is wat Hom voor die deur staan. Die aanklag teen Hom sal ook van dié aard wees dat mense meen om aan God 'n diens te bewys. Dit sal godsdienstige gronde hê. Hy sal tereg staan as godslasteraar en leuenaar. „Volgens ons wet moet Hy sterwe", sal hulle aan Pilatus sê.

Maar, al wag die dood op Hom op grond van hierdie gesindheid, sal Hy oplaas Oorwinnaar wees. Sy dissipels sal kan terugkyk na sy opstanding en dit begryp en verstaan. En

dít moet dan vir hulle geloofskrag en geloofsoortuiging beteken as dieselfde lot hulle tref. Dit gaan immers in die hele saak nie om dié wat net die liggaam kan doodmaak en daarna niks meer kan doen nie. Dit gaan om Hom, die Almagtige, wat liggaam **en siel** in die hel kan verderwe. Maar daarteenoor is dit ook Hy wat, al sou mense die liggaam doodmaak, die siel in die ewige lewe kan behou. En dit is immers juis daarvoor dat Jesus op die lydensweg staan. Dis waar die dissipels en elke gelowige van oortuig moet wees in die dae van watter benoudheid ookal.

5 April **Lees:** Joh. 16:7-13 **Teks:** Joh. 16:9

KENNIS VAN SONDE, IS KENNIS VAN NOOD

Reeds aan die begin van sy evangelie sê Johannes:

Hy het na sy eiendom gekom en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Later sê Jesus in sý prediking: as hulle sy woorde dan nie wil glo nie, „glo My ter wille van die werke self". Want elke sieke was per slot van sake gesien as iemand wat die oordeel en straf van God dra vir een of ander sonde.

Daarom het elke genesingswonder deur Jesus in die eerste plek die boodskap gedra van die vergewing van sondes, dít waarvoor Hy gekom om dit moontlik te maak. So was sy werke dan waarlike oortuigingsboodskappe ten opsigte van die betekenis van sy koms in die wêreld. Hierop dui in besonder die toneel om die genesing van die verlamde man. As Jesus vir Hom sê „Jou sondes is jou vergewe", dan mumureer die skrifgeleerdes en Fariseërs omdat Jesus Hom hierdie goddelike vermoë toeëien. Dan is dit weer sy werk, sy daad, wat dit wel bewys as Hy vra: Wat is makliker om te sê: Jou sonde is jou vergewe; of staan op en loop? Maar dat julle kan weet en verstaan „dat Ek mag het om sondes te vergewe" — toe sê Hy vir die verlamde: „Staan op neem jou bed en loop."

Tog het hulle nie geglo nie. Nie sy woorde en nie sy werke wat sy woorde gestaaf het nie. Nee, Hy, die Seun van God word as leuenaar behandel, met Beëlsebul verbind, steeds weg gestoot in die rigting van en al nader aan die kruis.

Daarom was dit noodsaaklik dat die Trooster, die Heilige Gees, sou kom. Want Hy sou die wêreld oortuig van sonde, dáárdie sonde „omdat hulle in My nie geglo het nie". En Wie in Hom as Saligmaker nie glo nie, het nie 'n begrip van sy verderwende sonde nie; daarom dat hy die Seun van God sondig-hardhartig verwerp.

6 April **Lees:** Joh. 16:14-22 **Teks:** Joh. 16:16

'N KLEIN TYDJIE MET GEWELDIGE BETEKENIS

Die dissipels begryp glad nie waarvan Jesus praat en waarom Hy kan sê: „'n Klein tydjie, en julle sal My nie sien nie, en weer 'n klein tydjie en julle sal My sien, omdat Ek na my Vader gaan."

Hulle vertwyfeling moes sekerlik vir Jesus op die voorpunt van sy geweldige lyding, sy voorkennis daarvan weer duidelik onderstreep het. Daarom dat Hy daarna verwys dat 'n vrou ná haar kindjie se geboorte nie meer dink aan haar **benoudheid** nie. Hy het al reeds by verskeie geleenthede sy dissipels voorberei daarop dat Hy sou ly en sterwe maar ook weer opstaan. Maar as hulle op grond van al sy werke nie kon begryp en glo nie, hoeveel te minder as Hy nou weer sou sê: Hy gaan sterwe, maar Hy sal weer opstaan uit die dood. Dis vir hulle tog die totaal ondenkbare! Hulle sou dit eers verstaan nadat dit alles volbring is, en hulle dit uit ervaring sou begryp as hulle Hom as opgestane Here weer ontmoet met die merke in sy hande en sy sy. Daarom is op hierdie oomblik hierdie paar woorde genoeg. 'n Klein tydjie. Maar in sy alwetendheid beteken hierdie klein tydjie: bloedsweet in Getsemané as daardie beker nie by Hom kan verbygaan nie; die vergewingsgebed wanneer Hy vervalle sou wees in die hande van hulle wat nie weet wát hulle doen nie, as die soldate Hom, die Sondelose, kruisig; daardie groot verlatenheid wat aan die kruis die woorde uit Hom sou pers: „My God, my God, waarom het U My verlaat?"

'n Klein tydjie — die betekenis daarvan is duidelik weergegee in ons belydenis: (Jesus) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, en gestorwe, en begrawe is, en neergedaal het na die hel.

'n Klein tydjie: Vir sy dissipels 'n onbegryplike nietigheid; vir Hom — helse pyn en angs vir sy eie mense wat Hom nie aangeneem het nie.

7 April **Lees:** Joh. 16:23-33 **Teks:** Joh. 16:24

DIE BLYDSKAP IN JESUS CHRISTUS

Die „Klein tydjie" van lydensdroefheid en benoudheid vir Jesus sou ook droefheid vir die dissipels wees in hulle twyfel en wanhoop en verydeling as hulle hulle Meester werklik sien sterwe aan die kruis, dit wat hulle eintlik nooit wou glo nie. Maar hulle sal ook deel in die blydskap daarna. Daardie blydskap soos dié van 'n vrou dat 'n (nuwe) mens in die wêreld gebore is.

Jesus se blydskap oor elke nuwe weergebore mens, herskep deur sy volmaakte versoening aan die kruis. Hulle blydskap: Om Hom weer werklik lewend te sien. Maar hulle blydskap moet nog **volkome** word. Dit moet nog gevul word met die regte inhoud en betekenis. Daarom sê Jesus: „Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid (in my Naam as Ek nie meer by julle is nie) en julle sal ontvang." Ons moet egter nie verkeerd verstaan nie. As Jesus sê: „Bid en julle sal ontvang", en onmiddellik daarop laat volg: „sodat julle blydskap volkome kan word", dan gaan dit nie om kos en klere en voorspoed en rykdom nie. Dit gaan daarom dat die blydskap wat aan Jesus verbind is volkome, volmaak, reg sal wees. Julle sal dus dit ontvang wat julle blydskap daardie inhoud en betekenis sal gee dat Jesus deur sy lyde en sterwe heen, die Verlosser uit die sonde-nood is. Deur wie se vergiffenis van sonde die aanneming tot kind van God méér beteken as kos en klere, voorspoed en rykdom. Dis 'n blydskap met daardie inhoud wat maak dat wie slegs vir **hierdie** lewe op Christus hoop die ellendigste van alle mense is. Nee, in teenstelling daarmee is dit dié blydskap waarvan die laaste vers van ons hoofstuk die betekenis weergee: dat julle in My vrede (in die gemoed) kan hê. Vrede en blydskap nieteenstaande verdrukking in die wêreld. Want **uit** hierdie blydskap vloei die goeie moed onder verdrukking in die wete: juis in sy sterwe het Hy die wêreld oorwin, ook vir my.

8 April **Lees:** Joh. 17:1-8 **Teks:** Joh. 17:1

DIE GEBED WAT DIE GELOWIGE DRA

Die uur het gekom. Die hoogtepunt, die klimaks van Jesus se aardse werk is voor die deur. Die uur wat die beslissende sal wees: die oomblik van oorwinning of neerlaag ten opsigte van die bose; die verskil tussen lewe en sterwe vir die skepsel van God.

Maar, by Jesus bestaan daar nie twyfel nie. Sy oorwinning sou juis in die skynbare neerlaag opgesluit lê, as Hy sterwe aan die kruis. As sy vyande met voldoening Hom aan die kruis sien hang, as sou Hy uit die weg geruim wees, en oorwinning skyn te smaak, dan begin sy oorwinning. Oorwinning daarin dat Hy steeds **sondeloos** sterwe. Wanneer onreg, smart en doodsangs Hom nie laat swig voor die bose nie. Juis daarom sou Hy nie die loon van die sonde naamlik die dood, **vir ewig** op Hom haal nie. Hy sou op die derde dag opstaan soos Hy voorspel het.

In hierdie sekerheid kan Hy daarom, as hierdie beslissende uur aanbreek, bid asof Hy dit reeds volvoer het as Hy sê: „Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." Daar-

om is hierdie gebed in die aangesig van die dood nie vir en ten behoewe van Homself nie, maar vir hulle wat „die woorde wat U My gegee het . . . ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het."

'n Gebed dus vir húlle want die uur het gekom wanneer hierdie geloof van hulle so geweldig geskud en beproef sou word as hulle Meester die Golgota pad moet loop. 'n Gebed vir die wat, soos hulle, in die lewe by 'n beproewingsuur kom, dat dit dan vanweë sy „Dit is volbring!" altyd op geloofsbehoud mag uitloop.

9 April **Lees:** Joh. 17:9-17 **Teks:** Joh. 17:12

HY HOU OOR MY HEIL DIE WAG . . .

„Oor die wat U My gegee het het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie . . ." 'n Wonderlike gedagte wat die troue en onfeilbare goddelike bewaring van nietige mense aandui, maar — wat 'n prys! Almal behoue maar Hy moet ondergaan. Almal lewe, maar Hy moet sterwe, Hy die Seun van God.

Die hele gedagte is nog aangrypender as Jesus dit uitspreek met hierdie klank van triomf, en dit terwyl daardie lyding nog op Hom wag — aangrypend wanneer Hy dit so in liefde spreek sonder 'n sweem van verwyt. Want dit gaan per slot van sake nie net om die sonde van die seun van die verderf wat verlore gaan sodat die Skrif vervul sou word nie. Dit gaan juis om die sonde van elkeen wat nie verlore gaan nie — hulle almal saam se sonde wat 'n las word wat Hom die bloedsweet in Getsémane ontpers.

Hoe groot is hierdie las? Dit gaan om die sonde ook van die wat deur daardie behoue dissipels in Hom sou glo, ook u en myne, ons kinders, kindskinders s'n, tot die laaste geslag toe. Die almal kan behoue bly deur die geloof omdat Hy in ons plek ondergegaan het. Want Hy staan in diens van daardie goddelike doel wat eeue tevore geformuleer is (Jes. 1:18: „Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper dit sal word soos wol."

Ja, vir Hóm die aanklag van die skarlaken en die rooi soos uitgedruk in sy vergote bloed; die skone siele-blankheid vir die sondaar wat deur Hom nie verlore sou gaan nie.

10 April **Lees:** Joh. 17:18-26 **Teks:** Joh. 17:23b

BEHOUDENDE MEDELYE

Hierdie deel is dan die einde van die gebed van die Here waarvan die betekenis oor loop van daardie krisisuur wat aangebreek het tot in die verste eeue wat sou kom. Hierdie gebed

straal sy volle betekenis in die lig van die latere apostel-woorde: „Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar Een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde." Dis Hy wat in daardie medelye hier bid. Bid dat, deur dié wat deur sy lyde en sterwe behou word, „die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het, net soos U My liefgehad het." Want wat anders as liefde, vergewende liefde, sou God sy eniggebore Seun tot in die dood laat gee, en dit vir sondaars. Geen aardse prys kan dit vergoed nie. Geen mense prestasie sou kan opweeg nie, omdat ook ons beste werke onvolmaak en met sonde bevlek is.

Nietemin: „Ek bid vir hulle. Nie net vir hulle, die dissipels alleen nie, maar vir dié wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag wees net soos U Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die **wêreld** kan glo dat U my gestuur het."

'n Gebed dus ook vir die wêreld! Want deur die geloof is daar redding. Redding vir almal wanneer elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is.

Hierdie grootse visie in hierdie hoëpriesterlike gebed kan alleen bewaarheid word omdat direk daarop die opskrif van die volgende hoofstuk is: „Jesus word gevange geneem." Hy, met sy grootste medelye, het die laaste skof totaal sonder medelye alleen geloop.

11 April **Lees:** Mat. 26:69-75 **Teks:** Mat. 26:75b

GELEENTHEID VIR BEROU

Dit was nag. In die binneplaas van die paleis was daar die vlamme van vure, was daar lig en die luidrugtige stemme van 'n menigte wat nog opgewonde was oor die gevangeneming van Jesus. Ook Petrus was daar — vasgevang en meegesleur in die opwinding van die oomblik — maar ook desperaat en innerlik verslae oor sy geliefde Meester wat gevang is. Petrus is alleen, op homself aangewys in 'n situasie wat hoë eise aan hom sal stel.

Hy word herken maar verkeer nie in lewensgevaar nie. Hy word naderhand toegelaat om ongehinderd te gaan. Die insidente bied egter geleentheid om te getuig dat hy by Jesus is, dat hy in Hom glo, dat hy téén hierdie onreg is. Sy moed begewe hom egter; 'n vrees vir die oomblik en hierdie mense oorweldig hom, en hy gee uiting aan 'n normale menslike drang tot selfbehoud, as hy Jesus verloën.

„Ek ken die man nie."

Die haan kraai. Die skok van besinning, as hy alles weer in perspektief sien, is groot. Petrus keer die rug op die lig en die warmte, struikel by die hek uit na buite, waar die donkerheid die spore van verdriet en berou kan verberg.

God is genadig om so 'n geleentheid tot berou en inkeer te bied. Hy laat nie net so 'n geleentheid toe nie, maar bewerkstellig dit ook, hier deur die kraai van 'n haan. Lukas meld in sy beskrywing van hierdie episode dat Jesus ook omgedraai en na Petrus gekyk het. In sy wroeging en spyt gaan Petrus na buite. Maar binne bly Jesus agter, en Hy gaan verder met die saak. Hy gaan deur en deins nooit terug nie, juis sodat daar uiteindelik volkome geleentheid vir elke berouvolle sondaar kan wees om tot homself te kom. In sy liefde vir verlore, sondige, selfversekerde mense bewerkstellig God 'n nuwe sekerheid, 'n ander sekerheid wat nie in jou eie vermoë om kwaad te weerstaan, geleë is nie, maar wel in Jesus Christus wat by elke geleentheid die nodige getuig en die nodige vir ons verwerf.

12 April **Lees:** Mat. 27-11-21 **Teks:** Mat. 27:21

DIE KEUSE

Barábbas, of Jesus. Wie was Barábbas? Hy was in die tronk. Die Skrif gee enkele aanwysings oor hom wat ons 'n baie duidelike beeld gee. Hy was nie verniet in die tronk nie. Saam met ander opstandige mense het hy verwoesting gesaai, en in die proses is 'n moord begaan. Soos dit maar met diegene gesteld is wat opstand beplan, het onder hulle die woestelinge nie ontbreek nie. Barábbas was volgens alle getuienis 'n skurk, 'n rower. Ons moderne tyd het 'n woord gebring wat op hom van toepassing is:

Hy was 'n terroris. Gewoonik het mense 'n afsku in sulke karakters.

Pilatus weet dit. Omdat hy redelik seker is van Jesus se onskuld, probeer hy op hierdie manier om Jesus te spaar. Laat die mense kies, wie hulle volgens die gebruik by die fees wil laat los. Die kans is bykans seker dat hulle liewer Jesus sal vrylaat as so 'n gevaar vir die samelewing, Barábbas. Maar Pilatus hou nie rekening met die haat van die Jode nie. Die haat van die Jode, nou verpersoonliking van die sonde, die groot poging van die bose om die Seun van die mens te vernietig. Die skare is vervul met ongeregtigheid, daardie ongeregtigheid wat nie langer die heilige en vleklose kan duld nie, en Jesus dus wil oorgee en vernietig. Hulle kies Barábbas.

Oënskynlik is dit dan die keuse van mense. Barábbas, nie Jesus nie. Sonde, en nie geregtigheid nie. Dood, en nie die lewe nie. Maar hoe vreemd dit mag klink, geskied hier die wil van God. Sý keuse gaan in vervulling. Juis Jesus vir die teregstelling, vir die kruis, vir die dood — dat Barábbas kan lewe. Dat elke sondige Barábbas die kans kan hê om te lewe. God het eens gekies, ja sy eie Seun vir die kruis bestem, dat ons, die skuldiges, kan lewe.

13 April **Lees:** Mat. 27:22-31 **Teks:** Mat. 27:22

MENSLIKE VERLEENTHEID

Nou is Pilatus verleë. Hy is verleë met Jesus. Pas het die opgesweepte skare Barábbas gevra om losgelaat te word en nou bly Jesus oor. Hy weet Jesus is onskuldig. In sy verleentheid soek hy die antwoord op sy verleentheid by die mense; en hulle sê: „Kruisig Hom."

As hy in sy verleentheid die antwoord by God gesoek het, of ten minste die waarheid as oplossing wou aanvaar dan sou geregtigheid geskied het. Maar hy luister na mense en Jesus word oorgelewer. Die wonder in hierdie hele saak is natuurlik dat God nogtans geregtigheid laat geskied, al luister Pilatus na die skare se geskreeu. Ja, die wonder is dat God sy almag laat blyk deurdat geregtigheid tog geskied, al is dit teenstrydig met enigiets anders wat mens sou kon verwag. Deur Christus en nou deur Hom as die Gekruisigde, word alle geregtigheid volbring. Nooit is sondige mense, hulle wederstrewigheid, hulle onwil, hulle boosheid in staat om God in sy voorneme te verhinder nie. Hy is by magte om kwaad so tot niet te maak dat dit kragteloos is. Oor alles heen geskied enkel sý wil.

Soos by Pilatus, kom in die verkondiging juis **Jesus** voor ons te staan. En Hy kom op so 'n wyse voor ons te staan, dat Hy ons na die een of ander kant toe wil dwing. Hy eis rekenskap — van onsself teenoor Hom. As mense is ons maar altyd verleë met Hom, want Hy pas nie by ons nie. Hy is die groot sondelose, die Regverdige — en ons die skuldiges, die sondaars, die onregverdiges. Maar in die situasie waarin Hy ons vandag konfronteer, het iets wel verander. Hy het ons skuld versoen en ons sonde vergewe.

Daarom kan ons nou 'n antwoord vind op ons verleentheid, die antwoord van die evangelie: Ons laat ons dus lei tot geregtigheid en tot gehoorsaamheid en tot geloof. Ons laat ons lei tot vryheid, om kinders van God te wees in Jesus Christus. Ons is met Hom voorwaar nie meer raad-op nie maar oor Hom is ons baie dankbaar.

14 April **Lees:** Mat. 27:32-36 **Teks:** Mat. 27:32

KRUISDRAERS

Jesus Christus dra sy kruis. Hy gaan voort op die via dolorosa, die weg van smarte. Hy doen dit vir ons, verlore sondaars, sodat so 'n weg van smart en uiterste verlatenheid ons gespaar sal word. Die vraag waarom dit hier gaan is: Hoe is ons dan betrokke by daardie kruisgebeure?

Daar kom 'n sekere Simon van die veld af. Hy was nie juis betrokke by al die doenighede in Jerusalem met hierdie Nasarener nie. Hy het hom met sy eie dinge besig gehou. Hy kom

die optog teë op weg na die hoofskedelplek, waar die kruisigings gewoonlik plaasvind. Simon is egter nie geneë om die wreedheid gade te slaan nie. Hy probeer verbygaan. 'n Soldaat kry hom egter beet. Jesus se kragte het te min geword om die kruis te dra. Volgens die militêre gebruik kan enigeen gedwing word in diensplig, en Simon moet die kruis neem en verder dra. So word hy dan iemand wat baie besonders betrokke raak by die kruisiging van Jesus. Mens sou self kan sê dat hy meehelp met die kruisiging, omdat hy die kruis aandra na Golgota toe.

Elke mens wat kennis neem van die kruisgebeure, is daarby betrokke. Hier word geen buitestaanders of onbelangstellendes geduld nie. Mens moet deel hê aan die drama. Dit is juis die wil van God met die hele saak: Dat dit elkeen sal raak, ten goede of ten kwade. Vir die een 'n kosbare hoeksteen, vir die ander 'n rots van struikeling. Ja, wie niks met die Kruiseling te make wil hê nie, vir hom word dieselfde kruis tot oordeel.

Maar ons wat hierdie Christus met sy kruis teëkom — laat ons uitgaan na Hom toe en sy smaad dra. (Hebr. 13:13.) Die kerk op aarde en die gelowiges gaan verder met die kruis van Christus en verdra skande en smaad. Die weg van die gelowige word weer 'n kruisweg. Daar word ook weer na mense gesoek, want die kruisevangelie moet verder geneem word. Swak en nietige mense kan dit doen, omdat Hy éérste die kruisweg voltooi het. Ons kan onsself verloën en die kruis elke dag opneem. Laat toe dat God ons hiertoe dwing, om ons diensbaar te maak.

15 April **Lees:** Mat. 27:37-44 **Teks:** Mat. 27:40b

DIE SEUN VAN GOD

Dit was die groot saak waarom dit gegaan het — wat ook gelei het tot die kruisiging — wie Jesus was. Hyself het dit nooit verswyg nie, en op baie maniere dit te kenne gegee: dat sy Vader in die hemel is, en dat Hy die wil van sy hemelse Vader doen. Daarvoor het Hy in die wêreld gekom. Hy is inderdaad die langverwagte Messias, die Gesalfde wat God in die wêreld sou stuur tot redding en verlossing.

Toe Jesus dan kom, en hierdie aansprake maak, en dit in sy verkondiging stel, kon die Jode dit so moeilik glo. Veral die hoëpriester het tydens die verhoor van Jesus hierdie vraag, of Hy die Seun van God is, benadruk. Hulle wou dit nie glo nie; en as iemand sulke aansprake valslik doen, is dit heiligskennis en moet die persoon vir sy vermetelheid boet. Daarom vervolg hulle Jesus en lewer Hom vir teregstelling oor.

Die verbygangers by die kruis op Golgota dink aan al hierdie dinge en kom tot die slotsom: Hier is mos nou werklik

die geleentheid vir Jesus om sy aansprake te bewys! As Hy Gods Seun is, is dit vir Hom (as die Almagtige) maklike om af te kom van die kruis en Homself te red.

Maar, reken hulle, Hy kan nie. Sy aansprake is vals.

Arme mense. Die saak is juis andersom. Juis omdat dit wáár is dat Hy die Seun van God is, sal Hy nie afkom nie! Hy het nie gekom om Homself te red nie, maar om ons te red, om daardie mense te verlos van hulle sonde. Daarom was die kruis sy einddoel — sy lewe in die plek van ons lewe — Hý tot 'n vervloeking aan die kruis waar Hy ons sonde dra, en ons wat glo — bevry en verlos.

Loof, hemel, aarde, loof Hom, die Lam vir ons geslag!

16 April **Lees:** Mat. 27:45-56 **Teks:** Mat. 27:50

GEKRUISIG EN GESTORWE

Die sterwensoomblik van Jesus Christus word op 'n besondere manier, maar baie kortliks aangedui. Hy roep met 'n groot stem uit, en gee die gees. Oor die sterfgebeure self kan nie baie gesê word nie. Wat daar plaasvind, val buite die ervaringswêreld van enige mens, en daarby moet mens sê dat wat Jesus daarin sy sterwensoomblik doen, dit kon geen mens gedoen het nie, en kan geen mens herhaal nie. Want juis daarvoor moes Hy mens word, om die dood so te kon sterwe as wat Hy dit gesterf het.

Mens kan bloot verwys na die verskil tussen die sterwe van Jesus en die sterwe van die ander wat saam met Hom gekruisig is. Normaalweg gebeur dit dat 'n gekruisigde lank aan die kruis hang, en kwyn onder die lyding, totdat hy uiteindelik beswyk, uitgeput en kragteloos. Maar voordat die krag Hom verlaat het, roep Jesus self uit, en gee sy gees oor aan die Gewer daarvan. Sy hele sterwe wek die indruk van 'n selfstandige handeling, want Hy is besig om iets te doen. Hy is naamlik besig om dit te volbring waarvoor Hy gekom het — om die dood te oorwin. Die dood is die loon van die sonde, en nou val Jesus nie die dood ten prooi nie, maar Hy gaan die dood as die Oorwinnaar in. Hý lê sy lewe af vir sy skape, soos Hy tydens sy lewe daarna verwys het. In sy sterwensoomblik gebeur dit dus so dat Hý die gees gee, met ander woorde so 'n handeling verrig dat Hy die dood en die bande van die sonde kan verbreek in sy triomf oor die dinge wat elke mens gewoonweg oorrompel en onderkry.

Die triomf van hierdie optrede van Jesus word verder op die derde dag sigbaar as Hy opstaan uit die dood en uit die graf uitgaan. Dit is vir ons die waarborg dat ons sal lewe, al moet ons sterwe.

17 April **Lees:** Mat. 27:57-66 **Teks:** Mat. 27:64

BEGRAFNIS

Vyandigheid van begin tot einde. Dit was die kenmerk van die lewensweg van Jesus Christus. Toe Hy gebore is, probeer Herodes Hom ombring tydens die kindermoord te Bethlehem. Telkens is die duiwel se bedrywighede om Jesus van die beplande koers af te kry, sigbaar. Dit is onder meer duidelik beskrywe in die versoeking in die woestyn en op die berg en op die dak van die tempel. Dit bereik 'n hoogtepunt as mense Jesus kruisig. Sy werksaamheid moet beëindig word; mense moet Hom verwerp. Dit is die groot bedoeling van Satan.

Maar die werk van God in Jesus Christus gaan onstuitbaar voort, tot die einde toe. Dit is volbring, kan Jesus aan die kruis sê. Die kruisgebeure met sy heerlike gevolg in die opstanding vorm die kern van die evangelie wat geglo moet word. Voortaan moet mense glo, al het hulle nie gesien nie. Daarom kom die aanval nou op hierdie punt. Verhinder die geloof in die betekenis van die kruisdood, in sy oorwinning oor graf en dood, in die opstanding. Bring onsekerheid en verwarring oor hierdie dinge. Daarom stap die priesters met hulle seëls na die graf — dat mense nie sal sê Hy het opgestaan nie.

Want ook dit het Jesus bekendgemaak — dat Hy sal opstaan. Daarmee is die sonde kragteloos gemaak, en word skuldvergiffenis en die lewe self geskenk aan elkeen wat glo. Maar die duiwel het sy aanval op hierdie punt toegespits — iets wat ons vandag nog raak. Hy gaan voort om die leuen te saai, verwarring te bring, om die skoonste belofteryke trekke van die lydensgeskiedenis uit te wis, naamlik die opstanding. Die opstanding is die allesmeesleurende oorwinning oor die magte van die hel. Daarom moet dit weggesteek word, dit moet verswyg word.

Vandag nog bedreig hy ons met hierdie taktiek. Bring 'n lidmaat tot swye, dat hy nie getuig: Die Here het waarlik opgestaan nie. Laat die mense elke week die opstandigsmôre vergeet. Verwar hulle met drogbeelde, en verstrooi hulle in die valse gelowe in — dat die geloof in Christus sal dood raak!

Paassondag, die vreugdefees van die kerk is op hande. Sy boodskap is: Die dood is verslind in die oorwinning. Die duiwel met sy lis, mense met hulle seëls kon die heerlike werk van God nie stuit nie. Vir elkeen van ons is daar lewe, gevoed deur die geloof, geskenk deur die Heilige Gees.

18 April **Lees:** Mark. 16:1-8 **Teks:** Mark. 16:4

DIE STEEN VOOR DIE GRAF

Die evangelis Markus verhaal in sy evangelie hoe drie vroue vroeg Sondagoggend net na sonop op weg is na die

graf om die liggaam van Jesus te versorg. Sy liggaam is laat Vrydagmiddag haastig en onversorg weggelê omdat dit byna sabbat was en die Jode nie op die sabbat aan 'n lyk mag raak nie. Die sabbat eindig eers weer Saterdagaand sesuur sodat die eerste geleentheid vir die versorging van die lyk Sondagoggend was.

Maar volgens Markus is die vroue met groot kommer op weg na die graf. Hulle word naamlik gekwel deur die vraag wie vir hulle die steen voor die opening van die graf sal wegrol. Hulle het immers gesien dat 'n groot steen voor die opening van die graf gerol is en het geweet dat hulle nie in staat sou wees om dit weg te rol nie.

Hulle kommer blyk egter onnodig te wees want wanneer hulle by die graf kom, is die steen voor die graf reeds weggerol en word hulle die eerste getuies dat Jesus Christus opgestaan het, dat Hy nie meer dood is nie maar leef! Ja die graf en die dood kon Jesus nie gevange hou nie want God self het die steen voor die opening van die graf weggerol en sy Seun uit die dode opgewek!

Paassondag verkondig dus die blye boodskap dat ook ons ons nie moet bekommer oor die steen voor die graf — hetsy ons eie of die van ons dierbares — nie, maar dat ons kan leef en juig in die blye versekering dat eenmaal in die voleinding van die tyd God self ook die steen voor ons graf sal wegrol en ons sal opwek tot die ewige lewe!

Die weggerolde steen voor die graf verkondig dus die blye boodskap dat Jesus leef en ons met Hom!

19 April **Lees:** Joh. 20:11-18 **Teks:** Joh. 20:17

AFSTAND BEWAAR

Dit lyk na 'n koue, harde woord hierdie: Raak My nie aan nie! Hoe ons ookal keer, die afwysing, ja die afkeuring kan ons nie hieruit wegneem nie. Hier word 'n mens teruggewys. Hier word afstand gemaak en Maria Magdalena word versoek om hierdie afstand te bewaar. Jesus sê aan haar: Raak My nie aan nie!

Ons kyk verbaas op: Midde in die stralende paasmore so vol van ontmoeting en omhelsing val hierdie woorde vir ons so heeltemal uit toon uit. Dit moes vir Maria self ook 'n heel pynlike ervaring gewees het. Hoe kon Jesus wat altyd sy arms so wyd vir die verlorenes uitgebrei het, iemand so terugstoot: Raak My nie aan nie?

Dit word selfs nog onbegrypliker as ons lees dat ander wel die opgestane Heer mag aanraak. Van die ander vroue staan daar in Mat. dat hulle sy voete gegryp en Hom aanbid het. Hulle word nie verbied nie. Thomas word selfs uitdruklik

genooi om Hom aan te raak: Bring jou vinger hier en kyk na my hande, en bring jou hand en steek dit in my sy! Mag die een dan wat die ander nie mag nie?

Ja, so is dit inderdaad. Maria mag Jesus nie aanraak nie omdat haar aanraking eintlik sinoniem met „vashou" is. Maria Magdalena wil met haar liefde die dood van Christus en daarmee saam sy opstanding „ongedaan" maak. Sy wil weer die verhouding voortsit soos wat dit voor pase was. Maria Magdalena staan as't ware met haar rug na pase toe. Sy wil Jesus vashou aan hierdie kant van die graf! En dit mag nie! Daar is afstand tussen hierdie en die ander kant. Hierdie afstand word deur Jesus gehandhaaf: Raak My nie aan nie, hou My nie vas nie!

20 April **Lees:** Joh. 20:11-18 **Teks:** Joh. 20:18

NOG NIE

Teenoor Maria Magdalena se aanraking en vashou stel Jesus sy „nog nie". Christus wys haar aanraking af met: nog nie. Jesus sê daarmee dat die opstanding nog nie klaar en afgehandel is nie. Maria Magdalena mag Jesus hier nie vashou nie want Hy is nog onderweg. Hy is daar: nog nie.

Vir Maria Magdalena is pase klaar. Sy maak van die opstanding 'n punt. Maar vir Jesus is die opstanding 'n dubbel punt. Dan begin dit eers: „Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God". Daarom sy „nog nie". Maria Magdalena is tevrede met 'n „halwe" opstanding, maar Christus wys dit af met sy: nog nie. Daarom: Raak My nie aan nie, hou My nie vas nie.

Hierdie „nog nie" van Jesus bewaar Maria en ons daarvoor om van Paasfees 'n fees van stilstand te maak. „Nog nie" gee aan pase hemelperspektief. So hoog as die hemel is bo die aarde so hoog is die Paasfees van Jesus bo die Paasfees van Maria Magdalena. Paasfees is vir Maria Magdalena 'n terugkeer na soos dit voor Goeie Vrydag was. Hoogstens is dit vir haar 'n nuwe periode in die aardse bedeling. Daarom wil sy Jesus aanraak en vashou.

Met sy „nog nie" proklameer Jesus egter dat Paasfees geen terugkeer is nie maar voortgang: Opvaar na die Vader! Eers dan is sy opstanding volledig in elke opsig as Hy gaan sit het aan die regterhand van die Vader om vandaar sy kerk te regeer!

21 April **Lees:** Joh. 20:24-31 **Teks:** Joh. 20:24

DIE AFWESIGE THOMAS

Ons praat altyd van die arme Job, verlore seun en ongelowige Thomas. Maar is dit korrek? Is dit nie eerder: So ryk

as Job wanneer jy op 'n ashoop — as jy jou kinders en besittings kwyt is en jou vrou jou nie meer verstaan nie — kan jubel: „Ek weet my Verlosser leef" nie? En is die verlore seun nie „gevind" terwyl sy broer wat tuisgebly het, verlore was nie? So ook was Thomas 'n gelowige mens maar dit is mos juis die gelowige wat so met sy ongeloof moet worstel: Ek glo Here, kom my ongeloof te hulp (Mark. 9:24).

Thomas is 'n eerlike, ernstige man met 'n groot liefde vir Christus. Sy eerlikheid blyk duidelik uit sy vraag: Here ons weet nie waar U gaan nie en hoe kan ons die weg ken (Joh. 14:5) en sy liefde en erns uit sy woorde aan sy mededissipels: „Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe" (Joh. 11:16). Juis daarom is Thomas so verpletterd en verbysterd na die kruisiging en sterwe van Christus. Hy was so bedroef en teleursgesteld dat hy hom van die ander dissipels afgeskei het; dat hy nie by hulle was toe Jesus op daardie paassondagaand aan hulle verskyn nie. Ja die klein — en ongeloof het hom weer so in sy greep gehad dat Thomas meer op sy eie twee oë vertrou as sy vriende se twintig oë, meer op sy tien vingers as op sy tien vriende.

Maar agt dae later na 'n moeisame week van min rus, groot droefheid en baie nadenke is Thomas weer in die „kerk", is hy in die kring van die dissipels. En daar vind hy rus vir sy verwarde gemoed, wyk sy ongeloof as hy stamelend voor die Opgestane bely: My Here en my God!

Wie sal ooit die „onnodige" geestelike skade kan bereken wat die talle afwesige Thomasse aan hulle geloofslewe ly omdat hulle nie in die dissipelkring van Jesus is nie, omdat hulle die onderlinge byeenkomste versuim? Wie sal ooit die onnodige geestelike skade kan bereken van lidmate wat nie daar is waar Christus sy gemeente ontmoet om hulle te seën en vir hulle getuienistaak toe te rus nie?

22 April **Lees:** Joh. 21:15-19 **Teks:** Joh. 21:18

'N ANDER EEN SAL JOU GORD

Petrus is na die gesprek met die Here Jesus waarin Hy in sy amp herstel is, vir altyd aan die Here gebind. Hy ontvang 'n nuwe taak en opdrag. Hy sal 'n held van die geloof word maar baie anders as vroeër.

Vroeër het hy as 'n vry man gegaan, het hy homself gegord met planne en ideale wat hy vir homself gestel het. Toe het hy self beslis wat hy sou doen en waar hy sou gaan. Maar hy het hom daarmee vasgeloop — meer as een keer! Nou sê die Here egter: Jy sal geen vry man wees nie. 'n Ander sal jou gord en bring.

Hierdie „ander" was die vyand. Toe hy oud geword het, het die hom gebring waar hy nie wou wees nie en moes hy die

verskriklike marteldood sterf! Só het hy God verheerlik, nie meer deur sy eie heldhaftige ondernemingsgees nie maar deur sy Heer te volg tot die uiterste toe.

Maar Petrus was nie alleen met sy vyande nie. Die Here was ook daar en hoewel onsigbaar, verborge het Hy Petrus omgord met krag om hierdie kruis te dra. En Hy het hom bly omgord ook toe die aardse oog niks anders gesien het nie as dat Petrus 'n slagoffer van die boosheid van hierdie wêreld geword het.

Toe die mense gedink het: Dit is klaar met Petrus toe het in der waarheid iets gebeur wat die wêreld nie kon sien nie: Toe het die Here sy dienskneg omgord en gesê: „Nou sal Ek jou bring waar jy vir ewig wil wees, gaan in in die vreugde van jou Heer!"

Sal ons ons nie ook deur God laat omgord en laat bring waar Hy wil sodat ons eenmaal deur Hom in vryheid en vreugde gestel sal word nie?

23 April **Lees:** Joh. 21:1-6 **Teks:** Joh. 21:6

DIE WONDERLIKE VISVANGS

Voordat Jesus sy dissipels uitstuur met die opdrag: „Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" toon Hy hulle eers iets van sy wondermag, toon Hy aan hulle wat mense in die geloof van hulle Heer kan verwag as hulle maar net doen wat Hy hulle beveel. Ja, Jesus stuur sy dissipels die toekoms in met hierdie visvangs in herinnering as 'n belofte: „As Ek iets opdra, wat dit ookal is, dan kan julle daarop reken dat dit moontlik is!" Immers aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde.

Dit wat Jesus hier aan hulle sê is so „onlogies" en so teen die gebruik in. Watter verskil sou dit tog nou maak om in die wye see die net aan die ander kant uit te gooi? Maar sy opdrag is nie net onlogies nie dit is ook onprakties: Aan die regterkant van die skuit was gewoonlik die roer of stuur vandaar die naam stuurboord. Die linkerkant het sonder hindernis gebly en was daarom ook die meeste geskik om die net oor uit te gooi. Gewoonlik het aan hierdie kant ook die bak gestaan waarin die visse gegooi is — vandaar die naam bakboord.

Wanneer die dissipels hierdie onlogiese en onpraktiese bevel om die net aan die stuurboordkant uit te gooi, gehoorsaam is die gevolg 'n wonderlike visvangs!

Hiermee toon Jesus aan die dissipels en aan ons dat in sy diens ons eenvoudig moet doen wat Hy ons beveel sonder allerhande besware van onlogies en onprakties. Selfs dan as ons menslike verstand sê: Dit kan nie — sê God: „Doen dit

en laat die resultaat rustig aan My oor." U en ek maak nie uit of iets kan en of dit nie kan nie — dit doen God!

As die dissipels later in geloof en vertroue op die mag van Hom wat hulle beveel het die wêreld ingaan om vissers van mense te wees, het hulle nette nog voller geword as by die See van Tiberias. Ja, uit daardie klein onbeholpe begin het die lig van die evangelie oor die hele wêreld versprei.

24 April **Lees:** Joh. 21:19-25 **Teks:** Joh. 21:21

VOLG SONDER VRAE

Geen twee mense is dieselfde nie. Niemand van ons het presies dieselfde karaktertrekke nie. Die een is spontaan en opgewek van geaardheid, die ander teruggetrokke en ernstig. Die een wil graag die leiding neem, die ander is doodgelukkig om te volg.

Ook in die kring van die dissipels is daar verskillende karakters en verskillende karaktertrekke. Die altyd handelende, voorbarige Petrus het nogal heelwat probleme en teregwysings met sy karaktertrekke ondervind. Hy wou altyd so graag die leier wees, saam reël en nog meer: die wet voorskryf. Ook hier waar hy deur Jesus in sy amp herstel word en die opdrag ontvang: Volg My, spring sy gedagtes dadelik van homself en sy roeping af weg na die ander toe en vra hy aan die Here Jesus: Maar wat van Johannes?

Hy kry as antwoord die harde woord: Wat gaan dit jou aan? Mag Petrus dan nie vra hoe dit met Johannes sal afloop nie? Elke mens het tog maar sy bekommernis en vrae? Wat van dit en wat van dat?

Maar Petrus het daar niks mee te make nie. Petrus moet leer: God, die Heer regeer! Petrus moes besef dat hy nie die rolle mag omdraai nie! Dit was nie sy werk om van die Here rekenskap te vra nie maar hy moes aan die Here rekenskap gee!

Die vraag van Petrus het van die hoofsaak, van die eintlike bedoeling van die Here: Volg My, weggelei. Op die roepstem: Volg My, pas geen teenvraag, wat in sy diepste grond alleen uit nuuskierigheid voortkom nie, maar wel 'n daad, 'n beslissing!

Ook ons begryp baie dinge van die Godsregering in die wêreld en in ons persoonlike lewe nie. Waarom maak God so en waarom handel Hy nie so nie? Laat ons hierdie teregwysing aan Petrus egter onthou en volg sonder vrae. Ja, die roepstem wat van die geopenbaarde wil van God uitgaan, mag nie verdring word deur ons weetgierigheid of nuuskierigheid met betrekking tot die verborge wil van God nie.

25 April Lees: I Tess. 1 Teks: I Tess. 1:10

BEKERING EN VERWAGTING

'n Bekeerde mens is ook 'n wagtende mens, iemand wat die Seun van die mens uit die hemele verwag, want Paulus sê vir die Thessalonicense dat hulle hulle van die afgode bekeer het om die lewende God te dien en om sy Seun uit die hemele te verwag. So 'n mens leef in gedurige afwagting. Want die Seun is opgewek. Hy het opgestaan. Hy kom weer. As Hy nie kom nie, is die Christen tevergeefs 'n Christen. Hy wat uit die dode opgewek is, het nie sy dissipels in die steek gelaat nie. Hy het uit die dode opgestaan. Hy sal ook nie die wagtende Christen in die steek laat nie want Hy kom weer. Die Christen is ook nie bang dat Hy sal kom nie, want Hy kom nie om die toorn van God oor die gelowige uit te stort nie, maar juis om hom van die toekomstige toorn te verlos. Daarom bly ons maar wag al word dit 'n eeuelange wag. Daaraan herinner 2 Petr. 3:8 ons ook: „Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag." Die mensdom het baie lank gewag vir die Messias wat sou kom en Hy het gekom. So wag die Christen ook nou nie tevergeefs nie. Hy sal weer kom.

26 April Lees: 1 Thess. 2 Teks: 1 Thess. 2:12

WANDEL WAARDIG

Die Christen se lewe word vergelyk met 'n reis. Hy is iemand op pad. Hoe moet hy hom gedra? Hy moet waardig wandel voor God. Maar dit beteken nie dat hy 'n waardige figuur moet wees, soos so baie mense wil wees nie. Die uitdrukking beteken in die oorspronklike taal eerder dat Hy moet lewe volgens die gebooie van God. Om 'n waardige figuur te wees wat nie wil doen wat God van hom vra nie, het geen waarde nie. Nee, om waardig te wandel beteken byvoorbeeld volgens Kol. 1:10 om Hom in alles te behaag en om in elke goeie werk vrug te dra. Efesiërs 4:1 maak dit nog duideliker: „wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is." So moet hy hom dan gedra dat dit uit sy optrede ook sal blyk dat hy geroep is — geroep deur God na sy heerlikheid en na sy koninkryk. Die reis het dus 'n bestemming maar om daarheen te wandel sal die Christen bereid moet wees om te volg — Hom volg wat voorgaan en die weg wys. Dan eers begin hy waardig wandel want dan probeer hy om iets van Jesus se karakter uit sy eie lewe te laat straal.

27 April Lees: 1 Thess. 4 Teks: 1 Thess. 4:18

SINVOLLE BEMOEDIGING

Ons probeer mekaar altyd troos of bemoedig — ook by begrafnisse. Baie trooswoorde word gehoor, byvoorbeeld „tyd

genees harte" of „elke donker wolk het 'n silwer randjie" en so meer. Maar hoe sal ons gelowiges se lewe tog nie verander nie, as ons mekaar in noodsituasies en in doodsituasies met hiérdie woorde wil bemoedig. Hierdie bemoediging wat tot stand kom as gevolg van die opstanding van Christus, naamlik dat ons wat in die lewe oorbly ons dierbares wat as gelowiges sterwe, nie sal vóór wees by die wederkoms van die Here nie. Of ons dan lewe of sterwe ons Heer sal ons op die ou end tegemoet kom en ons sal altyd by Hom wees. Maar voor ons mekaar met sulke woorde kan bemoedig, moet ons glo in Christus, sodat wanneer ons sterwe, ons as gelowiges sal sterwe. Ons moet ook aan mekaar toon dat ons glo. Want dan, as ons glo, sterwe ons nie meer nie, maar word ons dood 'n deurgang tot die lewe. Dan hoef ons medegesinslede of vriende nie in smart- en roukrete 'n hopelose „vaarwel" uit te snik by ons graf nie, want dan kan hulle mekaar bemoedig met dié woorde naamlik dat ons almal eendag saam met ons Heer sal wees. Ons skuld dit aan mekaar om te wys dat ons glo, want as ons nie glo nie, het ons gesinslede of vriende niks om mekaar mee te troos by ons graf nie en watter geweldige onreg doen ons hulle dan nie aan nie? Maar sterwe ons as gelowiges het hulle iets om mekaar mee te bemoedig wat werklik die enigste troos in die hele wêreld is. Laat ons dan mekaar in ons diepste nood ook met hiérdie woorde bemoedig, en nie met niksseggende mensewoorde nie.

28 April **Lees:** 1 Thess. 5:1-11 **Teks:** 1 Thess. 5:2

'N DIEF IN DIE NAG

Die koms van die dag van die Here hou hoofsaaklik drie dinge in naamlik die oordeel van die nasies, seën vir die regverdige, en die herstel en hernuwing van alle dinge. Maar dit kom nie stadig soos 'n proses nie, maar soos 'n dief in die nag, dit wil sê skielik en onverwags. Daarom waarsku Jesus self ook in Openb. 3:3 „. . . as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie." Daarom moet die gelowige wakker wees en so glo en so lewe dat dié dag hom nie sal oorval nie. Hierdie vers roep ons op tot waaksaamheid. So baie doen ons vir ons toekoms om dit te verseker of te beveilig. Ons beplan vir ons toekoms, ons neem polisse uit, ons wil 'n veilige toekoms verseker. Maar beplan ons ook vir die dag van die Here? Of voer ons, wat dit betref, 'n lewe van permanente ligsinnigheid en gerustheid, soos so baie ander? Dit is juis vir sulkses wat dié dag soos 'n dief sal oorval. Maar 'n Christen wat waaksaam ook elke dag die Onse Vader bid, kan nie deur dié dag oorval word nie, want hy bid immers „laat u koninkryk kom" en daardie koninkryk kan immers eers met die aanbreek van dié dag in sy volheid kom.

29 April **Lees:** 1 Thess. 5:12-28 **Teks:** 1 Thess. 5:19

BLUS DIE GEES NIE UIT NIE

Jesus het opgestaan en opgevaar, maar Hy stuur sy Gees sodat die werk wat Hy begin het, voortgesit sou word. Die Gees inspireer mense om Jesus se getuies in die wêreld te wees. Deur die Gees leef Christus ook in sy gemeente. So word die gelowige en die gemeente 'n tempel van God. Die Gees word ontvang volgens Gal. 3:2 by die gelowige aanhoor van die prediking van die evangelie. Alle Christene het deel aan die Gees, want „niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (1 Kor. 12:3.) Hy gee ook gawes aan die gelowiges sodat die gemeente daardeur gedien kan word. (Rom. 12.) Selfs ywer, blymoedigheid, die vermoë om te vermaan, geloof, die gawe van uitdeling is gawes van Hom. Hy word vergelyk met 'n vuur. Maar die teks waarsku ons om hierdie vuur nie uit te blus nie. Dit kan gebeur as ons neersien op die gawes wat Hy gee, ander se ywer, blymoedigheid of geloof in die gemeente verag, of selfs soos so dikwels gebeur, iemand wat net praat oor die Here of oor sy goedheid beskuldig van dwepery. As ons nie meer na die Woord wil luister nie of deel wil hê aan die erediens in die gemeente nie, dan blus ons die Gees ook uit, want deur middel van die Woord werk Hy in ons en die gemeente is sy tempel. Maar ons moet bid vir die Gees en toelaat dat Hy ook ons sal aanvuur om getuies vir ons Heer te wees en nie maar net swygende en skaam Christene te wees wat weet om ander te kritiseer, maar self niks vir hulle Heer doen nie.

30 April **Lees:** 2 Thess. 1 **Teks:** 2 Thess. 1:11

BID VIR MEKAAR

Paulus self het vir die eerste keer die evangelie in Thessalonica verkondig, waarna sommige Jode, 'n groot menigte van die godsdienstige Grieke en 'n groot aantal van die aansienlikste vroue tot die geloof gekom het. So het die gemeente van die Thessalonicense tot stand gekom. Paulus skryf nou vanuit Korinthe hierdie brief aan hulle. Hy onderrig en vermaan en bemoedig hulle in die brief, maar wat besonder opvallend is, is sy besorgdheid oor hulle. Hy en Silas het die gemeente nie vergeet nie, maar bid nog steeds vir hulle. Kan daar 'n groter bewys van jou liefde en besorgdheid oor 'n ander wees, as die feit dat jy vir hom bid? Maar hulle het ook die gemeente se gebede nodig en daarom vra Paulus in 1 Thess. 5:25 „Broers, bid vir ons". Hoe nodig is só 'n verhouding nie ook in ons tyd tussen leraars en gemeentes nie. So dikwels hoor 'n mens dat gemeentelede hul leraar kritiseer, maar moet hulle nie liewers

vir hom bid nie en ook vra dat die Here sy werk sal seën? Is dit nie elke gemeentelid se plig en voorreg nie? Maar die leraar moet ook vir sy gemeente bid. Met gebede vir mekaar sal ons immers baie verder kom as met ons kritiek. Dan sal die verhouding tussen leraars en gemeentes 'n verhouding wees waarin ware christelike liefde te sien is. Van so 'n verhouding leer die briewe aan die Thessalonicense ons.

1 Mei **Lees:** 2 Thess. 2:6 **Teks:** 2 Thess. 2:6

JULLE WEET WAT HOM TEËHOU

Paulus sê dat daar iets is wat die teëstander teëhou, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word, die teëstander wat die satan self is, „want die satan self verander hom in 'n engel van die lig". (2 Kor. 11:14.) Hierdie ding wat hom teëhou in sy aanslag op die wêreld kan maar net een ding wees en dit is die verkondiging van die evangelie. Dis duidelik byvoorbeeld uit Mark. 13:10 „Maar die evangelie moet eers aan alle nasies verkondig word" en 2 Petr. 3:8 „Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom." Die lig van die evangelie alleen kan die duister van die bose vedryf. Dit hou hom teë op elke gebied, in my huis en in my lewe. Daarom moet ons wat na Jesus se opstanding en hemelvaart lewe ons verbly dat daar iets is wat die bose teëhou en ons daarvoor beywer dat hierdie evangelie versprei sal word en met blydskap altyd weer daarna luister. Want in die lewe en huise van hulle wat dit nie meer wil hoor nie, is daar niks wat die bose teëhou nie, en baie gou oorwin hy daardie huise en lewens. Maar ons moet en sal weerstand bied deur middel van die evangelie tot Christus weer kom.

2 Mei **Lees:** 1 Tim. 1:1-2 **Teks:** 1 Tim. 1:1

CHRISTUS ONS HOOP

Hierdie brief van die apostel Paulus aan Timotheus het 'n heel persoonlike karakter. Paulus skryf as vriend maar ook as geroep apostel van die Here Jesus Christus. Paulus stel dit dan ook duidelik dat hy geroep is deur Jesus Christus ons Hoop.

Die mense wat die Bybel vanuit die die mens benader, sit opgeskeep met die „hoop" in die Bybel. Wanneer Jesus Christus ons Hoop genoem word, dan kyk hulle weg asof die woord nie daar staan nie. Wanneer die mens graag wil dat iets sal gebeur soos hulle dit wil hê, dan sê ons: „Ek hoop maar dat dit sal gebeur." Uit 'n menslike oogpunt gesien, is hoop dan 'n woord wat onsekere verwagting uitdruk. Ek wil graag dat dit sal reën maar ek weet nie of dit sal gebeur nie. Daarom hoop ek maar dat dit sal reën.

Wanneer daar van „hoop" in die Bybel gespreek word dan het dit 'n ander betekenis as die hoop wat ek koester ten opsigte van die verbygaande dinge. In die Bybel is Hoop ook 'n verwagting maar die Bybelse Hoop is nie 'n onsekere verwagting nie, maar juis 'n verwagting dat die dinge wat ek glo, vas en seker is en dat die dinge wat ek glo met betrekking tot die toekoms, vas en seker gaan gebeur.

Nou lewe die gelowige tussen hemelvaart en wederkoms van Jesus Christus. Die gelowige kyk dus die toekoms in. Ons is toekoms-mense. Voor wag die dag waarop Jesus Christus sal kom. Maar dit wat ons verwag, is dinge wat ons nie kan sien nie. „As ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding." Ons lewe as gelowiges is 'n lewe van wag op die Hoop van die lewe. Die Hoop is Jesus Christus. Dat Hy sal kom, glo ons vas en seker. Daarom is Hy ons Hoop. Daarom wag ons met volharding dat Hy moet kom om te doen wat Hy beloof het.

3 Mei **Lees:** 1 Tim. 1:3-15 **Teks:** 1 Tim. 1:15

CHRISTUS ONS REDDING

Die eerste deel van die apostel Paulus se lewe was 'n lewe van dwaling en vashou aan die „ou dinge". Hy was 'n Fariseër wat deur die werke van die wet die geregtigheid en die ewige lewe wou verdien. Maar die Here het hom op pad na Damaskus voorgekeer, en sy lewe in 'n ander rigting gestuur. Vanaf Damaskus het Hy die Weg leer ken omdat hy toe bereid was om te vra: „Here wat wil U hê moet ek doen?" Vanaf Damaskus het hy ontdek hoe koud en leeg en dood sy lewe was voordat hy tot bekering gekom het. Al sy werk en ywer was tevergeefs omdat hy deur sy goeie werke en deur sy ywer, vir homself 'n pad wou oopbreek na die ewige lewe.

Vanaf die Damaskuspoort het hy ontdek dat die redding van die mens nie geleë is in sy goeie werke of vrome prestasies nie maar alleen in die geloof in Jesus Christus, want Hy het aan die kruis die skuld vir AL ons sonde ten volle betaal.

Nou is dit so dat die mens deur die eeue heen bewys gelewer dat hulle Jesus se volkome verlossing nie heeltemaal glo nie. Die mens wil nie heeltemaal aanvaar dat Jesus vir al ons sondeskuld betaal en alle geregtigheid vir ons volbring het nie. Daarom het die mens nog altyd na ander dinge ook gegryp. Daarom het die een gaan sê: „Jesus is Verlosser maar daarby moet nog kom Maria, die moeder van Jesus en al die ander heiliges se werk." 'n Ander groep aanvaar Jesus as Verlosser maar die groot doop daarby is vir hulle noodsaaklik. Ander weer glo in Jesus as Verlosser maar die viering van die sabbat op die sewende dag is noodsaaklik vir die verkryging van ewige lewe.

So kan ons talle dwalinge aantoon. Die apostel Paulus, wat aanvanklik self gedwaal het, het die waarheid ontdek. Martin Luther het dieselfde waarheid ontdek. Elkeen wat opreg in Jesus Christus glo, sal lewe; ewig lewe. Jesus Christus alleen is ons Verlosser en Redder.

4 Mei **Lees:** 1 Tim. 1:16-20 **Teks:** 1 Tim. 1:19

CHRISTUS ONS ANKER

Heel dikwels bevestig Paulus Jesus se genadewerk wat in sy lewe 'n werklikheid geword het. Daarom word daar deur al Paulus se briewe heen 'n lied van dankbaarheid gehoor. Ook hier in die brief aan Timotheus kom hierdie loflied na vore. „Aan die koning van die eeue die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid."

Die vaste geloof dat Jesus Christus se genadewerk ook Paulus se lewe deurdring het, was 'n krag in sy lewe. Daarom kon hy nie anders as om steeds van hierdie genade te getuig nie, want hy wou dat deur die boodskap wat hy verkondig het, ook ander se lewens hervorm en gebou sal word.

Die betekenis van hierdie boodskap was 'n krag in sy lewe. Daarom vertrou hy hierdie boodskap ook aan Timotheus toe, sodat ook Timotheus die goeie stryd kan stry en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou.

'n Anker hou 'n skip vas ten einde te verhoed dat die skip weerloos in die see ronddryf, want 'n ronddrywende skip is gedoem tot ondergang. 'n Ankerlose skip is soos 'n mens wat geen anker het nie, geen vashouplek het nie, geen lewenssekerheid het nie. Die mens is ankerloos wanneer hy deur die omstandighede van die lewe homself weerloos en sonder hoop voel. Die mens is ankerloos wanneer die water hom wil oorwelding en die riviere hom wil oorstroom.

Paulus wys ons op ons enigste ware en blywende lewensanker en dit is ons geloof. Jesus Christus is nie net die Gewer van ons geloof nie maar ook die inhoud van ons geloof. Daarom is Hy ons anker wat verhoed dat ons deur lewe of deur dood oorweldig word.

5 Mei Lees: 1 Tim. 2:1-8 Teks: 1 Tim. 2:1 en 2

DIE NOODSAAK VAN ORDE

'n Siek Westerse wêreld is oorweldig deur ordeloosheid en onsekerheid. Ons lewe in 'n tyd van „verandering". Die onrusbarende is egter dat hierdie verandering waaroor daar so baie geskryf word en waaroor daar so baie gepraat word, hand aan hand loop met revolusionêre bewegings wat ordeloosheid en chaos wil skep sodat die kommuniste kan oorneem. Hierdie gees van „verandering" het ook in ons eie land

posgevat. Op politieke, maatskaplike en ekonomiese terrein is alles besig om te verander. Dat daar vele terreine is waarop daar verandering moet plaasvind, kan niemand betwyfel nie.

Die noodsaak van orde in elke land en gemeenskap blyk duidelik uit die woorde van ons teks, waar Paulus vra dat daar gebid moet word vir alle mense, vir konings en almal wat hooggeplaas is sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. As kerk en volk het ons nog altyd geglo dat God die blankedom in Suider Afrika geplaas het met 'n heilige taak en roeping. Saam met ons het die evangelie van Jesus Christus gekom en ons het dit nog altyd so verstaan dat ons geroepe is om hierdie blye boodskap in hierdie donker kontinent in te dra.

Daarom is dit ons plig om van dag tot dag ons owerhede aan God op te dra. Deur ons gereelde gebed ook vir die owerheid, sal ons hulle hande sterk om orde en rus te kan handhaaf, sodat ons in 'n ordelike en vreedsame land en gemeenskap, rustig kan voortgaan om ons lig in die wêreld te laat skyn.

6 Mei **Lees:** 1 Tim. 4:1-5 **Teks:** 1 Tim. 4:1-5

DIE AFVAL VAN DIE LAASTE DAE

Wanneer ons hierdie gedeelte lees en let op die toestande wat daar vandag heers, dan blyk dit dat alles nog inpas binne die raamwerk van die profesië van die Bybel. Die stroom van geestelike verval in die wêreld kan feitlik nie beskryf word nie. Oral vind daar aftakeling plaas van ons christelike lewenswaardes. Oral gaan daar stemme op in 'n poging om die bestaande orde en Christelike lewensnorme af te breek. Bybelse waarhede word as ongegronde praatjies of mites afgemaak. Die wederkoms van Christus word verwerp en die opstanding van Jesus word bespotlik gemaak.

Aan die apostel Paulus is dit openbaar dat daar in die laaste dae, groot verval sal wees. Die laaste tye waarvan hier gespreek word, is die tyd tussen hemelvaart en wederkoms. Dit is dan ook die tyd waarin ons nou leef. Die Bybel leer ons dat daar groot verval sal wees want die mag van die bose sal alles probeer om die genadewerk van Jesus Christus ongedaan te maak. Dit is daarom te verstaan waarom daar vandag soveel strominge is wat ten doel het om die christelike geloof onder te ploeg. As gelowiges wat ín hierdie tyd leef, sal ons hierdie strominge nie kan vryspring nie. Ons en ons kinders sal daarin beland. Maar dank God, ons het nie nodig om daardeur onder te gaan nie, want in hierdie verwarde wêreld het ons 'n ewige en onbeweeglike Lewensanker. Hy is Jesus Christus. Deur Hom is ons tot alles in staat. Deur Hom is ons in staat om staande te bly.

7 Mei **Lees:** 1 Tim. 4:6-16 **Teks:** 1 Tim. 4:6

DIENAARS VAN JESUS CHRISTUS

Wat sal ons nou sê en doen terwyl dit lyk asof alles om ons besig is om inmekaar te stort? Terwyl ons wag op die wederkoms van Christus kan ons nie bekostig om met gevoude hande en geslote monde te sit en wag nie. Nee, die gelowige wat hom elke dag moet verdiep in die kennis van Gods Woord, moet met die Woord in die hart en die hand as dienaar van Jesus Christus WERK.

Die mens soek in hierdie tyd na baie oplossings vir die probleme van die tyd en omdat soveel verkeerde diagnoses gemaak word, word ook die verkeerde medisyne voorgeskryf. Die wêreld is siek vanweë sy godloosheid. 'n Groot deel van die christelike kerk is siek omdat dit vir die kerk nie meer gaan om Jesus Christus nie, maar om die mens, en hoe Jesus Christus die belange van die mens kan dien.

Nou leer die Bybel ons dat elke gelowige 'n taak en roeping in hierdie wêreld het. Ons moet die siekte van die mens aandui naamlik deur te wys op die sonde en ellende van die mens. Ons lewens moet soos 'n hand heenwys na Jesus Christus wat die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem het, terwyl ons dan uit dankbaarheid moet leef uit die beginsels wat in die Bybel vir ons vasgelê is. So alleen mag ons Hom dien.

8 Mei **Lees:** 1 Tim. 6:3-20 **Teks:** 1 Tim. 6:12a

AKTIEWE GELOOF

Die genade van God soos deur Jesus Christus aan ons bewys, word deur baie mense verkeerd verstaan en dikwels ook misbruik. Die apostel Paulus het in sy brief aan die gemeente van Rome die vraag gestel: „Sal ons in die sonde bly dat die genade meer kan word?" Hierdie gesindheid wys hy baie beslis af. Die lewe van die gelowige is nie 'n sit en wag op die wederkoms van Christus nie om dan, terwyl ons wag, onsself te verlustig in die sonde omdat God dan 'n God van genade is nie. Nadat Timotheus deur die apostel Paulus op verskeie slaggate gewys is wat op die pad van die gelowige voorkom, volg die vermaning: „Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe." Om die goeie stryd van die geloof te stry en om na die ewige lewe te gryp, is presies dieselfde. Stry die stryd en gryp na iets wat daar alreeds is. Ek moet gryp na die voorregte wat God ons deur Jesus Christus se verlossingswerk laat toekom het. In Jesus Christus is alles wat ons vir die ewige lewe nodig het, gewaarborg.

Maar nou word God se genadegawes nie soos geskenkpakkies by die agterdeur afgelewer nie. God skenk sy genade-

gawes aan sy kerk, met ander woorde, as lidmate van Gods kerk op aarde, mag ons deel in die voorregte wat Hy ons deur Jesus Christus skenk. Deur sy Woord word ons geleer hoe om die stryd van die geloof te stry en hoe om na die ewige lewe te gryp.

Ons stry van die goeie stryd en ons gryp na die ewige lewe beteken dan 'n wegvlug van die sonde, 'n stryd aanknoop teen die sonde, maar dan ook 'n gryp na geregtigheid, dit wil sê, om verlos te wil wees van die oordeel van die sonde. Verder moet ons jaag na godsvrug, dit is 'n lewe in gehoorsaamheid aan God.

Dit alles moet gedoen word met 'n gesindheid van liefde teenoor God en ons naaste. Dit alles mag en moet ons doen uit dankbaarheid vir die verlossende genade wat God deur Jesus Christus aan ons bewys het.

9 Mei **Lees:** 2 Tim. 1:1-18 **Teks:** 2 Tim. 1:12

GELOOF BRING SEKERHEID

Hoe gelukkig is die mens wat sulke woorde kan sê: Ek weet, ek is seker daarvan. Hier is 'n mens aan die woord wat seker is van iets. Hier is iemand aan die woord waarop 'n mens eintlik jaloers kan wees, hoe beklaenswaardig sy posisie origens ookal mag wees. Midde in die lewe waarvan ons dikwels nie die sin en betekenis verstaan nie, hunker ons ook tog om te kan sê: Ek weet, ek is seker daarvan. Ons hunker na sekerheid om, wanneer dit lyk asof alles rondom ons beswyk en dreig om ons ook te laat beswyk, ons dan in daardie sekerheid geborge te weet. Ons hunker almal na 'n sekerheid wat as toevlug kan dien wanneer daar nêrens elders meer 'n toevlug skyn te wees nie.

En nou word ons uitgenooi om ons in hierdie geheim te verdiep. Ons ontmoet hier iemand wat lig in donkerheid gevind het. Paulus het toe hy hierdie woorde geskryf het in die gevangenis te Rome gesit. Hy weet dat hy binnekort sy lewe sal moet aflê. Die gedagte daaraan wek geen vrees by hom nie, want hy weet dat hy die goeie stryd gestry het.

Hierdie woorde van Paulus stem ooreen met die woorde wat Job ook eenmaal uitgeroep het: „Maar ek, ek weet: My Verlosser leef," (Job 19:25). Dit is asof Job in die skemer van die Ou Testament daardie klokke hoor lui: „Die Here het waarlik opgestaan."

Niks kon deur die eeue heen die klanke van hierdie getuienis verdoof nie. Ons geloof bring vandag nog vir ons hierdie sekerheid: Hy leef, en die wat in Hom glo sal lewe.

10 Mei **Lees:** 2 Tim. 2:1-13 **Teks:** 2 Tim. 2:8

DIE KRAG VIR DIE VERVULLING VAN DIE OPDRAG VAN DIE CHRISTEN

Paulus sien Timotheüs midde in die stryd van die lewe staan. Hy weet ook dat dit vir Timotheüs nie elke dag maklik is om die stryd vol te hou nie. Paulus weet dit uit eie ervaring. Juis op hierdie oomblik was Paulus besig om verdrukking te ly, want hy sit in die gevangenis geboei soos 'n kwaaddoener. Dit was nie die eerste keer dat dit met hom gebeur het nie. Reeds voorheen was God hom genadig toe hy en Silas op 'n wonderbaarlike wyse uit 'n gevangenis gered is.

Paulus weet dat dit die opdrag van die Christen is om die genade wat daar in Christus is elke dag te beleef en aan andere bekend te maak. Hierdie opdrag bring die noodsaaklikheid mee om soms bittere lyding om Christus ontwil mee te maak. Hierdie lyding is die gevolg van die vyandskap van die wêreld teen Christus. Dit is 'n stryd wat die christen op elke lewensterrein te voer het en dit sluit ook die stryd teen die eie sonde en swakhede in.

En nou mag die vraag soms gevra word of dit alles die moeite werd is. Dien so 'n stryd enige doel en het dit sin en betekenis?

Wanneer sulke vrae in die gedagtes op kom, dan is die belangrike saak om te onthou dit, naamlik dat Jesus leef. As dit nie die geval is nie is alle stryd sinneloos en betekenisloos. Hierdie permanente stryd kan alleen gevoer word wanneer ons daagliks onthou dat Jesus leef. Dan weet ons dat ons besig is om die stryd van die lewende Koning te stry. Ons hoef selfs nie die dood te vrees nie, want Jesus leef en as ons in Hom is sal Hy sorg dat ons met Hom sal lewe.

11 Mei **Lees:** 2 Tim. 2:14-26 **Teks:** 2 Tim. 2:19

DIE HERE KEN DIE WAT SYNE IS

Die opstanding uit die dode was vir sommige mense wat vir die eerste keer die evangelie gehoor het moeilik verstaanbaar en nie maklik om te glo nie. In Athene het die griekse filosowe omrede hierdie verkondiging van die opstanding die rug op Paulus gekeer.

Timotheüs het weer te doen gehad met mense wat wel in die opstanding geglo het, maar nie volgens die evangelie. Hulle het net geglo in die opstanding uit die geestelike dood toe hulle gelowiges geword het. Daarom sê hulle dat die opstanding alreeds plaasgevind het. Hulle glo nie in die liggaamlike opstanding, die wederopstanding van die vlees nie.

Paulus vind hierdie dwaling so erg dat hy dit vergelyk met 'n kankergewas wat steeds meer op die lewende selle teer en

daarom die liggaam, die kerk verwoes. Teenoor hierdie afval wys Paulus Timotheüs tot bemoediging op 'n geweldige feit en dit is dat die fondament van God vas staan. Hierdie fondament is volgens 1 Kor. 3:11 Jesus Christus self. Hierdie fondament staan vas, is sterk en onbeweeglik, en is onbreekbaar deur enige geweld.

Hierdie fondament het ook 'n seël soos wat 'n boekrol 'n seël het wat as waarheid en egtheid dien. Hierdie seël is die inskripsie: „Die Here ken die wat syne is." Die Here ken die wat aan Hom behoort soos iemand sy eie kind ken. Hierdie seël is die waarborg dat geen egte steen uitgeruk sal word uit die gebou wat op hierdie fondament gebou is nie. Daarom is ook die kerk en is elke gelowige onverwoesbaar ondanks alle felle aanvalle en ondanks alle swakheid. Dit is 'n bemoediging vir Timotheüs en vir elke arbeider in die evangelie.

12 Mei **Lees:** 2 Tim. 3:1-9 **Teks:** 2 Tim. 3:3

DIE GEES VAN DIE EINDTYD

Paulus gee hier 'n insig hoe die wêreld in die laaste dae, vlak voor die wederkoms van die Here, daar sal uitsien. Soos 'n verskriklik dreigende onweer sal daar swaar tye kom, bang tye, 'n krisistyd. Dit sal ook bang en moeilike tye vir die gemeente van die Here wees as gevolg van die karakter van die tyd, sonder wet en sedes en vrese vir Here.

In die eerste brief aan Timotheüs het Paulus gewaarsku teen „sekere persone" en hy praat ook van „sommige mense". Maar hierdie keer praat Paulus van „die mense". Die sedelike verderf en kulturele verval sal hom uitstrek oor die hele mensheid. Dit sal die hele wêreld omspan en die algemene tydsgees sal so wees.

In hierdie algemene verdorwenheid stel die apostel die liefde tot sigself voorop. Die liefde is die vervulling van die wet, maar hierdie soort liefde is 'n karikatuur van die liefde. Dit is liefde vir die „eie ek" in plaas van liefde tot God en die naaste. Dit is nie asof daar by die mens geen liefde meer bestaan nie. Liefde het hulle wel, maar dit is liefde vir genot, geld. Dit is selfsugtige liefde waar geen ruimte is vir God asook die dinge wat ewigheidswaarde het nie.

Selfs die huisgesinne bly hierdie dinge nie gespaar nie. 'n Kenmerk van die laaste dae sal ook die ongehoorsaamheid aan die ouers wees.

Die mens kan nie God en mammon liefhê nie. „Kies vandag wie julle wil dien", het Josua vir die volk gesê. Die mense van die laaste dae het 'n keuse gemaak en het die genot en die materiële dinge gekies.

Hoe is dit in hierdie tyd met ons in hierdie opsig gesteld?

13 Mei **Lees:** 2 Tim. 3:10-17 **Teks:** 2 Tim. 3:14, 15

VERMANING TOT STANDVASTIGHEID

Hierdie paar verse staan in teenstelling met die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk. In teenstelling met die mense wat afgedwaal het, sê Paulus nou vir Timotheüs aan die begin van hierdie gedeelte: „Maar jy . . ." Timotheüs moet teenoor die dreigende en nou reeds opkomende goddeloosheid posisie inneem. In die lig van die erns van die tye moet hy standvastig daarteenoor staan. Om hom daartoe op te wek herinner hy Timotheüs daaraan dat hy hy vroeër 'n keuse gemaak het en vir Christus gekies het, by sy belydenis na sy bekering. En om vas te bly staan verg nie allerhande kunsies. Om te midde van verleiers en bedrieërs die geloofsekerheid te behou, gee hy vir Timotheüs net die eenvoudig raad: Bly jy in wat jy geleer het. Dit is 'n anker waarvan hy nie losgeruk mag word nie. Van kleins af het Lois sy grootmoeder en Eunice sy moeder die waarheid van die Skrifte vir hom geleer. Dit is die fondament waarop hy moet bly staan al val die puin van die wêreld om hom heen. Timotheüs het hierdie uiters groot voorreg geniet om gelowige ouers te kon hê.

Wat leer ons vir ons kinders? Sal ons eendag dit met vrymoedigheid kan waag om vir ons kinders te sê: Bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het?

14 Mei **Lees:** 2 Tim. 4:1-5 **Teks:** 2 Tim. 4:5

NUGTERHEID

Soos 'n chirurg die kwaal van die liggaam met 'n mes blootlê netso doen die Woord van God ook. Daarvan hou die mens nie. Dit is so moeilik vir die mens om hom te onderwerp aan die bestraffende Woord. Reeds die dissipels het vir Jesus, toe Hy die Woord aan hulle verkondig het, gesê: „Hierdie Woord is hard, wie kan daarna luister." Wanneer die Woord verkondig word, dan laat dit die mens so dikwels iets anders te hore kry as wat die mens graag wil hoor. Toe 'n man deur die dak van 'n huis neergelaat is om deur Jesus gesond gemaak te word, was die verrassende Woorde van Jesus: „Seun, jou sondes is jou vergewe." Vir die man en sy vriende was dit teleurstellende woorde.

In hierdie gedeelte praat Paulus ook van mense wat die gesonde leer nie verdra nie. Die Woorde beskuldig en bestraf en daarom kan hulle dit onder die prediking nie uithou nie. Daarom begeer hulle eie leraars wat die Woord van God loslaat en bevrediging gee aan die subjektiewe gevoel van die hoorders.

Teenoor hierdie geestesstrominge vermaan Paulus: Wees in alles nugter. Wanneer iemand op wag staan dan mag hy nie sy verstand en gesig met bedwelmende drank benewel nie, want anders kan hy dinge nie meer goed onderskei nie. Daar sal baie wees wat hulleself deur die vleiende taal van die valse predikers laat betower en benewel sodat hulle nie meer die waarheid van die leuen kan onderskei nie.

Wees wakker, nugter. Aanvaar die Woord al lê dit die kwaad tot by die wortels bloot. Die gelowige skaam hom nie vir die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot saligheid vir elkeen wat glo.

15 Mei **Lees:** 2 Tim. 4:6-22 **Teks:** 2 Tim. 4:7

DIE GOEIE STRYD

Job het eenmaal uitgeroep: Het die mens nie 'n stryd op aarde nie? Om 'n stryd te voer is deel van die Christen se lewe op aarde. Dit is ook 'n opdrag wat Christus self vir sy volgelinge gegee het: Stry hard om in te gaan deur die nou poort. Nou lyk dit veral in ons tyd of feitlik alle mense hiermee besig is. Almal is besig om hard te stry, want ons praat mos van 'n gejaagde lewe.

Maar nou is die vraag: Waarvoor stry ons? Is ons besig met die goeie stryd volgens die bedoeling van Gods Woord. Om hard te werk sodat ons ons huisgesin kan versorg en andere wat in nood is te help, is natuurlik 'n opdrag van God. Ons moet egter onsself afvra of ons nie die balans verloor het nie. Ons is soms so behep met materiële voorspoed en vasgevang deur aardse dinge sodat ons nie meer 'n oog het vir dit dinge wat op die ewigheid betrekking het nie. Ons stry hard om die liggaam te versorg, maar openbaar ons ook dieselfde ywer vir die geestelike brood.

Dit is soms nodig dat ons tot stilstand geroep word en om soos Paulus terug te kyk na die pad waarop ons geloop het. Gelukkig is die mens wat dan saam met die apostel kan sê: Ek het die goeie stryd gestry. Ek het die geloof behou. Die stryd van Christus het met sy opstanding uitgeloop op die oorwinning oor sonde en dood. Deur ons goeie stryd kry ons deel aan daardie oorwinning, ja is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

16 Mei **Lees:** Titus 1:1-4 **Teks:** Titus 1:1

DIE DIENSKNEG VAN GOD

Die apostel Paulus noem homself 'n dienskneg van God. Dit is hy inderdaad. Hy het hom sedert sy bekering gewy aan die diens van die evangelie. Hy het hom so in geloof oorgegee dat die hele doel van sy lewe die uitdra van die evangelie was.

Dit was sy voorreg om aan die heidene die evangelie te bring sodat hulle die reddende genade van God in Christus Jesus kon smaak. Dit tref ons dat hy so vasgevang was deur die liefde wat God in Jesus Christus geopenbaar het, dat hy gedring is daardeur om God te dien in sy verkondiging van die Woord, in sy organisasie van gemeentes, in sy hele doen en late. In sy eie lewe het hy steeds diens aan God gewy want hy het geweet dat hy tot eer van God leef en nie tot sy eie eer nie. Dit is die uitlewing van die geloof.

By die belydenis van geloof erken elke mens dat hy deur God in Christus Jesus gered is uit die mag en die greep van die sonde en die dood. Hy bely dat hy dood was en lewendig gemaak is deur God in Christus. Omdat hy dood was en nou leef, weet die gelowige dat hy nou nie meer vir homself leef nie, maar dat God in hom leef — dit wil sê dat hy Gods werk wil verrig uit dankbaarheid vir sy reddende genade.

Dit het elkeen van ons ook by die belydenis van ons geloof erken. Die vraag wat so dikwels gevra moet word, is of ons by daardie belydenis bly. Is ons diensknegte en dienmaagde van God wat sy ryk bevorder of lê daar diep onderliggend aan ons dienswerk die hoop om onsself te dien? Beter as wat Christus ons saak gedien het, kan ons dit nie doen nie. Laat ons daarom dankbaar daarin berus en tot eer van God lewe.

17 Mei **Lees:** Titus 1:5-16 **Teks:** Titus 1:16a

ONBRUIKBARE GELOWIGES

Paulus gee aan Titus opdrag om op die eiland Kreta die gelowiges by te staan in die uitlewe van hulle geloof. Om die geloof te kan uitleef is nodig dat die Joodsgesinde propagandiste weerlê sal word in hulle dwalinge. Hierdie Joodsgesinde mense was dwepers wat wel die christelike geloof aanvaar het, maar dit in hoofsaak gedoen het om hulle eie gewin. Hulle praat graag oor hulle kennis van God en hulle dienswerk aan God. Die mense doen dit nie uit suiwer oorwegings met die doel om die eer van God te bevorder nie, maar inteendeel probeer hulle hul eie posisie versterk en hul eie saak te dien. Die apostel Paulus stel dit duidelik aan Titus dat hierdie mense weerlê moet word omdat hulle hul belydenis met hul dade weerlê en onwaar maak.

Hiermee stel Paulus die groot waarheid weer eens vir ons: Die geloof wat ons bely, moet in ons werke blyk. Die geloof en die daaglikse lewe van die mens is nie twee afsonderlike dele van sy lewe wat niks met mekaar te make het nie. Die feit dat ons, ons geloof bely het, druk uit, ons bereidwillig-

heid om in belang van die evangelie en die saak van Gods koninkryk bruikbare instrumente te wees. Dit is een van die waarhede wat ons elke dag moet by bly. Wanneer ons bedoelings met ons arbeid in sy diens nie suiwer is nie, of as ons een ding bely en 'n ander doen, is ons nie bruikbaar vir Gods dienswerk nie.

Die opregte gelowige is hy wat weet dat sy lewe, uit dankbaarheid vir sy verlossing in Christus, moet ooreenstem met die mooi belydenis wat hy afgelê het. Dit is in hoofsaak die dade wat tel en nie die woorde alleen nie. Wie bely dat hy glo, moet oppas dat sy dade nie die teendeel laat blyk nie.

18 Mei **Lees:** Titus 2:1-10 **Teks:** Titus 2:1

DIE GEDRAG VAN DIE GELOWIGE

In die opdrag aan Titus wil Paulus hom daarop wys om sy taak so te verrig teenoor alle mense dat hulle, ten spyte van verskille van allerlei aard, hulle so in die gemeente sal gedra dat hulle blyk sal gee van die vernuwing wat in hulle lewe ingetree het. Hulle wat opgevoed is in die gesonde leer, dit wil sê in die ware geloof, het 'n ander uitkyk op die lewe as die ongelowiges wat hierdie aardse lewe as die enigste sien wat enige sin en waarde het. Paulus stel dit aan Titus dat daar 'n plek en taak in die gemeente is vir alle mense ongeag verskille in ouderdom, geslag, posisie en vermoë. Elkeen het ten taak om in woord en daad blyk te gee van hulle geloof en hulle bereidwilligheid om diensbaar te wees tot opbouing van die geloof van hulle medemens. Hierdie vernuwing in die lewe van die mens kom nie vanself nie, maar volg op die regte verkondiging van die evangelie. Die Woord van God is die middel waardeur die geloof gewek word. Die geloof wat gewek word, werk die verandering in uitsig by die mens.

Dit is ons voorreg om elkeen onder ons eie omstandighede, die evangelie van die verlossende genade te hoor. Hierdie genade wat ons deelagtig geword het dat God ons in Christus verlos het, dring ons tot lewensvernuwing. Ons sien nie net hierdie lewe met sy kommer en sorge raak nie, ons verknies ons nie meer oor ons toekoms nie. Nee, ons weet dat ons 'n tuiste in die hemel het. Dit gee nuwe moed en krag om in woord en daad 'n voorbeeld te wees van dankbare Godsvrug. Hierdie lewenshouding is nie ons eie prestasie nie, maar werk van die Gees van God in ons harte.

19 Mei **Lees:** Titus 2:11-15 **Teks:** Titus 2:14b

DIE GELOWIGES — EIENDOM VAN CHRISTUS

Titus kry opdrag om aan die gemeetne dit duidelik te stel dat die bestaan van die gemeente, die bestaan van 'n volk van

die Here, daaraan toegeskryf moet word dat Jesus Christus Homself vir die wêreld oorgegee het. Hierdie oorgawe van Christus vir die wêreld het meegebring dat die mens vrygekoop is van die ongeregtigheid, die sonde en die dood. Deur Christus se offer is die mens geruk uit die hand van die bose en is aan hom die lewe in die ewigheid geskenk.

Hierdie verlossing word eers ten volle werklikheid by die wederkoms van Christus. Die verwagting van die wederkoms beheers in werklikheid die hele lewe van die gelowige. Agter die besondere lewenshouding en die oorgawe in sy diens staan Christus self wat vir Hom 'n eie volk gereinig het.

In hierdie verhouding staan ons in die diens van die Here. Ons behoort nie meer aan onsself, aan die wêreld of aan enigiemand anders nie. Christus het alle bande wat ons gebind het losgemaak, en ons aan Hom verbind sodat ons aan Hom behoort. Die lewe wat ons leef is dus tot sy eer. Christus het ons met 'n doel verlos. Ons is vry sodat ons deur niks verhinder mag word om ons dienswerk aan Hom te wy nie. Hierdie dienswerk, die goeie werke wat van ons verwag word, is nie bedoel om ons saligheid te verwerf nie. Christus het dit reeds vir ons gedoen. Die goeie werke het ten doel om die opregtheid van my geloof te bewys en om dankbaarheid te betoon aan Hom wat ons uit die duisternis na die lig gebring het. Wie so deur Christus se redding aangespreek is, kan nie anders as om ywerig te wees in die betoning van die goeie werke nie.

20 Mei **Lees:** Titus 3:1-11 **Teks:** Titus 3:1b

GEHOORSAAMHEID VAN DIE GELOWIGE

Paulus skryf aan Titus om die Christene daaraan te herinner dat hulle gehoorsaamheid verskuldig is aan die owerheid en aan verskillende norme. Die gehoorsaamheid is nie maar 'n gehoorsaamheid aan alle wispelturige eise en enige mag wat gehoorsaamheid eis nie. Die gehoorsaamheid van die Christen het perke. Die ondertoon in die opdrag van Paulus is dat mens God meer gehoorsaam moet wees as die mense. Die gehoorsaamheid van die Christen het sy norm, die Woord van God. Sy gehoorsaamheid word bepaal deur die eise van Gods Woord. Gehoorsaamheid aan owerheid en magte volgens die eis van Gods Woord is die toets vir die gehoorsaamheid aan God self.

Paulus maak dikwels gebruik van die woordspeling van ongehoorsaamheid en gehoorsaamheid. Die ongehoorsaamheid van Adam het die sonde en die dood gebring. Die gehoorsaamheid van Christus het die sonde en die dood gebring. Die gehoorsaamheid van Christus het die sonde versoen en die lewe vir die wêreld meegebring.

Die gehoorsaamheid van die mens is nie produk van sy eie deug of godsvrug nie. Die gehoorsaamheid waartoe Paulus roep en waartoe die gelowige in staat is, is die direkte gevolg van die koms van Jesus Christus in die lewe van die mens. Voordat die gelowige Christus aangeneem en bely het as die Verlosser van die wêreld, was hy ongehoorsaam. Die gehoorsaamheid van die Christen word geëis en is alleen moontlik omdat Christus gehoorsaam was aan die Vader, ja al moes Hy daarvoor met sy lewe betaal. Die gehoorsaamheid van die gelowige is dus 'n dankbare antwoord waardeur Hy God dank dat sy gehoorsaamheid nie die ewigheid moet verdien nie — iets wat nie sou kon nie — maar dat hy hom kan verheug in sy verlossing deur die gehoorsaamheid van Christus.

21 Mei **Lees:** Filemon vers 1-7 **Teks:** Filemon 5a

DIE LIEFDE VAN DIE CHRISTEN IS ANTWOORD OP GODS LIEFDE

Die brief van Paulus aan Filemon dra 'n besondere karakter. Dit verskil wesentlik van die ander herderlike briewe in die sin dat dit geen voorskrifte bevat rakende die sorg van die gemeentes nie. Die brief is geskryf deur Paulus tydens sy gevangenskap in Rome aan 'n sekere Filemon wat te Kolosse 'n gesiene en vooraanstaande Christen was. 'n Christen van wie die apostel die mooi woorde skryf: „Ek dank my God altyd . . . omdat ek van jou liefde en geloof hoor."

Die Christen staan in die wêreld met al sy probleme en al sy tekortkominge. Hy vermag dikwels die haas onmoontlike. Die ontberinge en lyding kan hy verduur omdat hy geloof het — geloof en liefde wat die hele lewensuitkyk verander en wat louter en begenadig. Dit is hierdie liefde en geloof wat Filemon in sy lewe getoon het waarvan Paulus verneem het. Nou dank Paulus die Here vir die geloof en die liefde. Dit is die uitkristalisering van die geloof in die daad van Filemon. Dit is die genade van die Here dat Filemon hierdie geloof en liefde kon betoon.

Die liefde wat God die Vader in Christus Jesus aan ons betoon het, is die bron van die liefde wat die gelowige openbaar. Die oorsprong van liefde is God. Dit is geen eie deug nie. Hoe meer liefde ons gee, hoe ryker en voller word sy bron. Die vrees dat die liefde uitgeput sal raak, is ongegrond. Daarom hoef ons in ons dade nie spaarsaam te werk met die liefde nie. Wie sy liefde uit Gods hand ontvang, sal die krag en genade hê om in geloof liefde te betoon aan God bo alles en aan die naaste soos jouself.

22 Mei **Lees:** Filemon vers 8-21 **Teks:** Filemon 9, 10a

DIE CHRISTELIKE VRYHEID

Die slaaf van Filemon met die naam van Onésimus, het die prediking van Paulus gehoor. Hy het gehoor van die vryheid waarvan die evangelie melding maak. Die betowerende woord „vryheid" het 'n diep indruk op hom gemaak. Die nuwe godsdiens is aangegryp omdat dit vir hom die einde van sy slawerny sou wees. Hy besluit om weg te loop en hom by Paulus te voeg. Hy kom by Paulus in die hoop dat Paulus sy vryheid sal bevestig en verseker. Maar dan kom sy groot teleurstelling. Paulus verkeer self in gevangenskap en hoe kan hy Onésimus verlos? Dit is egter nie sy grootste teleurstelling nie. Erger nog is die feit dat Paulus nie wil voldoen aan sy verwagting nie.

Paulus keur sy daad af en bestraf hom. Sy vryheidsideaal het weinig te doen met die vryheid wat Christus verwerf het. Paulus verkondig aan hom die vryheid wat Christus verwerf het. Hy oortuig hom daarvan dat 'n Christen, ook 'n slaaf, die posisie waarin hy verkeer moet aanvaar. Hy stuur hom terug na Filemon met die brief wat in ons Bybel opgeneem is. Paulus ontferm hom oor die slaaf soos wat God Hom in Christus ontferm het oor die mensheid wat in die slawerny van die sonde vasgevang was. Christus het met liefde en nederigheid by die Vader vir ons gepleit sodat ons nie die straf op ons oortredinge sou verkry nie. Die vryheid wat Christus vir ons verwerf het, bring egter nie voorspoed en geluk vir hierdie aardse lewe nie, maar dit spreek van 'n vryheid van die mag van die bose. Hierdie vryheid bied toegang tot die ewige lewe.

23 Mei **Lees:** Hebr. 2:1-4 **Teks:** Hebr. 2:1

NEEM DIE EVANGELIEWOORD TER HARTE

Die Hebreërs word hier vermaan omdat hulle God nie met die verskuldigde eerbied dien nie. Hulle word verder vermaan omdat daar by hulle 'n oppervlakkigheid en 'n traagheid is waar hulle na die evangelieverkondiging moet luister. Hulle gee nie meer ag op sy Woord nie; neem die Woord nie meer ter harte nie. Verskil ons in wese veel van die Hebreërs in ons erns met die evangelie? Is dit dan vreemd dat so baie wegdrywe van die kerk? Ons begewe ons op allerlei dwaalweë omdat die Woord nie meer 'n rigsnoer in die lewe is nie. Die klatergoud van die wêreld lyk dan nie meer so vreemd en misplaas nie. Sienderoë stel die mens hom bloot aan 'n swaarder straf as die wetsverbrekers in die Ou Testament. Want dit is die Verlosser van die wêreld wat ons hier oproep tot 'n beslissing.

Wie so moedswillig wegdrywe verwerp nie alleen die evangeliewoord nie maar verwerp ook Jesus Christus. Dis die

verwerping van Hom wat deur die werking van die Heilige Gees die waarheid van die prediking bevestig het. Daarom is dit noodsaaklik dat ons hierdie groot voorreg om na die evangelieverkondiging te kan luister na waarde sal waardeer. Die wat met diepe erns na sy Woord luister, sal sy Woord in die hart bêre om so nie teen Hom te sondig nie.

Kyk, Jesus Christus van Nasaret gaan verby; gaan dalk onherroeplik by ons verby. Hy kom na ons, kom na ons in sy Woord. Laat ons tog sy evangeliewoord ter harte neem!

„Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie."

24 Mei **Lees:** Hebr. 2:5-18 **Teks:** Hebr. 2:6b

WAT IS DIE MENS DAT U AAN HOM DINK

By die aanskouing van die grootsheid van Gods skeppingswerke en daarnaas ons nietigheid en verganklikheid en ook ons verval, is dit met blye verwondering dat ons besef dat God ons nogtans gedenk. Ja, Hy het ons so gedenk dat Hy mens geword het om so ons redding te bewerk. Ter wille van ons saligheid het Hy uit die hemel neergedaal en in ons bestaan ingekom.

Terwyl die eerste Adam deur sy ongehoorsaamheid veroordeling en dood gebring het, het die tweede Adam deur sy lyde en sterwe, lewe gebring vir almal wat in Hom glo. Nou kan ons opsien na Jesus Christus, wat mens geword het. Hy was nie slegs onder die mense nie, maar was self mens. Hy kan dus volkome met ons meelewe in ons swakhede, versoekinge en leed, en met ons medelye hê. Hy is die ware Hoëpriester omdat Hy die ware offer gebring het deurdat Hy homself geoffer het.

Hierin sien ons Gods grote liefde. Hy maak met ons 'n bemoeienis ten spyte daarvan dat ons self sonder enige verdienstelikheid is. God dink aan die mens; en wanneer Hy aan ons dink, word ons sy genade deelagtig, in die koms van sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld. In Hom word die gevalle mensheid herskep.

God dink aan ons. Dink ons aan Hom? Ons kan ons nie beroem op ons goeie hoedanighede nie. Net soos die psalmdigter en die Hebreërskrywer, moet ons steeds van ons eie nietigheid bewus wees. Dan sal ons Gods verlossing, in Jesus Christus aanskou. Met ons vertrou in Hom, die Gekruisigde, sal ons Hom steeds loof en prys, dat Hy nog aan ons dink en nie met ons in die gerig tree nie.

25 Mei **Lees:** Hebr. 3:7-19 **Teks:** Hebr. 3:7 en 8a

VERHARD JULLE HARTE NIE

Na aanleiding van Psalm 95, rig die skrywer van die brief 'n ernstige vermaning tot die Hebreërs, toe dit vir hom duidelik word dat hulle afvallig word. Die psalmdigter vermaan die volk om nie soos hulle vaders in die woestyn, te handel nie en roep hulle op tot volkome toewyding aan God. Hy verwys na die straf wat op hulle vaders se ontrou gevolg het.

Hierdie waarskuwing is in besonder van toepassing in hierdie omstandighede waarin die Hebreërs verval het. Paulus sien hier weer eens 'n volk wat groot weldade ontvang het. Jesus Christus het na die wêreld gekom! In plaas daarvan dat hulle met dankbaarheid die Here dien, raak hulle afvallig en lós van sy Woord. Daarom dat hierdie dringende vermaning tot die Hebreërs gerig word. Die Hebreërs word aangespreek om hulle harte nie so te verhard dat niks — nie eens die Woord van die Here nie daar kan binnedring nie.

Versoek God nie! Moet nie kyk hoe ver jy kan gaan met jou ongehoorsaamheid, voordat God jou straf nie. God het sy beloftes vervul en spreek tot sy volk deur die Seun. Die werk van Christus is volbring. Omdat hulle vaders na die woord, wat Moses hulle gebring het, nie wou luister nie, moes hulle in die woestyn sterwe en kon die beloofde land nie binnegaan nie. So sal ook die gramskap van God op die Hebreërs neerdaal omdat hulle na die Woord, wat Jesus Christus hulle gebring het, nie wil luister nie.

Hierdie ernstige vermaning word vandag tot ons gerig. Soos die Israeliete van ouds en soos die Hebreërs, is daar menigeen van ons, wat ook ons hart verhard en aan sy Woord ongehoorsaam is. Daarom klink die ernstige wekroep om terug te keer van die dwaalweg waarop ons, ons bevind. Luister na sy evangeliewoord! Neem dit ter harte!

26 Mei **Lees:** Hebr. 3:12-15 **Teks:** Hebr. 3:12

LUISTER EN GLO

Die Hebreërs word hier vermaan om nie in ongeloof af te wyk van die lewende God nie. Hierdie waarskuwing word tot hulle gerig omdat die skrywer begaan is oor die verkeerde pad waarop hulle, hulle begewe het. Hy roep hulle daartoe op om tog te luister en te glo. Hulle het nog nie heeltemal afgewyk van Gods Woord nie maar die tekens is reeds daar dat hulle vinnig op pad is daarheen.

Waak tog om nie so afvallig te raak nie want as die ongeloof eers in die hart van die mens posgevat het, dan het die hart boos en sleg geword. Die ongeloof lei daartoe dat ons nie meer na God luister nie en van sy weë begin afdwaal. Ja, want wat is ongeloof anders as om God te verlaat en Satan te volg — so het Adam en Eva in die paradys gehandel en so handel menigeen vandag nog.

Die vermaning word nou so dringend gerig teryl daar nog tyd is. Nou word sy Woord nog gepredik maar straks sal die Here Hom dalk aan hulle onttrek waar hulle hul teen Hom verhard het. Soos in die dae van Jesaja sal Hy sy diensknegte nie meer uitstuur nie.

Ons moet daarteen waak dat ons nie die ongeloof en sonde in die hart koester nie. Die sonde mislei en bedrieg. Dit lyk vir baie so aanloklik maar dit lei konsekwent tot 'n oordeel en straf.

Laat ons die evangeliewoord ter harte neem en glo. Jesus van Nasaret gaan verby en Hy roep ook u en my om na Hom te luister en in Hom te glo.

27 Mei **Lees:** Hebr. 4:14-16 **Teks:** Hebr. 4:16

HEMELVAART GAAN NA SY GENADETROON

Ons kan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan want ons het 'n Hoëpriester wat groter as enige aardse hoëpriester is. Hy het met sy volkome offer versoenning gedoen oor al ons sonde. Na sy hemelvaart keer Hy nie weer as aardse hoëpriester terug nie maar tree vir ons as hoëpriester in by Gods genadetroon.

Ons het 'n Hoëpriester wat medelye het met ons swakhede. 'n Hoëpriester wat ons leed ken omdat Hy self ook versoek is, net soos ons.

Deur die volkome offer van Jesus Christus kan ons nou met vrymoedigheid na die troon van genade gaan om op die regte tyd gehelp te word. Daar word genade en barmhartigheid aan ons bewys. In Jesus Christus sien God ons nie meer as sondaars aan nie maar as begenadigdes.

Sal ons dan nie hierdie roepstem ter harte neem nie en in die gebed tot sy genadetroon nader nie?

28 Mei **Lees:** Heb. 6:9-12 **Teks:** Heb. 6:11a

WEES YWERIG

Die skrywer ontsien sy lesers nie maar sê aan hulle onomwonde wat hulle foute is. Hy spreek die hoop uit dat daar by hulle groter ywer en toewyding te vinde sal wees. Hulle traagheid kan daartoe lei dat Gods oordeel oor hulle sal kom.

Die skrywer maan die Hebreërs daartoe dat hulle onder geen illusie moet verkeer nie maar van hulle dwaalweë af moet terugkeer.

Hy kan wel die vrugte van die geloof by hulle opmerk; daarom dat hulle mede broeders en susters, wat in nood verkeer, gehelp en gesterk het. Hierdie diens spruit voort uit 'n dankbare hart vir Gods genade.

Die skrywer roep hulle dringend op tot groter ywer. Hulle ywer en toewyding moet nie net op die hede gerig wees nie. Hulle blik moet ook op die toekoms gerig wees.

Ons moet voortgaan op die regte weg, tot die einde toe. Ons moet ons lewe berouvol aan Jesus Christus wy, sodat ons kan deel in die voorregte van Gods volk en in sy ewige koninkryk. Laat ons tog nie traag in sy diens wees nie maar laat elkeen hom met groot ywer aan sy diens wy.

29 Mei **Lees:** Heb. 6:13-20 **Teks:** Heb. 6:18c, 19

'N STEWIGE ANKERPLEK

Wat is die hoop vir die gelowige? Dit is die sekere en rotsvaste anker van die siel wat op die sekerheid van Gods beloftes rus.

Soos die skipper, werp die Christen ook in geloof 'n anker uit, wat hom teë hou dat hy nie op die deining van die golwe van die lewe, dalk heeltemal van sy God af sal wegdrywe nie. — Die hoop op God!

Die anker van die gelowige — die hoop op Gods beloftes — word nie uitgewerp in die dieptes van die see nie maar word hemelwaarts gerig; veranker in Jesus Christus die Verlosser. 'n Beter en sekerder ankerplek is daar nêrens te vinde nie. Weldra sal die hoop oorgaan in aanskoue, wanneer Hy weer op die wolke na ons sal kom.

Sal Hy ons dan vind, stewig in Hom veranker?

30 Mei **Lees:** Hebr. 8:1-5 en Hebr. 1:1-3 **Teks:** Hebr. 8:10

JESUS CHRISTUS ONS HOËPRIESTER

Ons lees in die Heilige Skrif dat Jesus Christus na sy hemelvaart aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele gaan sit het. Vandaar voer Hy nou sy taak as Hoëpriester uit.

In die voorafgaande hoofstukke tref die skrywer van die Hebreër brief telkens 'n vergelyking tussen die Levitiese hoëpriester van die ou verbond en Jesus Christus die Hoëpriester van die nuwe verbond. Die Hoëpriester van die nuwe verbond word dan ook duidelik geteken as die mens se enigste en ewige Hoëpriester. Hy is die enigste Hoëpriester omdat Hy alleen deur sy enige offer en bloedstorting aan die kruis, die afwassing van alle menslike sondes en ongeregtigheid kon bewerkstellig.

Jesus Christus alleen kon volkome redding bring omdat Hy na sy opstanding en hemelvaart aan die regterhand van God gaan sit het om daar nie alleen met alle mag in die hemel en op die aarde beklee te word nie, maar om vandaar ewig vir sondaars in te tree en sy gemeente te regeer.

Hemelvaart verkondig nou juis aan ons dat ons so 'n Hoëpriester het. Dit verseker ons dat dié wat Hom aanvaar en deur Hom tot God gaan, verlos sal word.

31 Mei **Lees:** Jer. 31:31-40 en Hebr. 8:6-13 **Teks:** Hebr. 8:10

TWEE VERBONDE

In die gedeeltes wat ons gelees het gaan dit in hoofsaak om die twee verbonde wat God met die mens gesluit het. Die eerste verbond het God met Israel gesluit by die berg Sinaï nadat Hy hulle uit die slawehuis van Egipte gelei het. Hierdie verbond het geëis dat die volk die tempeldiens moes onderhou.

Vanweë hulle ongehoorsaamheid en afvalligheid het die volk egter telkens die verbond van God verbreek deur ander gode te dien. Hieroor word hulle dan telkens berispe en gestraf.

Maar omdat by God vergewing is, word die volk nie verdelg nie, maar gee Hy deur Jeremia die belofte van 'n nuwe verbond. Die wette van die ou verbond was op kliptafels geskrywe, maar die wette van hierdie nuwe verbond sal die Here in hulle verstand gee.

In die tyd van die Nuwe Testament is hierdie belofte van die Here vervul met die koms van sy eniggebore Seun, Jesus Christus. Hy is die Hoëpriester van die nuwe verbond wat sy lewe as volmaakte offer bring vir die sondes van die ganse mensdom.

Dit was die sondige hart van die mens wat nie ontvanklik was vir die wette wat op kliptafels geskrywe was nie. Wanneer God dit nou in die mens se verstand gee en dit op hulle harte skrywe, sal die mens nie net van tyd tot tyd daarmee in aanraking kom nie; nee die mens sal dit verstaan en liefkry en dit sal sy gesindheid verander.

En as die gesindheid verander — die sonde laat vaar word — sal Hy vir hulle 'n God wees en hulle sal vir Hom 'n volk wees.

Die wet waarvan hier sprake is, is nog dieselfde wet wat liefde tot God en tot ons naaste eis. Dit is die wet wat ook vandag in ons harte geskrywe word deur Jesus Christus wat Homself in sy Woord aan ons openbaar.

Omdat die nuwe verbond ook met ons, die Christen-gelowiges aangegaan is, moet ons die wet ken, dit verstaan en liefkry en dit bo al gewillig doen om alleen ons dankbaarheid aan Hom te bring wat vir ons God is en ons as sy volk aangeneem het.

1 Junie **Lees:** Hebr. 9:1-14 **Teks:** Hebr. 9:14

GEREINIG VAN DOOIE WERKE

In hierdie hoofstuk word die tabernakel waarin die offer deur die hoëpriester van die ou verbond gebring is, ten volle beskryf. Die hoëpriester alleen kon die tweede deel van die tabernakel betree om te offer vir die sondes van die volk en vir sy eie sondes. Die offerbloed van bokke en kalwers wat gevloei het, het vir die volk en die hoëpriester gedien tot reinigmaking en heiliging. Vanweë die sondige natuur van die mens, moes hierdie offer telkens herhaal word.

Wanneer Jesus Christus sy Hoëpriesterlike werk op die aarde verrig dan doen Hy dit volkome in 'n groter en meer volmaakte tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê wat nie aan hierdie skepping behoort nie.

Wanneer Hy 'n offer bring, is dit nie die bloed van stiere en bokke nie, maar sy eie bloed. So volmaak is hierdie offer dat dit eenmalig was en nooit herhaal hoef te word nie. Slegs eenmaal het Hy die heiligdom binnegegaan en ewige verlossing van die sonde teweeggebring.

As die bloed van stiere en bokke geheilig en gereinig het van die sonde, hoeveel te meer het ons nou die sekerheid dat die kosbare bloed van Jesus Christus die Lam van God, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, ons sal reinig van al ons sonde en ongeloof, dit wil sê van alle dooie werke. Want alle werke in ongeloof en sonde tot eie verheerliking gedoen, is dooie werke.

Hierdie offer van Christus geld vandag nog, omdat Hy aan die regterhand van sy hemelse Vader sy werk as ewige Hoëprister voortsit. Sy offer maak ons vry van smet en sonde, vry van alle dooie werke sodat ons tot verheerliking van God, goeie werke kan verrig.

2 Junie **Lees:** Hebr. 10:1-17 **Teks:** Hebr. 10:12

JESUS CHRISTUS AAN DIE REGTERHAND VAN GOD

Op die vraag, waar Jesus Christus nou is na sy mensheid, antwoord die Heidelbergse Kategismus dat Hy na sy mensheid nie meer op die aarde is nie, maar verhoog is tot aan die regterhand van God die Vader.

Om aan die regterhand van God te sit, dui die verhewendheid van hierdie enige Hoëpriester aan bo die aardse hoëpriesters. Die aardse hoëpriester het gestaan by voltrekking van die offerseremonie. Jesus Christus sit. 'n Geweldige voorreg, wat in die Joodse voorstelling alleen aan die Messias toekom.

Die regterhand van 'n koning was die simbool van sy heerskappy. Diegene wat aan sy regterhand staan, ontvang volmag om namens die koning te regeer asof alle mag in sy

hande is. Omdat Hy alles volbring het kon Christus aan die regterhand van sy hemelse Vader gaan sit.

Aan die regterhand van God besit Hy nou alle mag in die hemel en op die aarde, besit Hy die mag om as ons Koning te regeer. Dit is 'n blye boodskap in die kerk omdat daardeur vir hom die sekerheid is, dat Jesus Christus Hom betoon as Hoof van sy kerk, deur wie die Vader alle dinge sal regeer.

Met Hom as Heer en Hoof van die kerk weet ons, die gelowiges, dat Hy self sy kerk instand hou. Hy deur sy Heilige Gees sal ook die hemelse gawes in ons, sy lede uitgiet. Hy sal ons ook vandaar vir altyd bewaar en beskut teen alle magte en vyande wat ons — sy kerk — wil oorweldig en vernietig.

3 Junie **Lees:** Hebr. 11:1-16 **Teks:** Hebr. 11:6

DIE GELOOF BEHAAG GOD

Ons tekshoofstuk maak melding van die geloofshelde van die Ou Testament. Dit was gewone mense wat geglo het. Deur hulle geloof in God en in sy weldade, het hulle Hom behaag. En sonder geloof is dit vir enige mens onmoontlik om God te behaag.

Wat is geloof? Vers 1 antwoord duidelik op hierdie vraag, Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Die geloof is dus die vertroue wat die mens besit in die Woord van God wat sê dat Hy al sy beloftes aan die mens waar sal maak.

Die inhoud van hierdie beloftes is Jesus Christus. Hy het vir ons gely en gesterwe. Aan die resultaat van hierdie verlossingsdaad naamlik vergiffenis van sonde, kry ons reeds deel. Maar Christus het ook opgestaan uit die dood, opgevaar na die hemel en regeer sy kerk aan die regterhand om weer eenmaal in groot heerlikheid te kom om alles nuut te maak. Alhoewel die Christus-gelowige nou reeds in beginsel deel kry aan die ewige lewe, is sy verwagting gerig op dié dag van die koms van sy Heer, wanneer sy kinders die erfdeel ten volle in besit kan neem.

Die geloof dat Christus, die Heer weer sal kom is die bewys, die waarborg en sekerheid dat dit wat God beloof het, waar is. Dit is die grondslag van ons hoop.

Hierdie geloof wat God behaag is 'n gawe van Hom aan die mens. Die geloof word gebou deur die Gees van God. Dit geskied by die hoor van die gepredikte Woord en by die gebruik van die heilige sakramente.

Om die geloof, as gawe van God, in ontvangs te kan neem is dit dus vir elkeen van ons nodig om gehoor te gee aan die oproep „laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim nie." Laat ons na sy Woord luister en deel kry aan die sakramentsbediening.

4 Junie **Lees:** Hebr. 12:1-11 **Teks:** Hebr. 12:1

VOLHARDING IN DIE WEDLOOP VAN DIE GELOOF

Die geloofstryd word in ons teksvers vergelyk met 'n wedloop. Voordat hy aan 'n wedloop deelneem, sorg elke atleet dat hy fiks en geoefend is, sodat hy wanneer hy die wedloop aandurf hom tot die uiterste toe kan inspan om die wedloop te voltooi of om as oorwinnaar bekroon te word.

Die geloofstryd word met so 'n wedloop vergelyk. Die mens moet hom self gedurig oefen in die geloof. Daarvoor is nodig die grondige ondersoek en kennis van Gods Woord. Die oefening in die geloof behels dus sekerlik in die eerste plek die kategetiese onderrig van elke gelowige om uiteindelik na deeglike kennis van die Woord van God, belydenis van geloof te kan aflê. Om geoefend te bly vra nou 'n gedurige en volhardende lees en luister na Gods Woord, dit wil sê die onderhouding van die erediens en die persoonlike ondersoek en bestudering van Gods Woord.

Alleen as die gelowige homself só oefen in die geloof kan hy aan die geloofswedloop deelneem en sal hy uiteindelik deur die geloof wat God skenk instaat gestel word om die wedloop van die geloof te kan voleindig.

In hierdie wedloop moet ook alle laste afgelê word wat kan hinder. Hierdie laste is die sonde, die ongehoorsaamheid en die afvalligheid van God en sy Woord.

As ons volhard in die wedloop van die geloof, dan hou ons ons oog gerig op Jesus Christus wat aan die kruis vir ons die finale oorwinning behaal het en ons instaat gestel het om as mede-oorwinnaars uit die stryd te tree. Deur sy oorwinning sal ons ook eenmaal kan uitroep soos Paulus

„Ek het die goeie stryd gestry,
ek het die wedloop voleindig,
ek het die geloof behou."

5 Junie **Lees.** Hebr. 13:1-19 **Teks:** Hebr. 13:15

DIE LOF AAN ONS HOËPRIESTER

In die Hebreërbrief word alles gesê aangaande die taak van die hoëpriester van die ou en nuwe verbond. Ook die offers en hulle betekenis geniet baie aandag. Die enigste Hoëpriester wat die weg van vernedering en ontlediging ondergaan het, was Jesus Christus. Hy lê buitekant die poort, soos 'n uitgeworpene, soos 'n misdadiger. Dit is die offer wat Hy gebring het vir ons sondes.

Nadat die hoëpriester van die ou verbond die versoeningsoffer vir alle sondes voltrek het, het die volk die geleentheid gekry om lofoffers te bring as dankbetuiging aan God vir die verlossing van hulle sondes. Die lofoffer was 'n vrywillige

gawe aan God. Die eerste lofoffer word reeds in Ex. 15 aan die oewers van die Rooi See gebring. Gedurig het die volk van daardie tyd af lofoffers aan God gebring.

Die Godsvolk van die Nuwe Testament, die Christusgelowiges, kry deel aan die versoeningsoffer van Christus buitekant die poort. Ons deel ook in dit wat die Hemelvaart van Christus vir sy kerk inhou. Die offer van Christus was volkome en niemand kon daaraan iets toevoeg nie. Die mens kan slegs antwoord met sy dankoffers en lofoffers.

Volgens ons teksvers moet hierdie dank- en lofoffers gedurig aan God gebring word. Nie net op 'n bepaalde tydstip van die jaar of op 'n bepaalde uur in die kerk nie, maar elke dag en elke oomblik van ons lewe.

Hierdie offers is ook nie alleen stoflike en materiële dinge nie, maar ons ganse lewe wat ons aan Hom moet wy. Dit behels ook nie net lippetaal nie maar ook ons dade wat die belydenis van ons mond gestalte gee.

6 Junie **Lees:** Hand. 2:14-38 **Teks:** Hand. 2:37, 38

HET U DIE GAWE VAN DIE HEILIGE GEES ONTVANG?

Die uitstorting van die Heilige Gees was 'n eenmalige gebeurtenis. 'n Herhaling kan nie weer verwag word nie, en dit is ook nie nodig nie. Omdat Hy eenmaal uitgestort is en sy intrek in die kerk geneem het, bly Hy ook daar. Maar het U al die gawe van die Heilige Gees ontvang? Want dit het geen nut om op Pinksterdag te herdenk dat die Heilige Gees uitgestort is, dat Hy in die kerk van die Here woon en werk, as Hy nie ook woon in u hart nie.

Hoe kan u weet dat u ook die gawe van die Heilige Gees ontvang het, dat Hy ook woning gemaak het in u hart?

Nadat die Israeliete Petrus se prediking gehoor het, is hulle diep in die hart getref. Dit was die Heilige Gees wat hulle deur middel van die gepredikte Woord oortuig het dat dié Jesus wat hulle gekruisig het tog die ware Messias is. Dit het ontsteltenis in hulle harte veroorsaak. Oortuig van hulle sonde, sou die angstige vraag in hulle harte opgekom het: Wat moet ons doen?

Wanneer u oortuig is van u sonde en die gevolge daarvan u ook beangs laat vra het: wat moet ek doen? en u u toevlug geneem het tot Jesus Christus wat aan die kruis vir u sonde geboet het; en u u laat doop het as 'n teken en seël van die vergewing van die sonde; en u het 'n begeerte om die sonde te ontvlug en in 'n nuwe godsalige lewe te wandel — dan kan u ook daarvan seker wees dat u die gawe van die Heilige Gees ontvang het. Want dit is die Heilige Gees wat oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. Blus Hom nie uit nie en weerstaan Hom nie!

7 Junie **Lees:** Hand. 2:42-47 **Teks:** Hand. 2:42

'N IDEALE TOESTAND IN DIE GEMEENTE

In die enkele woorde van die teks word die lewe van die eerste gemeente na die uitstorting van die Heilige Gees geskilder. Dit was nog 'n ideale toestand waarin 'n gemeente — ook dié van vandag — moet verkeer. Watter groot verskil is daar egter nie tussen daardie eerste gemeente en die gemeentes van vandag nie! Die eerste gemeente het volhard in die leer. Wanneer die apostels daar was om te leer, was hulle daar om te luister. Vandag is die volharding in die leer nie meer 'n algehele kenmerk nie. Wanneer die leer verkondig word, is u plek menigmaal leeg in die kerk.

Die eerste gemeente het ook volhard in die gemeenskap. Die vermaning was nie nodig om mekaar in liefde te dien en om mekaar se laste te dra nie. Daar is vanself 'n liefde aangetref wat nie gepraat het met woorde nie, maar geblyk het in dade, sodat die opmerking gemaak is: Kyk, hoe lief het hulle mekaar. Vandag is daar soveel partyskappe en verdeeldheid en onaangename rusies. En die liefde van die meeste het verkoel.

Die middel wat die gemeente saambind en wat die eenheid voed en bestendig, het die eerste gemeente geken. Daarom het hulle ook volhard in die breking van die brood Menige Christen moet hom vandag skaam, want hoe baie haper daar nie in die in-ere-hou van die heilige nagmaal nie?

Ten slotte het die eerste gemeente ook nog volhard in die gebede. As die gebed ophou, verflou die geloof en die geestelike lewe kwyn weg soos by baie vandag waargeneem kan word.

As daar 'n verandering wil kom in die ontstellende dorheid van lidmate en gemeentes vandag, dan moet daar gebid word dat die Heilige Gees wat uitgestort is opnuut sal deurbreek in die harte, ook in u hart.

8 Junie **Lees:** 1 Kor. 1:1-9 **Teks:** 1 Kor. 1:4

DANKBAARHEID VIR GEGEWE GENADE

Korinthe was 'n hawestad waar die sonde hom in vele opsigte geopenbaar het. In en by die vele afgodstempels was daar 'n sedelike verval, terwyl slegte elemente onder die bevolking getuig het van al die ongeregtighede wat byna straffeloos bedryf is. In hierdie sondige sedelose hawestad was daar ook mense wat tot die gemeente van Jesus Christus gevoeg is. Dat daar ook mense was wat geleef het in die kring wat deur Jesus Christus beheers is, was nie die werk van Paulus wat sy sendingsreis ook na Korinthe onderneem het en aldaar Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, verkondig het nie. Nee, God het die genade gegee dat sommige harte geopen is om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. Die

Heilige Gees het ook te Korinthe woning gemaak nadat Hy Paulus se weg daarheen gelei het. Daar het Hy in vele harte die wedergeboorte gewerk waardeur daar 'n haat teen en 'n vlug weg van die sonde af ontstaan het, en 'n lus en 'n liefde om na al die gebooie van God te lewe.

Vir hierdie genadewerk van God het Paulus God altyd gedank.

Hierdie genadewerk van God waar Hy deur die werking van sy Heilige Gees sondaars losmaak uit die bande van sonde en ongeloof en hulle bring tot die kennis van hulle sonde en van die weg van verlossing en tot 'n lewe van dankbaarheid, het nie alleen in Korinthe plaasgevind nie. Dit vind plaas op al die plekke van Godsheerskappy. Dit het ook plaasgevind hier in ons Christenland waar sovele tot die kerk van Jesus Christus behoort en deur die heilige doop afgesonderd is van die ongelowige wêreld.

Dank u God ook dat u gebore is uit 'n geslag waarop Gods genade rus? Hy wat glo dat God Hom in Jesus Christus ook oor hom ontferm het, sal nie anders kan as om God altyd vir die genade te dank nie.

9 Junie **Lees: 1 Kor. 1:18-30** **Teks: 1 Kor. 1:18**

DIE VERHOUDING TEENOOR DIE WOORD VAN DIE KRUIS

Die gedagte van skeiding word telkens in die Bybel aangetref. Wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom, sal Hy al die nasies wat voor Hom versamel is van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei. Hier in die teks is die skeiding tussen die wat verlore gaan en die wat gered word. Die kenteken van die skeiding is die verhouding teenoor die woord van die kruis: Vir die wat verlore gaan is die woord van die kruis dwaasheid en vir die wat gered word is dit die krag van God.

Die kruis is teken daarvan dat die mens verwerp is, want Hy wat aan die kruis gehang het, is die Seun van die mens wat tot sonde gemaak en deur God verwerp is.

Wie voor die kruis te staan kom, moet dus erken dat hy verwerplik is; dat hy moes hang waar die Seun van die mens gehang het, maar dat die Seun van die mens in sy plek daar gehang het, sodat hy nie meer verwerplik hoef te wees nie. Wie nie tot hierdie erkenning kom nie, vir hom is die Woord van die kruis vanselfsprekend dwaasheid. Hy gaan ook verlore, want die toorn van God bly op hom.

Hy wat egter deur die genadige lig en leiding van die Heilige Gees tot hierdie erkenning gekom het en dit bely, vir hom word die Woord van die kruis 'n krag van God, 'n krag wat sondaars tot regverdiges maak en verworpenes tot die wat gered word.

10 Junie **Lees:** 1 Kor. 2 **Teks:** 1 Kor. 2:6-10

GODS HEILSPLAN — DIE WYSHEID VAN GOD

Die kruisevangelie is nie alleen 'n krag van God nie, maar ook 'n wysheid van God. Paulus spreek in hierdie Skrifgedeelte van die wysheid van God wat die wêreld nie ken nie. Geen oog het dit gesien, geen oor het dit gehoor en in die hart van 'n mens het dit nie opgekom nie. Die heil wat God in Christus Jesus berei het, is dus groter as wat enige mens hom dit kan voorstel. Die mens kan dit deur sy eie denke nie ontdek nie, en hy kan dit nie verstaan, tensy dit aan hom geopenbaar word deur God Self.

Indien God sy heilsplan nie self openbaar nie, en die verborgenheid deur die mense ontdek kon word deur eie vernuf en wysheid, indien hulle Jesus Christus geken en geweet het wie en wat Hy was, sou hulle Hom nie gekruisig het nie. Maar nou het Hy onder hulle gestaan soos Een wat hulle nie geken het nie en die teendeel het gebeur. Die heersers van hierdie wêreld met Israel se wyses aan die spits het die Here van die heerlikheid gekruisig.

Vir die menslike vernuf en wysheid het die Goddelike heilsplan nou 'n ergernis en 'n dwaasheid geword.

Hy aan wie die Gees van God sy heilsplan openbaar het — die wedergebore mens wat tot geloof en bekering gekom het — neem dit aan as wysheid van God.

Tog bly dit so dat hy wat die heilsplan van God gelowig aanvaar het, nie kan sê dat hy alles daarvan begryp nie. God het die geheime van sy ewige heilsplan gedeeltelik onthul vir sover Hy dit vir ons mense nodig ag. En daarop sê die Geesverligte mens gelowig op Amen. In die diepe besef dat „die verborge dinge is vir die Here, onse God, maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders" leef hy — geleer deur die Woord van God en gelei deur die Gees van God — in die oortuiging: Jesus Christus is die Verlosser van sondaars. Wie na Hom toe kom, sal Hy nie uitwerp nie.

11 Junie **Lees:** 1 Kor. 3:1-8 **Teks:** 1 Kor. 3:1, 3

STRYD TEEN DIE VLEES

Die mens wat deur die Heilige Gees wedergebore is en tot geloof en bekering gekom het, is nog geen volmaakte heilige nie. Selfs die allerheiligste, solank as hy in hierdie lewe is, is dit slegs in beginsel. Dit is omdat die sondige vlees met sy begeerlikhede wat die mens van nature eie is, nog so 'n groot plek inneem en in sy lewe nawerk.

Hy wat deur die genade van God deur sy Heilige Gees tot 'n geestelike lewe vernuwe is, is daarom in 'n groot stryd

gewikkel om die Gees in hom te laat werk om sodoende nie die begeerlikheid van die vlees te volbring nie.

Dit gebeur nie altyd sonder struikeling en val nie. Dikwels word daar nog gewandel na die mens, vleeslik. Dit is soos een wat nog staan onder die mag van vleeslike en bedorwe neigings en wat nie deur die Gees van God gelei word nie.

So was daar onder die Korinthiërs jaloersheid en twis en tweedrag. 'n Bewys dat 'n vleeslike gesindheid, vleeslike belange en neigings nog oor hulle geheers het.

Elkeen kan sy eie hart ondersoek of hy nie ook aan die begeerlikheid van die vlees toegee nie: owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en derglike dinge — almal werke waarin die vlees hom openbaar.

Oorsaak dat die vleeslike gesindheid nog die oorhand in u lewe kry is dikwels omdat u nog 'n klein kind in Christus is wat net met melk (elementêre, oppervlakkige kennis) tevrede is en nie met vaste spyse (dieper waarhede van die geloof) gevoed wil wees nie.

Die klein kind is bestem om volwassene te word. Soos hy tot volwassenheid ontwikkel, so moet die gelowige toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Dan sal sy Gees wat in u woon u ook in toenemende mate sterk om die sondige vlees met sy begeerlikhede te kruisig.

12 Junie **Lees:** 1 Kor. 3:9-23 **Teks:** 1 Kor. 3:16, 17

DIE GEMEENTE, DIE GELOWIGE, 'N TEMPEL VAN GOD

Die gemeente in Korinthe wat deur Paulus se arbeid daar tot stand gekom het, het nie 'n tempel gehad nie. In die huis van Justus het hulle gereeld bymekaargekom.

Moontlik sou die vraag by hulle opgekom het of hulle wat elke dag geleef het tussen die vele tempelgeboue wat daar in Korinthe was en waarheen hulle eers gereeld gegaan het, nie agteruit beweeg het nie; nou dat hulle tot die christelike kerk toegetree het.

Toe Christus aan die kruis die laaste asem uitgeblaas het, het die voorhangsel van die tempel in twee geskeur, van bo tot onder. Dit beteken dat die tempel en die offerdiens deur die verlossingswerk van Jesus Christus sy betekenis verloor het. God wou nie net in één tempel onder één volk woon nie. Nadat Hy in Christus die wêreld met Homself versoen het, het Hy van agter die voorhangsel, wat sy teenwoordigheid voor die oë van die mens moes verberg, na buite getree: Waar twee of drie nou in sy Naam vergader, daar is Hy in hulle midde; daar woon Hy met sy Gees; daar is sy tempel.

Paulus kan dan aan die gemeente in Korinthe skryf: „Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?"

Die gemeente dan is 'n tempel van God omdat God deur sy Gees in hom woon. Om dieselfde rede is elke gelowige ook 'n tempel van God en word daar selfs van sy liggaam gesê dat dit 'n tempel van God is.

Die karakter van God se tempel is dat dit heilig is. Die gemeente en elke gelowige sal daarom in hulle hele lewenswandel heilig moet word omdat daar geskrywe is: „Wees heilig, want Ek is heilig."

13 Junie **Lees:** 1 Kor. 4:1-5 **Teks:** 1 Kor. 4:2, 3

GETROUHEID LIEWER AS MEDEDINGING

Vanuit die gemeente in Korinthe is allerlei beskuldigings teen Paulus gemaak. Daar was ook pogings om hom en Apollos teen mekaar af te speel. Dit gee aanleiding tot eindelose partyskappe en twis.

As Paulus antwoord op al hierdie dinge vermaan hy die Korinthiërs om op te hou om te oordeel. Hulle moet ophou om mekaar en hulle voorgangers te oordeel. Om ander te oordeel is 'n reg wat ons mense graag vir onsself opeis maar wat ons nie toekom nie. Niemand nie. En u, het u ook al u voorgangers geoordeel? Maar dit kom u nie toe nie. Daar is iets anders en iets veel beters wat u vir u voorganger kan en behoort te doen; bid vir hom. God sal hom oordeel.

Die evangelie van Christus het vir Paulus op 'n besondere wyse vrygemaak. Dit het hom vrygemaak van die wet. Maar dit het hom ook vrygemaak van menseoordeel en vooroordeel. „Maar vir my beteken dit baie min of ek deur julle of deur 'n menslike regbank beoordeel word." Dit is besondere genade as 'n mens sovêr in die lewe is. As jy jou nie meer bekommer oor die oordele van mense oor jou nie; as jy vry is van aanhoudende, krampagtige mededinging en kompetisie met jou medemens; as jy weet dit gaan nie om hoe jy voor jou medemens staan nie, maar om iets veel groters: hoe jy voor God staan. Daarom alleen gaan dit vir Paulus: hoe God oor sy werk sal oordeel. Daarom steur hy hom weinig aan die oordeel van mense.

Maar dit geld vir Paulus alleen teen die agtergrond van een duidelike voorbehoud: die dienaars van Christus moet getrou bevind word. Getrouè dit beteken die moeite werd om jou daarop te verlaat. Kan die gelowiges hulle op ons arbeid verlaat? Is ons getrou in die diens van Christus? Elke dienaar van die kerk sal goed doen om hom hieroor te bekommer, eerder as om hom te verknies oor die oordele en veroordele van mense.

14 Junie **Lees:** 1 Kor. 4:6-21 **Teks:** 1 Kor. 4:19

DIE SONDE VAN OPGEBLASENHEID

Paulus is diep bekommerd oor die gesindheid van sommige lidmate in die gemeente van Korinthe. Hy beskryf hulle as opgeblase. Hoe is 'n Christen wat opgeblaas is? Dit laat 'n mens onwillekeurig dink aan 'n ballon wat opgeblaas word. Groot volume en vertoon na buite, maar binne is niks anders as net wind nie. Pure leegheid.

'n Mens wat opgeblaas is is altyd hoogmoedig. Hoogmoedigheid maak dat jy altyd ander wil oordeel. Dit kon die Korinthiërs so goed doen. Hulle oordeel en veroordeel nie net mekaar nie, maar ook hulle voorgangers, vir Paulus en Apollos. Dit gee aanleiding tot kliekvorming, tot partyskap en eindelose twis. Dit is so tragies as Christene dit doen. Dit is soos 'n atleet wat op die baan hardloop. Maar in plaas van alle konsentrasie toe te spits op die wenpaal, is hy aanhoudend besig met die ander wat langs hom hardloop. So 'n man sal nooit die einddoel bereik nie. Dit gaan met baie van ons in die kerk so. In plaas van die oog te vestig op Jesus Christus, is ons aanhoudend besig om te twis en te stoei met ons mede-Christene.

'n Opgeblase mens is ondankbaar. „En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?" Die mens doen daarom nie net sonde nie. Hy maak hom ook belaglik. 'n Mens wat dink en maak of hy sterk en ryk en aansienlik is, vergeet dat sy lewe, sy besittings, alles wat hy het en is, geskenk van God is, en juis daarom weer vir die diens van God bestee moet word. Daarom leef soveel mense weg van die kerk af, sonder Woord en sakrament. Moderne Christene, nog meer as die Korinthiërs, is opgeblase, grootdoenerig.

'n Opgeblase mens kan baie praat, maar hy ken nie die krag van die geloof nie. Hy is 'n mens wat nog die gedaante van godsaligheid het maar die krag daarvan verloën het. Dit is soos sout wat smaakloos geword het en vir geen doel meer dien nie. Soos die Korinthiërs deur Paulus gekonfronteer word, sal elke mens in die laaste dag gekonfronteer word; om uit te vind, nie die woorde van die wat opgeblase is nie maar hulle krag.

15 Junie **Lees:** 1 Kor. 4:6-21 **Teks:** 1 Kor. 4:20

DINAMIET VAN GOD

Teenoor die opgeblasenheid van die Korinthiërs stel Paulus sy eie lewe in nederige diens aan God, asook die van sy mede apostels. Ter wille van Christus en sy diens het hulle 'n skouspel geword vir die wêreld, hulle word as dwase beskou, hulle is snaaks, in oneer, ly honger en dors, hulle is naak en

word geslaan en swerwe rond. Hulle word belaster en gehoon as uitvaagsels en afskraapsels. Maar deur so swak te word het hulle juis sterk geword. So is 'n mens 'n bruikbare instrument in die hand van God, as jy bevry is van alle skyn, hoogmoed, waan en opgeblasenheid. 'n Mens wat soos Paulus in die stof van die aarde die grootheid en heerlikheid van die Heer erken het, ken daarna ook sy eie nietigheid en ellende, kan net nie meer opgeblase wees nie.

Dan kom daar in jou lewe die krag van God. Die vermoë om te seën as jy uitgeskel word, te verdra as jy vervolg word, te troos as jy belaster word. Dit doen geen mens uit homself nie. Alleen die wedergebore mens is deur die krag van God daartoe in staat. „. . . want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag." Die woord wat in Grieks deur Paulus gebruik is vir krag, is **dunamis.** Dit herinner dadelik aan ons woord dinamiet. Die evangelie van Christus is dinamiet van God. Die Korinthiërs het geen vermoede gehad van wat dit beteken dat Paulus die evangelie op Europese bodem verkondig nie. Vandag besef ons dit. Dit het die wêreldloop gewysig. Dit was voorwaar dinamiet!

Het ons Christendom vandag nie 'n jammerlike woordchristendom geword nie? Hoeveel word nie gepraat in die kerk en op vergaderings nie! Hoeveel lidmate antwoord ja by die geloofsbelydenis, huweliksbevestiging, doop van hulle kinders, of die bevestiging as ampsdraer van die kerk. Maar van die krag, die dinamiet van die evangelie kom in die lewe helaas niks tereg nie. Ons moet dit opnuut hoor: „. . . want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie maar in krag."

16 Junie **Lees:** 1 Kor. 5:1-13 **Teks:** 1 Kor. 5:7b en 8a

ONS PAASLAM: JESUS CHRISTUS

In Exodus 12 lees ons van die instelling van die pasga in Israel. Die bloed aan die deurposte en bodrumpels van die Israeliete sou 'n teken wees vir die Here om die dood hier te laat verbygaan. Dit is trouens die betekenis van die woord pasga: verbygang. Die Paasfees wat Israel dus elke jaar moes vier, sou elke jaar opnuut 'n viering wees van hoe die dood in daardie donker nag in Egipte by hulle verbygegaan het.

Wat was die betekenis van die pasga in Israel? Ons moet dadelik sê dat God nie die teken nodig gehad het nie. God is immers alwetend, Hy weet tog self waar Jood en waar Egiptenaar is. Maar die bloed was vir Israel 'n teken; net soos die wyn en brood by die nagmaal vir ons tekens is van die liggaam en bloed van Jesus Christus. Al hierdie tekens is 'n vorm van praktiese onderrig van God aan sy volk, waardeur Hy sy mense opvoed. Die sakramente is sigbare tekens en seëls wat God vir ons gee by sy Woord, om die Woord te bevestig en verseël.

Deur die bloed van die pasga wou God sy volk leer om te gehoorsaam en te vertrou. Gehoorsaam: dit wil sê hulle moes niks minder doen as wat God hulle beveel het nie. Vertrou: dit wil sê hulle moes ook niks meer doen as wat God hulle beveel het nie. Hulle moes byvoorbeeld nie twyfel aan die Woord en belofte van God en hulle wend tot Egiptiese toorkunsies om die dood af te wend nie.

„Want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus", roep Paulus uit. „Laat ons dan feesvier." Die nagmaal is die fees van die verbygang van dood en oordeel by ons lewe op grond van die bloed van Jesus Christus. Dit is al wat daar tussen ons en die verderf staan: die bloed van Jesus Christus.

17 Junie **Lees:** 1 Kor. 6:12-20 **Teks:** 1 Kor. 6:12

VRYHEID OF PERMISSIWITEIT

'n Gemeenskap het permissief geword as hy doen wat die Christene in Korinthe gedoen het. Paulus het dikwels aan hulle hierdie woorde geskryf: Alles is my geoorloof. Hy het bedoel om daarmee te wys op die vryheid wat die evangelie in die lewe van die Christen gebring het. Hy het nie meer nodig om hom op Joodse wyse te laat voorskryf byvoorbeeld oor wat jy mag eet en wat jy nie mag eet nie. Die evangelie het die mens waarlik vry gemaak.

Nou het die Korinthiërs egter hierdie woord van Paulus geneem en dit verdraai. Dit is die slinkse behendigheid waarmee die satan altyd die waarheid 'n kinkel gee; dit verdraai tot 'n halwe waarheid; die waarheid misbruik om God te onteer. Met 'n beroep op hierdie woord van Paulus, „alles is my geoorloof", hoereer hulle, leef hulle losbandig, gee hulle vrylik uiting aan al die drange wat in hulle is. Dit is permissiwiteit in sy ergste graad!

Hierop is Paulus genoodsaak om fel te reageer. „Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie." Die Christen is vry maar hy moet sy vryheid nie misbruik om die vlees te behaag nie. Hy moet sy vryheid nie misbruik nie, want dan doen hy homself en die gemeenskap waarin hy leef skade. As vryheid ontaard in losbandigheid word die mens weer 'n slaaf. 'n Slaaf van dwelmmiddels, van seks, van sinlike genot en wellus. Hoe staan die 20ste eeu in al sy naakte verskrikking van permissiwiteit nie voor ons nie! In hierdie toestand is die kerk, elke huisgesin en elke lidmaat van Christus geroepe om in die ware vryheid te staan waarmee Christus ons vrygemaak het. „En die liggaam is nie vir hoerery nie maar vir die Here; en die Here vir die liggaam." Die pers en filmwese propageer vrye liefde, maak die sonde aantreklik en begeerlik, verlei ons mense om vrye uiting te gee aan hul liefde. Dit verswyg egter die pyn, hartseer en eensaamheid wat daarop volg.

18 Junie **Lees:** 1 Kor. 6:12-20 **Teks:** 1 Kor. 6:20

DIE EIENDOM VAN GOD

Op allerlei wyse gee die Bybel uitdrukking aan die feit dat die mens eiendom van God geword het. Julle behoort nie aan julle self nie, sê Paulus. En Petrus sê: julle is losgekoop uit julle ydele lewenswandel nie deur verganklike dinge, silwer of goud nie, maar deur die kosbare bloed van Jesus Christus. Dit is hieraan dat die Heidelbergse Kategismus uitdrukking gee in die eerste vraag en antwoord. Wat is jou enigste troos in lewe en dood? Dat ek nie aan myself behoort nie maar aan my getroue saligmaker Jesus Christus wat my met sy kosbare bloed gekoop en vir al my sondes betaal het, en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse vader geen haar van my hoof ooit geskaad sal word nie.

Juis in die lig hiervan, sê Paulus, is die hoerery en vuil lewe van die Korinthiëse gemeente so skandalig. Om hoerery te bedryf is nie maar net om uiting te gee aan jou drange nie. Dit verbreek die skeppingsordening van God. Hoerery maak nie net die een wees van man en vrou in die huwelik onmoontlik nie, dit maak ook die een wees met en in die liggaam van Christus onmoontlik. 'n Mens kan nie vir Christus aanhang en ook 'n hoer aanhang nie! Wat meer is, sê Paulus, daar is geen sonde wat die mens, liggaamlik en geestelik, so aftakel en skaad as onsedelikheid nie.

Dit is met die huwelik in ons volk nie beter gesteld as wat dit onder die gemeente in Korinthe was nie. Verslae meld dat 27% van die huwelike onder blankes in S.A. weer deur egskeiding ontbind word. Kan dit toevallig wees dat verslae ook meld dat 27% van die blanke meisies wat in S.A. trou moet trou, omdat hulle swanger is?

Ook vir die kerk in die 20ste eeu, omgewe deur 'n heidenmassa, klink die kragtige woord van Paulus toe: Vlug vir die hoerery! Ons liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees. God het iets vir die liggaam omgegee. Daarvoor het Christus gesterf, om dit te heilig, tot woonplek van die Heilige Gees te maak. Dit is die waarborg vir ons liggaamlike opwekking. „Verheerlik . . ."

19 Junie **Lees:** 1 Kor. 7:1-15 **Teks:** 1 Kor. 7:14

KINDERDOOP OF GROOTDOOP?

Die kerk word voordurend aangeval omdat die sakrament van die doop ook aan klein kindertjies bedien word. In 1 Kor. 7 sê Paulus iets wat besondere lig hierop werp.

Paulus maak in ons teksvers 'n teenstelling tussen onrein en heilig. „Heilig" beteken in die Bybel nie sondeloosheid nie, maar afsondering. Byvoorbeeld — „Gedenk die sabbat dat jy

dit heilig." Sonder dit af, plaas dit eenkant, vir die diens van God. So, sê Paulus, is ons kinders nie onrein nie, maar heilig; geroep en afgesonder om aan God se volk en verbond te behoort. Dit sê Paulus is so, selfs as net een van die ouers 'n gelowige is.

Ons verstaan nog beter wat Paulus bedoel as ons Genesis 17 lees. Daar sluit God met Abraham 'n verbond en stel die besnydenis in as teken van die verbond. Almal wat buite hierdie verbond leef, sê die Here, is onrein. Die wat egter tot hierdie verbond behoort, is heilig. Dit wil sê hulle is geroep tot en afgesonder vir die diens van God, om aan sy verbond en volk te behoort. Dieselfde betekenis wat die besnydenis in die Ou Testament gehad het, het die doop nou in die Nuwe Testament. Dit is die uiterlike teken dat 'n mens tot die verbond van God behoort. Daarom sê ons formulier tereg dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het.

Die kinders van gelowige ouers, van selfs net een gelowige ouer, sê Paulus, is nie onrein nie maar heilig. Dit wil sê hulle leef nie buite die verbond nie, maar hulle behoort daarby en is deel daarvan. Want hulle sal van heel kleins af hoor en leer van Jesus Christus en die vergewing van sondes. Daarom het die kerk deur die eeue heen daarmee volgehou dat ook die kindertjies van gelowiges gedoop moet word. Die kern van die verskil tussen die kerk en die wederdopers is dit: By die wederdopers, soos die Apostoliese Geloofsending, is die doop 'n teken en seël van die mens se geloof, sy bekering, sy goeie werke. Maar in die kerk is die doop teken en seël van God se verbond, sy genade, sy beloftes in Jesus Christus.

20 Junie **Lees: 1 Kor. 8:1-13** **Teks: 1 Kor. 8:6**

BELYDENIS MOET BELEWENIS WORD

Die Korinthiërs het geworstel met die probleem van die eet al dan nie van die afgodsoffervleis. Hulle redeneer dat hulle deur die evangelie die kennis het dat daar maar een God is en die afgode nie bestaan nie. Andere is van mening dat hierdie offervleis nie geëet mag word nie.

Hierop antwoord Paulus dat daar net één God is. Hy bely ook dat hy glo in dié een God terwyl hulle omring word deur wat die mense gode en here noem. Die God in wie hy glo is nie net God teenoor die ander gode nie. Hy is die lewende God. „Een God, die Vader uit wie alles is en ons tot Hom."

Hy is inderdaad die alleen God. Hy is die almagtige Skeppergod, die Vader uit wie alles is. Alles wat is in hemel en op aarde is, dank hulle bestaan en voortbestaan aan Hom. Soos kinders vir hulle bestaan van hulle vader afhanklik is, so is die ganse skepping van God afhanklik.

Paulus vervolg „en ons tot Hom". Hierdie God is die eind-

doel, die eindbestemming. Die ganse skepping is bedoel tot sy eer. Die Korinthiërs word dus nie net opgeroep om die een God te bely nie, maar ook rykhalsend uit te sien en te leef na die einddoel die eindbestemming die voleindiging van God's heilswerk.

In dieselfde asem volg ook: „en een Heer, Jesus Christus deur wie alle dinge is en ons deur Hom." Hoewel daar 'n verbreide verering van verskeie here is, vir ons, aldus Paulus, staan dit vas dat daar net een Heer is: Jesus Christus. Hy deur wie God die wêreld geskape het. As skeppingsmiddelaar is Hy van ewigheid af. Daarom is Hy inderdaad ook dié Heer. Hy is die Heer, Jesus Christus. Hy deur wie God die wêreld geskape het. As skeppingsmiddelaar is Hy van ewigheid af. Daarom is Hy inderdaad ook dié Heer. Hy is die Heer, Jesus Christus. Die Heer wat sy heerlikheid prysgegee het, as veragtene aan die kruishout gesterf het. So het Hy dan die Heer geword deur Wie die einddoel die voleinding van Gods heilswerk bereik kan word. God het Hom ook uitermate verhoog. Verhoog tot Heer van die skepping. Die verhoogde Heer wat daar sy middelaarswerk voortsit en ons na ons eindbestemming trek.

Paulus wil dus dat hierdie een God en een Heer nie net bely word. Belydenis moet belewenis word. Elke Sondag bely ons ons geloof in die een God en een Heer, Jesus Christus. Het ons geloof vir ons werklikheid geword, 'n belydenis wat belewe word ook buite die kerk elke dag van die week? Laat ons daarom waak om nie struikelblok te wees op die weg van ons swakke broeder nie. Laat ons geloof so geleef word dat ons swakke broeder dit sal ervaar dat hierdie Jesus ter wille van hom gesterf het en hy ook gebring sal word tot die belydenis van die een God en een Heer Jesus Christus.

21 Junie **Lees:** 1 Kor. 9:1-14 **Teks:** 1 Kor. 9:1

DIE ERNS VAN DIE APOSTELSKAP

In hierdie gelese gedeelte verweer Paulus homself teen die té vrye Korinthiërs. Onomwonde stel hy sy eie vryheid en veral sy gesag as apostel. In sy betoog wil Paulus hier stel dat as daar iemand is wat kan aanspraak maak op bevoegdhede, vryheid, aansien, gesag en voorregte van allerlei aard, dan sekerlik hy.

In 'n viertal kragtig gestelde retoriese vrae teken hy sy posisie as Christen en as apostel. „Is ek nie apostel nie? Is ek nie vry nie? Het ek nie Jesus Christus onse Here gesien nie? Is julle nie my werk in die Here nie?"

Net soos die sterkes in Korinthe kan hy ook daarop roem dat hy vry is. 'n Vryheid wat hy nie in homself het nie, maar in Christus ontvang het. Daarom roem Paulus altyd in die Here.

Behalwe sy vryheid het hy ook die apostelskap ontvang. Dit het gepaard gegaan met die verskyning van die opgestane Heer aan hom. So hoef hy ook nie terug te staan vir die ander apostels nie. Hy is deur dié Heer self tot apostel geroep. Hierdie Heer het dan ook van hom getuig: „Hy is vir My 'n uitverkorene werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel." (Hand. 9:15.)

Sy apostelskap blyk ook daaruit dat hy die gemeente in Korinthe gestig het. Hy noem dan ook die Korinthiërs sy aanbevelingsbrief wat deur alle mense geken en gelees word. Almal kon sien dat die gemeente getuienis lewer van God se heilswerk in hulle lewens. Almal kan sien dat hulle glo en die geloof in hulle lewe verwerklik het. Dit is alles bewyse daarvan dat hy wettig deur Christus geroep is.

Tog roem Paulus nie hier in homself nie. Hy sê baie duidelik „is julle nie my werk in die Here nie?" Hy was slegs die instrument in die hand van die Here. Die werktuig wat Hy gebruik het om sy heilswerk in die gemeente gestalte te laat kry.

Die voorreg om instrument in die hand van die Here te wees was vir Paulus 'n baie groot erns gewees. Die voorregte van sy apostelskap het hy een vir een prysgegee ter wille van hulle aan wie hy die evangelie gebring het.

Nie net Paulus nie, maar ook ons is uitverkore werktuie in die hand van die Heer. Deur ons wil God in Christus Jesus sy blye boodskap in die wêreld verbrei. Is ons bereid om onvoorwaardelik en selfs, as dit nodig is, om ons regte en voorregte prys te gee ter wille van hierdie diens? Is ons bereid om te alle tye van Hom te getuig en Hom te bely? Laat ons altyd onthou dat Jesus gesê het: „Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur."

22 Junie **Lees:** 1 Kor. 9:19-27 **Teks:** 1 Kor. 9:19

VRYHEID IS DIENSBAARHEID

Paulus is 'n bevryde mens. Hierdie vryheid het hy aan Christus te danke. Christus wat hom vrygemaak het van die mag van die sonde. Christus wat hom met sy kosbaar bloed losgekoop het uit mag van die bose. Hy behoort aan Christus. Soos die slaaf van sy heer gebonde is, so is hy gebonde aan Christus. Soos die slaaf ook nie leef vir homself nie maar vir die heer wat hy dien, so leef Paulus ook sy Heer.

Sy vryheid is dus die hoogste gebondenheid. Hy is vrygekoop tot die diens van sy Heer Jesus Christus. Daarom sê Paulus dan ook hier: „ek het my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win." (1 Kor 9:19.)

Hiervoor was vir Paulus geen moeite te groot nie en geen las te swaar nie. Hy was bereid om homself te verloën. Hy het

homself tot slaaf gemaak om hulle almal te win. Hy het hom aan hulle almal verslaaf ter wille van die evangelie. Hy was bereid om in elkeen se situasie te gaan staan. In sy prysgawe van homself het hy aan elkeen in sy omstandighede die bevrydende evangelie van Jesus Christus verkondig. Vir Paulus was dit die grootste erns dat almal sal deel in wat hyself as genadegeskenk ontvang het: die heil in Jesus Christus.

Paulus sê dan ook: Dit doen ek ter wille van die evangelie dat ek deelgenoot daarvan kan word. (1 Kor 9:23.) Sy diens en selfverloëning staan geheel in diens van die Woord. Hy wil totaal daarby betrek word. Hy wil onselfsugtig in diens van die evangelie staan. Tog hou hierdie arbeid van hom in dat hy deel kry aan die skatte van die evangelie. Deur sy onselfsugtige diens aan die evangelie is hy ook besig om geestelik te groei.

Hierdie Christus wat Paulus tot vryheid geroep het, het ook vir ons geroep. Ons is geroep om die verlossing van Christus, in Wie God ons uit die duisternis van die sonde en ellende geroep het, in hierdie wêreld te gaan verkondig. Ons is dus nie doel op onsself nie en bestaan ook nie vir onsself nie. Ons is die middel in God's hand om die evangelie van verlossing aan die wêreld te bring.

Elkeen van ons is God se uitgestuurde boodskapper of afkondiger van die verlossende heerskappy in Jesus Christus. God se gesant wat Hy na elkeen in sy eie omstandighede stuur omdat Sy barmhartigheid oor almal strek.

23 Junie **Lees:** 1 Kor. 10:1-13 **Teks:** 1 Kor. 10:6

DIE WAARSKUWENDE FOTO'S

Hierdie hoofstuk sluit aan by die vorige deur aan te toon hoe Israel, nadat hulle deur God bevry is uit Egipte en in die woestyn God's weldade ondervind het, tog so gefaal het, dat die meerderheid van die volk omgekom het onder die gerig van God. Daarmee kry die waarskuwinge van die vorige hoofstukke nou hulle bewyse uit die Skrif self.

Paulus sê hier dat die vadere en alles wat met hulle gebeur het, is voorbeelde vir ons. Die woord wat met voorbeelde vertaal word, beteken eintlik afdruksel of afbeeldinge. Hierdie dinge wat dus gebeure het, is dan die afdruksels of afbeeldinge van onsself. Daarin kan ons onsself afgebeeld sien. In die vadere staan ons foto's lewensgroot afgebeeld.

Die eerste foto wat Paulus hier aan ons voorhou getuig van die magtige bevrydende dade van God. Net soos Israel van ouds deur God bevry is van die slawerny uit Egipte, is ons ook bevry. In Jesus Christus het God ons losgekoop van die mag van die sonde en dood. Daarvan getuig ons doop.

God het ook meegegaan met sy volk deur die barre woestyn heen. So is God nog steeds besig in sy bemoeienis met ons. God het ons nog nooit aan onsself oorgelaat nie. Daagliks geniet ons nog sy magtige beskerming en uitredding. Soos die Messias met die vadere meegegaan het, lei en verkwik God ons ook in Christus Jesus tans nog met sy teenwoordigheid in sy Woord en deur sy Gees. Ons word ook staande gehou in die afwagting van sy koms deur die geestelike spys en drank van die ewige lewe.

Die tweede foto, wat Paulus aan ons voorhou, toon ons wat van ons kan word: Mense in wie God geen welgevalle het nie. Hierdie dinge word aan ons voorgehou dat ons nie soos hulle begerig moet wees tot die slegte dinge nie.

Daarin sien ons hoe Israel verval het in afgodediens; hoe Israel weggehoereer het agter vreemde gode aan; hoe hulle in ongeduld in opstand gekom het teen God en God uitgetart het. Dit alles het meegebring dat God geen welgevalle in hulle gehad het nie en hulle verdelg het.

Daarom roep Paulus ons dan ook hier op: Al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het." (1 Kor. 10:11.) Ons leef in die eindtyd, die tyd van die verwagting van die wederkoms van Christus. In Hom het ons ook 'n groot skat ontvang. Nou beteken dit nie vir ons dat ons kan leef en doen soos ons wil nie. Juis hierdie skat verswaar ons verantwoordelikheid vir die toekoms. Ons moet ons inspannend heenstrek na die wederkoms van Christus. Hierdie heil moet ons daagliks biddend soekend te gemoet gaan. Die Christen gelowige is die mens wat die eer van God soek binne en buite die kerk.

24 Junie **Lees: 1 Kor. 10:14-11:1 Teks: 1 Kor. 10; 16**

AVONDMAAL IS GEMEENSKAPSMAAL

In die gelese gedeelte is Paulus besig om die Korinthiërs ernstig te vermaan om hulle te weerhou van die offermaaltye in die heidense tempels. Wie deelneem aan die offermaaltye is besig om die duiwel te dien. Wie avondmaal vier is besig om gemeenskap met Christus en met mekaar te oefen. Daarom kan die Korinthiërs nie deelneem aan die offermaaltye in die heidense tempels nie. Wie dus aan die tafel van die Here gaan moet radikaal die rug draai op die tafel van die duiwel.

Nou beklemtoon Paulus die erns van die avondmaal, die gemeenskapsmaal met Christus hier. Hy sê, „die beker van danksegging, wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap aan die bloed van Christus nie."

Hierdie beker is die beker aan die einde van die pasga waarby die Naam van die Here geprys en gedank is. Die beker waarvan Christus ook gesê het, dat dit die nuwe testament is in sy bloed. Hiermee word teruggewys na die bloed van die paaslam. Daardie bloed was die bekragtiging, die verseëling van die verbond van God met sy volk. Wie die bloed aan die deurposte gestryk het, het die versekering van Gods uitredding ontvang.

Hierdie beker is ook die teken van die bekragting van die nuwe verbond uit Jer. 31:31-34. Dit is dus die bekragtiging van die nuwe verhouding tussen God en sy volk. 'n Verhouding wat rus op die vergewing van sondes: „Want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sondes nie meer dink nie." (Jer. 31:34.)

Wie dus uit die beker drink, het daarmee die bekragtiging die blye versekering dat die bloed van Christus op Golgota gestort is tot vergewing van sy sondes. Meer nog wie uit hierdie beker drink, het die versekering dat hy deel het aan die heilswerklikheid. Hy het deel aan die versoening, die vergewing reiniging en regverdiging wat God deur Jesus Christus geskenk het.

Daarom voeg Paulus daaraan toe: „Die brood wat ons breek is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie." Hierdie brood is 'n verkondiging van die liggaam waarmee Christus aan die kruishout gesterf het en volkome versoening vir die sondaar bewerk het. Dit sien egter ook op die verheelikte liggaam van die opgestane Heer. Gemeenskap met die liggaam van Christus is daarom nie alleen deelhê aan die eenmalige volbragte offer op Golgota nie, maar ook deelhê aan die heilsdaad van sy opstanding.

Wie dus van hierdie brood eet, bely daarmee dat hy deel het aan die volbragte offer op Golgota en deel het aan die nuwe lewe, die ewige lewe.

Wat Paulus dus hier aan die Korinthiërs en daarom aan ons verkondig is dit: Wie so gemeenskap het met Christus, wie so ingelyf is in Christus, kan tog nie gemeenskap oefen met die duiwel nie. Ons lewe moet dus getuig van hierdie volkome heil in Christus Jesus. Ons lewens moet so wees dat alle buitestaanders asook ons swakke broeders daardeur tot die geloof in Christus Jesus geroep sal word.

25 Junie **Lees:** 1 Kor. 11:2-16 **Teks:** 1 Kor. 11:3

ROEPING TOT DIE EER VAN GOD

Die vryheidsopvatting van die Korinthiërs het gelei tot 'n soort emansipasiebeweging onder die vroue. Hulle het begin afstand doen van die destydse gebruik van die vroue om in die

openbaar alleen gesluierd te verskyn. Paulus gaan hier nie in op die modekwessie as sodanig nie. Veelmeer gaan dit vir hom daarom dat daar 'n bepaalde goddelike rangorde is wat gehandhaaf moet word. Die belangrike wat hierdie rangorde wil verkondig, is dat alles uit God is en alles ook moet strek tot sy eer.

Hy roep die Korinthiërs op tot diepsinnige besinning: „Maar ek wil dat julle weet dat Christus die hoof is van elke man en die man die hoof van die vrou en God die hoof van Christus."

Die begrip „hoof" het in die Bybel die betekenis van hoof, die begin, die eersgeborene, die vernaamste of die beste. Wie hoof is is die eerste. Hy staan aan die begin. Hy is nie aldus heerser nie maar ook die voorganger die voorbeeld wat nagevolg moet word.

Nou sê Paulus hier: Christus is die hoof van elke man. Hy is die voorbeeld, die afbeelding vooraf waarna die man geskape is. In Christus word openbaar waartoe God Adam geskape het. Hy moet die beeld, die afglans van die heerlikheid van God wees. Vir die man beteken dit dan dat hy bestem is om aan Christus gelykvorming te word.

Soos Christus die hoof van die man is, so is die man die hoof van die vrou. Dit wil sê die man is geroepe om die heerlikheid, wat hy in Christus ontvang het, uit te leef en die vrou daarin voor te gaan. Hierdie heerlikheid moet so gestalte kry in sy lewe dat dit ook die vrou sal oproep om daarna te lewe. Die roeping van die vrou bestaan daarin dat sy die man sal navolg en so saam met hom haar eie bestemming sal bereik.

Paulus voeg hieraan toe: en die hoof van Christus is God. Hiermee wil Paulus beklemtoon dat die heilswerk van God uitgaan. Jesus Christus het na hierdie wêreld gekom omdat Hy in verbondenheid met die Vader geroep is om alles te herskep tot die heerlikheid waartoe God dit in Hom geskape het. In gehoorsaamheid aan sy Vader het Hy dan ook sy lewe gegee om te red wat verlore sou gaan. So roep Paulus dan die Korinthiërs en daarom elkeen van ons op om in die orde, waarin God ons in hierdie wêreld geplaas en geroep het, deur lewe en wandel te bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader. Die man as die hoof moet deur lewe en wandel die voorbeeld en voorganger van die vrou wees wat hierdie belydenis sal lewe. So is elkeen geroep om deur sy lewe die gestalte van die heerlikheid van God te openbaar sodat ons minderes ook tot daardie heerlikheid sal kom en in die Naam van Jesus en elke tong sy heerlikheid sal bely.

26 Junie **Lees:** 1 Kor. 11:17-34 **Teks:** 1 Kor. 11:24b

HEERLIKE OPDRAG

Wie avondmaal vier kom in die mees sinvolle verhouding met die opgestane Heer. Die Heer wat na ons kom met die volle seën van sy volbragte werk. Daarom is die avondmaal altyd 'n vreugde maaltyd. Daartoe roep die woord van ons oordenking ons ook op: „doen dit tot my gedagtenis."

Ons herdenk nie alleen dat Jesus Christus voor die poorte van Jerusalem gesterf het nie. Die avondmaal verkondig aan ons dat God die wêreld, wat homself losgeskeur het van God, vir geen oomblik losgelaat het nie. God het sy beloftes gestand gedoen. In die volheid van die tyd kom God in sy Seun vlak naas ons staan. Daal Hy in ons verlore bestaan in. Kom Hyself deelneem aan ons ontreddende en skuldige lewe.

Ons herdenk dat hierdie Jesus in die gestalte van die lydende Kneg in hierdie wêreld gekom het. Die skadu van die dood, die werklikheid van sy verwerping en veragting het reeds van die begin af oor sy lewe gehang. Hoe langer sy lewe op aarde, hoe intenser het sy lyding geword, hoe dieper het Hy in ons verlorenheid gedaal. Sy lyding en dood getuig daarvan dat Hy so een geword het met die sondaar, dat Hy omgekom het onder die vloek van Gods toorn teen ons sonde. As onskuldige het Hy in die plek van die skuldige kom staan, sodat ons, die ware skuldiges, deur sy onskuld sou lewe en vryspraak by God kan verkry. Hy, die Seun van God, het die van God verlatene en verworpene geword, sodat ons hierdie eensaamheid en verwysing nooit weer hoef te dra nie maar tot God geneem is om nimmermeer deur God verlaat te word nie.

Met die brood en beker gedenk ons blymoedig dankbaar juigend dat hierdie Jesus geheel en al in ons plek kom staan het. Hy die Seun van God het mens geword, sodat ons Gods kinders kan word. Sy neerdaling, sy ontlediging en verwerping het vir ons die hemelpoorte ontsluit. Hy het deur ons armoede en ellende op Hom te neem aan ons sy rykdom en heerlikheid oorvloediglik geskenk.

Nou word ons ook opgeroep om dit te doen tot sy gedagtenis. In hierdie opdrag lê daar vir ons, die ellendige sondaar, 'n groot heerlikheid opgesluit. Wie brood en beker neem, eet en drink, maak die gebeure op Golgota heilswerklikheid.

Wie brood en beker neem bely daarmee dat hy met sy ganse wese opgeneem is in die gebeure op Golgota. Bely daarmee dat hy die ellendigste sondaar is, maar Goddank hy bely ook dat hierdie Jesus juis vir hom die sonde sondaar gely en gesterf het en sy heil verwerf het.

Wie sou dan nie blymoedig dankbaar juigend hierdie opdrag doen dit tot my gedagtenis uitvoer nie?

27 Junie **Lees:** 1 Kor. 12:1-11 **Teks:** 1 Kor. 12:7

DIE HEILIGE GEES IS AAN ELKE GELOWIGE GEGEE

Behalwe die Vaderlike sorg en die verlossende genade in Christus, word die byblywende werking, vertroosting en bewaring van die Heilige Gees, ook aan die gelowige gegee. Die Heilige Gees, wat tydens Pinkster op die gemeente uitgestort is, oortuig die mens van sonde, geregtigheid en oordeel. Deur sy werking en getuienis in ons, maak Hy Christus en al sy gawes tot ons eiendom.

In hierdie Skrifgedeelte spreek Paulus nou tot die Korinthiërs oor die werk van die Heilige Gees. Hy herinner hulle daaraan dat hulle vroeër heidene was, wat blindelings agter stomme afgode aangeloop het, wat vir hulle geen heil ingehou het nie. Deur die genade van God het die Heilige Gees ingegryp en hulle nie alleen tot die geloof in Christus gebring nie, maar ook 'n groot verskeidenheid van genadegawes aan hulle geskenk. Die Heilige Gees rus die mens toe vir sy werk en lewe in die koninkryk van God. Paulus verduidelik aan die gemeente dat daar 'n verskeidenheid van gawes is, soos onder andere die gawe van profesie, gesondmaking, spreek in tale, die uitleg daarvan, wysheid, ensovoorts. Deur middel van hierdie gawes sorg God vir die voortgang van die evangelie en die uitbreiding van die kerk op aarde.

Oënskynlik het baie van hierdie kenmerkende geestesgawes met die eeue uit die kerk verdwyn. Dit is egter nie die geval nie, want soos God die eerste apostels met besondere gawes vir hulle spesifieke taak toegerus het, soos onder andere die gawe van gesondmaking en die spreek in vreemde tale, so skenk God deur die Heilige Gees vandag nog dié gawes aan sy gemeente wat Hy vir hulle dienswerk nodig ag. So ontvang elke gelowige òòk gawes om hom te bekwaam vir sy werk in die koninkryk van God.

28 Junie **Lees:** 1 Kor. 12:12-31 **Teks:** 1 Kor. 12:27

DIE GEMEENTE IS DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

Die gemeente is nie 'n instelling van of deur mense nie, maar deur God in Jesus Christus. Dit is deel van ons apostoliese geloofsbelydenis dat ons 'n heilige algemene christelike kerk bely. Die Kategismus sê dat Christus uit die hele menslike geslag die uitverkorenes tot die ewige lewe, deur sy Gees en Woord, vir Hom tot 'n gemeente byeenbring.

Van dié gemeente word gesê dat dit die eiendom van Christus is. Die gemeente word ook genoem die bruid of die liggaam van Christus. In hierdie brief van Paulus aan die Korin-

thiërs beklemtoon hy die eenheid van die gemeente deur dit te vergelyk met die menslike liggaam. In ongeveer 54 n.C. het Paulus hierdie brief aan die gemeente geskryf, nadat hy berig ontvang het van die probleme wat die eenheid van die gemeente geskaad het. Die gemeente het hoofsaaklik uit slawe, wat of nog gebonde of reeds vry was, bestaan. Baie van hulle was losbandig en ander het 'n strenge afsondering gehandhaaf. Rondom sekere prominente figure het hulle groepe binne die gemeente gevorm. So was daar 'n Paulus-, Apollos-, Petrus- en 'n Christusgroep. Dié groepvorming is in stryd met die eenheid van die gemeente. Soos in alle gemeenskappe is ook in die kerk verskillende mense, met verskillende talente of gawes, wat deur die Heilige Gees geskenk is. Hierdie verskeidenheid verbreek egter nie die eenheid van die gemeente nie, want net soos die liggaam baie lede het, met verskeie funksies, bly dit tog een liggaam. So sê Paulus, is die gemeente ook soos 'n liggaam, uit baie lede opgebou, maar saamgevoeg tot 'n hegte eenheid. Die gemeente is die liggaam, waarvan Christus die hoof is.

Om dus deel van die gemeente, van die liggaam van Christus te wees, is vir elke gemeentelid 'n ernstige en heilige roeping. Elke lidmaat moet toesien dat hy die res van die liggaam nie skade berokken nie. Alleen wanneer elke lid gesond is, kan die liggaam normaal funksioneer. Deur hierdie hegte eenheid van die gemeente word Christus, die Hoof daarvan, verheerlik.

29 Junie **Lees:** 1 Kor. 13 **Teks:** 1 Kor. 13:2

DIE ONMISBAARHEID VAN DIE LIEFDE

Nadat Paulus in sy brief aan die Korinthiërs in hoofstuk 12 gehandel het oor die gawes wat die Heilige Gees aan die gemeente gee, en nadat hy die eenheid van die gemeente beklemtoon het, wil hy nou dié besondere gawe van die Heilige Gees, wat die belangrikste en noodsaaklikste is, naamlik die liefde, bespreek. Dit is asof Paulus in hierdie hoofstuk in geestesvervoering die grootheid van die liefde wil besing, waarsonder die menslike bestaan hol en leeg is.

In die eerste drie verse beklemtoon Paulus dit dat die liefde dié gawe is wat aan al die ander gawes sin en betekenis gee. Die liefde is onmisbaar by die spreek in tale en die verkondiging van die evangelie. Al sou 'n mens se taal so verhewe as dié van engele wees, is dit sonder die liefde dieselfde as die geklank van metale of die hoë skerp toon van 'n simbaal, steurend en irriterend. Net so sal die mens, selfs met die besit

van voortreflike gawes, soos die van profesieë en die diepere kennis van die geheimenisse van God, sonder die liefde, niks wees nie.

Al die goeie werke wat die mens doen, hoe voortreflik ookal, is sonder die liefde waardeloos. Sonder gehoorsaamheid aan die groot gebod van die liefde teenoor God en ons naaste, wat Jesus Christus aan ons gegee het, is al ons woorde, dade en denke oppervlakkig en waardeloos.

Die ywer wat ons in die gemeente aan die dag lê, die opofferings wat ons maak, die stryd wat ons stry en die goeie werke wat ons doen, moet deur die liefde geïnspireer word, ander is dit alles tevergeefs.

30 Junie **Lees:** 1 Kor. 13 **Teks:** 1 Kor. 13:7

DIE WESE EN WERK VAN DIE LIEFDE

Die liefde wat as gawe van God deur die Heilige Gees aan die mense gegee word, is die mees beslissende faktor in die verhouding tussen God en mens, en mense onderling. Dit bepaal, soos in die eerste drie verse van die hoofstuk gestel is, die betekenis of betekenisloosheid, die ietswees of nikswees, die nut of nuttelоosheid van die mens se bestaan. In die volgende vier verse handel Paulus oor die wese en werk van die liefde. By wyse van spreke word die liefde hier as 'n persoon voorgestel in wie al die Christelike deugde saamgevat is. In positiewe en negatiewe stellinge verduidelik Paulus die wese en werk van die liefde.

Ongeduld, onvriendelikheid, jaloesie, grootpratery, onwelvoeglikheid, eie eer en verbitterdheid, hoort nie tuis in die gemeente van Christus nie, want sy gemeente en alles wat daarin gebeur, word gekenmerk en gedra deur die liefde. Bogenoemde eienskappe is in stryd met die Christelike liefde en benadeel die voortgang van die evangelie.

Omdat die aktiwiteite van die gelowige gegrond is in die liefde van Christus, moet dit ook die kenmerkende eienskappe van daardie liefde vertoon. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Hierdie liefde is die kenmerk van die ware geloof en daarsonder is alle ander uiterlike dinge waardeloos.

Die hoogheid en verhewenheid van die liefde, soos wat Paulus vir ons beskryf, klink menslik onbereikbaar, maar 'n mens wat die liefde van Christus leer ken het, kan nie voor hierdie eis terugdeins nie, maar sal in dankbaarheid tot die daad van liefde oorgaan.

1 Julie **Lees:** 1 Kor. 13 **Teks:** 1 Kor. 13:8

DIE LIEFDE IS EWIGDUREND

Die onmisbaarheid, wese en werk van die liefde, waarvan Paulus praat, kan ons eers ten volle begryp as ons dit sien in die lig van die ewigdurendheid van die liefde.

Die genadegawes van tale en tonge, profesieë en uitleggінge, wysheid en kennis, ensovoorts wat by die Korinthiërs so hoog aangeskrewe was, is deel van die mens se tydelike en aardse lewe. Die liefde daarenteen is blywend, altyd werksaam en strek hom uit tot in die ewigheid. Die ewigheid staan in die lig en teken van die liefde. Wanneer die liefde met bogenoemde gawes vergelyk word, dan is hulle onvolmaak en tydelik, omdat hulle aardsgebonde is. Hierdie gawes word gekenmerk deur die gebrekkige insig en kennis van die mens. Dit is tydsgebonde en gaan tot niet. Weens die onvolkomendheid van hierdie gawes en insigte, vergelyk Paulus dit met die raaisel van 'n swak beeld in 'n dowwe spieël.

Daar is einlik drie uitstaande genadegawes waarop alle ander gawes gefundeer is, naamlik die geloof, hoop en liefde. Die geloof is gerig op die verlossing in Jesus Christus; die hoop strek hom uit tot die voleinding; die liefde bind die mens aan Christus en aan mekaar. Die grootste hiervan is die liefde omdat dit in sy wese en werk onmisbaar is en uitstrek tot in ewigheid. Wanneer die onmisbare, werkende en ewige liefde deel van ons lewe is, besit ons 'n kosbare skat wat tot in ewigheid nie sal vergaan nie.

2 Julie **Lees:** 1 Kor. 14:1-25 **Teks:** 1 Kor. 14:1

BEYWER JULLE VERAL OM TE PROFETEER

Toe Jesus Christus voor sy hemelvaart sy laaste opdrag aan sy dissipels gegee het, was dit om die evangelie aan die wêreld te verkondig. Dit is bowe-al die taak van die kerk om te getuig, die Woord uit te dra, om te profeteer.

Dit is ook die gedagte wat Paulus in hierdie hoofstuk wil beklemtoon. Die Korinthiërs het die genadegawes van die Heilige Gees ontvang, waaraan hulle baie waarde geheg het. Hulle was egter so vasgevang in 'n geesdrywery waarin die spreek van onverstaanbare woorde of tale 'n groot rol gespeel het. Paulus het baie bedenkinge daaroor gekoester. Hy het dit nie direk afgekeur nie, maar dit beslis nie aangemoedig nie, want mens kan daarin te ver gaan. Die spreek in tale het miskien nut vir die individuele stigting van die persoonlike geloof, maar vir die openbare geloof van die gemeente het dit nie betekenis nie, want dit is onverstaanbaar. Wat vir die gemeente van belang is, is die verkondiging van die evangelie

in duidelike en verstaanbare taal. Die waarde van die genadegawes moet bepaal word met die oog op die stigting van die gemeente. Die gemeente kan nie gestig, onderrig of geleer word as die taal onverstaanbaar is nie. Die profesie is dus 'n voortrefliker gawe as die spreek in tale, want deur die nugtere woorde van die profesie word die hoorders bekend met dit wat hulle kan verstaan. So is die profesie dus opbouend, vertroostend en leersaam vir die gemeente. Die profesie is daarom nuttiger en belangriker vir die koninkryk van God as die spreek in vreemde tale. Trouens die verstaanbare, nugtere en duidelike evangelieverkondiging is noodsaaklik vir gelowiges en ongelowiges.

Getuig ons kerklike- en persoonlike geloofslewe in woord en daad nog van hierdie nugtere en duidelike profesie?

3 Julie **Lees:** 1 Kor. 14:26-40 **Teks:** 1 Kor. 14:40

ORDELIKHEID IN DIE GEMEENTE

God is 'n God van orde. In die ses skeppingsdae het Hy alles in reëlmaat en orde geskep. Hy het die natuurwette neergelê waarvolgens alles ontwikkel en gedy. Volgens Psalm 19 is die wet van die Here volmaak en is die onderhouding daarvan 'n groot loon.

As alles in die natuur ordelik geskied, dan pas dit sekerlik ook dat in die huis van die Here, alles ordelik moet toegaan. Paulus gee aan die Korinthiërs praktiese voorskrifte in verhand met die ordelike verloop van die erediens. Hy lê beperking op die aantal persone wat in die erediens optree en bepaal dat die een wat voorgaan 'n duidelike boodskap, geinspireer deur die Heilige Gees, wat tot stigting van die gemeente strek, moet lewer. So 'n duidelike evangelieboodskap, wat verstaanbaar is, moet voorrang geniet bo 'n onverstaanbare profesie in vreemde tale, wat meer tot verwarring as stigting dien. Die optrede van die persone moet nugter en beheersd wees. Paulus raai ook aan dat 'n vrou liefs nie in die erediens moet spreek nie. Die gemeente moet onthou dat die evangelie nie tot hulle alleen gekom het nie, of van hulle uitgegaan het nie, daarom kan hulle nie maak soos hulle wil nie. Die algemene gebruike in die hele kerk moet in ag geneem word om so ordelikheid in die gemeente en in die hele kerk te bewerkstellig.

Die orde van die erediens is die vorm waarin ons ons godsdiens beoefen, as uiting en vertolking van ons geloof en belydenis. Dit kan dus nie 'n saak van persoonlike willekeur wees nie, maar geskied volgens die inhoud van ons geloof en die algemene orde van die kerk. Wanordelikheid in die erediens ly nie tot opbouing van die gemeente nie, maar veroorsaak verwarring in die geloof. 'n Ordelike erediens is die gehoorsame geloofsuiting aan 'n ordelike God.

4 Julie **Lees: Psalm 66** **Teks: Psalm 66:5**

AANSKOU DIE DADE VAN GOD

In hierdie psalm word die gemeente opgeroep om God te loof en te dank vir sy redding wat Hy bewerk het. Alles wat met die volk gebeur het, word besing as die helpende ingrypende hand van God. Uitstaande gebeure uit die geskiedenis van die volk van God word aangehaal. Hoedat Hy die see verander het in droë land, die volk droogvoets laat deurgaan het.

Selfs beproewing en lyding word besing as loutering, soos 'n mens silwer louter. „U het mense oor ons hoof laat ry; ons het in die vuur en in die water gekom, maar U het ons uitgelei in die oorvloed."

Vandag wil die mens nie meer Gods hand sien in die geskiedenis van volkere en nasies nie. Die gebeure in natuur en oor die wêreld het slegs menslike oorsake of natuurlike gevolge. Die mens dink dat hy soewerein geword het en met elektroniese programering die onverwagte of ongevraagde of die „goddelike element" kan uitskakel.

Onder alle omstandighede sal die gelowige egter alles wat om hom gebeur aanskou as die werkende hand van God wat dit laat geskied, in die vaste oortuiging dat God nie laat vaar die werke van sy hande nie.

Die gelowige weet dat dit God is wat handel. Daarom sal die gelowige dankbaar bid: „Laat u wil geskied . . ." So roep Paulus ook tot ons: „Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."

5 Julie **Lees:** Psalm 67 **Teks:** Psalm 67:3

SAL DIE MENSE GODS WEG KAN KEN?

Aan hierdie psalm is die opskrif gegee: „Danklied by die oes." Na aanleiding van vers 7: „Die aarde het sy opbrings gelewer . . ." is dit blykbaar 'n lied wat gesing is deur 'n feesvierende volk tydens die fees van die weke (by ons beter bekend as die Pinksterfees). Sewe weke vandat die sekel in die gesaaides gesteek is, dan word hierdie fees gevier.

Met die lees van die psalm het u die hoëpriesterlike seën gehoor: „Mag God ons genadig wees en ons seën; mag Hy sy aangesig by ons laat skyn." Maar die psalmdigter glo dat hierdie seën van God nie beperk sal bly by Israel alleen nie. Inteendeel, hierdie seën sal daartoe dien dat al die mense op aarde Gods weg kan ken, en sy heil sal onder al die nasies kom.

Het die mensdom egter nog 'n oog vir seëninge? Vandag word gedink aan regte en voordele wat ons toekom, dinge waarop ons aanspraak het. Spottend word dan nog beweer,

dat as dit dan 'n God is wat dit uitdeel, dan is dit nie 'n seën wat ons ontvang het nie, maar 'n loon wat ons verdien het.

As ons as gelowiges so afgedwaal het van die waarheid van Christus Jesus, dat ons nie sy verlossing as seën beleef nie, dan sal uit ons getuienis dit seker nie moontlik wees dat die volke Gods weg sal ken nie. Ons is tog geroep om hierdie genadedaad van God in Jesus Christus te verkondig. Maar die wêreld hoor so min daarvan, en sien so min van ons dankbaarheid oor sy menigvuldige seëninge . . . het ons dan ook soos die wêreld ons oog vir Gods seëninge verloor?

6 Julie **Lees:** Psalm 68 **Teks:** Psalm 68:2

GOD OORWIN

Hierdie psalm, al lewer dit by verklarings probleme op, is een van die mees poëtiese gedeeltes in ons Bybel. Die dankbaarheid van die digter hoor ons in volle klanke uitborrel as hy God loof vir sy oorwinning.

Vanuit hierdie oorwinning kan hy terugkyk in die geskiedenis en die een tafereel na die ander dra dieselfde boodskap oor: God oorwin. Die berge en die heuwels skitter-blink van wapenrustings van konings wat verslaan is. Die waens van God is tienduisende maal duisende . . . daarom kon die psalmdigter die psalm laat aanhef met die woorde: „God staan op, sy vyande raak verstrooid en sy haters vlug voor sy aangesig."

Vreeslik is dit om as vyand in die hand van God te val. En tog maak die mens homself as vyand van God. Hy wandel nie meer na sy gebooie nie, hy vrees God nie meer nie. Die mens het vir homself so 'n briljante wese geword, dat hy God nie meer wil ken in sy beraadslagings nie. Hy ken net een maatstaf, en dit is sy eie korrupte kennis van goed en kwaad, sy eie subjektiewe toepassing van reg en verkeerd.

Maar ellendiger gaan dit met ons as gelowiges, as ons nie meer hierdie geloofsoortuiging met die psalmdigter deel nie, naamlik dat God oorwin. Hierdie twyfel in Gods oorwinning, laat ons ons Christelike roeping loën. Ons is skaam om in hierdie wêreld met smaad daarvan af te kom.

7 Julie **Lees:** Psalm 69 **Teks:** Psalm 69:14

GELOOF IN DIE GOEDERTIERENHEID EN GENADE VAN GOD

Hier luister ons na die noodkreet van iemand in die grootste ellende, soos om weg te sink in bodemlose modder. Hy word gehaat en hulle soek hom om hom te vernietig.

En nou is dit ook juis ter wille van sy trou aan God dat hy gehoën en gesmaad word en hom leed aangedoen word. Daarby kan hy ook nie die smaad waarmee hulle God smaad verduur nie.

Maar in hierdie nood roep hy sy God aan. En as hy smeek om verhoring, dan vra hy dit nie omdat hy so getrou is nie, maar hy smeek dit van God ter wille van die goedertierenheid en trou van God.

Ook vir ons is daar net een nood, en dit is díe nood waarvan God ons verlos het in Christus Jesus. Hierdie verlossing het ons deel geword slegs alleen op grond van Gods genade en trou, sy ondeurgrondelike liefde.

Daarom kon ons vandag, met al ons nood, op Gods verlossende hand vertrou, want Hy is goedertieren, en wil nie die dood van die sondaar nie.

„Maar ek . . . my gebed is tot U o Here; in die tyd van genade, o God, verhoor my deur die grootheid van u goedertierenheid, deur die trou van u heil."

8 Julie **Lees:** Psalm 70 **Teks:** Psalm 70:1

HERE, VERTOEF TOG NIE

Hier, soos ook in Psalm 38 word gepraat van 'n psalm by die „gedenkoffer" (Lev. 2:2, 9). Uit die gegewens wat ons uit Gods woord vind, blyk dit dat hierdie offer dien tot versoening. Die oorspronklike stamwoord, in die vorm waarin dit hier voorkom, beteken „om te herinner, te vermaan, te noem". Hier waar die mens sy ongeregtighede in herinnering roep, sy sonde noem, wil hy sy skuld bely tot versoening. Daarom roep hy terselfdertyd tot God om hom te help teen hulle wat hom soek, wat behae het in sy ongeluk. En dan bid hy dat God Hom moet haas om hom te help.

Vir ons klink dit miskien té familiêr om so tot God te roep, om God as't ware aan te jaag . . . Hy moenie vertoef nie. Daarom kyk ons dikwels verwytend op mense neer, wat nooit na God vra nie, Hom nie dien nie, maar in hulle nood verwag dat God dadelik moet verhoor. Ons het miskien só 'n vroomheidsgerustheid, dat ons ook nie hierdie nood van die psalmdigter, en die vervreemde van God verstaan nie . . .

Maar laat God maar in sy goedheid en trou self beslis. So het die blinde van Jericho ook maar tot Jesus geroep toe hy hoor dat Jesus verbygaan. Hy het só geroep, dat hy eintlik Jesus gedwing het om aandag aan hom te gee . . . Jesus moet Hom haas om hom te help. Dit is seker ook wat die profeet bedoel as hy sê: „Roep Hom aan terwyl Hy nog te vinde is."

Dit is goed om in jou nood, jou verdriet, God te kan smeek om te red, en uit te roep:

Here, vertoef tog nie.

9 Julie **Lees:** Psalm 71 **Teks:** Psalm 71:6

VERTROUE VAN KINDSDAE AF

Onder sekere metodistiese en sektariese kringe, kry mens die misverstand dat elke gelowige 'n dag en datum moet kan noem waarop hy of sy dan tot bekering sou gekom het. Afgesien van die feit dat hulle die bekering verkeerd vertolk, as sou dit 'n soort aflegging van sondes wees wat die mens nou sondeloos maak, word soveel kwaad uit hierdie metode gebore. Sovele kom onnodig in 'n geestelike stryd . . . 'n stryd wat eintlik nie in die meeste gevalle bestaan nie . . . Ander ontwikkel weer hieruit 'n selfversekerde en aanmatigende vroomheid.

Vanselfsprekend sou iemand wat as heiden groot geword het, of iemand wat vroëer Christus verwerp het, of nog nie van Hom gehoor het nie, so 'n dag en datum miskien kan onthou, waarop Hy sy geloof in Hom bely het, soos byvoorbeeld Paulus wat sy bekering baie goed kon onthou.

Maar vir vele, soos vir die psalmdigter, was God hulle Bevryder van die geboorte af. Van die jeug af, is op Hom vertrou. So het vele van ons groot geword, en vandat ons ons verstand gekry het, het ons nog altyd in Jesus geglo.

Hier kom ook die belangrikheid van die ouer in ten opsigte van die christelike opvoeding van sy kind, sodat die kind in geloofsvertroue mag groei.

En hierdie mense wat so roem op hulle bekeringsdatum, sal nogtans moet bid, al het hulle hul tienkeer bekeer, soos Jesus ons geleer het om te bid:

„. . . Vergewe ons ons skulde, soos ook ons ons skuldenaars vergewe. En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose . . . !"

10 Julie **Lees:** Psalm 72 **Teks:** Psalm 72:18

GLO NOG IN GOD WAT WONDERS DOEN

Hierdie psalm kom uit 'n tyd van vyandelike oorheersing of ballingskap. Die koningskap van Salomo word in herinnering geroep as 'n tydperk van geregtigheid waarin die arme en behoeftige nie oor die hoof gesien is nie. 'n Koningskap wat van see tot see gegeld het, ja, tot by die eindes van die aarde. Die konings van die nasies het voor hom gebuig en hom gedien.

As kroningslied by die liturgie van die troonsbestyging dien dit as 'n gebed: „o God, gee aan die koning u regte en u geregtigheid aan die seun van die koning."

Die betekenis van hierdie psalm lê in die godsvertroue van die digter . . . al verkeer die volk in watter nood, hy bly op God vertrou. Sy naam sal ewig wees: „Geloofd sy die Here God, die God van Israel wat alleen wonders doen."

Met hierdie onwrikbare geloof, sal daar altyd perspektiewe en vergesigte wees. Hoe dikwels verval ons in twyfel en wan-

hoop, en verloor ons koers, en gee ons beginsels prys, en word ons ontrou aan ons goddelike roeping. Dit is omdat ons vergeet het dat Hy, onse Here Jesus Christus, sy troon bestyg het... dat Hy regeer... en dat Hy met ons is tot aan die einde van hierdie wêreld.

Het ons vergeet dat ons saam met Hom oorwinnaars is, want wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

11 Julie **Lees:** Psalm 73:12-28 **Teks:** Psalm 73:23a

GOD SE PAAIE IS ALLEEN GOED EN REG

God se leiding en weë met mense plaas ons telkens voor die onverklaarbare wat niemand met sy eie verstand kan oplos nie.

Vir Asaf kon die voorspoed van die goddelose en daarteenoor die verdrukking van die kinders van God nie rym met die regverdigheid van die Here nie.

Hy was bang as hy sien hoe dikwels die vrome deur ramp en leed geplaag was terwyl die ongelowiges nie die moeite ondervind het nie maar 'n pad van rose bewandel het.

Al het Asaf getwyfel aan die suiwerheid van God se regering kon hy nie sy God geheel en al loslaat nie.

Die Here mag Hom na Asaf se oordeel en mening soms vergis het maar sonder God kon dit ook nie.

Dit het hom gedryf na God se heiligdomme waar God se lig oor die donker lewensraaisels dan ook vir hom opgegaan het.

In God se heiligdomme is die rus vir die rondgeslingerde hart. Daar straal die lig van God se Woord. Dit het nie al God se weë opgehelder nie maar gewys op die einde van die goddelose.

Die ure kom waarop God al hulle voorspoed laat verdwyn, feitlik voor Hom wegblaas, ook die goddelose self. Hulle einde is die verderf en dan blyk dit dat hulle weelde nie bestendig en standhoudend is en was nie, terwyl die vrome God as hulle ewige deel het.

God se gemeenskap is altyd goed of ons geseën word of getugtig word. Die angs- vrae word nie almal beantwoord nie maar die bewoë siel word met 'n onuitspreeklike sabbatsvrede vervul. Daar word selfs in die bitterste nood die koesterende liefde van God gevoel en ondervind.

Daar is die hart rustig onder die vreemdste leidinge van God se voorsienigheid dat in alle duisternisse vertrou word dat God in al sy paaie goed en reg is en dat al sy paaie waarheid is. „Ek is altyddeur by u", dit is meer as om Hom net op die rusdag in sy heiligdom te soek. Ons moet geheel en al op Hom vertrou, al die dae van ons lewe en sy werk roem, eer en verheerlik.

12 Julie **Lees:** Psalm 74:1-12 **Teks:** Psalm 74:6

GOD SE HEILIGDOM NIE ONTSIEN NIE

Die tempel op Sion was 'n praggebou wat weergaloos was. Al die hout was afkomstig van die seders op die Libanon. Die pragtige houtsneewerk en gravering het die tempel destyds 'n wêreldwonder gemaak.

Maar kyk die vyande het op die tempel afgestorm. Hulle het die lieflike wonings van die Here nie ontsien nie. Juis op die middelpunt en sentrum van die godsvrug en geestelike krag het hulle munt uitgeslaan. Dit moes van die aardbodem af verdwyn om vervang te word deur die afgodediens. So het hulle byle en hamers die mure en balke houtsneewerk en graverings verniel om die ganse tempel tot 'n puinhoop te maak.

So is die goddeloosheid ook besig tot vandag om hom te herhaal op die kerk van Christus, waar God se Woord gepreek en begryp word.

Daar waar die anti-christelike gees die kerk nie sigbaar afbreek en vernietig nie, lê hy hom daarop toe om die geloof te onderdruk en te ondermyn, as dit moontlik is uit te roei en die geestelike vrug van die geloof stukkend te slaan.

Die byle en hamers word opgehef en omhoog gelig om neer te kom teen huwelikstrou, teen kinders as 'n seën, teen kuisheid, teen goeie sedes en gewoontes, teen bid en dank, teen alles wat God se Woord vir ons sê om plek te maak vir die heerskappy van die Anti-chris.

13 Julie **Lees:** Psalm 75 **Teks:** Psalm 75:8

GOD IS REGTER

God is Regter . . . dit is die troos van alle verdruktes soos wat dit die geval met Israel was toe hulle deur 'n ongenoemde vyand diep verneder was.

Die digter van die psalm sien reeds die profetiese sekerheid hoe die oordeel van God die trotse vyand in die stof neerwerp en Israel reddend oprig en verlos. Die verhoging van 'n volk is nie te danke aan aardse magte nie want God is alleen die Regter. Hy verneder hierdie en verhoog daardie. Hy is dit ook op die jongste dag maar in die loop van die eeue openbaar Hy telkens in die geskiedenis sy krag en majesteit.

Hoeveel trotse volke is nie deur Hom verneder nie en hoeveel verdrukte volke is nie deur Hom verhoog nie.

Die wêreldgeskiedenis is vol van hierdie vernedering en verhoging.

Deur die eeue tot vandag het magte van die Ooste en Weste andere magte ten onder gebring of verhef. Maar God staan daar agter want sonder sy wil is daar geen vernedering of verhoging nie. God is Regter.

God is Regter ook in ons persoonlike lewe. Hoe beskamend is dit nie wanneer Hy die hoogmoedige sondaar in sy skuld aan homself openbaar as blind, arm, ellendig en naak. Maar dit is geseënde vernedering want dit lei tot verhoging. Hy rig die vernederde op uit die stof deur hom tot in die adelstand van kinders van God te verhef op die regte tyd, toe Christus vir ons op die regte tyd gesterf het en deur sy vernedering is ons verhoog. Uit die stof van die dood tot die ewige lewe — dit is die profesie van die verhoging op die jongste dag.

14 Julie **Lees:** Psalm 77 **Teks:** Psalm 77:6

SELFONDERSOEK

Dit kan 'n seën wees as God u in die nag wakker hou soos Hy dit in hierdie psalm met die digter gedoen het.

Wel word die verkwikkende rus van die slaap gemis. Terwyl ander alles vergeet en rustig slaap, kan mens in die slapelose nag met jouself besig wees en 'n diep blik in jou eie sielslewe kry.

Dan word deurleef die dae en weke waarin die guns van die Here skynbaar van 'n mens gewyk het. Dit kan wees dat in die dag met sy lig en bedrywighede en besig wees met baie dinge 'n mens jou geen tyd gelaat het om tot jouself in te keer nie. Kyk dit is genade as God die slaap van die nag van die nag van die mens weerhou. Hy wil ons dwing om by onsself te bepaal en vas te stel en daarvan rekenskap te gee waarom dit met ons so gesteld is.

Laat die slapelose nag dan nie verbygaan met murmurering nie maar doen soos die psalmis; oordink die dae van ouds, die jare van die eeue. Laat allereers die verlede van God se volk lewendig vir die bewussyn word; die wondere van sy genade, mag en trou wat Hy vir sy volk Israel laat plaasvind het en hoe sy volk Hom daarvoor gedank en geprys het.

Sodoende kom dit tot 'n mens se eie verlede. Ook daarin lê die voetstappe van God druipend van seëninge. Mens het toe digby God gelewe en sy guns geniet. Dit was 'n wandeling in die vriendelike lig van sy aangesig en 'n mens was vrolik in die Here.

In die hart het die sekerheid gewoon van 'n mens se kindskap en 'n vaste vertroue op God se bewaring. Sy Naam kon geloof word. Plaas daarteenoor en daarnaas die hede, vandag, nou.

Daar word rondgetas in die donker. Daar is geen vrede, troos of hoop in die siel nie. Die Here het sy aangesig vir die mens verberg en dit lyk asof Hy sy genade onttrek het.

Die verlede was skoner, beter en heiliger as nou sodat daar die versugting opgaan of God vergeet het om genadig te wees. Nee God het dit nie vergeet nie, die skuld lê by die mens self wat so dink.

Ondersoek of daar nie 'n skadelike weg was nie. Oordink die paaie wat uit die heerlike verlede na die sombere hede gegaan het, dan word in die slapelose nag die tollenaar in u gebore wat gesê het: „O God! wees my sondaar genadig!"

15 Julie **Lees:** Psalm 78:1-14 **Teks:** Psalm 78:14

GOD SE LEIDING

Toe Israel uit die Egiptiese slawerny verlos is en deur die Skelfsee gelei was, het die woestyn nog voor hulle gelê waar hulle moes deurgaan om die beloofde land te bereik. Gebaande weë was daar nie. Hoogstens was daar 'n karavaanpad wat woestynsand toegewaai het en onsigbaar gemaak het.

Die Here het egter deur 'n wolkkolom bedags sy volk gelei en snags deur 'n vuurkolom die rigting aangedui.

Dit was 'n stille en 'n vreedsame leiding waarmee die Here die pad geteken en aangedui het, van die hemel af wat hulle moes gaan. Hulle het die oë opwaarts geslaan om op God te let en was nie in die verleentheid om te vra, of te wonder watter kant toe nou nie om uiteindelik in Kanaän aan te kom. So moes hulle God gehoorsaam in vaste geloof omdat God Hom in die keuse van die pad nie kon vergis nie, die volk wel.

Hulle het dus gewandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

Die geloof het ons ook nodig in die groot en dikwels moeilike lewe maar waardeur God ons in sy genade en trou veilig heen wil lei.

Ons het geen sigbare wolk-of vuurkolom nie. Ons het egter die Woord van God wat in die donker wêreld 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons pad is.

Wie die lig van die Woord volg, hoef nie te vrees om te verdwaal nie.

Elke stap hoe vreemd en hoe onverklaarbaar bring die gelowige nader aan die hemelse Kanaän. God se leiding is geen dwang nie maar 'n volging in gewillige gehoorsaamheid van die geloof.

God alleen ken die naaste pad wat lei na die hemelstad, deur Jesus Christus ons Middelaar wat die weg en die waarheid en die lewe is. Die oë moet gedurig soos Israel in die woestyn na bo gerig wees vanwaar alleen ons hulp ons redding en leiding vandaan kom.

16 Julie **Lees:** Psalm 78:32-41 **Teks:** Psalm 78:40

WEDERSTREWIGHEID VAN ISRAEL TEENOOR GOD

Israel was die volk wat die Here tot sy eiendom verkies het om tot seën te wees vir alle geslagte van die aarde.

Reeds tydens die woestyntog het God aan hulle onverdiende weldade en barmhartighede bewys.

Maar Hy het van sy volk afhanklikheid, trou en gehoorsaamheid verwag, maar hulle het telkens weer teruggeval in wederstrewigheid en God met hulle opstandigheid vermoei. Was dit maar enkele kere sou dit miskien nog 'n swakke verskoning gewees het omdat hulle soveel in die woestyn moes ontbeer waaraan hulle gewoond was.

Die psalmdigter praat hier nie van enkele kere nie maar van hoe dikwels die volk God gegrief het en Hom smarte aangedoen het.

Hierdie aanklag van „hoe dikwels" was nie net teen Israel nie maar is ook 'n aanklag teen ons. Ons wat nie in 'n mindere mate nie maar in Christus ryker geseën is as die oue volk.

Hy het aan ons die lewende Brood uit die hemel geskenk wat die wêreld die ewige lewe gee en gegee het waarvan die woestynmanna slegs maar 'n skadubeeld was.

Teenoor die lewende water uit die geslane rots word ons siel verkwik met die gawe van Gods Gees.

Ons mag wel sê hoe dikwels het die Here aan ons welgedaan; maar ons moet ook daarby met beskaamdheid voeg hoe dikwels het ons met opstandigheid verbitter geraak teen God. Laat dit by ons skuldbelydenis word.

Hoe dikwels was God en is God oor ons lankmoedig. Hy wat telkens weer die ongeregtigheid vergewe het.

Laat dit ons nie in ons kwaad sterk nie maar lei tot ware bekering tot die Here onse God.

17 Julie **Lees:** Psalm 79 **Teks:** Psalm 79:8

SKULDBELYDENIS VAN DIE GODSVOLK

Telkens herhaal die geskiedenis hom in die gemeente van God wat klein, baie swak en onbeduidend in getal is; klein en swak nie net na die uiterlike nie maar ook klein en swak na innerlike krag.

Daarteenoor is en was die kinders van die wêreld nog altyd talryker as die kinders van God.

Die kleinheid in getal en swakheid van die volk van God word dikwels alleen gesoek in die toenemende afval van God en sy Woord. Maar daarmee is nog nie alles gesê en verklaar nie. Een deel van die skuld, miskien die grootste deel van die skuld, lê by die gemeente self omdat die gemeente nie steeds en voortdurend haar as die bruid van Christus openbaar het nie. Dit het die gemeente aan haarself te wyte en te verwyt.

Die digter van die psalm dink nie net hier aan die heidene wat alleen te beskuldig is nie ofskoon hulle 'n bloedbad in Jerusalem aangerig het en deur die swaard in die gemeente die gelowiges swakker en minder gemaak het.

Wanneer die digter bid dat die Here nie aan die vorige misdade moet dink nie bedoel hy daarmee die misdade van die vorige geslagte toe die toorn van die Here ontbrand het sodat Hy hulle in die hand van hulle vyande oorgegee het.

Die sonde van die gemeente self roep dikwels die strenge oordeel van God van die hemel af.

Geslag na geslag stapel die skuld hoër op. Dan breek die oomblik aan dat die Here aan die heidene vrye teuels gee om sy volk te vertrap en te verwoes.

Die diepste oorsaak van die kleinheid en verswakking van die gemeente lê in die gebrek aan vastigheid in die geloof, in die toegee aan die sonde wat volgens God se Woord misdade genoem word.

Daarom die ootmoedige bede „Reken ons die ongeregtighede van die voorvaders nie toe nie, laat u barmhartighede ons gou teëkom want ons is baie swak".

Skuldbelydenis moet ook voor alles by ons geskied, nie slegs in die kerk en gemeente nie maar ook in eie persoonlike lewe.

So sal God ons dan in sy genade en liefde was in die bloed van Christus en vergewe.

18 Julie **Lees:** Psalm 80 **Teks:** Psalm 80:15

O GOD VAN DIE LEËRSKARE, KOM TOG TERUG

In hierdie psalm is die gemeente besig om vir die hele volk te bid. Een ding weet die gemeente goed: Die God tot wie hulle bid, is die God van die leërskare — die God wie se moontlikheid geen perk het nie.

Hierdie psalm is 'n klaaglied, want daar is nood in die land. In ons nood is ons soms dom. „Waarom het U sy mure stukkend gebreek . . . ?" Tog wyk die domheid terwyl die gemeente bid. Hulle weet dat God se toorn oor die ontrou van die volk rook. Daarom beloof hulle: „Dan sal ons nie van U afwyk nie."

Die biddende gemeente weet van 'n roeping. God het die volk vir Homself grootgemaak. Die gemeente weet wat Israel is en moet wees.

Die biddende gemeente weet dat God alleen kan herstel. Hulle glo vas dat God se koms hulle diens vooraf moet gaan. Hierom bid hulle onophoudelik: „Herstel ons."

Die domheid van die gemeente pla. Mens wil hulle vra waarom hulle so halsstarrig bid om herstel as die antwoord voor die hand lê. Die volk moet hom net bekeer, dan sal hy herstel word. Maar die volk bly die orde koppig omdraai. God

moet eers kom. Hierdie koppigheid is geloofskoppigheid. Hierdie orde is geloofsorde. Dit is so: God moet éérs kom dan sal die volk weer volk vir God wees.

Vandag weet die volk van God te dikwels nie meer van sy roeping nie. Te dikwels weet hy nie meer wat hy is en moet wees nie. God het sy volk vir Homself geplant. Dit is broodnodig dat die gemeente gedurig vir die volk van God sal bid. In ons gebed en werk sal dit eers om God moet gaan, daarna om die mens.

Ek bedoel dat dit nie ons bekering is wat voor gaan nie, maar God se werk.

God se werk gaan voort, want Hy is die God wat was en wat is en wat kom, die Almagtige.

19 Julie **Lees:** Psalm 81 **Teks:** Psalm 81:11

EK IS DIE HERE

Die volk vier groot fees. Die volk sing en die musiekinstrumente galm. Dan, te midde van hierdie godsdienstige vrolikheid 'n wanklank. Skielik staan te midde van die feestelike skare 'n profeet. Hy praat met die volmag van een wat opdrag daartoe het. Die nuwe maan is trouens die tyd van die godspraak.

Met die boodskap van sy profeet tree God in die midde van sy volk — die volk word in God se teenwoordigheid ingeruk.

Die eerste wanklank te midde van musiekgeskal en feeslied is 'n aanklag. Hoekom is julle so hardkoppig en ongehoorsaam? Hoekom aanbid julle vreemde gode?

Die tweede wanklank is die aankondiging van oordeel. Jou vyand sal jou vertrap! Nog erger: Julle sal aan julle eie planne oorgegee word. Omdat Israel se God die Here is, daarom is sy oordele nie leeg nie — sy toorn is nie kragteloos nie.

'n Derde wanklank is 'n oproep tot bekering. Ons vier fees en nou moet ons ons bekeer!

Die profeet bring ook lieflike beloftes van voorspoed as die volk na God luister en in sy weë wandel.

Met die kerk is daar niks verkeerd nie. Ons is baie godsdienstig. Ons het baie en mooi kerke — spanne ampsdraers. Maar ons het in al hierdie dinge vasgeval. Organisatories en formeel verloop sake glad nie te sleg met die kerk nie. Besit, organisasie, voldoening aan formele eise is nie noodwendig geloof nie; te midde van die feesvierende volk het God se profeet opgestaan! Terwyl ons besig is met die dinge van hier, het ons die toekoms van God vergeet.

Daar het 'n groot profeet van God in ons midde opgestaan — dié Profeet. Hy bring ook 'n wanklank in ons godsdienstigheid. Hy bring ook die belofte van die heerlike toekoms van God.

20 Julie **Lees:** Psalm 82 **Teks:** Psalm 82:8

GRYP IN, O GOD

Toe Israel Kanaän ingetrek het, het hulle gou gehoor van al die gode van die nasies rondom hulle. Gou het dit dan ook tot 'n bitter stryd gelei, want die nasies het ook magsaansprake vir hulle gode gemaak.

Een ding het Israel beter as ons geweet: die gode is nie magteloos nie! Maar, hulle mag is die mag van die chaos, van die wanorde, ja, mag van onreg. Op die oog af is die mag van die gode oppermagtig. In hulle goddelose onreg laat hulle selfs die fondamente van die aarde wankel.

Israel weet in die geloof egter van 'n ander werklikheid, Israel weet dat die Here die Allerhoogste is. Die gelowige weet ook dat die Here die gode tot verantwoording kan roep. Die gelowige weet veel meer! Hy weet dat die Here 'n einde sal maak aan die gode en hulle in die doderyk sal instort.

Op grond van hierdie gewisse kennis bid die gemeente dat die Here moet verskyn; dat die Here die gode tegemoet moet tree; dat die Here moet ingryp.

Hy wat oë het om te sien, sal weet dat die wêreld deur die bose regeer word. Dit lyk of die onreg triomfeer. In ons dag is die bose magte inderdaad besig om die fondamente van die wêreld te laat wankel.

Maar, die gemeente weet nog iets. Die gemeente weet dat Jesus die Here is. Hy het die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer. (Kol. 2:15.) Op grond hiervan verwag die gemeente die heerlike toekoms van God. Eendag — en dit is voor die deur — sal by die blaas van die sewende basuin groot stemme sê: „Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." (Openb. 11:15.)

21 Julie **Lees:** Psalm 83 **Teks:** Psalm 83:2

O GOD, HOU U NIE STIL NIE

Mense word soms deur die wreedheid van die Bybel verstom — meer nog, hulle neem dikwels aanstoot aan die wreedheid van die Bybel. Dit is een van die redes waarom die Openbaringboek selde — ook in die kerk! — gelees word.

Die gelowige bid vir die ondergang van die ongelowige — so sou mens die psalm oppervlakkig kon saamvat.

Dit gaan egter om iets heel anders. Dit is die eer van God wat op die spel is. Die volk is nie eintlik besig om vir homself te bid nie. Want, die aanslag is nie in die eerste plek teen Israel nie. Dit is eintlik teen die Here dat die ganse heidendom 'n verbond sluit.

In hierdie uur van nood waarin die volk bedreig word — hierdie uur van nood waarin hulle weet dat die aanslag eintlik teen God is — in hierdie uur bid hulle dat God sy vyande moet verdelg.

Eintlik gaan dit nie om die ondergang van die heidene nie, maar om hulle redding. God moet optree sodat die heidene die Naam van die Here kan soek en bely dat Hy, wie se Naam die Here is, alleen die Allerhoogste oor die hele aarde is.

Die boodskap van die evangelie is dat God hom nie stilgehou het nie en dat by die koms van Jesus Christus Hy Hom ook nie sal stilhou nie. Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val. Maar ook by sy wederkoms kom Christus nie om sondermeer te verdelg nie. Hy tree op dat die nasies kan bely dat God die Allerhoogste is.

Eintlik gaan dit in die Bybel nóg om Gods volk, nóg om die verdelging of redding van die nasies, maar dit gaan in al hierdie dinge om die eer en lof aan God alleen. Ons psalm word gedra deur dié wete dat die verwerkliking van God se lof op aarde God se eie werk was en sal wees.

22 Julie **Lees:** Psalm 84 **Teks:** Psalm 84:2

HOE LIEFLIK IS U WONINGE!

Vir die godsdiens van die Ou Testament het die heiligdom in Jerusalem 'n baie belangrike plek beklee, want dit was oord van God se teenwoordigheid. Hierom het die liefde vir die heiligdom die gelowige se hele lewe omvat en gevul. Tog is die tempel nie die middelpunt van Psalm 84 nie, maar God self. Alleen by Hom is beskutting, geluk en vreugde. Maar tog — God was besonderlik verbind met die tempel in Jerusalem.

In 'n sekere sin is Jesus Christus die Vervuller van Psalm 84. Hy is die vleesgeworde Woord wat onder ons kom woon het. In Hom is ons naby God.

Maar Jesus Christus staan ook teenoor Psalm 84. God word in der waarheid nie meer in die tempel aanbid nie, maar in Gees en waarheid (Joh. 4:23). God is nêrens anders te vinde as in Jesus Christus nie en die Gees sal ons ook nêrens anders heen neem as maar net na Christus toe nie. Hier by Christus is lewe en lieflikheid te vind. Die ware aanbidding van God in Jesus Christus staan teenoor alle godsdiens — óók teenoor die godsdiens van die tempel in Jerusalem.

Die christelike kerk het die tempel nie vervang nie. Ek bedoel dat terwyl God in die ou verbond in die tempel aanbid is, is die plek van sy teenwoordigheid nie in die nuwe verbond die christelike kerk nie.

Die kerk het nie die tempel vervang nie, maar Jesus Christus het die tempel vervang. Dit bring mee dat die kerk betekenis van tweede rang het. Ons mag nie die godsdiens van die

tempel vervang met die godsdiens van die kerk nie. Formele verbindtenis met die kerk is nie noodwendig lewe nie.

Dit bring egter ook mee dat die kerk 'n geweldige belangrike betekenis het. Christus is tussen sy gemeentes. Hier word God in Gees en waarheid aanbid.

23 Julie **Lees:** Psalm 85 **Teks:** Psalm 85:14

DIE GEREGTIGHEID VAN GOD

Alle teologiese stryd — ook die stryd van die geloof teen die heidendom — gaan om een vraag: Gaan dit uiteindelik om God en sy genade of om die mens en sy vermoë.

In Psalm 85 is alle hoop op God gerig — Hy staan in die middelpunt van alle verwagting. Hier het ons 'n versugting na die heil, die goedertierenheid, die vrede en die trou wat uit God se geregtigheid uit voortspruit.

Voorspoed, heil en vrede word in die heidendom geborg deur 'n onpersoonlike orde wat ook die gode heers. Voorspoed is onlosmaaklik aan goeddoen gejuk. Die gode borg maar net hierdie orde. Hier staan die vroom, veral die godsdienstige mens sentraal. Sý vermoë, sý bekering en sý vroomheid is deurslaggewend.

Die verwagting van die geloof is heeltemal anders. God moet die ongeregtigheid wegneem en die sonde bedek. God moet herstel. Deur die hele psalm weergalm die belydenis: nie ons nie, maar U. En as God se geregtigheid tussen die volk kom woon, dan is daar lewe, voorspoed en heil.

Soos wat God se toorn verskriklik effektief was, so het sy geregtigheid, heerlike gevolge. God se geregtigheid skep nuut. Die volk kan net in God bly wees as God hulle weer lewend maak.

Ons psalm gee uitdrukking aan die kernverkondiging van die Ou Testament. Hierom is die boodskap van Psalm 85 ook die boodskap van die nuwe Testament. As ons God se geregtigheid in Jesus vervul sien, sal al ons verwagting en hoop op God alleen wees.

24 Julie **Lees:** Psalm 86 **Teks:** Psalm 86:5

VIR ALMAL WAT U AANROEP

Hierdie psalm is die gebed van 'n mens in ellende. Een ding weet dié ellendige en dit is dat mens in jou nood alleen by God 'n skuilplek het.

Ons kan hierdie psalm ook die gebed van 'n kerkmens noem. Nie alleen is baie van die gedagtes aan ander psalms en skrifgedeeltes ontleen nie, maar 'n mens is nie vér verkeerd as jy die hele psalm 'n letterlike aanhaling uit ander psalms noem nie.

Toe die nood die gelowige oorval, het hy geweet waarheen om te vlug want God was nog altyd sy toevlug. God is nie vir hom 'n laaste toevlug nie, maar 'n enigste. Toe die nood hom oorval, het hy ook geweet wat om te bid, want hy het nog altyd saam met die gemeente gebid.

Geloof is 'n persoonlike saak, maar nog nooit 'n eensame saak nie. Daar is baie troos in die wete dat ons nie alleen in ons ellende staan nie, maar dat daar 'n wolk van getuies rondom ons is wat die wedloop voleindig het.

Dit hou groot troos vir ons in dat te midde van tye wat verander die inhoud van ons geloof nie verander nie. Ons geloof, ook wat die vorm betref, het 'n sekere vastigheid. Ons kan tot God bid soos wat sy volk nog altyd tot Hom gebid het.

Soos wat God nog altyd gehelp het in nood, so help hy altyd weer opnuut. Arm is die mens wat nie naby die gemeente leef nie. Te dikwels leef so 'n mens ook nie naby sy God nie. As die nood hom oorval, tot wie sal hy bid en wat sal hy bid? Ryk is die mens wat leef in die gemeenskap van die gelowiges.

25 Julie **Lees:** Psalm 87:1-7 **Teks:** Psalm 87:5

SION, DIE MIDDELPUNT VAN DIE VOLKE

Ons het hier met 'n bedevaartslied te doen. Hier word gesing van die heilige, stad Jerusalem en ter ere van die tempel. In die voorstellingswêreld van die ou Israeliet was Jerusalem die naeltjie van die wêreld, die spil waarom die hele wêreld gedraai het. Die verowering van Jerusalem in die jaar 586 v.C. moes die Joodse vertroue in die onaantasbaarheid van hulle stad geskok het. Miskien het die Jode te letterlik aan Sion gedink. Op godsdienstige gebied is Sion wel die spil waarom die wêreld draai.

Die gedagte wat in Psalm 87 na vore tree is dat Sion as't ware die geestelike moeder van al die volke is. En dan word daar in ons psalm na 'n paar van die volke verwys. Met Rahab word Egipte bedoel, die ou aartsvyand van Israel. Hierna word Babilonië genoem, en dan word die Filistyne genoem, die kusstreek van Palestina van waar Palestina dan ook sy naam gekry het. Dan word daar nog verwys na die Fenisiese kus- en handelstede, en ten slotte selfs na die verre Etiopië. Die bedoeling is seker nie dat al hierdie volke hulle in die geheel tot die godsdiens van Israel bekeer het nie, maar dat al hierdie volke in hulle geledere belyers van die godsdiens van Israel het.

Dit is belangrik dat ons daarop sal let dat die gosdiens van Israel nie 'n grootheid in waarop die volk Israel alleen aanspraak kan maak nie. Die sendinggedagte staan hier naas die uitverkiesingsgedagte. God is wel die Vader van Abraham, Isak en Jakob, maar in en deur Jesus Christus word ons almal tot sy kinders aangeneem.

26 Julie **Lees:** Psalm 88:1-9 **Teks:** Psalm 88:3

GEBED IN NOOD

In die vorige psalm het ons gesien hoe die volke almal drink uit die fontein van heil wat die God van Abraham, Isak en Jakob skenk. In Psalm 88 gaan dit om 'n persoon wat uitgesluit is, en wat nie sy vreugde kan uitsing nie, maar wat alleen sy lot kan beklae. Daar is skrifverklaarders wat meen dat die digter gebuk gegaan het onder die kruis van melaatsheid. Heelwaarskynlik is hierdie psalm ook swaar gelaai met simboliese betekenis. Die kruis waaronder die digter gebuk moes gaan, is simbolies van die kruis waaronder sy volk in ballingskap gebuk moes gaan. Maar ons kan die lyn ook deurtrek tot vandag toe. Die kruis waaronder die psalmdigter gebuk gaan, is simbolies van die juk van die sonde waaronder u en ek gebuk gaan.

Toe Jesus en sy dissipels 'n blindgebore man teëkom, het sy dissipels vir Hom gevra: „Here, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers dat hy blind gebore is?" Jesus het geantwoord: „Hy het nie gesondig nie, en sy ouers het nie gesondig nie, maar die krag van die Here moet in hom geopenbaar word." Vir die blindgeborene was daar by Jesus redding, en so ook vir u en vir my en vir almal. Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Met ons nood kan ons vrymoedig na Jesus gaan. „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind in julle siele; want my juk is sag, en my las is lig."

27 Julie **Lees:** Psalm 89:1-5 **Teks:** Psalm 89:425

DIE VERBOND MET DAWID

Die gedeelte wat ons saamgelees het, is eintlik maar net die inleiding tot hierdie psalm, maar in werklikheid word in hierdie inleiding reeds die hoofgedagte van hierdie psalm vervat. Die hoofgedagte van die psalm is die verbond wat God met Dawid opgerig het, en die belofte aan Dawid dat sy koningskap bestendig sal bly tot in ewigheid. Die digter herinner sy volk aan hierdie beloftes toe die volk in die diepste moeras van moedeloosheid was. Die volk verkeer in Babeloniese ballingskap nadat hulle in die jaar 586 v.C. voor die aanslag van die Babeloniërs moes swig. Die uitgangspunt van die digter is die belofte wat Dawid van die profeet Nathan ontvang het. In 11 Sam. 7:16 lees ons naamlik: „En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid." In Jes. 55:3 word

daar ook hierna verwys: „Neig, julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit: die bestendige genadebewyse van Dawid."

Hierdie verbond met Dawid wys heen na die ewige verbond wat God gesluit het met sy kerk, deur Jesus Christus die Seun van Dawid. Van hierdie genadeverbond is die Heilige Doop die seël en teken. In Jesus Christus het God se beloftes aan Dawid waar geword. Hy is die Heer van alle Here, en die Koning van alle konings.

28 Julie **Lees:** Psalm 90 **Teks:** Psalm 90:12

VERGANKLIKHEID VAN DIE MENS

In die begin van Psalm 90 word die ewigheid van God besing. „Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God." Teenoor die ewigheid van God stel die psalmdigter nou die verganklikheid van die mens. Die verganklikheid van die mens het sy oorsprong in die paradys waar die Here God vir die mens gesê het: — „In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer." Met drie beelde word die verganklikheid van die mens hier gestel teenoor die ewigheid van God. Die eerste beeld is die van 'n waterstroom wat verbyvloei — so vloei die menselewe verby. Die tweede beeld is die van die oggendslaap, daardie rukkie wat 'n mens insluimer nadat jy wakker geword het. Dit is gou verby en netso is die menselewe ook gou verby. Die derde beeld is van die gras van die veld wat in die môre uitspruit en in die aand afgnesny word en verdor. Presies so is dit ook met die menselewe. Die menselewe het in sigself geen ewigheidswaarde nie.

Hierteenoor is God ewig. Deur sy genade het God die moontlikheid van die ewige lewe gebring in die bestaan van 'n nietige verganklike mens. Hy het sy Seun Jesus Christus geskenk, die weg, die waarheid en die lewe. Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe, maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.

29 Julie **Lees:** Psalm 91 **Teks:** Psalm 91:11-13

IN DIE BESKERMING VAN DIE ALLERHOOGSTE

Jesus het eenkeer gesê: „Hy wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het, en die reën het geval en die waterstrome het gekom, en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots." Ps. 91 adem hierdie selfde gees:

„Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige." Soos 'n beskermengel is God by sy kind wat Hom ken. Soos 'n moeder wat haar kind by die hand lei, verhoed dat haar kind in die klipperige Palestina sy voet teen 'n klip stamp, so lei God ook sy kinders wat Hom ken op gebaande weë. God is ook vir sy kinders 'n Beskermer teen giftige adders en briesende leeus. Deur middel van beeldspraak beeld die digter God se bewaring uit.

Psalm 91 is een van die skrifgedeeltes waaruit die duiwel aanhaal as hy Jesus Christus in die woestyn versoek. „Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie." Jesus swig nie voor die versoeking nie. Die feit dat Hy God ken, is voldoende waarborg dat God Hom sal beskerm.

„En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

30 Julie **Lees:** Psalm 92 **Teks:** Psalm 92:13

DIE REGVERDIGE SAL UIT DIE GELOOF LEWE

Dieselfde gedagtes kom in Psalm 92 na vore wat ons ook in Psalm 73 vind. Die digter van Psalm 73 het naamlik voor 'n probleem te staan gekom. Hy kon nie begryp waarom die goddeloses voorspoed ondervind terwyl hy as regverdige teëspoed ervaar nie. Met hierdie probleem het die psalmdigter geworstel, totdat die saak vir hom duidelik geword het. As die goddeloses hulle stoflike voorspoed moet ontbeer, dan het hulle niks in die lewe oor nie. Dit is verskriklik om in die lewe niks te hê nie. Al moet die psalmdigter stoflike seëninge ontbeur, het hy God nog oor, en as hy God het dan het hy alles, dan het hy niks meer nodig nie. Daarom lees ons ook in Psalm 73:25 die pragtige belydenis van die psalmdigter. „Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie."

In ons psalm word die regverdige vergelyk met 'n palmboom, die koning onder die bome van die vlaktes, en met die seder, die vors onder die bome van die gebergte. Bome op die tempelplein was geen seldsaamheid nie. Selfs vandag nog groei daar op hierdie plek sipres- en sederbome. Hierdie beeld dui eintlik daarop dat die regverdige, toegelaat tot die gemeenskap van die regverdiges, uit daardie voedingsbodem groeikrag put tot Godsverheerliking. In dieselfde lig kom dan ook Jesus se opdrag aan sy dissipels en so ook aan ons: —

„Julle is die lig van die wêreld . . . laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

31 Julie **Lees:** Psalm 93 **Teks:** Psalm 93:1a

DIE HERE IS KONING

Psalm 93 vorm een van die groep psalms waar die koningskap van die Here besing word. Ons psalm vorm eintlik die inleiding tot die groot pryslied soos ons dit in Psalm 95-100 opgeteken vind. In hierdie psalms breek die gedagte van God se regering helder deur. Die magte van die bose is wel sterk, maar uiteindelik sal God heerskappy voer. Moontlik is hierdie psalms gedig op grond van een of ander nasionale oorwinning. Die werklike dryfveer agter die psalms kan egter nie met sekerheid vasgestel word nie.

Die Here is Koning al lyk dit soms of Hy van sy koningskap afstand gedoen het ten aansien van die heidense afgode in tye dat Hy sy volk skynbaar aan heidense nasies oorgegee het. Volgens ons psalm het die Here opnuut sy Koningskap aanvaar en die nasies moet dit ook allerweë erken. By so 'n plegtige geleentheid moet daar ook koningsklere wees. Die Here is met hoogheid beklee en sterkte is sy gordel.

Dit is eintlik maklik om die lyn van ons psalm deur te trek tot in die Nuwe Testament. Johannes die Doper, die voorloper van Jesus Christus, roep op tot bekering want die koninkryk van die hemel het naby gekom. Volgens die twaalfde Sondagafdeling van die Heidelbergse Kategismus is Jesus deur die Heilige Gees gesalf tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar, en word óns ook deur die Heilige Gees gesalf as konings, om in hierdie lewe met 'n goeie en vrye gewete teen die duiwel en die sonde te stry, en om hiernamaals saam met Hom oor alle skepsels te regeer.

1 Augustus **Lees:** Psalm 94 **Teks:** Psalm 94:14

GOD BLY GETROU

Die digter kla teenoor God oor die skreiende verminking van die reg deur die goddelose. Skaamteloos word die hulpelose vermoor. Die goddelose leef voort asof daar geen God is nie en niemand hul sal vergeld nie. Laat hulle egter gewaarsku wees: die Skepperheer is dáár en oor sy gelowige kinders brei Hy sy geregtigheid steeds uit.

Daar is dan ook 'n ander, blyer kant van die psalm. Die digter se geloofsvertroue seëvier want God se trou is onveranderlik. As die Here nie self onder die moeilikste omstandighede sy volk bewaar nie, sou hulle nie meer bestaan het nie. In die oomblikke van wankeling en dreigende ondergang het God ingegryp, ondersteun en vertroos. Op 'n rustige, blye toon eindig die psalm. Wat as klaaglied begin het, loop uit op 'n loflied op die genadige bystand van God en op die geregtigheid van God wat oor alle skepsele sal seëvier.

Die probleme waarmee ons psalmdigter geworstel het, kom in elke tydvak voor. Die goddelose gaan skynbaar ongehinderd voort met sy ongeregtigheid en floreer asof daar geen God is nie. Die gelowige wat dit aanskou en daaronder ly se geloof word beproef; soms tot die uiterste. Ons kan egter altyd weet: God is daar, Hy hou die wag. Op sy ondeurgrondelike wyse laat Hy sy raadsplan met die wêreld in vervulling gaan.

By Golgota het die trotsaard en die goddelose gesmaal en onbeskaamd gepraat en wou die gelowiges wankel in die geloof. Gou het dit egter openbaar geword dat die Here sy volk nie verwerp en sy erfdeel nie verlaat nie — nooit nie. Die skynbare neerlaag van die kruis is God se oorwinning oor die wêreld van sonde en dood. Die skynbare oorwinning van die trotsaard en goddelose dáár was inderdaad sy neerlaag en ondergang.

2 Augustus **Lees:** Psalm 95 **Teks:** Psalm 95:6

LAAT ONS AANBID

Ons volgende ses psalms het een gemeenskaplike onderwerp; die Here regeer! Daar is geen plek of saak of skepsel wat nie onder die heerskappy van die Almagtige staan nie.

Psalm 95 stel vir ons die grote heerlikheid van God teenoor die sondigheid van die mens. Verder is gehoorsaamheid aan God 'n onverbiddelike eis wat nagekom moet word anders sal die mens in sy rus nie ingaan nie.

Die psalm begin met 'n oproep tot die feesskare om te jubel en bly te wees ter ere van die Skepperheer! Voor sy aangesig kom sy volk met blye lofsange want Hy heers oor alle dinge. Sy heerskappy brei hom uit oor hoogtes en dieptes, die seë en die vastelande. Daar is geen plek vir ander gode of afgode nie. Daarom moet Hy aanbid word op sigbare, tasbare wyse. Die volk moet in verootmoediging neerbuk, kniel en op sy aangesig val — want hierdie God is nie 'n verre, vreemde God nie: Hy is onse God. Ons is Syne, die skape van sy hand.

Maar die psalm laat ook 'n waarskuwende klank hoor! Die volk moet dink aan die ontberinge van die verlede. Die aanbidding moet suiwer wees; nie alleen in gebaar nie, ook in sy hart moet die volk bereid wees om God onvoorwaardelik te gehoorsaam. Die straf vir ongehoorsaamheid kan swaar tref soos die veertig jaar in die woestyn wil leer.

Die pleitroep van die psalm is dat die ware, blye aanbidding van God **vandag** moet begin: môre kan te laat wees, nee, môre sal te laat wees. As ons vandag na gister en eergister

kyk, sien ons die geregtigheid van God maar ons sien ook sy trou en barmhartigheid wat bly tot in ewigheid oor die wat Hom in waarheid aanbid en dien. Sy barmhartigheid wat in die koms, lyde en sterwe van Jesus Christus ter wille van ons, helder deurbreek, leer ons ook dat God se geregtigheid sy oordeel oor en toorn teen die sonde nie wegneem nie. Laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons geskape het.

3 Augustus **Lees:** Psalm 96 **Teks:** Psalm 96:3

GOD OORDEEL REGVERDIG

Hierdie psalm sluit by die voorafgaande een aan in sy oproep dat die lof van die Here besing moet word deur sy volk. Maar hier word dit ook duidelik dat die eer wat aan God toekom nie slegs deur die bondsvolk gebring moet word nie: alle volke moet meedoen. Die nasies sal dit doen wanneer ook onder húlle die grootheid van God vertel word en uitgedra word deur sy gelowige kinders.

Die roepingsopdrag van die gelowige kom baie duidelik tot ons in die woorde van ons teks. Aan al die nasies moet verkondig word dat God se heerskappy geen grense het nie. Hy is Koning en sy oordeel sal hom aan elke skepsel voltrek. In die oordeel van God is daar egter rede tot blydskap opgesluit want anders as aardse konings en regters oordeel God in sy trou: deur só te doen is die volke verseker van die regverdige oordeel van die Here.

Want die oordeel van God dien nie slegs om al sy teëstanders tot verantwoording te roep nie, maar die laaste verse van ons psalm laat ons ook besef dat die ganse skepping hierby betrek is. Onder God se laaste oordeel sal die orde wat Hy bepaal weer heers in alle dinge — ook in die natuur sal die jubeltone oor God se heerskappy hoorbaar en sigbaar wees.

Die kerk het die opdrag om met volgehoue oorgawe en onwrikbare oortuigingskrag die evangelie te verkondig dat Jesus Christus die Heer is. Hiermee sal ons volhou totdat elke knie buig en elke tong bely dat in Hom die heerskappy en trou van God oor alle dinge bevestig is.

4 Augustus **Lees:** Psalm 97 **Teks:** Psalm 97:10

GOD BEWAAR SY GUNSGENOTE

Die psalm kom baie ooreen met Psalm 96 en baie van die uitsprake kom op ander plekke ook in die Skrif voor maar die digter het hulle hier vir ons pragtig verbind. In die eerste ses verse beskryf die digter vir ons met watter geweldige verskynsels die Koning sy troon sal bestyg en oor sy koningskap sal alle dinge selfs die verste plekke hulle verheug. Vanaf die sewende vers word vir ons beskryf die uitwerking wat daardie

verskyning op die volk van God, maar ook op die heidene en diegene wat beelde vereer, sal hê. Sy gemeente sal juig en bly wees maar hulle wat ander gode vereer sal beskaamd staan.

Wanneer ons teks praat van hulle wat die Here liefhet dan sien ons hier die gedagte wat deur die hele Skrif loop: Ons gehoorsaam God omdat ons Hom liefhet; en ons het God lief omdat Hy ons eerste liefgehad het. Hulle wat God dan liefhet kan ook nie anders as om die kwaad te haat nie. So word die gelowiges in die wêreld onderskei; hulle doen die goeie, wat God behaag, omdat hulle dankbaar is dat Hy in sy koningsheerskappy hulle nie aan die bose wil oorgee nie maar juis wil bewaar.

Al leef ons in 'n bose wêreld wat vol is van die geweld van die goddelose, mag ons leef in die wete dat God sy gehoorsame kinders bewaar en hulle red. Ons mag dus voortgaan en vasstaan in die vryheid waarmee God ons in Christus vrygemaak het. Daar is altyd grondige rede vir blydskap in die lewe van die gelowige. Vir die wederkoms van ons Heer moet ons gereed wees deur die werke van die duisternis af te lê.

5 Augustus **Lees:** Psalm 98 **Teks:** Psalm 98:1

SING TOT EER VAN DIE HERE

Die noukeurige leser sal opmerk dat hierdie psalm in groot trekke ooreenkom met Psalm 96. Dit is so omdat dit deel is van 'n groep psalms wat bekend staan as die sogenaamde „Troonsbestygingspsalms", en sluit in Psalm 47; 93; 96-99. Moontlik het hierdie psalm ontstaan pas nadat die Here deur 'n magtige daad verlossing vir sy volk bewerk het. Maar die psalm dra in sy toon ook die verwagting dat die Here in die toekoms groter dade gaan doen waardeur sy heil voor die oë van die nasies geopenbaar sal word.

Waar die volk bymekaarkom om heerskappy van God in sy feesvieringe te gedenk, moet telkens opnuut 'n nuwe lied gesing word. Dit is of die ou sange van die volk nie meer voldoen in die lig van die geweldige vernuwing wat intree met die koms van die Here nie. Die feit dat God se verbond nie alleen standhou nie, maar telkens bekragtig word in sy wonderdade, vra om 'n nuwe lied. Die krag van die geloof wat die gelowige dra en wat steeds op die toekoms gerig is, dwing in der waarheid die gelowige om in 'n nuwe lied nuwe uitdrukking te gee aan die blydskap waarin hy lewe.

Ons teks leer ons dan dat die hoop en geloof van die gemeente nie gevestig is op mense en hul vermoëns nie maar op God. Hy het wonders gedoen en Hy doen dit deur sy eie mag. Die grote God het niemand se hulp nodig om sy werk te doen nie; nie van Israel en ook nie van die wêreldmagte nie. Daarom is alleen God se arm heilig, verhewe en deel geen menslike moondheid in sy almag nie. Wat ons nou gesê het,

beteken egter nie dat God nooit van mense en magte gebruik maak in sy diens nie. Die verlede van Israel leer immers dat God wel mense in sy diens gebruik en dit doen soos dit Hom behaag. Hy sou later weer en tot vandag nog mense gebruik in sy diens. God stuur eenmaal sy eniggebore Seun om te red wat verlore was. Christus roep weer en stuur op sy beurt sy gelowiges die wêreld in om die evangelie te verkondig. Hyself sit aan die regterhand van die Almagtige sodat Hy vandaar sy kerk regeer totdat Hy weer kom. Op daardie dag sal die oproep nogeens weerklink; „Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied."

6 Augustus **Lees:** Psalm 99 **Teks:** Psalm 99:9

HEILIG IS DIE HERE

Ons kan hierdie psalm in drie dele verdeel wat elkeen eindig met die uitspraak dat die Here heilig is. Ten spyte dan van drie onderskeie redes wat die digter aangee vir die heiligheid van God is die slotsom waartoe hy geraak dieselfde en loop die heiligheid van die Here soos 'n soet refrein deur die psalm tot die einde. Die dele is dan verse 1-3, 4-5 en 6-9. Die digter laat ons in die eerste deel God sien as die grote Koning wie se verskyning die volke laat bewe en die aarde laat sidder; 'n aanduiding van die almag en verhewenheid van die God van Sion. Hierdie siddering wat deur skepping en skepsel gaan in die teenwoordigheid van God noop die digter om 'n oproep tot alle volke te maak om die Naam van die Here te loof.

In die tweede gedeelte stel die digter dat God se heiligheid nie alleen in sy heerskappy betoon word nie maar die skyn ook in sy geregtigheid. God het die reg lief! Hy het die reg vasgestel sodat dit die lewe van sy volk mede sal bepaal. Hy beskik oor die mag om geregtigheid te laat geskied waar Hy dit wil — soos dit in die volk se verlede telkens geblyk het. In die oë van die gelowige is Israel se geskiedenis die lewende getuienis van die werklikheid van God se regverdigheid. Dan eindig ook die tweede deel van die psalm met 'n oproep tot aanbidding en 'n jubelende uitroep om die heiligheid van God te bevestig.

In die derde en slotgedeelte van die psalm bereik die digter die diepste motivering in die oproep om God se heiligheid te erken: God se almag laat nie alleen die aarde sidder nie en Hy regeer nie alleen met geregtigheid wat elke mens se bestaan omvat nie — God is ook genadig en barmhartig! Hy is die God wat verhoor en vergewe in die geskiedenis van sy volk. Dit maak van gewone geskiedenis heilsgeskiedenis. Altyd is God besig om tot die heil van sy gelowige kinders te werk.

So dikwels verstaan ons nie waarom God op 'n bepaalde wyse met sy gelowiges werk nie, net soos die krip en die kruis nie te verstane is sonder die geloof nie. Maar die gelowige moet altyd weer gehoor gee aan die oproep: „Buig julle neer, want heilig is die Here onse God."

7 Augustus **Lees:** Psalm 100 **Teks:** Psalm 100:3

JUIG AL WAT LEEF!

Hierdie psalm is die kortste maar tegelyketyd die omvattendste van die psalms wat die koningskap van God besing. Dit is goed om te weet dat hierdie blymoedige lied vir die ou Christelike kerk as môrelied gedien het. Die kerk wil dan by die sing van hierdie psalm die ganse aarde oproep om in sy blydskap te deel en in volkome oorgawe aan God elke aardse vertroebeling van die vreugde in die geloof te vergeet. Oor die ganse aarde word die gelowige aanbidders een in hul vreugde oor die koningskap van God die Here.

Om hierdie lied by 'n lofoffer te laat klink is goed in die oë van die Here en weldadig vir die hart van die mens. Ons loof God wanneer ons sy Naam bely met die gesproke woord maar in die lof-offer is daar ook vir die gelowige die geleentheid om op meer tasbare wyse ons dankbaarheid en verering te betoon. In sy oproep dat die volk moet erken dat die Here God is, ja Skepperheer van hemel en aarde, lê daar vir die volk ook groot troos opgesluit: Die mens is nie op homself toegewys nie; hy staan nie alleen in swakheid en verlorenheid nie. God het ons gemaak, ons is Syne. Wat die mens is en mag wees is van die Here en die mens mag op God vertrou soos die kudde die herder vertrou. Hy sal sorg vir alles wat ons nodig het. Die psalm eindig dan met 'n lofsang op die goedheid en die goedertierenheid van God. En laasgenoemde duur nie net vir 'n oomblik nie — die trou van God is van geslag tot geslag.

Die gelowige kan alleen maar beaam en juigend bly met die psalmdigter saamsing, want God se goedheid ken geen einde nie. Hy het ons die diepte daarvan leer ken in Jesus Christus, die goeie Herder, wat sy lewe afgelê het vir die skape sodat nie een van hulle verlore hoef te gaan nie.

8 Augustus **Lees:** Psalm 101:1-8 **Teks:** Psalm 101:2

'N GELOWIGE EN OPREGTE LEWENSWANDEL!

Psalm 101 bring die ideale lewenswandel na vore wat die koning van Israel moet nastrewe. Hierdie psalm volg baie goed op Psalm 100 waarin die koninskap van God beskrywe word. God is die eintlike Koning van sy volk en die aardse koning is alleen maar koning in afgeleide sin. Hy is koning, omdat God hom daartoe gestel en geroep het. Hy staan onder die kragtige Hand van God en is aan Hom verantwoording verskuldig. Omdat hy as gevolmagtigde verteenwoordiger van God oor die volk van God moet regeer, daarom moet hy onberispelik in sy lewenswandel wees.

Dit is geweldige hoë ideale wat die koning vir homself stel. In sy handel en wandel, in sy huis en in sy werk, ja, op elke gebied van sy lewe wil hy opreg en onberispelik wees. Met die kwaad wil hy hom nie ophou en met goddelose en hoogmoedige mense, leuenaars en bedrieërs, wil hy niks te doen hê nie. Ook aan húlle wat in sy diens staan, stel hy geweldige hoë eise. Waarheid en geregtigheid moet die kenmerk van sy hele bestaan wees.

Hierdie psalm is moontlik deur koning Dawid gedig en ná hom moes elke koning waarskynlik op sy kroningsdag hierdie psalm voordra. Omdat die ideale en eise wat in hierdie psalm gestel word so geweldig hoog is en deur geen aardse koning ten volle nagestreef kan word nie, daarom wys hierdie psalm uiteindelik heen na die Messias.

So het hierdie psalm sy volle vervulling dan ook gevind in Jesus Christus, die Koning van alle konings. Elkeen van ons wat in hierdie Koning gló, moet egter ook die ideale van Psalm 101 van harte nastreef — nie om daardeur die ewige lewe te verdien nie, want dít het ons alleen deur die geloof in Christus, en as 'n **gawe** van God — máár om deur die krag van die Heilige Gees ons dankbaarheid aan God te bewys!

9 Augustus **Lees:** Psalm 102:1-29 **Teks:** Psalm 102:8, 13

DIE ENIGSTE TOEVLUG IN JOU NOOD!

Psalm 102 is die aangrypende gebed van 'n mens wat in die diepste nood en lyding verkeer. Hy behoort aan die verbondsvolk van God in die laaste tyd van die Babiloniese ballingskap of kort na hulle terugkeer. Terwyl hy sy nood ten diepste bekla, let hy egter op die nood van sy vernederde volk wat deur God begenadig is. En dít laat hom sy hoop vestig op die ewige en onveranderlike God.

Die digter is moontlik 'n koorslyer, of hy vergelyk sy sielesmart met 'n brandende koors wat sy liggaam verteer. In sy lyding is hy eensaam en verlate, soos 'n eensame voël op die dak van 'n gebou. Sy vriende het hom verlaat en soms lyk dit vir hom of God hom ook verlaat het. Hy ondervind ook die beproewing van lang, donker nagte waarin hy rusteloos op sy bed rondrol, omdat die slaap van hom gewyk het. Tipies van 'n gelowige mens wat ly, wissel sy gemoedstoestand tussen wanhoop en hoop, twyfel en geloof.

Temidde van sy lyding dink hy aan die verbondsvolk van God. Hierdie gedagtes verlig sy eensaamheid en lyding, want hy onthou hoedat sy volk wat swaar gely het en verneder is,

deur God verlos is. So vestig hy dan ook sý hoop en verwagting op die ewige, genadige en onveranderlike God. Dié God wat altyd dieselfde bly, is sy enigste toevlug in sy nood.

Die nood van die psalmdigter is dikwels ook óns nood. En sý klaaglied kom dikwels ook oor óns lippe. Want ons buig ook onder die beproewings van siekte, pyn, eensaamheid, slapeloosheid, ensovoorts. En vir óns is daar steeds net één ware toevlug naamlik die ewige en genadige God. Hý wil ons verhoor ter wille van sy Seun wat aan die kruis uitgeroep het: „My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Mat. 27:46) — sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie.

10 Augustus **Lees:** Psalm 103:1-22 **Teks:** Psalm 103:11-13

DIE GOEDHEID VAN DIE HERE IS ONBESKRYFLIK GROOT!

Psalm 103 is vir ons almal baie bekend! Want ons hoor dit (vers 1-13) altyd as 'n deel van die dankgebed na die bediening van die nagmaal. En dit is een van die mees geskikte gedeeltes in die Skrif. Want wie van die nagmaalstafel opgestaan het, kan nie anders as om baie diep dankbaar te wees vir al God se goedheid en barmhartigheid nie. Deur die sigbare tekens van wyn en brood gee God ons deel aan die liggaam en bloed van sy Seun, Jesus Christus. Hy voed en laaf ons hongerige en dorstige siele en Hy vergewe al ons sondes. Die goedheid van die Here is onbeskryflik groot! Wie dít op só 'n konkrete wyse gesmaak het, kan en wil God ewig daarvoor loof en prys. En hiervoor is Psalm 103 uiters geskik.

Veral in verse 11-13 kom die vergewende Vaderliefde van God die duidelikste na vore, wat deur die psalmdigter op treffende wyse besing word. Skoner dankwoorde het seker nog nooit uit die pen van 'n sterweling gevloei nie. Alleen die sterkste beelde is goed genoeg om die rykdom van hierdie Vaderliefde van God uit te beeld. Daar is niks wat hoër as die hemel is en daar is op aarde geen afstand groter as dié van die ooste na die weste nie. Maar die sterkste beelde in die natuur kan egter nog nie ten volle uitdruk wat die psalmdigter wil sê nie. Daarvoor het hy verder die allerintiemste verhouding in die menslike lewe nodig naamlik die vader-kind-verhouding! Die aardse vader ontferm hom oor sy kind, ook wanneer hy dwaal en oortree. Soveel temeer ontferm die hemelse Vader Hom oor sy kinders, ook wanneer hulle struikel en val. Daar is egter 'n duidelike beperking: God bewys sy genade en barmhartigheid alleen aan die wat Hom vrees — aan dié wat Hom erken, eer en liefhet!

11 Augustus **Lees:** Psalm 104:1-36 **Teks:** Psalm 104:23, 27

DIE MENS MOET WERK, MAAR GOD ONDERHOU

Psalm 104 is 'n pragtige loflied oor die magtige skepping van God. Die digter van hierdie psalm verkeer onder die diepe indruk van die grootsheid van die ganse skepping. Maar hy bewonder nie die skepping ter wille van die skepping self nie, want dit bring hom daartoe om God as Skepper van alles te erken en aan Hom al die heerlikheid en eer te bring.

Hy bely dat dit God is wat die hemel en die aarde geskape het en alles nog steeds in stand hou. Vir alles het Hy 'n besondere plek bepaal en 'n grens gestel — vir die son, die maan en die sterre; vir die wind, die wolke en die reën! God sorg ook vir alles — vir die voëls, vir die diere en veral vir die mens!! „Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd." (vers 27.) Al is dit só dat die mens self moet werk en in die sweet van sy aangesig sy brood moet verdien, tóg is dit uiteindelik **Gód** wat die groeikrag en die wasdom, die voedsel en die klere gee op die regte tyd.

„Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe." (vers 23.) Die mens móét dit doen — dit is opdrag en bevel van God! Maar die mens kan hierdie opdrag alleen sinvol en suksesvol uitvoer, as hy dit in biddende afhanklikheid van God doen. Alleen wanneer die mens met gevoude hande die dag begin en die dag eindig, kan daardie hande van hom deur die dag sinvol geseënd en voorspoedig arbei. As gelowiges moet ons arbeid ook altyd staan in die lig van wat Paulus sê in Rom. 8:32: „Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?"

12 Augustus **Lees:** Psalm 105:1-27 **Teks:** Psalm 105:4

VRA NA DIE HERE — ALTYDDEUR

Psalm 105 besing die groot dade van God in die geskiedenis van die volk Israel. Die Naam „Here" is God se verbondsnaam — dit is dié Naam waarmee Hy Homself aan sy volk bekend gemaak het. Hy het 'n verbond met Abraham gesluit en die verbond met sy volk, Israel, voortgesit. Hierdie God wat die Naam dra van „Here", is die barmhartige en genadige God wat Hom in liefde tot sy volk wend; wat Hom met sondige en verlore mense bemoei. Hy is ook dié God wat getrou bly, al word sy volk so dikwels ontrou.

Die psalmdigter roep dan in ons teks sy volk op om na hierdie Verbondsgod, die ewige getroue God te soek en te vra. Want dit is dié God wat sy „sterkte", sy krag en sy almag in die verlede duidelik geopenbaar het — veral deur die verlossing uit Egipteland en die veilige leiding en onderhouding tot in die beloofde land. Die Here het in die verlede bewys dat Hy

die getroue en almagtige God is. Daarom roep die psalmdigter sy volk op om ook vir die toekoms **altyddeur** te soek en te vra na „die aangesig" van die Here. Dít beteken: Hulle moet te alle tye, in voorspoed en teëspoed, biddend vra na die verlossende en bewarende teenwoordigheid van God.

Ons as gelowiges van die Nuwe Testament kan nog meer getuig van God se groot wonderdade van verlossing en bevryding uit die slawerny van die sonde. In sy Seun, Jesus Christus, het God gesoek en gevra na verlore sondaars (Luk. 19:10). Hy het sy aangesig van sy eie Seun weggedraai en dit vol liefde en barmhartigheid na ons gekeer. Omdat God ons gesoek én gevind het, **kan** ons biddend vra na sy sterkte en bewarende teenwoordigheid — in voorspoed en teëspoed, vir tyd en ewigheid!

13 Augustus **Lees:** Ps. 106:1-13, 32-48 **Teks:** Ps. 106:43-45

GOD BLY GETROU — TEN SPYTE VAN SY VOLK SE ONTROU

Die digter van Psalm 106 verkeer blykbaar nog saam met sy volk in die ballingskap van Babilonië, en hy rig 'n smeekgebed tot God om hulle te verlos en vanuit die verstrooiing te versamel. (Vergelyk vers 47.) En die enigste waarop hy sy smeking grond en waarop hy sy hoop bou, is die ewige verbondstrou van God.

In die psalm werp hy 'n blik terug in die lang geskiedenis van sy volk en dit bring hom diep onder die indruk van die gruwelike ontrou van sy volk en daarteenoor die ewigdurende trou en goedertierenheid van God. Hy begin by die verlossing uit Egipte en dan stapel hy die gebeurtenisse een na die ander op en word dit soos 'n nimmereindigende refrein: Sy volk vergeet so gou; hulle is wederstrewing en opstandig; hulle murmureer en loop agter die afgode aan; hulle is ongehoorsaam en kleingelowig — en aan die anderkant: God is getrou, barmhartig en lankmoedig. Hy tugtig en beproef hulle wel, maar Hy straf hulle nie na verdienste nie. Hy red, verlos, help elke keer as sy volk in benoudheid tot Hom roep. Bokant die ontrou van sy volk troon die verbondstrou van God uit! En dit bring die psalmdigter tot skuldbelydenis, maar ook tot aanbidding!

Is dit nie ook waar van ons eie volk se geskiedenis en van ons eie lewensgeskiedenis dat ons so maklik en so gou God se goedheid vergeet nie?! As ons 'n terugblik in ons eie verlede werp, dan kom óns ongehoorsaamheid, afvalligheid, eiewilligheid, kleingeloof, opstand en ontrou so helder en duidelik aan die lig. Maar nóg helderder en duideliker skyn God se goedheid, lankmoedigheid en verbondstrou oor elkeen van ons se lewens. Laat ons tog nóóit God se grootste genadegawe vergeet: Sy verlossing deur Jesus Christus aan die kruis van Golgota! Laat ons Hom daarvoor ewig loof en prys!

14 Augustus **Lees:** Ps. 107:1-9, 17-22 **Teks:** Ps. 107:28, 29
en Mark. 4:35-41

GOD MAAK STORMS STIL!

Psalm 107 het net soos Psalms 105 en 106 met die geskiedenis van die verbondsvolk van God te doen, maar op 'n besondere wyse. Daar word vier groepe mense beskrywe wat in benoudheid en ellende verkeer en wat deur God gered word, wanneer hulle tot Hom roep, naamlik verdwaalde woestynreisigers, gevangenes, siekes en seevaarders wat in 'n storm verkeer. Hierdie vier groepe verteenwoordig dan die volk van God wat in ballingskap verkeer het en wat deur God se genadige ingrype daaruit verlos is.

Onder die teruggekeerde ballinge was daar beslis ook dié wat oor die see gekom het en storms ondervind het. En nou word so 'n storm op 'n treffende wyse deur die psalmdigter beskrywe: Die geweldige stormwind wat die golwe hemelhoog opjaag en aaklige dieptes in die water veroorsaak — hoogtes en dieptes wat geweldige vrees inboesem en wat enige skip se einde beteken. Die enigste uitweg is om tot **God** te roep! Want Hy alléén is almagtig! Die stormwind en woeste see, waarteen die mens magteloos staan, word deur Hom in een oomblik stilgemaak sodat die wind gaan lê en die golwe bedaar (vers 29).

Net so gebeur dit ook in die lewe van Jesus se dissipels.

15 Augustus **Lees:** Psalm 108 **Teks:** Psalm 108:20

GELOOFSVERTROUE

Hierdie psalm is geskryf as 'n lied voordat die volk optrek om oorlog te voer. Met hierdie oorlog in gedagte sing hulle „My hart is gerus, o God!" Dit is eintlik 'n gedeelte van Psalm 57 wat hier aangehaal word, 'n psalm wat Dawid se gewaarwordings beskryf, wanneer Saul hom in die spelonk vasgekeer het. Selfs in die aangesig van die dreigende vyand sê die psalmdigter „My hart is gerus, o God". Dit is nie maar net uiterlik wat hy kalm en rustig is nie, ook sy innerlike is rustig. Ja, vlak voor die geveg roep hy die swyend harp en siter toe om 'n loflied te sing tot eer van God. So ywerig is hy om 'n loflied te sing dat hy die dageraad voor wil wees. Voordat die natuur ontwaak, wil hy reeds tot Gods eer sing, sodat die volke en nasies dit kan hoor.

Die slotgedeelte van die psalm is 'n aanhaling uit Psalm 60, 'n aanhaling wat geskryf is nadat die volk sy geveg verloor het. Dan roep hulle in herinnering die dinge wat God beloof het. God het beloof dat Israel hulle vyand sal oorwin, dat die vyand verneder sal word. Sake het egter anders verloop, Israel het verloor, maar hulle verwyt God nie daaroor nie. Al het hulle nou die nederlaag gely, eendag sal hulle oorwin, want

God het dit belowe, en Hy is betroubaar. Hy sal dit doen. Die oorwinning wat God beloof het, lyk net anders as wat hulle dit vir hulle voorgestel het, en dit sal op 'n ander tyd plaasvind.

So trek die volk op in die geveg. Hulle is rustig en hulle loof God in die vaste vertroue dat hulle sal oorwin en as hulle moet verloor vertrou hulle net op God, want Hy sal die uitkoms gee.

So moet ons ook ons stryd aanpak teen siekte, probleme en politieke bedreigings — in volle vertroue dat ons sal oorwin. Wanneer ons die stryd verloor het, volgens ons mening, moet ons bly hoop. God het belowe en Hy sal aan ons die oorwinning gee — op sy tyd en sy wyse.

16 Augustus **Lees:** Psalm 109:1-15 **Teks:** Psalm 109:4

ONREG VAN LEWE

Die skrywer praat van die onreg wat sy volk en daarom ook hyself moet verduur. Sy lewe is 'n Gebed tot God, dit wil sê sy hele lewe is eintlik 'n gedurige gebed dat hy die regte dinge moet doen aan sy vyande. 'n Gebed dat hy nie aan hulle sal doen wat hy wil nie maar wat God van hom eis.

Hy en sy volk gee aan hulle vyande liefde, maar hulle ontvang haat, hulle doen goed aan hulle teëstanders, maar dit word met kwaad vergeld.

Die vyand spreek met 'n mond van bedrog. Deur hulle bedrog verongeluk die vyand sy goeie pogings. Hulle laat die goeie na kwade lyk. Hulle spreek met 'n leuenagtige tong. Hulle gesprekke is vol leuens om hom in onguns te bring. So word sy liefde met haat beantwoord. Omdat die digter ook net 'n mens is, kan hy dit nie langer verduur nie. Hy wens dat daar allerlei kwaad oor sy vyand sal kom:

Laat hom gou sterf, laat niemand hom oor die vyand ontferm nie. Laat die vloek wat hulle altyd oor ander uitgespreek het op hulle eie hoof neerkom.

Ons verstaan nie hierdie uitbarstings van haat en verwensings nie, terwyl Gods woord ons aanspoor tot liefde. Die psalmdigter sien egter die vyand nie net as sy eie vyand nie, maar ook as Gods vyand, omdat die vyand Gods Woord teëstaan.

Daarom eien hy hom nie self die reg toe om te haat en wraak te neem nie. Hy dra sy saak aan God op wat reg sal laat geskied. Hyself sal egter voortgaan om die goeie te doen en gedurig te bid.

Is ons haat en verbittering wat ons onsself toe-eien nie vir ons ter beskaming nie? Ons moet aanhou om die goeie te doen en gedurig te bid.

17 Augustus **Lees:** Psalm 110 **Teks:** Psalm 110:46

DIE PRIESTERKONING

Die priester en die koning was altyd twee verskillende persone. Die priester is besig met die mens en sy verhouding tot God, en die koning bepaal hom veral by die aardse welsyn van sy volk. Hierdie psalm handel oor die priesterkoning, Jesus Christus by wie hierdie twee ampte van priester en koning in een persoon verbind sal word.

Die mense wat alleen 'n oog het vir Jesus as koning, kla dikwels omdat Hy skynbaar nie goed vir ons sorg nie. Siekte en rampe en gevare kom die een na die ander oor die mense. 'n Goeie koning sal sy mense mos hierteen bewaar.

Maar as ons Christus eerstens as priester en dan as koning sien, kry die prentjie 'n ander betekenis. Christus se priesterskap wys aan ons wat die grootste nood en behoefte van alle mense is. Nie kos en klere en gesondheid nie, maar die mens se haat teenoor God, is ons grootste ellende.

Wie dan God se werk met ons in hierdie lig sien, vir hom word dit duidelik dat die siekte en swaarkry nie sleg is nie, maar goed. Hierdie Priesterkoning Jesus Christus doen dit om ons grootste nood, ons vyandskap met God uit die weg te ruim. Dan is die prys van swaarkry en probleme, die moeite werd.

18 Augustus **Lees:** Psalm 111 **Teks:** Psalm 111:4a

TOT SY GEDAGTENIS

Gods werke is wonderbaar. Die genade wat Hy aan ons bewys is onbegryplik groot. Ons mense is vergeetagtig en ondankbaar. Wanneer God aan ons redding en genade gegee het is ons dankbaar, maar spoedig word ons dankbaarheid klein en het ons sy goedheid klaar vergeet.

So het Hy Israel wonderbaarlik gered. Hy het aan hulle spys gegee. Hy het sy krag bewys, deur 'n land aan hulle te gee wat eers aan die heidene behoort het. Al hierdie dinge vergeet die volk baie gou en hulle word ondankbaar, daarom het die Here vir sy wonders 'n gedagtenis gestig: 'n Gedenkteken wat hulle vir ewig sal herinner aan sy goedheid en genade.

Die gedagtenis wat God stig is nie 'n standbeeld van klip op metaal wat as herinnering moet dien nie. Hierdie monumente sien ons heel gou nie meer raak nie. God stig sy gedagtenis deurdat Hy vir die volk 'n teken van sy verbond en verlossing gee. 'n Teken wat onder hulle sal bly leef, die teken van die pasga. Terwyl hulle deel het aan hierdie fees sal dit God se dade altyd weer in hulle herinnering oproep.

Ons vergeet so maklik die genade wat ons ontvang het. God se bemoeienis met ons raak gou in die vergetelheid.

Sy Woord, die bron van kennis oor Hom is 'n gedagtenis — 'n gedenkteken in ons midde om ons van sy goedheid bewus te maak.

Die gemeente waar hierdie Woord verkondig word is 'n gedenkteken omdat elke lid van hierdie gemeente 'n herinnering is aan God se genade aan mense. Hierdie gedagtenis in die lewe van mense bly nie soos 'n klipbeeld op een plek staan nie, maar waar hulle tussen mense beweeg, herinner hulle aan sy groot dade.

Wanneer hulle vir die nagmaal saamkom en eet en drink dan doen hulle dit tot sy gedagtenis. Wie hierdie dinge nalaat, vergeet God se goedheid en is ondankbaar.

19 Augustus **Lees:** Psalm 112 **Teks:** Psalm 112:2b

SEËN VAN DIE GELOOF

Die geloof is nie alleen by die dood 'n vertroosting dat ons die saligheid sal ontvang nie. Die geloof is ook 'n vertroosting en krag tydens die aardse lewe. Die psalm spreek veral oor die seën wat God aan die gelowige se nageslag sal gee.

Sy nageslag sal geweldig wees op die aarde, hulle sal helde wees, manne van krag en invloed. Die geslag van die (opregtes) wat op die reguit lyn loop sal deur God geseën word. Dit is opvallend dat die psalmdigter hier ook rykdom en voorspoed sien as 'n seën van God aan die gelowiges. Hierdie voorspoed van die gelowige duur tot in ewigheid. Dit wil nie sê dat die gelowige net voorspoed sal hê nie, maar ook wanneer daar probleme en teenslae en rampe kom, dan laat God in daardie duister vir die gelowiges die lig opgaan.

Die gelowige ondervind in sy mag die vertroostende teenwoordigheid van Gods lig, wat die ongelowiges nie het nie. Die lig van te weet dat God nie bo kragte sal beproef nie. Die lig van sekerheid dat God met hierdie duister van kastyding my nader aan Hom wil bring.

Die seën van God, stel die gelowige in staat om nooit te wankel nie, en nie te vrees vir slegte tyding nie, want hy is gerus omdat hy weet God sal krag gee. Dit maak die gelowige 'n geseënde mens deur die voorspoed wat hy geniet. Dit maak hom 'n geseënde mens in sy donker, omdat hy weet God sal help.

Ons mis hierdie kalmte en seën, omdat ons nie op God vertrou nie.

20 Augustus **Lees:** Psalm 113 **Teks:** Psalm 113:5, 6a

GOD WOON HOOG MAAR SIEN LAAG

Ons ondervinding in die lewe is, dat die armes en die eenvoudiges maar self hulle pad moet oop veg. Konings en ministers doen gunste en gawes aan ryk en vername mense. Armes en onbelangrikes bestaan vir hulle amper nie, hulle het nie tyd vir elkeen afsonderlik nie.

Die rykes sien hulle miskien nog raak maar nie die armes nie.

God is anders as hierdie menslike regeerders. Hy is hoër en magtiger as almal van hulle maar tog het Hy tyd om na elke mens persoonlik om te sien. Hy wil elke mens self versorg. Aan die veragte kinderlose Hanna gee Hy kinders. Die klein onaansienlike skaapherder Dawid word koning. Só woon God wel hoog verhewe, maar Hy daal neer om elke mens persoonlik te versorg.

Die almagtige God wat in die hemel woon, daal neer op die aarde. Hy die Regverdige kom woon tussen die sondaars. Hy woon so hoog maar daal so laag neer om ons op die ashoop van verderf af op te rig. Hy sien laag neer en daal neer, om die mens wat veragtelik is vanweë sy sonde, weer daaruit op te hef en by Hom te laat woon in die hemel.

Laat ons hierdie grote God eer met alle krag.

21 Augustus **Lees:** Psalm 114 **Teks:** Psalm 114:1b

'N VOLK MET 'N VREEMDE TAAL

Die Israeliete kon die taal van Egipte verstaan, maar dit bly vir hulle 'n vreemde taal. In hulle eie taal kan hulle praat oor hulle God en sy wonderdade. Die taal van die Egiptenaars praat van 'n ander leefwyse en ander gode. Die taal van Egipte kan nooit hulle verlange na hulle eie land en God vertolk nie. Deur natuurwonders verlos God hulle uit die volk met 'n vreemde taal. Die Rooi See word droog en die berge spring rond met die krag van 'n aardbewing tydens die wetgewing by Sinaï. So verlos God hulle, dat hulle sy ryksgebied kan word, waar Hy regeer.

Ons praat almal dieselfde taal, 'n taal wat eenders klink, tog woon ons onder 'n volk wat 'n vreemde taal praat. Wat weet die gewone mens van die gelowige se geloofsblydskap? Hoe verstaan die wêreld wat net oor geld en mag kan praat, die gelowige se gesprek oor die vreugde om God te dien en reg te lewe?

God het ons deur die grootste wonder, die geboorte en lewe en sterwe van Christus, verlos van hierdie volk wat 'n vreemde taal praat, sodat ons sy Ryksgebied kan wees. Mense wat kan praat en getuig van sy goeie gawes. Waarom praat ons nog 'n vreemde taal? Het ons dalk nog nie God se bevryding raakgesien nie?

22 Augustus **Lees:** Psalm 115:1-18 **Teks:** Psalm 115:3

NIE KONTROLEERBAAR NIE

Die skyn is bedrieglik. In ons tyd is dit nog net so nodig en belangrik om ons nie laat mislei deur die vraag na „waarheid" nie. Daar is die skyn van verleentheid wanneer dit gevra word met betrekking tog God. Want ons mense is mos geneig om „waarheid" te wil onderwerp aan kontrole en oorweging uit ons ervaringe. As dit dan nie so gekontroleer kan word nie dan is dit kwansuis vals. Daarom sê die heidene — volgens hierdie psalm — dus mense wat glad nie glo nie: „waar is dan hulle God." Hulle wil Hom deur hulle ervaring kontroleer.

Die psalmdigter wys op die misleidende bedrieglikheid en skyn van so 'n kontrole — „onse God is in die hemel — Hy doen . . . maar die afgode van die heidene wat teoreties kastig die „waarheids" kontrole geslaag het se mond en oë en ore en neus en hande en voete is onaktief — kan nie doen nie — is dood.

Dit moet ons vandag opnuut weet en in vandag se wêreld waarin God onder die vergrootglas gebring word — moet ons dit verkondig en getuig „onse God wat verhewe, in die hemel is, is dié God wat doen — wat gedoen het in Jesus Christus. Wat Hy doen, het wesenlike betekenis. Hy doen alles wat Hom behaag tot redding en verlossing van ons sondaars. Daarom eer ons Hom om die ontwil van sy goedertierenheid en trou.

23 Augustus **Lees:** Psalm 116:1-19 **Teks:** Psalm 116:12, 13

DIE BEKER VAN VERLOSSING

Dankbaarheid is in 'n groot mate voortdurend nabetragting. As daar nie werklik perspektief is nie, is die dankbaarheid maar baie vlak. Nabetragting is om te verwerk en perspektief te verkry.

Die psalmdigter is hier besig met nabetragting — om 'n bepaalde lewenssituasie in 'n raamwerk te kry — om die wonder te omlyn van hoe God in daardie lewenssituasie ingegryp het — om hom daaroor te verwonder. Hy roep homself tot rekenskap oor hoe hy sy dankbaarheid gestalte kan laat aanneem.

Hy was in groot benoudheid, bekommerd, beangs — daar was geen uitkoms nie — niemand op wie hy werklik kon reken nie — van wie hy werklik iets kon verwag nie. Hy het geglo en gebid en die Here het hom gehelp.

En nou . . . nou is hy as klein onbeholpe-afhanklike mens wat God se genade ontvang het 'n dankbare mens. Hy kom agter hy kan uit homself ook maar nie eintlik iets anders terug doen of teruggee nie, as net om saam met die gemeente die „beker van verlossing" op te neem. Om eintlik maar net weer

met 'n dankbare hart aandeel te gaan ontvang van wat verband het met die groot verlossing wat God toeberei het in Jesus Christus.

Dink hieroor! Dit is nou nog met u en my net so en nie anders nie. Ons dankbaarheid kry uiteindelik sy suiwer gestalte daarin dat ons met nederige dankbaarheid begeer om saam met die gemeente aandeel te ontvang van wat verband het met die groot verlossing in Jesus Christus — dit is om saam met die gemeente bly en dankbaar aan te sit aan die tafel van die nuwe verbond en die „beker van verlossing" met danksegging te ontvang. Dit is die blye erkenning van ons totale afhanklikheid van sy genade.

24 Augustus **Lees:** Psalm 117:1, 2 **Teks:** Psalm 117:1, 2

DIE TROU VAN DIE HERE

In hierdie tyd waarin ons lewe is dit nodiger as ooit om te weet en daar rekenskap van te gee waarvoor ons nog daar is — wat is ons doel. Dit lyk so asof ons ook nie aldag meer weet nie. Dit is tipiese kenmerk van ons tyd dat ons in hierdie eeu gekom het by die droë put van die mens se mooi drome en ideale. Die ganse mensdom sit eintlik vasgevang in die naakte harde werklikheid van sy eie onvermoë om dié toekoms vir homself te skep waaroor hy gedroom het. Orals sien ons hierdie ontnugtering — die mens van ons eeu sit voor die groot leë toekomslose niks. Hy het nie werklik meer 'n oplossing vir sy probleme nie — hy het dus nie werklik meer 'n toekoms nie. Dit haal die sin en die doel uit die lewe uit. Daarom is ons eeu die eeu van die verdowingspil en die verdowende musiek — die eeu van ontvlugting.

Waarom is dit so? Ons wêreld het al sy heil eensydig en totaal verwag van die dinge wat hyself beplan, geïdealiseer, gekonstrueer het.

Die Bybel leer ons egter 'n ander waarheid naamlik dat ons heil 'n **geskenk van God is** — deur God **berei** is en ewige implikasies het wat aarde en hemel omspan sowel as tyd en ewigheid. Want Hy verlos ons van die oorsaak van alle onheil en ellende — naamlik die sonde. Hy open vir ons 'n weg na 'n God beplande en God toebereide toekoms wat deur teleurstelling en dood en platgevalde menslike ideale deurloop na die ewige God deurglansde toekoms.

Daarom het die Here vir u en my in hierdie tyd 'n taak — daar is vir ons 'n doel wat miskien baie verwaarloos geraak het omdat ons saam met die wêreld teleurgesteld geraak en begin wanhoop het en verward geword het toe die tekens van tuimel en kantel begin uitslaan in ons wêreld. Die taak is om soos die apostel Paulus dit uitdruk en die psalmdigter ons oproep — tot lof van God se heerlikheid te lewe — So asof

daar eintlik niks ernstigs gebeur het met die kanteling van die strukture van ons tyd nie omdat ons 'n groter roeping het om te vervul as om ons te verknies oor ineengestorte lugkastele al veroorsaak dit pyn en ongerief.

Paulus sê baie uitdruklik dat dit die primêre roeping en taak en doel van die mens is wat genade by God gevind het in Christus Jesus — en dit is om ons lewe te laat wentel om Hom ter wille van wie ons almal daar is.

Loof die Here, alle nasies! Prys Hom, alle volke.

25 Augustus **Lees:** Psalm 118:1-29 **Teks:** Psalm 118:5, 6

DIE HERE IS VIR MY

Baie van die psalms het as agtergrond bepaalde omstandighede van bedrygdheid. Ook in hierdie psalm kom dit baie duidelik uit. Dit is ook nie vreemd in ons eie tyd nie — op die maatskaplike, ekonomiese en politieke vlakke, orals is die tekens duidelik sigbaar. Dit veroorsaak beknelling en onsekerheid en onveiligheid en onrustigheid in die gemoed van baie mense.

Die psalmdigter het dit ook al ervaar — daarom is hier sprake van benoudheid.

Die gelowige wat met die volle werklikheid rekening hou weet egter maar van een lemand by wie daar werklik hulp en troos is — en dit is by die Here. Dit is vir die psalmdigter nie net 'n waarskynlikheid nie maar 'n sekerheid — daarom sê hy: „die Here vir my, ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens my doen?

Daarom dat hy ook met vrymoedigheid bid: Ag, Here, gee tog heil, ag, Here, gee tog voorspoed!"

Hierdie sekerheid en vrymoedigheid rus swaar op die openbaring van God. As die psalmdigter die Here nie geken het nie sou hy dit nie met soveel oorgawe bely het en gebid het nie.

Ons sekerheid van heil en hulp en verlossing en ons vrymoedigheid om dit met oorgawe te verwag steun ook net op die openbaring van God.

As ons Hom nie geken het in Jesus Christus nie sou ons radeloos en vol paniek die tyd sien afloop het in ons dag.

26 Augustus **Lees:** Psalm 119:1-16 **Teks:** Psalm 119:9

NA U WOORD

As daar een ding is wat ons almal met mekaar in gemeen het — dan is dit dat ons almal ons stryd stry. Dit gaan deur tot die laaste asemtog. Dit kan veral soms bitter moeilik wees om reguit en suiwer deur die lewe te gaan — om die ander altyd reguit in die oë te kyk. Hoeveel teleurstellings lê daar nie baie keer langs die pad nie — om te weet jy het die stryd teen jouself verloor — die sedelike stryd is so nou met die geloofstryd gekoppel.

Dit leer ons wel soms pynlik dat jy in eie krag daardie stryd nie kan stry nie al is die resep miskien daarvoor aanwesig. Maar die Bybel wil nie resepteboek wees nie — ook nie ten opsigte van hoe ek skoon en suiwer anderkant kan uitkom nie — dit is soos die Fariseërs gedink het.

'n Mens leer eers uit Romeine 8:37 waar Paulus sê „Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het — dat om stryd klaar gestry is en dat dit teen al die magte gestry is. Met die geloof in Hom wat vir ons gestry en oorwin het kan ons dus aanhou stry — dit is geen wanhoopspoging nie. Die sekerheid van die oorwinning is daar en dit is net deur sy liefde dat hy ook die wat geval het laat deel in sy oorwinning en as oorwinnaars te laat leef.

Ook die jongeling op sy onsekere lewenspad waar soveel teleurstelling en verydeling nog wag het net hierdie een vastigheid — **Dié Woord** wat met liefde in die oorwinning laat deel.

27 Augustus **Lees:** Psalm 119:73-88 **Teks:** Psalm 119:81

OP U WOORD WAG EK

Verwagtingloosheid en uitsigloosheid is seker die ellendigste toestand waarin 'n mens kan beland. — So was dit met die verlamde man by die bad van Betesda wat vir 39 jaar gewag het om eerste in die bad te kom by die roering van die water — tevergeefs het hy gewag op genesing langs hierdie weg. So was dit met Israel in ballingskap, alle uitsig het verdof en alle verwagting opgedroog. Dit kan soms so hopeloos lyk as ons ook in sulke lewenssituasies kom.

Maar die Bybel leer die verrassende merkwaardigheid, naamlik dat op God se Woord af verlossing geskenk word selfs in die mees hopelose situasie — Jesus spreek en die verlamde word gesond — God stuur sy profeet na Israel om sy belofte van heil te herbevestig. In albei gevalle bring die Woord weer uitsig. So kom Israel ook weer in ballingskap leer om met verwagting uit te sien na die vervulling van God se belofte.

Dit is hierdie verlange waarvan die psalmdiger ook praat wanneer hy sê: „My siel smag na u heil; op u Woord wag ek." Dit is die Woord wat van die verlossing praat. Hierdie Woord is 'n anker vir elkeen om aan vas te hou — want hierdie Woord bring altyd weer uitsig omdat dit God is wat beloof en self die verlossing toeberei. Het Christus dan nie uit die dood opgestaan en opgevaar na die hemel nie?

As Hy dan die weg gebaan en die bestemming berei het sal hy mos nie my hand op pad in die woestyn los nie. Hy sal ook deur die diepste beproewing heen lei na die uiteindelike bestemming.

Daarom is die gelowige 'n mens met toekomsverwagting, iemand wie se verlange na die heil nie opdroog en wat nooit hoef op te hou wag op God se Woord nie.

28 Augustus **Lees:** Psalm 119:161-176 **Teks:** Psalm 119:165

GROOT VREDE

Daar is baie dinge wat dit onrustig en benouend gemaak het vir hierdie digter van Psalm 119 — so is daar ook baie sulke verontrustende dinge in ons wêreld en in ons lewe.

Die psalmdigter bely egter: „die wat u wet lief het, het groot vrede . . ." waarom? Nie omdat hulle iets gedoen het wat hulle welbehaaglik agteroor kan laat sit en sê „A, nou het ons mos alles gedoen wat 'n mens maar kan doen nie." Nee — die groot vrede, die gerustheid van hart van hulle wat die Woord liefhet is omdat uit hierdie **Woord** sulke vertroostende dinge aan ons adres gerig word. Wie die Woord liefhet ken sy inhoud en opgrond van wat in hom staan van God ken en vertrou die een wat die Woord liefhet die God van die Woord. En wie die God van die Woord ken en vertrou kan nie anders as om in die onrustigste omstandigheid en in die donkerste nag gerus te wees nie.

Dawid sê — „al gaan ek ook in die dal van dood skaduwee ek sal geen onheil vrees nie — want U is met my" . . . U Woord vertroos my. Die wat u Woord liefhet — het groot vrede.
Die geweldige storm wat hulle laat vrees het vir hulle lewe, word deur Jesus bestraf. „En die wind het gaan lê, en daar het 'n groot stilte gekom." (Markus 4:39.) Geen golf is te hoog, geen wind te sterk en geen storm te groot, dat dit nie deur Jesus Christus stilgemaak kan word nie!

God bring ook dikwels in óns lewens geweldige storms: beproewings, teleurstellings, terugslae, droefheid, siekte, skokke, ensovoorts. Dit is alles dinge wat dreig om ons te laat ondergaan. Daar is net **Eén** wat hierdie storms kán stilmaak, naamlik God! Roep in u benoudheid tot Hom, in en deur Jesus Christus. „As God vir ons is, wie kan teen ons wees?" (Rom. 8:31.)

29 Augustus **Lees:** Psalm 120 **Teks:** Psalm 120:1

HY VERHOOR MY

Die digter van hierdie psalm beklae die feit dat hy ver van Jerusalem woon in 'n omgewing wat hom geestelik vyandig is. Op grond van sy verbondenheid aan die Here sy God spreek leuenaars en towenaars hulle aanvalle met venyn teen hom uit. Hy is die mikpunt van hulle veragting en laster. Hy voel hom soos 'n verlore skaap onder die wolwe, soos 'n verdwaalde in die woestyn. Vandaar sy verlange om met die volk van God te verkeer. Onder al hierdie benouende en aanvegtende omstandighede weet hy waar sy toevlug is, weet hy waarheen. Die Here sy God sal hom verhoor, daarin het hy sekerheid, daarin bestaan geen twyfel nie. Onder hierdie omstandighede van eensaamheid en kommer en veragting en benoudheid roep

hy die Here aan om vertroosting. Die Here sy God is die Magtige van Israel, Hy is vol ontferming en Hy het ook straf gereed vir die veragters van sy Naam. Straf en gerig vir die valse en bedrieglike tong wat Hom bespot en sy eiendom, sy volk, smaad en belaster omdat hulle Hom ken.

Hoe ondervind die gelowige nie ook in sy lewe die eensaamheid van die vreemdelingskap wat as gevolg van die sonde en dood daagliks ons bedreiging en veragting en spot en smart veroorsaak het nie? Maar God verhoor, Hy het verhoor. Jesus Christus het onder ons kom woon om die volle redding van God aan ons te kom bekendmaak. Hy het die smaad en die veragting kom dra, Hy het ons middelaar en verlosser kom word deur wie ons tot God kan nader in die sekerheid dat Hy verhoor. Hy skenk my alles, die vergewing van sonde die opstanding en die ewige lewe.

30 Augustus **Lees:** Psalm 121 **Teks:** Psalm 121:2

MY HULP IS VAN DIE HERE

Die digter weet dat hy magteloos is. Hy kyk na die berge, die simbool van dreiging in sy lewe. Tussen die berge skuil allerlei gevare soos wilde diere, rowers, en ook die afgode van die Kanaäniete. Dit alles hou vir hom bedreiging in. Dit is dan ook die eerste deel van die psalm. In vertwyfeling en magteloosheid staan die digter voor die benoudheid van sy menslike lewe. Nou volg die tweede deel. Ons kan tereg sê: die antwoord op die kommer van die mens in nood. Hierdie antwoord spreek die digter aan, dit vertroos en bemoedig en versterk hom. Dit omvorm sy vrees en bewing tot standvastigheid en sekerheid. Dit is ook wat hy in die tempel deur die verbondheid aan die Here sy God gaan verneem het. Sy sekerheid is geleë in die feit dat die Here God sy God is. Hy bewaar, Hy beskerm en verlos van die dreiging van alle kante. Die Here is die sterke hulp en veilige vesting in sy lewe. Op grond daarvan kan hy alle magte wat benoudheid in sy lewe veroorsaak as 't ware uitlag. Niks kan hom oorweldig nie want sy hulp, sy verlossing sy krag lê nie in sy eie vernuf of durf of daad nie. Sy hulp is van die Here. Hierdie sekerheid het die Here God aan elkeen van ons kom gee deur Jesus Christus onse Here. Niks kan ons van Hom skei nie. Maar waar kry ons in vertwyfeling en in die swakheid van ons bestaan hierdie sekerheid? Alleen daar waar die Woord van verlossing tot ons spreek, daar waar ons luister na die blye beloftes van ons God en Vader. Vanuit die erediens gaan ons terug na die sleur en kommer van ons alledaagse lewe. Nie in eie krag of moed of deug nie, versterk en vertroos deur die sekerheid van die verlossing uit alle magte wat teen ons aandruis. Dit sodat ons kan sê en verkondig deur woord en daad aan die hele wêreld: „My hulp is van die Here."

31 Augustus **Lees:** Psalm 122 **Teks:** Psalm 122:6

BID OOK VIR DIE KERK

Uit hierdie psalm blyk watter groot rol die stad Jerusalem ingeneem het in die godsdienstige lewe van die Israeliete. Dit was die stad met 'n roemryke verlede, die stad met die groot toekoms. Die stad van Melgisedek en die stad van Dawid. Die stad waarvan die profeet Jesaja geprofeteer het dat die tempel van die Here daar gevestig sal word op die top van die berge waarheen al die volkere sal saamvloei in aanbidding. As die digter dan die stad besing dan is dit uiting van sy verbondenheid aan die Here God. Sy hoofdoel is nie soseer om na die stad op te gaan nie, maar na die tempel by Jerusalem. Vir hierdie voorreg om daar sy verbondenheid aan die Here sy God te kan uitleef, is hy dankbaar en sing hy 'n loflied. Daar kon hy versterk word in die vertroostinge van die Woord van God. So is die eerste gedeelte van die psalm dankbare terugblik dat hy weer daar kon wees. Die tweede gedeelte is 'n kragtige opwekking om te bid vir die stad, die tempelvesting, die verblyf van God onder sy volk. Die digter sien nie meer sy eie nood nie maar hy bid om die vrede vir Jerusalem. In die lig van die verbondenheid aan God die Here deur Jesus die Christus verdwyn en vervaag al ons probleme, ons word ook opgeroep om te bid vir die kerk en verbond van God waarin en waardeur ons die verbondenheid van redding en troos met Hom uitlewe, sodat ander ook kan hoor en glo. So sluit dit dan ook aan by die gebed wat Jesus ons geleer het: „Laat u Naam geheilig word, gee dat ons u reg ken en dien en vrees want daarin het ons die blye troos wat u aan ons skenk", die troos wat die kerk van Jesus aan ons moet verkondig tydig en ontydig sodat ons dit sal glo en lewe.

1 September **Lees:** Psalm 123 **Teks:** Psalm 123:2

DIE HERE IS GENADIG

Die digter voel homself die voorwerp van spot en veragting. Hy is meer as versadig daarvan, hy kan dit nie meer uitstaan nie, dit het vir hom te veel geword. Daarom slaan hy sy oë op tot die Here sy God. Soos in Psalm 121 soek hy sy hulp en verwagting nêrens anders as by die Here sy God nie. God wie se troon in die hemel staan, is oor alle ander troontjies en magte. Hy heers en regeer oor alles. Vandaar die bede om ontferming en die vertroue dat die Here God alleen kan ontferm. So kom die bede in vers 2 in die beeld van knegte en diensmeisies wat die oë gerig hou op die hande van hulle meesters en meesteresse. Hierdie beeld is 'n belydenis van algehele afhanklikheid van die Here God. Uit die hand van die heer lewe die slaaf, ontvang hy alles wat nodig is vir sy bestaan as mens maar ook word hy getugtig deur die hand van

sy heer. Die digter weet homself in alles afhanklik van die Here sy God. Hy weet ook en bely dat hy 'n onverdienstelike slaaf is wat straf en tug verdien, maar in hierdie skuldbelydenis smeek hy sy Heer om genade om afwending van die verdiende straf. Ons het elkeen verdien om deur die vernietigende toorn van God oor die sonde gestraf en verdelg te word. Deur Jesus Christus het God die spot en hoon en veragting van die sonde vir ons gedra. Dit wat buitendien vir ons te veel geword het, het op Hom gekom. Hy het ook ons straf gedra sodat ons deur Hom nie as slawe of diensknegte die oë op Hom gerig hou nie, maar as kinders tot die Vader mag nader. So is God ons genadig, so het Hy Hom oor ons ontferm in alles wat vir ons as sondaars te veel was, ja selfs die aanvegting van die dood. Uit hierdie genade lewe ons elke dag. Daarom is geloof ook om die oë gerig te hou op Hom deur wie ons kinders geword het en om in alles sy Naam aan te roep.

2 September **Lees:** Psalm 124 **Teks:** Psalm 124:7

UIT DIE NET VAN DIE VANGER

Die agtergrond van hierdie psalm is nood en dreiging waarin die volk Israel verkeer. Dit kan nie met sekerheid afgelei word presies watter dreiging hier ter sprake is nie. Sommige verklaarders meen dit was tydens die beleg van Jerusalem deur 'n sekere Anthiochus, ander meen dat dit tydens die Babiloniese ballingskap was terwyl ander weer verskeie ander oorsake aandui. Wat vasstaan is dat die volk Isarel dreiging en smart verduur het en dat sekere mense daarvoor verantwoordelik was. Hierdie dreiging word met verskillende beelde geskets. Hulle kon lewendig verslind word, die beeld van oorstroom deur die vyandelike mag, vasgevang in die net van die voëlvanger. Hoedanig hierdie nood en dreiging en gevaar ookal was, die Here God het sy volk daaruit verlos. Vir hierdie verlossing moet God gedank en geprys word, want Hy het sy eiendom bevry, Hy het die omsluitende net van die vyand oopgemaak en uitgelaat en losgelaat. Die benoudheid en angs en doodskommer het Hy weggeneem. Vir hierdie bevryding moet Hy alleen gedank word. Die oproep tot dankbaarheid lê nie daarin dat die volk vry is nie, maar dat die Here God die vryheid geskenk het. Die Here het bevry, ons hulp is in sy Naam. Sonder hierdie dankbaarheid in die Naam van die Here is die volk nog steeds in die gevaar en die dood. So word elkeen van ons elke dag opgeroep tot dankbaarheid aan die Here onse God. Deur Jesus Christus is ons bevry uit die doodsdreigende, nousluitende net van die vernietigende dood. Daaruit het Jesus ons verlos. Die dankbaarheid van elke dag van ons lewe lê in die verheerliking van sy Naam. Ons is nie maar net vry nie. Jesus Christus het ons vrygemaak.

3 September **Lees:** Psalm 125 **Teks:** Psalm 125:2

SEKER EN GEBORGE

In hierdie psalm het ons die uiting van die oortuiging dat die een wat op die Here sy God vertrou nooit beskaamd sal staan nie. Dit is so seker soos die berg Sion wat in ewigheid nie kan wankel nie omdat dit die berg van die huis van God is. Net so seker ook soos die berge rondom die stad Jerusalem so is die ontferming van die Here God rondom sy kinders. Hier het ons die beeld van die veilige geborgenheid en die standvastigheid wat dit vir die een meebring wat al sy vertroue stel op die Here sy God. Watter kans het die onderdrukker, watter kans het die goddelose om 'n geslaagde aanval te loods teen die een wat so 'n beskutting en so 'n geborgenheid ken en geniet? So verseker die psalm dat dit vir hulle vir wie dit vanselfsprekend is om op die Here hulle God te vertrou, die ewige troos is. Daar bestaan vir hulle geen rede tot vrees en bewing, tot benoudheid en smart nie. Selfs onder die mees heftige en hewige aanslae van alle kante, selfs onder dwang en onderdrukking, die gelowige is veilig en geborge tot in ewigheid. Hierdie vertroue en troos soos uitgespreek en bely deur die digter van hierdie psalm het tot sy volle werklikheid en omvang tot by ons gekom in die lewe en werk van Jesus Christus. Wie Hom ken en in Hom glo, het die sekerheid van die ewige ontferming en geborgenheid want niemand kan ons uit sy hand ruk nie. Hy het al ons vyande oorwin. Hy het die stryd tot in die dood gestry en oorwin. Alle magte wat teen sy eiendom aandruis, staan beskaamd en verleë. Hy skenk nie alleen beskerming nie, Hy skenk die oorwinning saam met Hom, die heerlikheid van die oorwinnaar, die ewige lewe.

4 September **Lees:** Psalm 126 **Teks:** Psalm 126:3

VIR SY KINDERS

Hierdie psalm is 'n lied ter bemoediging van die volk. Dit spreek oor die groot mag van God om sy volk se omstandighede anders te maak. Die Here God maak van hulle 'n teruggekeerde bymekaargemaakte volk waar hulle 'n volk in ballingskap weggevoer was. Hieroor heers daar groot vreugde en blydskap. So besing die digter dan die blye herinnering aan die ontferming van die Here sy God. Oor hierdie blye herinnering handel die eerste gedeelte van die psalm. Nou handel die tweede gedeelte oor die droewige teenswoordige. Op die oog af lyk dit op 'n teëspraak in die psalm. So asof dit eers goed gegaan het en nou weer slegter. Dit is geen teëspraak nie, dit praat wel van die inspanning van die hede, maar duidelik wys dit op die verwagting van die verandering deur die Here God. Die verandering van die benouende, droewige omstandigdhede is voorhande en in die sekerheid van die Godsvertroue kan dit

uitgejubel word. So verseker die Woord ons altyd van die ingrype van God in die lewe van die mens. Wanneer ons van die Nuwe Testament terugkyk na die psalm dan sien ons die vervulling van die verwagting wat uit die psalm spreek. Christus het die omstandigdhede van sy volk totaal verander. Van 'n volk verlore en verstrooi onder die mag van die sonde het Hy gemaak kinders van die lewende God. Dit moet selfs die vyande van die kerk bely en erken. Wat het die Here nie alles vir sy kinders gedoen nie? Geen teëspraak nie, blye vertroosting wat oproep tot geloof en dankbaarheid. Daarom kan die gelowige onder alle omstandighede dit uitjubel dat hy kind is van die Vader in die hemel deur die vervulling van die langverwagte Verlosser, Jesus Christus.

5 September **Lees:** Psalm 127 **Teks:** Psalm 127:1, 2

SONDER GOD — ALLES TEVERGEEFS

Die psalmdigter is diep onder die indruk van die nietigheid van alle menslike werk. Hy spreek dan ook die diepe waarheid uit, dat van die seën van die Here alles afhanklik is. Hy toon dit in verskeie gevalle aan. Eerstens by die bou van 'n huis. Die bouers moet werk, maar die Here is die eintlike Boumeester. As Hy sy seën onttrek, sal dit nie voltooi word nie. Dit is ook waar vir die bewaking van 'n stad. Die wagters moet steeds wakende bly. Maar as die Here sy bewarende hand terughou, sal die stad nie behoue bly nie. Dit geld ook vir die daaglikse arbeid, en vir die opbou van 'n gesin. Van die seën van die Here hang alles af. In kort kom dit daarop neer, dat die mens nie van sy pligte onthef word nie, maar hy word uitdruklik gewaarsku teen 'n ongelowige geswoeg en gesweet. As die Here nie bou nie, as die Here nie bewaar nie, tevergeefs dat die mens dan bou of bewaak.

Hoe dikwels vergeet ons nie hierdie waarheid nie. Hoeveel staan elke môre nie op en begin met die dagtaak, sonder om die hoof te buig en God om sy seën te vra nie. Daar word vergeet dat net een wenk van sy hand genoeg is om 'n einde aan alles te maak.

Dis ydele waan om te dink dat alles van óns inspanning en uithoudingsvermoë afhang. Al sou ons die nag tot dag probeer maak, en al sou ons opstaan voor die haangekraai, en die werk neerlê as dit alreeds lankal donker geword het; al sou ons met 'n broodkorsie tevrede wees, en al sou al ons arbeid met sweet en trane deurweek wees; dit is nutteloos as die Here sy hand oor ons sou toemaak.

Laat ons dan die Here ken in alles. Om Christus ontwil mag ons vertrou, dat God ons met Hom alles wil skenk wat nodig is vir tyd en ewigheid, as ons Hom daar om vra.

6 September **Lees:** Psalm 128 **Teks:** Psalm 128:1

GELUK VAN DIE GODVRESENDE

Uitdruklik verbind die digter in hierdie psalm ware geluk met ware godsvrug. Hy sien voor hom die beeld van die ware Israeliet wat God dien, en in sy hele lewenswandel ook blyke gee van sy godsvrug. As 'n ontwyfelbare waarheid stel die digter dit dan dat die mens wat die Here vrees, die mens wat so in Gods weë wandel en aan Hom gehoorsaam is, 'n werklik gelukkige mens is. Daardie mens ontvang immers die seën van die Here, in sy arbeid en in sy huis. Sy vrou en kinders, almal deel in die seën. Maar meer — daardie mens mag ook die voldoening smaak dat Gods seën ook al verder deurwerk in sy kerk en volk, sodat geroep kan word: „Vrede oor Israel."

Ook as Nuwe Testamentiese gelowiges weet ons dat ware godsvrug ryke seëninge meebring. So het Paulus aan Timotheus geskryf (1 Tim. 4:8): „Die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het."

Ons word ook geroep tot die vrese van Gods Naam en die wandel in sy weë. Ja, die geloof kan nie bly vassteek by vrome woorde alleen nie. Die lewenswandel moet daarmee in ooreenstemming wees. Alleen dan is daar sprake daarvan dat ons die Here vrees. „Die Here vrees" beteken vir ons as Nuwe Testamentiese gelowiges: geloof in Jesus Christus en gehoorsaamheid aan Hom. As ons die geloof het en dit ook uitleef, is ons inderdaad „welgeluksalig".

Ons kan hierdie belofte so ook vir ons toeëien en die vertroosting daarvan smaak in Christus Jesus. As ons Hom vrees, as ons Hom liefhet, en in sy weë handel, welgeluksalig is ons, dit wil sê dan gaan dit met ons goed. Wat ookal oor ons kom, of dit voorspoed is of teëspoed, lewe of dood, dit sal wel met ons wees. En dit is so, nie omdat ons dit verdien nie, maar omdat ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk (Rom. 8:28).

7 September **Lees:** Psalm 129 **Teks:** Psalm 129:2

ONOORWINLIK

Sovêr as wat Israel se heugenis hulle kon terugvoer, was hulle eintlik nooit anders as 'n geplaagde en gemartelde volk nie. Dit het al begin in Egipte. „Hulle het my as vyand behandel van my jeug af" getuig die digter. En dit het so voortgegaan deur die eeue heen, selfs tot vandag toe nog. Telkens was hulle vervolg en verdruk. God het selfs toegelaat dat hulle vanweë hulle sondes in ballingskap weggevoer is, en dat hulle land vir hulle woes gelaat is. 'n Uitverkore volk, en tog dikwels aan die martelpaal geslaan en tot bloeiens toe gegésel. Maar

na alles kon elke Israeliet met die psalmis getuig: „tog het hulle my nie oorwin nie." Die geheim is dat God sy volk bewaar het en vir hulle gestry het. So getuig ook die digter in die vierde vers: „Die Here is regverdig: Hy het die toue van die goddelose afgekap."

Maar dit geld ook vir Gods kerk deur al die eeue. Hoe dikwels is die kerk van Christus nie op bloedige wyse vervolg en verdruk nie. Ook vanaf sy begin, van sy „jeug" af was dit so. En tog kan die kerk getuig: „hulle het my nie oorwin nie." En waarom is dit so? Omdat Jesus Christus self die magte van sonde, dood en hel oorwin het, en self sy kerk in stand hou. Ons mag daarom met vaste vertroue voorwaarts gaan ook in die huidige tydsgewrig met sy vele dreigende vyande. Ons weet: „Hou Christus self sy kerk in stand — vergeefs die hel se woede." (Ges. 153:1.)

Vir sy volgelinge het Jesus gesê, en dit geld vir alle eeue: „In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Joh. 16:33). Laat dit ons dan bemoedig. Ons is seker van die oorwinning. Elke dag mag ons leef vanuit die oorwinning wat reeds vir ons aan die kruis behaal is.

8 September **Lees:** Psalm 130 **Teks:** Psalm 130:6

WAG OP DIE HERE

Dié psalm is 'n roep uit die diepte. Diepte is 'n beeld vir nood. Dit gaan hier om die afgrondelike diepte van lyding, pyn en angs. Dit is die diepte van: te moet sterwe as God nie help nie. Die digter het hier veral die sondenood in die oog, want hier lê die eintlike oorsaak van alle ellendes. Die diepte van sy ongeregtigheid — dit is wat hom so benoud maak. As hy daaraan dink, kan hy nie anders as om te roep: „Here, wie sal bestaan?" nie.

Maar tog weet hy by God is vergewing. Daarom wag hierdie mens in die diepte op die Here. „My siel wag op die Here." Want by God is daar vergifnis van die sonde. By Hom is daar goedertierenheid; ja by Hom is „veel verlossing".

Wie van ons ken nie ook hierdie nood nie? Wie van ons is so gelukkig om nooit in die diepte te kom nie? Niemand nie! Ons gewetes beskuldig ons dat ons gedurigdeur die gebooie van God met gedagtes, woorde en werke oortree. Ons sondes is meer as die hare van ons hoof. Ook ons moet uitroep: „As U, Here, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie kan bestaan?"

En tog, mag ook ons wag op die Here. Ja, as die psalmdigter, wat Christus na die vlees nog nie eers geken het nie dit kon doen, hoeveel temeer dan nie ons, kinders van die nuwe

bedeling nie? Immers, in die diepte het Jesus Christus ook vir u en my versink, toe Hy geroep het aan die kruis: „My God, my God, waarom het U my verlaat?" Dit het Hy gedoen, sodat ons nimmer meer deur God verlaat sal word nie. Daar is wegneming van ons skuld deur sy bloed. Hy het vir ons die volle skuld betaal. By Hom is daar vergewing, al is ons sonde ook so groot en so swart. Daarom kan ons siel wag op die Here. En hoe heerlik, ons weet: nie tevergeefs laat Hy ons wag nie. Immers, Hy laat geen bidder staan.

9 September **Lees:** Psalm 131 **Teks:** Psalm 131:2

RUS IN GOD

Psalm 131 is 'n lied van roerende innigheid en stil vertroue. Dit is egter duidelik dat dit nie altyd so was nie. Vroeër was die digter se hart vol onrus, vol sterk en hoogmoedige begeertes, netsoos 'n kindjie wat skreiend en ongeduldig na sy moedersmelk verlang. Sy toestand het in drieërlei opsigte tevoorskyn getree naamlik in die hoogmoed van sy hart, in sy houding en gebare, en in sy lewenswandel. Nou het dit egter anders geword. Dit het stil geword in die siel van hierdie man. Hy was nou soos 'n gespeende kind wat tevrede is in die arms van sy moeder, sonder enige verlange na die moedersmelk waarna hy vroeër so gesmag het. Hy het nou geweet dat hy gestreef het na dinge wat buite die gebied lê waar God wil dat hy sal beweeg. Hy het geen ongeoorloofde aspirasies meer gehad nie. Hierdie stilte en rus het hy gevind by die God van die Verbond. „Ek het my siel tot bedaring gebring en stil gemaak."

Hoe dikwels is daar nie ook by ons dieselfde tekortkomings nie. Hoogmoed van hart, wat duidelik in een oogopslag bespeur kan word, en in ons lewenswandel, dit is dinge wat vir ons nie vreemd is nie. Hoe dikwels hou ons ons nie besig met dinge wat buite die gebied lê waar dit God behaag nie. Hoe dikwels verlang ons nie na dinge wat vir ons te groot is nie.

Ons psalmdigter leer ons dat ons nêrens elders genesing sal vind, en dat ons siel nêrens elders tot rus en stilte sal kom as by die Here onse God nie. Ons hart bly onrustig in ons totdat dit rus en vrede vind in God. Daarom, na Hom toe moet ons gaan met al ons begeertes en met al ons gejaagdheid. Christus Jesus maak sy arms ook wyd oop en roep tot ons: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Math. 11:28.)

10 September **Lees:** Psalm 132 **Teks:** Psalm 132:13

SION UITGEKIES

Sion! Watter wonderlike gewaarwording het die ware Israeliet nie gehad by die aanhoor van hierdie naam die. Vir die Israelitiese besef het die Here daar gewoon te midde van sy volk, as die sterke Beskermer en Herder van Israel, want daar was die tempel en die ark van die verbond. Vandaar het Hy ook sy heerskappy uitgevoer oor sy volk; want daar was ook die koning se paleis. En die koning was God se gesalfde, sy verteenwoordiger. Vandaar het God toesig gehou oor sy volk en vandaar het Hy hulle geseën en beskerm. Geen groter heerlikheid vir sy land en volk kon die ware Israeliet hom daarom voorstel, as Sion, die God- en koningstad nie. Wie vêr en uitgeslote van Sion was, het hom van God verstote en verlate gevoel. Sion was vir hom die samevatting van alles wat goed, reg, veilig en naby God was.

En dit was geen toeval nie; dit was ook nie die werk van mense, dat die Here op Sion getroon het en gewoon het temidde van sy volk nie. Nee, Hy het self in sy neerbuigende goedheid juis Sion gekies en vir Hom as woonplek begeer. En daar het Hy sy koning gesalf, wat ewig sal regeer. En hoe jubel die psalmis nie hiervan as hy uitroep: „Die Here het Sion uitgekies en as sy woonplek begeer" nie.

As gemeente van die Nuwe Testament mag ons ook hierdie jubel oorneem, siende op Christus, ons Koning. die ware Seun van Dawid, in wie hierdie verkiesing sy ryke vervulling gevind het. Ja, in Christus Jesus, woon en werk God in die midde van sy volk, sy gemeente. 'n Ander rusplek vir ons sondige hart is daar nie. By Hom is vergewing van al ons sondes; by Hom word ons beskerm en geseën vir tyd en ewigheid; alleen onder sy beskerming en heerskappy is ons veilig, en kan ons juigend gaan, selfs in die dood. Want alleen Hy gee ons die lewe tot in ewigheid. Daarom, na Hom met al ons nood; by Hom is hulp en raad.

11 September **Lees:** Psalm 133 **Teks:** Psalm 133:1

BROEDERLIKE LIEFDE

Die digter besing hier die lieflikheid van die gemeenskap van hulle wat 'n geestelike eenheid vorm. Die gemeenskap van die gelowiges by die groot feeste op Sion, laat die digter dink aan die lieflike saamwoon van bloedbroers. Hy sê dit is lieflik. Die lieflikheid is daarin geleë dat hulle broers is in geestelike sin, en dat hulle dit ook duidelik laat blyk in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges. In digterlike taal besing hy hierdie broederlike liefde wat hier op Sion tot openbaring

kom, en wat sy geseënde invloed steeds verder versprei. En die belangrikste van alles is dat dit vir die Here welaangenaam is. Daarom gebied Hy hier sy seën.

„Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon." Ons dink aan die gelukkige huisgesin waar liefde woon, maar nog veel meer aan die gemeente van Jesus Christus, waarvan die opregte liefde die teken moet wees. En dan moet ons vir onsself rekenskap gee: Is dit in ons gesin en in ons gemeente werklik die geval? Hoe vergelyk ons by die Ou Testamentiese gemeente? Moet ons ons nie miskien skaam oor ons selfsug, ons verskeurdheid en verdeeldheid, ons twisgierigheid en ons liefdeloosheid nie? Is die lieflikheid wat die psalmdigter hier besing 'n werklikheid by ons? Of is dit slegs 'n vrome wens, 'n hoë ideaal? Dan is dit 'n bewys dat ons afgedwaal het, en dan moet ons na God toe terugkeer. 'n Ryke seën en krag en lewe bloei daar op uit die kring, uit die gemeente, waar liefde woon, waar die lede hulle as broeders skaar rondom hulle Heer. Immers, Hy wat ons almal se broeder geword het, het ons die versekering gegee: „Waar twee of drie in My Naam vergader is, daar is Ek in hulle midde." En waar Hy is, daar is seën en daar is lewe tot in ewigheid.

12 September **Lees:** Psalm 134 **Teks:** Psalm 134:2, 3

AFSKEIDSGROET EN AFSKEIDSSEËN

Ons psalm vorm 'n passende slot vir 'n besondere groep van 15 liedere wat met Psalm 120 begin en bekend staan as bedevaartsliedere, pelgrimsliedere of „liedere van die opgange". Hierdie liedere is gesing deur die volk wat na Jerusalem optrek om die groot feeste by te woon. Hulle is nie vir dié doel gedig nie maar deur 'n versamelaar byeengebring. Kenmerkend van almal is die gevoel van 'n vreemdeling te wees op aarde, die herinnering aan lyding wat deurstaan is en die hoopvolle uitsien na 'n beter toekoms.

'n Bepaalde gang kan in die groep bespeur word: in Psalm 120 is die volk nog in die vreemde, in Psalm 121 is hulle reeds in optog en in Psalm 122 het hulle al die heilige stad bereik. In Psalm 134 is die fees iets van die verlede en die feesgangers vertrek teen die aand uit die stad. Die vertrekkende feesgangers rig nou 'n afskeidsgroet aan die agterblywende tempelamptenare wat ook in die nag diens gedoen het.

In die afskeidsgroet word die tempeldienaars eerstens opgewek om die Here te loof: „Loof die Here, o alle knegte van die Here . . ." en tweedens word hulle versoek om vir die

volk voorbidding te doen: „Hef op julle hande na die heiligdom . . ." Lofsegging aan die Here kan slegs biddend tot sy reg kom.

Aan die einde van hierdie afskeidsgroet volg die afskeidsseën deur die priesters: „Mag die Here jou seën uit Sion." Die gebruik van die enkelvoud „jou" dui die volk, die gemeente aan as 'n eenheid. Die seëngroet word afgesluit met die vermelding van die Here as Skepper van hemel en aarde om aan te toon dat Hy deur sy skeppingsmag ook die mag het om dit wat in die seën toegesê is, tot werklikheid te bring.

Voorwaar 'n treffende groet en seën om afskeid te neem na die fees.

13 September **Lees:** Psalm 135 **Teks:** Psalm 135:20b

LOOF DIE HERE

Hoewel Psalm 135 een van die 15 sogenaamde „hallelujapsalms" is, is dit tog ook van dieselfde aard as die groep pelgrimsliedere wat met die vorige psalm geëindig het. Want die eerste twee verse herinner baie sterk aan Psalm 134 en sluit dan ook mooi daarby aan.

Die digter begin sy lied met 'n oproep om die Here te loof. Dit is duidelik dat dit die tempeldienaars is wat hier deur die gemeente opgewek word: „Prys, o knegte van die Here, wat staan in die huis van die Here, in die voorhowe van die huis van onse God."

Hy gee die rede waarom die Here geloof moet word: vanweë sy uitverkiesende liefde. Uit die volke van die wêreld het Hy Israel uitverkies as sy volk. Die Here is 'n grote God, die soewereine Beskikker oor alle dinge. Hy beskik ook oor die afgode wat versinsels van die mens is. Ook oor die ganse heelal voer Hy heerskappy. Hy doen wat Hom behaag.

Die Here wat geloof moet word, is 'n ewige God — teenoor die nietigheid van die afgode wat van silwer en goud gemaak is, die werk van mensehande.

Saam met die genade om uitverkies te word, is ook aan Israel 'n hoë roeping gegee: hulle moet die Here loof. In die slotgedeelte van die lied, word die verskillende groepe waaruit die volksgemeente bestaan, afsonderlik opgeroep om die Here te loof. Almal wat die Here vrees, wat deur Hom uitverkies is, die gelowiges, moet die lof van die Here verkondig. Met woord en daad — in al sy lewensuitinge moet die gelowige die Here loof.

14 September **Lees:** Psalm 136 **Teks:** Psalm 136:1b

JA EWIG DUUR SY GENADE

Psalm 136 is die laaste van die vyf wat met „Loof" begin. Die hooftema is 'n loflied op die goedertierenheid of genade van die Here. Soos Psalm 135 'n verdere uiteensetting wil wees van die laaste, vers van Psalm 134 so wil Psalm 136 'n uitbreiding wees van verse 19 en 20 van Psalm 135. Daar is ook 'n groot ooreenkoms te bespeur tussen die twee psalms.

'n Eienaardigheid in die bouvorm is die refrein wat in elke vers herhaal word: „want sy goedertierenheid is tot in ewigheid." Dit kan ook vertaal word met: „want" of „ja, ewig duur sy genade." Waarskynlik is hierdie refrein deur die volk (gemeente) gesing as instemmende antwoord op die enkele stem van die priester of voorsinger of op die lied van die Levitiese kore wat ons in die eerste deel van elke vers vind. As die refrein weggelaat word, vorm die eerste gedeeltes van die verse saam 'n deurlopende geheel.

As in die begin van die psalm die gewone oproep om die Here te loof, gedoen is, beskryf die digter die dade van God soos geopenbaar in die geskiedenis van Israel. Uit hierdie dade van die Here blyk dat Israel permanent rede tot dankbaarheid en lofsegging het. Die Here het hulle uit Egipte verlos en ingelei in die beloofde land. Hulle hele godsdienstige lewe rus op die feit dat hulle deur die Here uitverkies is as sy volk. As uitverkore volk het hulle voortdurend sy goedertierenheid ontvang en geniet. En hierdie genade duur in ewigheid.

15 September **Lees:** Psalm 137 **Teks:** Psalm 137:1

VERNEDER MAAR VERBONDE

Die digter was sonder twyfel een van die bannelinge. Sy psalm is 'n lied uit die tyd van die verstrooing na die verwoesting van Jerusalem deur die Babiloniërs. Dit begin as 'n klaaglied, neig om 'n lied oor Jerusalem te word maar verander in 'n vloekpsalm.

Die digter roep in gedagte die vernederde toestand van die bannelinge. Hy sien hulle sit langs die riviere van Babel, die Eufraat en die Tigris — in ledigheid en in moedeloosheid. Hulle is bedroef en koester 'n sterk verlange na Jerusalem. Die siters is aan die bome opgehang — van 'n vrolike lied met siterbegeleiding kan daar nie sprake wees nie.

Volgens die opvatting van die tyd is die verering van 'n god verbonde net aan sy land. Daarom is dit vir hulle onmoont-

lik en ongeoorloof om in die vreemde, die onreine land 'n Sionslied, 'n heilige lied te sing. Hulle liefde vir die Here en vir Jerusalem tree skerp na vore in die psalm.

Die droefheid, teleurstelling en vernedering deur die verwoesting van Jerusalem en die wegvoering na die vreemde, beklemtoon hulle verbondenheid aan hulle God, hulle land en aan die heilige stad. En hierdie verbondenheid gee aanleiding tot die grimmigheid van die digter: hy spreek 'n vervloeking uit oor Edom en oor Babel. Hy wens hulle dieselfde lot toe as wat aan Jerusalem gedoen is sodat die balans van geregtigheid weer herstel kan word.

Wat hier gesê word klink vir ons wreed. Dit was egter 'n algemene gebruik in die ou tyd. Ons moet ook in gedagte hou dat die digter in sy psalm 'n weerklank laat hoor van die oordeel wat God self vir die vyande van sy kerk bestem het.

16 September **Lees:** Psalm 138 **Teks:** Psalm 138:1

DANK EN VERTROUE

Uit die inhoud van die psalm is dit duidelik dat 'n koning hier aan die woord is met 'n danklied vir 'n verrassende verlossing uit die nood. Ook spreek hy sy oortuiging uit dat die Here hierdie verlossingswerk waarmee Hy begin het tot 'n goeie einde sal bring. Profeties sien hy hoe in die toekoms al die konings van die aarde ook in blydskap sal juig as hulle van die groot dade van die Here hoor.

Hy loof die Here omdat Hy in getrouheid sy beloftes vervul. Met sy hele hart besing hy die lof van die Here. Tot eer van die Here sal hy psalmsing selfs „in die teenwoordigheid van die gode". Alhoewel afgode in werklikheid nie bestaan nie, word in digterlike taal te kenne gegee dat die afgode van die oorwonne volke as magtelose toeskouers sal moet toekyk en aanhoor hoe die lof aan die Here gebring word. En dit tot hulle skande omdat hulle nie instaat was om hulle volke te red nie. Vanweë dié verlossing het die genade en trou van die Here weer opnuut tot openbaring gekom. Hy het getoon dat Hy getrou is aan sy beloftes.

In die slotgedeelte van sy lied spreek hy sy vertroue uit in die Here. Hy sien weer die benouende omstandighede waarin hy en sy volk verkeer het en dink met dankbaarheid aan die wonderlike uitredding. En vra dan ten slotte: „Laat nie vaar die werke van u hande nie" — nie omdat hy dink dat die Here dit sal doen nie maar as 'n gelowige bede dat die Here sy verlossingswerk tot die einde sal deurvoer.

17 September **Lees:** Psalm 139 **Teks:** Psalm 139:5, 23, 24

GODDELIKE ALWETENDHEID, ALOMTEENWOORDIGHEID EN GOEDHEID

Op hoog-digterlike wyse word die alomteenwoordigheid en alwetendheid van God beskryf. Die digter se hele lewensgeweging is aan die Here bekend. Opvallend is veral dat hy die alomteenwoordigheid van die Here sien soos dit op homself van toepassing is. Die Here weet nie alleen wat hy doen nie maar ook wat hy dink. Afstand en ruimte speel nie 'n rol by die Here soos by 'n mens nie. Sy lewenshandelinge en sy lewenswandel word deur die Here gekeur. Buite die Here om het hy geen bewegingsvryheid nie. Die Here lê op hom beslag soos op 'n gevangene. Hierdie alomteenwoordigheid en alwetendheid van die Here is vir hom ondeurgrondelik en wek by hom 'n gevoel van beklemming en angs.

Sy reaksie hierop is die neiging om te vlug — maar ook dit sal nie help nie. Want oral: in die hemel, op die aarde, in die doderyk, in die ooste en in die weste — daar is die Here en daar heers Hy. Selfs in die donkerste duisternis sien die alsiende oog van die Here.

'n Wending kom egter in sy gedagtegang as hy besef en bely dat die Here hom wonderlik gemaak het. Hy kom tot die slotsom dat net so oneindig as wat God self is, is ook sy gedagtes en sy goedheid. Daarom is hy nie meer verskrik nie en wil hy nie meer vlug nie.

Maar hy begin ook besef dat die Here die sonde nie verdra nie en daarom bid hy vir bewaring teen 'n verderflike weg wat weglei van God af en vir bewaring op die weg wat lei na 'n versekerde toekoms by God.

18 September **Lees:** Psalm 140 **Teks:** Psalm 140:2, 3

GEBED VIR BESKERMING

Die digter is omring van vyande. Daarom bid hy tot die Here vir beskerming en die uitredding uit hulle planne. Eerstens het hy te doen met vyande wat teen hom laster: kwaaddoeners en manne van geweld wat slegte dinge bedink en elke dag stryd verwek. Hy het ook te doen met die goddeloses wat hom uit die weg wil ruim. Teen hierdie vyande vra hy om hulp en verlossing.

Hierdie bedes van hom word gevolg deur 'n verklaring (belydenis) van sy vertroue in die Here en die bede dat die goddelose se begeertes en planne nie moet geluk nie sodat hulle nie iets het om op te roem nie.

Hy vra ook dat sy vyande self in die ongeluk sal beland: „Laat vurige kole op hulle afgegooi word; mag Hy hulle laat val in die vuur, in kuile, sodat hulle nie weer opstaan nie."

Laastens betuig hy sy versekerdheid dat hy verhoor sal word — 'n sekerheid wat gegrond is in die verbond en beloftes van die Here. Hy is verseker dat die Here die vervolgde gelowiges wat hy „ellendiges" en „behoeftiges" noem sal beskerm en bewaar teen onreg. En hy is verseker dat die regverdiges die Naam van die Here sal loof en veilig sal woon omdat die goddelose verdelg is.

19 September **Lees:** Psalm 141 **Teks:** Psalm 141:5

DIE HART WAT LIEFHET EN DIE HAND WAT TUG

Dis vir ons altyd baie aangenamer om geprys te word, as om op ons foute gewys te word. Daarom is dit ook altyd moeiliker om iemand te betig as om te vlei. Maar as ons voortdurend ons oë vir ons eie foute sou sluit, asof dit nie bestaan nie, sou ons in 'n gekkeparadys leef. Om te maak asof ons naaste geen foute het nie, bring ten einde ook net teleurstelling en verbittering. Wat maak ons dan met ons foute, tekortkominge en sonde?

In hierdie psalm hoor ons die eensame geroep van een wat sy eie tekortkominge ken en bely. Sy verlede laat nie toe dat hy homself mislei nie en hy probeer dit ook nie doen nie. Soos Johannes dit stel: „As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie." — 1 Joh. 1:8. — Tog weet hy dat hy dikwels ook blind is vir sy eie foute, daarom verlang hy dat sy mede-gelowige hom daarop sal wys, want so word hy deur die lewe gehelp. Dit is vir hom van veelmeer betekenis as niksseggende vleiery. Hy vra nie om brutale, naywerige foutvindery nie, want dit is immers ook nie die manier van optrede wat pas by die gelowige nie; hy vra na die tug, met die Woord van God as rigsnoer, wat vir hom tot hulp kan wees. Hy pleit dat sy mede-gelowige vir hom soveel sal omgee, dat hy nie sy verderf sal wil aanskou nie, maar hom terugroep na sy Skepper toe. Al is dit ook nodig dat hy met 'n ferm hand teruggeruk moet word, wil hy dat dit so sal wees. Die harde hand wat in liefde slaan, is tog ook die hand wat in liefde wil beskerm en vashou. Sulke tug is vir die digter hoofsalf; dit het net een doel, naamlik sy heiliging.

Hoeveel wag nie tevergeefs, eensaam, roepende in die lewe om ons, op ons om as gelowige met liefde te slaan waar dit nodig is nie? Teveel vrede met God word ontbeer, omdat ons te graag „om vredesontwil" stilbly. Teveel is ook verbyster, omdat ons teveel slaan sonder liefde. In die geloof noem ons God Vader; in dieselfde geloof noem ons mekaar broer en suster. In die geloof pas dit my om my broeder se hoeder te wees. Is ek?

20 September **Lees:** Psalm 143 **Teks:** Psalm 143:3

MY HULP AS EK STERWE

Die spreekwoord lui: „nood leer bid." In gevaar, wanneer 'n mens in 'n hoek gedryf word, buig knieë wat al verleer het om te kniel; lippe wat vergeet het om te bid, prewel dan om hulp; selfs 'n eens hoogmoedige hart roep dan in verlange na God. In ons onrustige wêreld ken ons die gebed in nood — ons sien dit, hoor dit, bid dit self. Psalm 143 is 'n gebed in nood. Die skrywer hiervan is is doodsgevaar. Die sinne van die psalm is kort en hortend, soos een wat angstig hyg na hulp waarsonder hy nie kan lewe nie. Vir hom is daar net Een wat kan help en dit is God self. Maar, moet hy bely, daardie hulp verdien hy nie. As God in alle regverdigheid sy saak sou behandel, is daar vir hom geen hoop nie, want dan word hy blootgestel as onverdienstelike sondaar. Hy kan alleen maar vra om die vergewende liefdeshulp van God. Hy is oortuig dat hyself deur sy sonde sy nood op hom gehaal het en hy het opreg berou daaroor. Sy nood het sy oë weer oopgemaak en hom weer na God laat soek. En hoe groot is daardie nood nie! Hy staan weerloos teenoor sy vyande. Dag vir dag lyk dit vir hom of dit van erg na erger gaan. Daar is die aanklag: „Die vyand vervolg my siel . . ." Sy skuld en sy sonde, sy onreinheid wat hom aankleef, word ongenadiglik oopgevlek asof hy naak voor die wêreld uitgetrek word en niks kan bedek nie. Dan kom die smalende hoonlag: „Hy vertrap my lewe teen die grond . . ." liefdeloos word daar oor sy dade gepraat, sodat hy sy kop moet laat hang in skaamte. Hy moet wegkruip vir sy naaste, wegkruip uit die lewe uit. „. . . hy laat my woon in duisternisse soos hulle wat lankal dood is." Al uitsig wat hy het, is die dood — die dood van hulle wat lankal dood is. Sy uitsig is uitsigloosheid.

In hierdie diepste nood wend hy hom tot die Een Wie se barmhartigheid oor die grootste sonde strek en wie se arm van hulp en redding tot in die dood kan bykom om uit te ruk.

Hoe gebind is ek nie aan my sonde nie! Hoe blootgestel is ek nie daarom aan vervolging, vertrapping, ja, die ewige dood nie! Dank God wat sy arm van hulp, Jesus Christus, tot in die vloekdood van 'n sondaar uitgesteek het, om die sterwende sondaar te laat leef. Wie is die een wat kan veroordeel as God die Een is wat regverdigmaak?

21 September **Lees:** Psalm 144 **Teks:** Psalm 144:3

WAT IS DIE MENS?

„Onafhanklikheid" is 'n groot woord van ons tyd. Kinders wil onafhanklik wees in hulle besluite; man en vrou in een huis wil onafhanklik wees van mekaar; volkere wil onafhanklik wees van enige oorheersing; en die mens wil onafhanklik wees van God. Dit is die lewenshouding wat in ons tyd besig is om

al hoe meer te ontplooi. Maar, kan ons werklik onafhanklik wees? Die psalmdigter sê van die mens: „Die mens is soos die nietigheid; sy dae is soos 'n vlugtige skaduwee." Dit is 'n waarheid wat ook ons dag vir dag raaksien en belewe. Ons stuit daarteen by die talle tekens daarvan: Die onverwagse begrafnis van 'n vriend; die eens jonge, lewenslustige wat skielik gekluister word aan 'n rystoel; ideale wat in 'n oogwink verpletter word en die magteloosheid teen die krag van die natuur. So 'n nietigheid kan nie onafhanklik wees nie — allermins van God. Hy alleen is in die ganse Skepping, die enigste werklik onafhanklike. Hy alleen bestaan uit Homself en tot Homself, ongebonde aan tyd of ruimte of omstandigheid.

Hierdie psalm is 'n belydenis van die totale afhanklikheid van die mens teenoor sy Skepper. Die afstand tussen die almag van God en die nietigheid is onuitspreeklik groot. Daarom is dit met verwondering dat die digter daaraan dink dat die mens die voorreg het om tot God te bid. Vir hom is dit onverstaanbaar dat die nietige met die Almagtige mag praat — ja meer nog, kan verwag dat hy nie alleen gehoor word nie, maar ook verhoor word, omdat God die mens ken: God ken hom in sy nood en verlanges; sy probleme en tekortkominge; en Hy gee ag op die hulpgeroep. Ja, hy gee selfs meer as waarom gevra word, want Hy ken die mens beter as wat enige mens homself ken. Hy ken nie alleen die verlede of hede nie Hy ken ook die toekoms, en Hy voorsien.

God leer ons iets wat die wêreld ons nie kan leer nie: By die wêreld is ons 'n nietigheid, 'n skaduwee, niemand tussen biljoene ander. By God is ons deur sy liefde iemand — in Jesus Christus, sy kinders, voorwerp van sy liefde.

22 September **Lees:** Psalm 145 **Teks:** Psalm 145:2

VANDAG IS NET 'N DEEL VAN ALTYD

'n Psalm soos hierdie, word gewoonlik 'n akrostiese psalm genoem. Dit wil sê, dis 'n samestelling van verse wat in 'n duidelike, bekende patroon saamgevoeg word om 'n geheel te vorm. In hierdie psalm is die patroon die Hebreeuse alfabet, waarvan elke letternaam aan die begin van elke vers staan. Waar die psalm aan die begin ook 'n „Loflied" genoem word, is die boodskap van die vorm van die psalm al duidelik: Die volle lof wat aan God toekom, moet ten volle aan Hom gebring word. As daar iets van vergeet sou word, of iets daarvan nagelaat sou word, sou die gaping dadelik gemerk word en sou dit gebrekkig en onvolledig wees. Dit sou wees soos 'n alfabet waarvan 'n letter of letters ontbreek: sommige woorde sal nooit gesê kan word nie; gesprekke sal onsinnig word, woorde verdraai en betekenloos word.

Die psalmdigter wil homself en ook ons, saam met hom, hier oproep om aan God die volheid van ons lof te bring.

Daarom sê hy: „elke dag wil ek u loof . . ." Ons lof en aanbidding is nie alleen maar net 'n saak van nou en dan, af en toe nie. Dit lê nie in die eenmalige opwelling van geloof nie. Die lof wat ons aan God verskuldig is, bestaan in die daaglikse toegewyde lewe van dankbaarheid. Elke dag is vir ons daar om gesien te word as 'n geleentheid waarin ons met woord en daad, alles wat ons sê en doen, tot eer van God te laat wees. Soos ons elke dag van God afhanklik is en Hy ook elke dag voortdurend na ons omsien, so pas dit ons om elke dag met aanbidding vol te maak. Elke dag is op sy beurt weer 'n deel van ons lewe, sodat elke dag gevul met lof, aan die einde van ons lewe hier, ons lewe voltooi as 'n hele lewe tot eer van God. En is dit nie ons bestemming nie?

Laat ons dan elke dag as dag van lof tot die gehel van ons lewe byvoeg — en laat ons dit ook vandag doen. Mag God ons daartoe help.

23 September **Lees:** Psalm 146 **Teks:** Psalm 146:9

HY WAT DIE LEWENSPAD KROM MAAK

Daar word in die lewe baie dikwels gepraat oor die probleme wat mense in die wêreld het. Dit het gewoonte, ja selfs gebruiklik geword om te klae. Ons vind ook sommer gou baie dinge om oor te klae. Hierdie dinge wat ons dan so onvergenoeg laat voel, word maklik voor die deur van God gelê — heel dikwels nie met berusting nie, maar met 'n kille, magtelose aanvaarding, dat dit nou maar ten eenmale God in sy onbuigsaamheid is wat die lewenspad krom maak. Voorspoed, seën en geluk word as vanselfsprekend aanvaar, of aan eie harde werk alleen toegeskryf, terwyl van God as die Gewer van alle goeie dinge maar min gepraat word.

Nou praat die psalmdigter in die teksvers ook van die slaande hand van God. Ja, onomwonde stel hy dat God die pad van die goddelose krom maak. Hy ken God ook as die straffende Almagtige; die Een wat 'n lewenspad heel anders kan stuur as wat die een wat daarop loop dit graag sou wou sien. Hy weet dat geen mens ligtelik mag praat oor die gramskap van God nie en hy het 'n groot ontsag daarvoor. Maar, veral ken hy God as die liefdevolle Ontfermer: „Die Here behoed die vreemdelinge;" Vir hom is die vreemdelinge, hulle wat nie deel van die volk Israel is nie, maar bywoners is, en as sodanig ietwat onbegunstig is. Hulle staan veral blootgestel aan uitbuiting en vernedering, en die gedagte dat hulle heeltemal minderwaardig is. Dit is vir hulle wat God behoed. Hy hou 'n vaderlike, wakende oog oor hulle lewe, waar hulle die onbeskermdes is. Net so is God teenoor die weduwees en wese: „Hy rig wees en weduwee weer op" waar hulle weerloos staan teenoor 'n harde, ongenaakbare wêreld. Waar niemand die verantwoordelikheid van hulle wil neem nie, waar

daar geen beloning is vir hul versorging nie, daar gee Hy om, daar het Hy lief, daar voorsien Hy.

Ook ons wat weet dat die gelowige in hierdie wêreld werklik 'n vreemdeling is, dat die gelowige dikwels die skyf van menslike verdrukking is, mag leef uit die wete dat die Almagtige ook die Liefdevolle is. Laat ons in alle dankbaarheid nie net die krom van die lewe raaksien nie, maar ook juig oor die seën van elke dag — ook van vandag.

24 September **Lees:** Psalm 147 **Teks:** Psalm 147:19, 20

DIE KENNIS VAN GOD

Ken u die God van die Bybel? Natuurlik! sou u antwoord wees. Maar om God te ken, is by ons nie 'n natuurlike saak nie. Ons het in die teendeel so 'n verdorwe natuur, dat ons 'n innerlike stryd het om van God weg te breek en onsself van Hom af los te maak. Om God te ken is nie by ons 'n ingebore instink nie. Ook kan ons Hom nie leer ken uit ons waarneming van die natuur daar buite nie. Hoogstens kan ons daaruit redeneer dat iemand eens alles tot stand moes gebring het. Maar juis uit hierdie gedagtes word afgode gebore: Ons probeer dan met ons verstand vir ons 'n god uitdink — ons skep met ons verbeelding vir ons 'n god na ons smaak en wat ons dink ons behoeftes is. Die gevolg is dat daar eindelik 'n hele aantal gode aanbid en vereer word deur verskillende mense op verskillende plekke. Die ontsettende tragiek hiervan is dat al daardie aanbidding nie alleen verkeerd is nie, maar ook totaal tevergeefs is. Die gebede gaan op tot gode wat geen gode is nie; hulp word gevra waar niks te vinde is nie; eer word gebring aan wie dit nie toekom nie.

Daarom is dit nie maar vanselfsprekend om God te kan ken nie — ook dit is genade. As Hy nie van buite ons lewe, buite ons bestaan, buite ons denke met ons gespreek het deur sy profete nie, sou ons Hom nooit geken het nie. Ja, selfs dit sou nie genoeg gewees het nie. Daarom het Hy nog nader na ons gekom en nog dieper op ons lewe kom ingryp: Hy het sy Woord vir ons laat vlees word — laat mens word — in Jesus Christus. In Hom kon ons iets van God sien, en, omdat ons gesien het, ook glo en Hom ken. En wat kan ons nie alles hoor nie! Sonder Jesus sou ons niks geweet het van God se versorging en beskerming nie. Ons sou nie gepleit het om sy liefde nie. Ons sou geen hoop gehad het op goddelike vergewing en vryspraak nie. Ons sou onbewus wees van die leiding van die Heilige Gees. Ons hoor dit alles nou deur sy Woord, waarvan die Bybel ons getuienis is. Selfs as ons nou na die natuur kyk, is die Bybel vir ons die bril waardeur ons werklik kan sien dat God ons Skepper en Voleinder is. Dank God vir Jesus Christus, die Woord van God, vir wie ons leer ken deur die Heilige Gees, omdat daardie kennis vir ons die lewe beteken. Uit God lewe ons, wat in onsself dood is.

25 September **Lees:** Ps. 150, Open. 19:1-10 **Teks:** Ps. 150:6

'N KYK IN DIE TOEKOMS

Hierdie laaste psalm begin en eindig met die veelgebruikte woord: Halleluja. Dit is 'n woord wat as sy oorsprong het, 'n samestelling van twee Hebreeuse woorde, en wat vertaal kan word as „loof die Here". Dit is die hele oproep en boodskap van die psalm, en ook die hoë noot waarop hierdie Bybelboek afgesluit word. As die Boek klaar gelees is, dan is die woord wat nog in die lug bly hang, wat nog agterna eggo, die woord: „Halleluja!" Daardie woord het die wêreld gevul en in baie tale, deur baie eeue het dit weerklink uit die mond van miljoene gelowiges. Ook ons het ons by die groot skare aangesluit as ons sing:

„al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef!
Halleluja, loof die Here."

Maar hierdie lofprysing is nie eens aan hierdie tyd of aarde of lewe gebonde nie. Want in Open. 19 sien ons by wie ons ons in werklikheid aansluit: Joh. beskrywe die lofprysende erediens in die hemel. Daar juig die verlostes in groot menigte, met helder, magtige klank in aanbidding: Halleluja! Daar is blydskap en vreugde, want, „die bruilof vir die Lam het gekom en sy vrou het haar gereedgemaak." Die bruid is die kerk van die Heer, wat Hyself uitverkies en roepend laat naderkom, om saam met Hom te kom leef in sy woning tot in ewigheid. Die Lam is God die Seun, wat Homself as Offerlam gegee het, om sy bruid vry te koop van die dood. Maar die Lam is ook die Een wat as Oorwinnaar uit die stryd teen die bose getree het, en so ewig-oorwinnende Koning is.

Deur Johannes het ons 'n kyk in die toekoms waarheen onse Here ons roep en waarheen ons deur sy genade op pad mag wees. Terwyl dit nog nie in volmaaktheid hier is nie, kan ons egter vanuit hierdie onvolmaakte, sondige wêreld, tog noual 'n eggo uit die hemel hoor en ons in die geloof daarby aansluit. Halleluja, die Lam is op pad. Hy kom ons tegemoet in die toekoms en wink ons nader. Laat dit ons lewe, ons verwagting wees: Halleluja!

26 September **Lees:** Spr. 1:1-19 **Teks:** Spr. 1:7a

DIE AANVANG VAN DIE KENNIS

Iemand het van die Spreukeboek gesê dat dit ondanks sy breë, internasionale agtergrond duidelik 'n sedelik- godsdienstige wêreldbeskouing huldig waarin God die sentrale plek behou.

So staan daar ook in die boek: Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis.

Die Here God het Homself bekendgestel as die almagtige en heilige God. Hy is onvergelykbaar in majesteit en heerlikheid maar tog is Hy ook die Een wat naby sy volk is in hulle angs en benoudheid en Hy is die enigste Redder uit die angs. Daarom verloop die gelowige se vroomheid „in die spanning van liefde en vrees."

Die vrees van die Here is dus nie 'n verskrikking wat die mens laat wegvlug en wegkruip nie. En die liefde tot die Here is ook nie 'n liefde sonder eerbiedige vrees nie. Waar die regte vrees vir die Here is, word daar altyd op Hom vertrou en word sy gebooie bewaar. Díé vrees dring die mens tot liefde en laat hom vlug vir die kwaad. Om Hom te vrees beteken om in die regte verhouding tot Hom te leef in ootmoed en vertroue en om in die regte verhouding met die medemens leef.

Die vrees is die wortel of aanvang van die kennis en die wysheid.

Hierdie kennis is egter nie blote verstandskennis nie. Dit word gedra deur die lewensgemeenskap met God. Dit vloei uit die vrees van die Here wat beslag lê op die hele mens in al sy bedrywighede.

Sal ons nie deur die vrees oorweldig word by die geloofsaanskoue van die vreeslik heilige God wat in die stal van Betlehem en aan die kruis vleeslik naby gekom het nie? In Hom het die Here Here gespreek met ons. Wie sal Hom nie liefhê en die naaste as sy geliefdes behandel nie?

27 September **Lees:** Spr. 1:20-33 **Teks:** Spr. 1:20-21

DIE OPROEP DEUR DIE WYSHEID

Die Wysheid word hier voorgestel as 'n vrou. Meer spesifiek: 'n Vrou wat in die openbaar onderrig gee.

Anders as die slegte vrou waarvan Spreuke 5-7 vertel, spreek die Wysheid nie met die enkeling in die skemer nie. Die Wysheid hoef haar boodskap nie in die geheim te fluister nie. Sy het niks wat nie voor die ore van almal gesê kan word nie. Sy wil dat elkeen haar hoor.

„Die Wysheid roep hardop daarbuite, sy verhef haar stem op die pleine, op die hoek van die rumoerige strate roep sy by die ingange van die poorte, in die stad, spreek sy haar woorde."

Met groot nadruk word hier gesê dat die Wysheid in die openbaar praat en nie skaam is vir haar boodskap nie. Daar waar die menigtes bedags saamkom laat klink sy haar woord.

Sy rig daar haar oproep tot bekering tot die spotters wat spot met die wat nog so oningelig is dat hulle ag gee op die ware wysheid. Sonder enige huiwering word daar ook 'n waarskuwing gerig aan almal wat geweier het om te luister

na haar en wat die kennis haat en wat die vrees van die Here nie verkies nie. Oor die wat nou lag en spot sal daar gelag en gespot word.

Hierdie ernstige woord van die Wysheid is egter nie sondermeer 'n strafaankondiging nie, maar 'n roepstem tot bekering: Die wat na my luister, sal veilig woon en gerus wees teen die skrik van die onheil.

Die Wysheid is geduldig.

God is ook geduldig en genadig in Jesus Christus. Baie maal roep en waarsku Hy die sondaar. Hy wys daarop dat daar slegs by Hom werklike lewe en vrede te vind is. Deur die geloof in sy Seun wil Hy dié lewe verniet skenk aan sondaars.

Wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?

Die boodskap van sy geduld en genade en van sy waarskuwing en oproep tot bekering is vir die ore van almal bedoel. Hy laat dit klink in die openbaar.

28 September **Lees:** Spr. 2:1-22 **Teks:** Spr. 2:1

DIE WOORD VAN DIE WYSE

Anders as in die laaste gedeelte van Spreuke 1 is die Wysheid hier nie self aan die woord nie maar die wysheidsleraar. Dit is ook nie die menigtes wat aangespreek word nie maar die leerling. Hy word genoem my seun. Die een wat nog sonder ervaring is, word aangespoor om die woorde aan te neem en te bewaar.

Dis die leraar se woorde waarop hy moet ag gee. Anders as die profete wat nie hulle eie woord wou spreek nie maar telkens sê dat die woord van die Here tot hulle gekom het, vra die wysheidsleraar aandag vir sy eie woord. Hierdie „eie woord" staan egter nie los van die wet en die profete nie. Hy onderrig in die weg van die Here van wie die profete getuig het. Die gebooie moet „as kosbare besit in die skatkamers van die hart" bewaar word.

As die seun hierdie woorde bewaar sal hy daardeur bewaar word. Hy sal bewaar word vir die slegte, die valse, die verleidelike en die uiteindelike ondergang.

Dit is egter eers in die Nuwe Testament waar ons lees van die Woord wat vlees geword het. Dit is Jesus Christus wat opgewek is uit die dood om 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis te verkry, wat in die hemele bewaar word vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof.

Hierdie Woord bewaar die erfenis en die erfgenaam. Hy is nie die wysheidsleraar se woord of die profeet se woord nie. Hy is God se Woord. Die Woord was en is God!

Neem sy woord aan en bewaar sy gebod in die geloof.

29 September **Lees:** Spr. 3:1-10 **Teks:** Spr. 3:3a

LIEFDE EN TROU

Nog eens praat die wysheidsleraar met sy seun en beveel die wysheid en die godsvrug by hom aan om 'n goeie insig in die oë van God en die mense te vind. Hy vra dat **die hart** van die seun die gebooie en onderwysing moet bewaar. Hy moet nie slegs die skyn voorhou dat hy hulle bewaar nie. Oral en altyd en met al sy vermoë moet hy liefde en trou by hom laat bly.

Laat liefde en trou jou nie verlaat nie.

„Liefde en trou gee uitdrukking aan die toegeneentheid en hartlike verhouding wat bestaan tussen families of tussen vader en seun of tussen verloofdes in die bruidstyd. Dit is 'n gesindheid wat die profete begeer tussen die lede van dieselfde volk maar wat by die Israel van hulle tyd soseer ontbreek."

Meer nog: Hierdie twee woorde beskryf ook die gesindheid van die Here teenoor sy volk. Sy onverdiende en ongevraagde liefde en trou laat die skuldige mens klein voel. Elke mens wat aangegryp is deur sy liefde en trou sal alleen verbaas kan staan omdat Hy nie anders handel nie.

Die mens wat daardeur aangegryp is, mag en moet antwoord deur liefde en trou teenoor die Here nie te vergeet nie.

En nou kan ons vra: Hoe groot is die liefde en trou van God nie? Uiteindelik het Hy sy enigste Seun gegee vir die verlossing van ons wat die teendeel verdien het.

As dié vraag gevra is, moet daar ook gevra word of Hy ons nie rede gegee het om werklik in die geloof te ywer dat liefde en trou ons nie verlaat nie? En dit moet van harte wees. Nooit mag ons maak asof daar liefde en trou by ons is terwyl dit ontbreek nie. So 'n spel verraai juis liefdeloosheid en ontrou.

30 September **Lees:** Spr. 3:13-26 en Job 28 **Teks:** Spr. 3:15

DIE WAARDE VAN DIE WYSHEID

In die land van Israel is daar deur die opgrawing van die ou bewoonde gebiede baie min edelgesteentes en juwele blootgelê. Anders as van die ander van die ou volke was Israel arm aan die kosbaarhede. In Israel self was daar nie delwerye nie en gevolglik moes hulle die edelgesteentes koop wat hulle wou hê.

Aan die moeilik bekombare artikels is groot waarde geheg. Die rooigekleurde edelgesteente wat koraal genoem is, was sekerlik skaars en duur.

In die oë van die spreukedigter is dit egter minderwaardig in vergelyking met die wysheid.

Hierdie vergelyking tussen edelgesteente en wysheid kom meermaal in die Bybel voor en word veral breed uitgewerk in Job 28 waar ook die moeite beskryf word waarmee „stoffies van goud" en ander edelgesteentes en metale aan die aarde ontworstel word.

Omdat die wysheid van groter waarde is as hierdie ander kosbaarhede is dit waardig om met groter inspanning gesoek te word en om met groter sorg bewaar te word.

As jy die so kosbare wysheid bewaar, kan jy veilig woon en veilig reis. Dit bring rus en vrede in jou lewe. Vreesloos kan jy selfs die verwoestig van die goddelose aanskou. Die Here sal jou vertroue wees en Hy sal jou voet bewaar vir die strik.

Wat is die kosbare wysheid? Job antwoord: Kyk, die vrees van die Here is wysheid; en om af te wyk van die kwaad is verstand.

Ons moet Hom vrees wat sy kosbaarste, Jesus Christus, vir ons opgeoffer het. Hy het gesê: Verkoop alles wat jy het en kom hier en volg My.

Waarmee sal Hy vergelyk word?

1 Oktober **Lees:** Spr. 4 **Teks:** Spr. 4:18

TWEE PAAIE

In die gedeelte word daar gepraat oor twee paaie: die van die goddelose en die van die regverdige. Nou lyk dit of die wysheidsleraar saam met die seun op reis wil gaan om hom die regte pad te wys waarop sy treë nie belemmer sal word nie en waarop hy nie sal struikel as hy hardloop nie.

Om op hierdie pad te bly moet hy aan die een kant vashou aan die tug. Dit is die onderrig wat hy van sy vader ontvang het. Aan die ander kant moet hy die weg van die goddelose vermy. Op laasgenoemde pad sal hy oorval word deur duisternis sodat hy self sal struikel en in die verderf sal val. Wie weg van God af gaan sal in steeds groter donker beland.

Die veilige pad is egter die van die regverdiges en daarop is dit lig. „Miskien begin dit met 'n ster, tog eindig dit met die son; en die son sal styg en styg van die kim af tot op die middaghoogte." Die pad van die regverdiges is soos die lig van die moreglans, wat al helderder word tot die volle middag toe.

Die duisternis van die goddeloosheid het ook toegesak op Hom wat die wêreldskande aan die kruis gedra het. Jesus het op die donker weg gegaan.

Hy is egter ook die Een met wie se opstanding daar 'n nuwe dag aangebreek het en die lig van daardie dag verdryf die duister tot in die ewigheid.

Hý is die weg, die waarheid en die lewe. Hy is die weg waardeur daar geregtigheid te kry is deur die geloof.

2 Oktober **Lees:** Spr. 5:1-13 **Teks:** Spr. 5:3

DIE SOETE WORD BITTER

Die spreukedigter vertel ons in hierdie en in die volgende hoofstukke van iets wat aanvanklik soet is maar wat bitter word en eindig met slae en skande. Dit begin met vriendelikheid maar dit eindig met 'n hewige getwis. Eers lyk dit soos die lewe maar dit lei sy slagoffer na die dood.

Hy praat van die „vreemde vrou" wat so vriendelik kan wees maar wat met geslepenheid en mooi klinkende woorde die gesprek met jou aanknoop wat na jou ondergang lei.

Hierdie gesprek wat so vriendelik begin, laat die wyse digter egter uiteindelik vra: Kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand? Of kan iemand op gloeiende kole loop sonder dat sy voete brandwonde kry?

Daarom waarsku hy herhaaldelik daarteen: Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat jou nie vang met haar ooglede nie.

Dit is 'n waarskuwing wat in daardie tyd gepas was volgens die digter. In onstyd is die waarskuwing ook nog steeds gepas. Hierdie soet word altyd bitter.

Dit is egter nie net die oortreding van die sewende gebod wat tot bitterheid lei nie. Die voorspoed van die goddeloosheid is altyd slegs 'n voorlopige voorspoed. Dit word altyd gevolg deur die bittere.

Prag en skoonheid mag wel skitter-
dis die ydelheid gelyk!
Skynbaar soet is dikwels bitter,
goud en silwer is soos slyk.
Jesus, enkel in u bloed
is daar rus vir ons gemoed!
Wat ons liefhet van die aarde
het geen wesenlike waarde.

3 Oktober **Lees:** Spr. 10:1-11 **Teks:** Spr. 10:1

DIE WYSE EN DIE DWASE

Dit lyk op die oog af asof die spreuke in hoofstuk 10 meestal nie met mekaar verband hou nie. Tog sien ek 'n sterk verband tussen die meeste van hulle.

Die spreukedigter begin deur te sê: „'n Wyse seun verbly die vader, maar 'n dwase seun is 'n bekommernis vir sy moeder." Nou wie is 'n wyse en wie 'n dwase, en waarom word hulle so genoem? In ons taal sou ons praat van dom en slim en dan gaan dit oor verstandelike vermoëns. Ek glo nie die digter bedoel hier dat 'n wyse 'n persoon met 'n hoë intellek is en 'n dwase mens iemand met 'n swak bedeelde verstand is nie.

Dikwels word die wyse tegelykertyd ook 'n verstandige in die Bybel genoem en die dwase 'n goddelose. Met hierdie twee gegrippe van „wys" en „dwaas" waarmee die hoofstuk begin, kan ons die hele hoofstuk in verband sien. Feitlik regdeur word die woorde „wyse" en „dwase" vervang met die woorde „regverdige" en „goddelose."

Ons as kerk van die Here kan net sowel praat van „gelowige" en ongelowige. Jesus vertel in Luk. 12:20 die gelykenis van die man wat so 'n groot oes gemaak het en uitstekende voorsiening gemaak het vir die toekoms. Hy moes dus 'n slim man gewees het wat kon beplan. En tog sê God vir hom: „Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis." Hy word 'n dwaas genoem omdat hy sonder God probeer leef het.

So kry ons ook die dom en ongeleerde mens wat tog 'n diep gelowige is; 'n mens wat verstandig en regverdig genoem kan word. Dit is 'n wyse mens.

So sal dit dan die wyse kind wees wat die vader se hart verbly en die dwase wat sy moeder verdriet veroorsaak.

Die enigste mens wat waarlik slim en wys was is Jesus Christus. Hy kon alle vrae beantwoord wat aan Hom gestel is en Hy was regverdig, verstandig en diep godsdienstig.

Is ons en leef ons nog soos wyse mense, of leef ons saam met die dwaasheid van die wêreld?

4 Oktober **Lees:** Spr. 11:1-11 **Teks:** Spr. 11:4

WAT IS LEWE?

Hier op aarde soek elke mens na die lewe. Dit is 'n gejaagde onrus. Die lewensvraag lê swaar op die gemoed van elke mens. Daarom soek ons dan ook gedurig na lewensverseke-ringe waardeur ons die dood kan vryspring. So soek sommige dit in die ophoop van lewensmiddele of „goed", soos die digter dit hier noem. Andere weer wil die lewe verewig deur invloed en posisie.

Dit is 'n eeuoue vraag talle mense al 'n antwoord probeer gee het. Ons is immers bewus van die dag van grimmigheid of soos die profete ook praat van die dag van die Here. Hier op aarde reeds sal die mens, wat gedink het sy huis sal verewig wees, moet hoor „Jou dwaas". So is die mens wat op sy goed staat gemaak het bestem vir die dood en die doderyk (Psalm 49:15). Dit is die mens wat met die koms van die Bruidegom sal moet hoor: „Ek het jou nooit geken nie."

Ons sê dat die mens 'n soeker is na die lewe. Die Nuwe Testament het pragtige voorbeelde daarvan. So kom die ryk jongman na die Here opsoek na die lewe. In die nag haas Nikodemus hom na die Here met dieselfde vraag in sy hart en die Sipier van Filippi val bewend voor Paulus en Silas neer: „Menere wat moet ek doen om gered te word?" Hulle almal

kry dan ook dieselfde antwoord: „Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." „Want elkeen wat sy lewe wil red sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor sal dit vind."

Ons vra weer: Wat is lewe? Lewe is om te glo in die Here Jesus Christus. Dit vervang maar net die woorde van die digter: „Maar geregtigheid red van die dood." Geregtigheid beteken onderhouding van die Wet. En omdat ons die wet nie kan onderhou nie het Christus dit vir ons kom doen. Al lewe wat daar dan vir ons oorbly is: Glo in die Here Jesus Christus.

By wie of by wat soek ons die lewe vandag? Wat is vir ons lewe?

5 Oktober **Lees:** Spr. 11:13-23 **Teks:** Spr. 11:14

DIE REGERING IN DIE KERK

Die volke van die wêreld word op verskillende wyses geregeer. So kry ons 'n eenmans regering, waar een persoon alle mag uitoefen. Daar is ook eenparty regerings waar oposisiepartye net nie geduld word nie. Dan is daar ook volke wat verskillende partye het en wat deur koalisieregerings geregeer word.

So kry ons ook verskillende soorte regerings in die kerk van die Here. Daar is die wat deur een persoon geregeer word, en dan dink ons aan die pous. Maar daar is ook die wat deur verteenwoordigers op 'n vergadering geregeer word.

Volgens die teksvers verkies die Bybel meer as een wat saam 'n vergadering vorm om die kerk en die gemeentes te regeer. In hierdie vergaderings word goeie oorleg gepleeg. Indien dit nie gebeur nie kom 'n volk tot 'n val en so ook 'n kerk of gemeente.

Ook die formulier by die bevestiging van ouderlinge sien die verskeidenheid van raadgewers in die kerk as noodsaaklik „sodat daardeur uit die gemeente van God des te meer geweer kan word alle tirannie en heerskappy, wat makliker kan indring wanneer die regering aan een alleen of aan 'n paar toevertrou is." Ons kerk het dan ook nog altyd geglo dat in die veelheid van raadgewers redding is. Dit mag nooit 'n predikantskerk word nie.

Hierdie wyse van regeer is noodsaaklik vir die kerk van Jesus Christus. Die kerk is immers duur gekoop, ja, met bloed. En die kerk is daar ter wille van ons saligheid. Daarom moet elke gemeentelid, wat by 'n vergadering betrokke is, insonderheid ook die gemeentevergaderings, dit bywoon. So wil ons saam waak dat die kerk nie val nie.

Mag alle geroepenes dan ook in die opsig hul taak verrig tot eer van die Here van die kerk.

6 Oktober **Lees:** Spr. 13:17-25 **Teks:** Spr. 13:24

DIE ROEDE

Hierdie hoofstuk begin deur te praat oor die opvoeding van die kind deur die ouer. En dan praat hy spesifiek van die tugtiging van die kind deur die ouer. So sê hy in die eerste vers van hoofstuk 13: „'n Wyse seun luister na die tug van die vader, maar 'n spotter hoor nie na berisping nie."

Sonder tugtiging is kinders dan ook onegte kinders. Ons is tog kinders van God en Heb. 11:7 stel dit dan ook duidelik: „As julle tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie."

Nou mag dit vreemd klink om te sê dat die gebruik van die roede 'n liefedsdaad is. En tog is dit waar. Talle ouers glo dat hulle hul kinders nie kan tugtig nie vanweë hul liefde vir die kinders. Maar in werklikheid haat hulle hul kinders, want hulle stuur hulle bandeloos die wêreld in. Daarom dat ons vandag soveel bandeloosheid en wetteloosheid onder die jeug aantref. In die ouerhuis was daar geen gehoorsaamheid nie omdat die roede ontbreek het. Hoe kan ons dan verwag dat hulle God en die owerheid gehoorsaam sal wees?

As ons ons kinders liefhet sal dit aan die roede nie ontbreek nie. Die roede bestaan dan ook nie noodwendig uit lyfstraf nie. Dikwels word baie meer bereik deur strenge dog liefdevolle vermaning en ferme teregwysing. Tugtiging bly altyd die plig van elke gelowige ouer wat sy kinders liefhet.

Die bewoners van die aarde moes ook getugtig word vanweë hul sondes. En die straf het niks minder gevra as die dood nie. Na die vermaninge van God wou ons tog nie luister nie.

Tog het God sy eniggebore Seun gestuur en op Hom het die roede neergekom. God het Hom egter nie gehaat nie maar Hom genoem „My geliefde Seun".

Sal ons nie ook elke dag tot God bid om aan ons die krag en genade te skenk om ons kinders reg op te voed nie, sodat ons hulle ook altyd kan noem: „Ons geliefde kinders?"

7 Oktober **Lees:** Spr. 16:1-9 **Teks:** Spr. 16:3

DIE MENS WIK MAAR GOD BESKIK

Die mens is gedurigdeur besig om planne te beraam. Snags rol hy rond in sy bed terwyl sy gedagtes hom besig hou oor die toekoms. Die Spreukedigter praat in die eerste drie verse hieroor. Hy praat van die planne van die hart, die weë van 'n man en die werke van 'n mens. Dit is alles dinge wat jou gedurig besig hou in jou aardse bestaan.

Tog is al ons planne nutteloos as God nie vir ons besluit nie. Ons glo altyd dat ons reg is en as dit misloop dan is ons baie verbitterd. Ons vergeet gewoonlik dat ons lewe en ons lot in die hand van God is. Daarom sê Spreuke: „Laat jou werke aan die Heer oor, dan sal jou planne uitgevoer word." En dan beteken dit nie dat dit uitgevoer sal word soos ons wil nie, maar soos God wil. „Die mens wik, maar God beskik."

Die gelukkigste mens op aarde is dan ook die mens wat opreg kan bid: „Laat u wil geskied." Dit is seker die moeilikste gebed wat ons kan bid en tog so maklik bid. Want as alles nie verloop soos ek wil nie dan is ek opstandig.

Die gelukkigste en mees tevrede mens in die wêreld is die een wat soos Jesus kan bid: „Nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."

Kan ons ook soos Jesus bid en tevrede wees met die wil van God? Die mens wat in geloof kan sê: „Die mens wik maar God beskik", dit is die gelukkigste mens op aarde. En ons kan so bid en gelukkig wees omdat Jesus Christus die wil van God gedoen het en ons op die wyse verlos het van sonde en dood en hel.

8 Oktober **Lees:** Spr. 17:6-15 **Teks:** Spr. 17:15

MOENIE OORDEEL NIE!

Die mens is altyd baie ywerig om God se werk vir Hom te probeer doen. Die mees bekende sonde van die mens in die opsig is om te oordeel. Spreuke sê: „Hy wat die goddelose regverdig verklaar en die regverdige skuldig verklaar." „Regverdig" het die betekenis dat die mens die reg aan sy kant het. In die Bybel beteken dit: „wetsonderhouer". Die „goddelose" beteken weer dat dit die een is wat die wet teen hom het, met ander woorde skuldig is. Die Bybel praat van die „ongelowige".

God sal eendag openbaar wie die regverdige en wie die goddelose is. Die mens het geen reg om te verklaar wie regverdig en wie goddeloos is nie. Tog kan die mens net nie nalaat om sy medemens te oordeel nie. Ons kan so gou sê die een is slegs en daardie een is goed.

Waar daar baie in die opsig gesondig word is by 'n begrafnis. Daar word baie menslike verklarings gehoor. Alle dooies word by begrafnisse bestempel as goeie of te wel regverdige mense. Daarom dat een teoloog eenmaal gesê het: „Omdat al die goeie mense begrawe word het net die slegtes oorgebly."

Dit is nie ons werk om te oordeel of verklarings oor mense uit te reik nie. Christus sê dan ook duidelik in Matt. 7: „Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie." En in Rom. 12 lees ons: „Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here."

Christus sal weer kom om te oordeel die lewende en die dode. Daarom moet ons nie sy werk vir Hom doen nie, want ons oordeel is altyd 'n menslike oordeel en dit is vir die Here 'n gruwel. Laat ons liewer in die geloof volhard en weet dat Hy wat kom om ons te oordeel, is dieselfde Christus wat ons verlos het.

9 Oktober **Lees:** Spr. 17:18-28 **Teks:** Spr. 17:22

'N VROLIKE HART OF 'N VERSLAE GEES

Daar is niks in die lewe wat 'n mens so afmat en in moedeloosheid laat verval as siekte nie. Diegene vir wie dit dan ook baie swaar moet wees is die wat al maande of selfs jare siek is. Siekte kan dan ook gesien word as 'n beproewing van God.

Nou word daar by die mens twee lewenshoudings aangetref ten opsigte van siekte. Die een is vrolik en die ander een neerslagtig of soos die Bybel sê: „Verslae van gees." Laasgenoemde is 'n groot beproewing en laat die gebeente uitdroog. Dit is met ander woorde nie bevorderlik vir die siekte nie. Dit is so mooi en bemoedigend om 'n siek mens vrolik te sien. Dit is die mens wat altyd sê: „Dit gaan goed." Tog is daar ook die mense wat altyd klae en nooit kan sê: „Dit gaan goed nie."

Dit bly dan ook die taak van die gelowige om die siekes gereeld te besoek sodat die vrolike vrolik gehou kan word en die neerslagtige bemoedig kan word om ook vrolik te word al is die kruis swaar. Jakobus bemoedig die mens dan ook met die woorde: „Julle moet geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby." Ook sê hy: „Kyk ons reken hulle geluksalig wat verdra."

Die mens in krankheid kan dan ook net vrolik wees en vrolik gemaak word deur die geloof in Jesus Christus. Hy het immers van almal ook aan die siekes gesê: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." So kan die sieke altyd vrolik wees in die Here. Sonder die Here Jesus Christus droog die gebeente uit.

Mag die Here ons altyd almal vrolik maak op ons aardse lewenspad.

10 Oktober **Lees:** Spr. 18 **Teks:** Spr. 21:1

DIE HERE BESKIK OOR DIE OWERHEID

Die waterstrome word deur die Here voorsien. Die wonder van reën wat na benede stort is 'n gawe van die Here. En op hierdie wyse word alles deur die Here self instand gehou, versorg en bewaar. Nou stel die spreukedigter dat soos die Here oor die natuur beskik, so is die hart van die koning ook in die hand van die Here. Die heerser is met ander woorde 'n werktuig in Gods hand. Hy het geen absolute gesag nie, maar hy word self deur God beheer en is aan die Here onderworpe. En al sou dit so wees dit die heerser vir die mense dit geheim hou wat hy in sy hart beplan, God ken sy hart en weet wat hy beplan.

Of hy dit weet of nie, of hy dit wil of nie, hy is instrument in die hand van die Here en sy lewe is in die hand van die Here. Soos waterstrome.

Vir ons dien dit tot troos om te weet dat daar geen owerheid of mag is wat hom van die hand van die Here kan losmaak nie. Al sou dit dan ook wees dat daar lyding en vervolging op ons wag, weet ons, aan die Here behoort alle mag in hemel en op aarde.

Daarom dank die Here. Hy het die mag van duisternis en boosheid oor ons verbreek. Die Woord, Jesus Christus, het vlees geword, om ons te verlos. Ons dank die Here dat Hy op die wyse nie net in ons stoflike nood voorsien nie, maar sy gelowiges deur Jesus Christus wil lei na die ewige lewe.

11 Oktober **Lees:** Spr. 19 **Teks:** Spr. 21:1

DIE WET BESKERM

Soos die vryheid wat die waterstrome geniet binne die wette van die natuur soos deur die Here verorden, so geniet die volk van 'n land vryheid onder die wet van die landsowerheid wat in die hand van die Here gehou en gelei word volgens sy wil. Wanneer die Here die ingange en uitgange van sy volk bewaar soos wat Hy verantwoordelik is vir die oorspronge en bestemming van die waterstrome, kan die gelowiges die vryheid geniet wat sy bewaring die volk bied.

Die konings en owerhede is trouens deur die Here daar gestel as diensknegte om die volk deur wette reg en ordelik te regeer, om die willekeurigheid van mense in bedwang te hou. Met hierdie doel het die Here die swaard van die regering aan die owerheid gegee om die kwaaddoeners te straf en die gelowiges te beskerm. Die owerheid van wie die hart in die hand van die Here is, sal ook op die godsdienstige terrein die afgodery en die valse godsdiens beveg en ruim moontlikhede skep vir die kerk van die Here om die koninkryk van Jesus Christus uit te bou deur die vrye prediking van die evangelie

in die land; dat elke onderdaan ook daardeur in staat gestel word om sy verantwoordelikheid, nie alleen teenoor die owerheid nie, maar ook op die godsdienstige gebied sy godgegewe roeping sal nakom en uitleef.

So wil die Here ook elke mens lei deur sy Gees en onderwerp, nie alleen aan die landswette nie, maar ook aan sy Wet, sodat hy ook in die Gods — diens sal meewerk in alle godsvrug en waardigheid, terwyl hy vir die owerheid voorbidding doen.

12 Oktober **Lees:** Spr. 21 **Teks:** Spr. 21:1

DIE KONING REGEER

Die Here beheer die waterstrome. So het Hy ook beheer oor die hart van die koning.

Die koning is hoog aangeskrewe. Hy staan aan die leiding van land en volk. Vanweë sy magsposisie kon hy selfs 'n tiran word. Willekeurig kon hy beskik oor die lewe van die volk. Sy hart bepaal sy optrede en daarom is die hart belangrik in die oë van die Here.

In ons tyd praat ons van die owerheid wat oor ons regeer. En die wettige owerheid moet gevrees en gehoorsaam word. En nog steeds beskik die Here oor die hart, ook van die owerheid.

En soos die koning van ouds, kry die owerheid ook vandag dikwels teenstand van buite. Hierdie teenstand is dan ook dikwels daarop gerig om die rus en orde om ver te werp en die mag van die wettige owerheid te verbreek. Magte is aan die werk magte waarvan die hart nie deur die hand van die Here beheer word nie, maar wat hulle aansporing uit die duisternis ontvang.

As gelowiges weet ons egter dat onder al die omstandighede die Here ons eintlike koning is. Dit wil sê die Here is vir ons nog steeds dié Koning. Hy beskik oor alle mag. Hierdie koningsmag is deur God opgedra aan Jesus Christus. Hy sit nou in die magsposisie aan die regterhand van God die almagtige Vader. Vandaar regeer Hy oor sy onderdane, sy gelowiges, sy kinders. Hy beheer die uitgange en ingange van ons hart. Hy besluit oor ons lewe en dood. Sy beslissing is enkel reg.

Met die oog op ons verlossing is sy hande deurboor en ter wille van ons ewige geluksaligheid, berei Hy 'n plek voor in die Vaderhuis waar ons in dankbare gehoorsaamheid kan lewe voor ons hemelse Koning, Jesus Christus.

13 Oktober **Lees:** Spr. 22:17-29 **Teks:** Spr. 22:19

ONS VERTROUE OP DIE HERE

Kernagtig word in hierdie teksvers die doel van hierdie onderrig, en 'n mens sou seker ook kan sê van ons onderrig aan ons kinders, saamgevat: Dat jou vertroue op die Here

mag wees. Sonder hierdie vertroue is alle kennis nutteloos en bring dit vir die mens uiteindelik geen voordeel nie. Dit is immers hierdie vertroue op die Here wat die mens laat verstaan dat nieteenstaande sy nietigheid en die kortsigtigheid van sy planne, die Here daar is en regeer. Want hy weet dat alhoewel die hart van 'n mens sy weg uitdink, die Here sy voetstappe rig. En as die Here behae het in die voetstappe van 'n man dan laat Hy selfs sy vyande met hom vrede hou. Dit is van hierdie selfde vertroue wat die Heidelbergse Kategismus praat as hy sê: 'n Opregte geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n hartlike vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louter genade, alleen op grond van verdienste van Christus. Hierdie vertroue skenk rus en vrede in lewe en in sterwe.

14 Oktober **Lees:** Spr. 22:1-16 **Teks:** Spr. 22:1

'N GOEIE NAAM

'n Goeie naam is nogal vir ons mense ook belangrik. Ons heg soms tereg baie waarde daaraan en ons doen dikwels alles in ons vermoë om ons eie naam, die naam van ons familie of van ons volk skoon en in ere te hou. Om 'n slegte naam na te laat, beteken soms dat jou nageslag gebuk gaan onder die smaad van mense omdat daar 'n klad op jou en hulle naam is. Die Bybel heg ook baie waarde aan 'n goeie naam. „'n Naam is verkiesliker as groot rykdom." Rykdom kan 'n naam nie koop nie en kan die skade wat 'n slegte naam aanrig, nie herstel nie. Die Bybel weet egter ook dat hoe goed ons naam ookal mag wees, dit besmet is deur die sonde. Daarvan kan ons nie loskom nie en ons kan ons naam daarvan nie reinig nie. Daarom is dit vertroostend om te weet dat die Bybel 'n ander naam ken wat beter is as ons naam, die Naam van God en die Christus wat Hy gestuur het. Die Naam ken ons omdat God self sy Naam aan ons bekend gemaak het. Die Naam verkondig aan ons dat daar vir ons redding uit die sonde is. Die Naam van Jesus Christus is immers gegee ter wille van ons en daar is geen ander naam onder die hemel onder die mense gegee waardeur ons gered kan word nie. Goddank dat God die goeie Naam van Jesus Christus gegee het sodat ons deur sonde-besmette name deur Hom gereinig kan word. Goddank, dat God ons by ons naam genoem het en syne gemaak het sodat ons Hom ook by sy Naam kan noem. Ja sekerlik, „die Naam van die Here is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut."

15 Oktober **Lees:** Spr. 23:17-25 **Teks:** Spr. 23:22

EERBIED VIR DIE OUERS

Vir die Bybel is dit duidelik dat 'n kind nie sommer in die wêreld kom en dan aan homself oorgelaat word nie. Hy kom inteendeel in die wêreld omring deur die sorg en die liefde van sy ouers. Deur hierdie sorg en liefde van sy ouers word hy gedra en opgevoed sodat hy ook eenmaal sy eie plek in die samelewing en in die volk sal kan volstaan. Daar is vir die Bybel 'n ander saak wat net so belangrik is, indien nie belangriker nie, as hierdie een. En dit is die feit dat ons ook in die wêreld gebore is as kinders van gelowige ouers. Dit is ouers wat ons derhalwe opgevoed het in die vrese van die Here en van kleins af aan ons die groot dade van God in die geskiedenis verkondig het. Daarom is ons ook na die doop gebring om „met die teken van die verbond verseël te word". Baie van hierdie dinge het buite ons wete plaasgevind en so is ons geleer dat ons uit die genade van God lewe sonder verdienste van ons kant. Daarom dat die Bybel ook nie moeg word om ouers daaraan te herinner dat hulle oor die weldade van God moet praat met hulle kinders, as hulle in hulle huis is en as hulle gaan lê en as hulle opstaan.

Dit is dan ook nie buitengewoon dat die Bybel kinders oproep om hulle ouers te gehoorsaam nie. Hoe baie het ons nie van God deur hulle ontvang nie. Luister daarom na jou vader wat jou verwek het en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie. Die Bybel vra derhalwe dat ons Christelike liefde teenoor ons ouers sal betoon. Daarom vra die Bybel dan ook dat ons nie alleen geduld met ons ouers moet hê as hulle oud geword het nie maar dat ons ook ons ouers in hulle ouderdom en swakheid sal versorg.

16 Oktober **Lees:** Spr. 24:17-34 **Teks:** Spr. 24:21

VREES DIE HERE EN DIE KONING

Dit is duidelik dat dit hier daarom gaan dat 'n mens nie teen God en die owerheid opstandig moet wees nie. Dat God en die koning (owerheid) in een asem genoem word, hoef nie snaaks te wees nie. Dit is immers volgens die Bybel so dat die koning regter deur die genade van God. Daar is geen mag behalwe van God nie en die wat daar is, is deur God ingestel. Daarom kom die oproep dan ook om die koning te vrees en hom onderdanig te wees. Betaal aan die owerheid wat hom toekom. Hy is immers 'n dienskneg van God jou ten goede. Moenie bang wees vir die owerheid nie behalwe as jy kwaad doen, want hy dra die swaard nie verniet nie.

Volgens die Bybel het die staatkundige owerheid egter ook sy grense wat deur die Woord van God gestel is. Dit is wanneer die owerheid homself in die plek van God stel en nie meer verstaan dat hy 'n dienaar van God is nie. Dan moet ons God meer gehoorsaam wees as die mense — gee aan God wat God toekom. Maar verstaan goed die middele van protes, is nie opstand en rewolusie nie, maar die Woord van God dit wil sê Bybelse en kerklike kritiek. En verder: „Hier handel dit nie oor ons politieke party se konflik met 'n ander politieke party nie, maar hier handel dit oor die konflik: God en owerheid. Dit gaan hier in die krisis wat ontstaan wanneer die owerheid in die plek van God wil staan en nie meer besef dat sy mag van God kom en dat hy in diens van God staan nie.

Wanneer die krisis nie daar is nie, vrees God en die owerheid en laat jou nie met oproerige mense in nie. Inteendeel, betaal aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom en bid tot God vir die owerheid.

17 Oktober **Lees:** Spr. 25:21-22; Rom. 12:9-21 **Teks:** Spr. 25:21-22

ONS DANKBARE WELDADE

Die woorde van die spreukedigter, die woorde van ons teks, het beslis by die volk van Israel besondere aanklank gevind — in so'n mate dat die skrywer van die Romeinebrief dit getrou aanhaal en ook dieselfde betekenis daaraan heg. Die skepper van hierdie spreuk stel ons in konfrontasie met ons medemens, in die besonder teenoor hom vir wie ons nie die grootste liefde koester nie. Hy word ons vyand genoem. Met vyand word dan nie net bedoel diegene wat ons haat nie, maar ook en veral hulle wat haatlik teenoor ons optree. Teenoor sulke mense het ons 'n taak — 'n godgegewe opdrag. „As jou vyand honger het, gee hom brood om te eet; en as hy dors het, gee hom water om te drink." Brood en water moet gegee word. In elke opsig waarin hy ons nodig het, moet ons dus die hand van liefde, vriendskap, welwillendheid én barmhartigheid uitsteek. Dit is maar net menslik om te vra: Maar hoekom moet ek dit doen? Wat bereik ek daardeur? Die digter sê: „Jy hoop gloeiende kole op sy hoof." Gloeiende kole brand. So sal ons weldaad beslis reaksie by hom uitlok. Dit kan in twee rigtings wees: Aan die een kant sal ons weldaad hom met skaamte vervul en so sy haat verbrand en 'n nuwe, beter gesindheid teenoor ons in sy hart plaas. As hy egter te hardvogtig is, sal ons goedheid wel 'n sware las op sy gewete lê. Wie is ons om nie hierdie goeie gesindheid in ons harte te hê nie? Het God nie toe ons vyande was sy Seun in ons plek laat sterwe nie? Is dit nie die grootste weldaad ooit in die geskiedenis van die wêreld nie?

18 Oktober **Lees:** Spr. 26:20-28 **Teks:** Spr. 26:20a

GEEN HOUT MEER NIE!

Die apostel Jakobus het eens met die grootste opmerksaamheid die gevaar wat die menslike tong vir die wêreld inhou, beskryf:„ . . . kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid . . . dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek." In ons gelese gedeelte wys Salomo ook op die magtige gevaar van die tong. Op al die vlakke van ons samelewing kan die tong verwoesting saai. Ja, die tong is beslis die voertuig van die bose. Die tong, so sê die digter, bring vervloeking voort. Dit laat sotheid uitborrel. Dit stel ons eie dwaasheid ten toon. Dit kan 'n verskoning gee vir ons luiheid en ontrou. Dit is die doodswa van bedrog. Dit is die wapen in die hand van die twisgierige. Dit is die plofstof in die bedrewe hande van die kwaadstoker. Dit is die vermomming vir die gesig van die geveinsde. Dit is die blink lagie vernis vir die valse mens. Hoe tragies is dit tog nie dat ons mense ons so verlustig in hierdie onreg wat deur die tong gepleeg word. Dit is werklik soos Salomo sê: „dit is soos lekkernye en dit gly af na die kamers van die binneste"; daarom is dit ook wyse raad en 'n tydige waarskuwing wat die digter gee as hy sê: „Deur gebrek aan hout gaan die vuur dood." Daarom, hou op om hout op hierdie onregsvure te gooi! Hou op om mee te doen aan hierdie vernietigingsmag. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. Gebruik die tong soos God se bedoeling daarmee was: Gebruik dit om God te loof en te dank.

19 Oktober **Lees:** Spr. 27:17-27 **Teks:** Spr. 27:17

YSTER SLYP YSTER

Bykans in elke ouer se hart heers daar groot kwellinge oor die lewe en die toekoms van hulle kinders. Alte dikwels hoor ons die vermaning: My kind pas tog op vir verkeerde maats", „My kind, aan jou vriende word jy geken." Of erger nog: „Meng jou met die semels . . ." Ouers spreek hierdie waarskuwing uit, uit rype lewenservaring. Ook Salomo het hierdie eenvoudige waarheid raakgesien — vandaar die woorde van ons teks: Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander. By die skepping reeds, het God gesien dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. Daarom het hy vir Adam sy vrou geskape as 'n hulp om by hom te pas. God plaas ons mense dus vir mekaar op die lewenspad. Ouers het die roeping om die lewens en karakters van hulle kinders te vorm en te slyp. Kinders weer slyp ook hulle ouers. Dieselfde

wederkerige proses vind ons oral in die gemeenskap: kinders teenoor mekaar; onderwysers teenoor kinders, werkgewer teenoor werknemer, ens. Dit is te verstane dat hierdie slypproses ten goede of ten kwade kan wees. Die invloed wat van ons uitgaan na ons naaste, kan deur God se genade hom tot 'n sierraad maak. Die omgekeerde is ook moontlik: Deur ons slegte invloed kan ons naaste die aangesig van 'n monster kry. Daarom moet daar altyd die bede in ons harte wees: O God wil my deur U Woord en gees so vorm en slyp dat ek my roeping, om ander te vorm en te slyp, waardig sal wees!

20 Oktober **Lees:** Spr. 28:1-7 **Teks:** Spr. 28:5

OM ALLES TE VERSTAAN

Om werklik iets te verstaan, is nie maklik nie want om iets te verstaan hou baie meer in as om dit bloot te snap. Die woord „verstaan" in ons teksvers beteken letterlik om te skei, om uitmekaar te haal, om te onderskei, byvoorbeeld tussen waar en vals, waarheid en leuen, God en Satan. Ek kan nie iemand se nood of leed verstaan as ek myself bo hom verhef nie. In liefde moet ek daardie persoon werklik ontmoet. Nou sê die digter: „Wie die Here soek, verstaan alles." Die mens wat die heiligheid en genade van God leer ken het en daarin glo, sien alle dinge in 'n ander perspektief, hy herwaardeer alle dinge. So sien hy meer in die dinge rondom hom. Die lewe beteken vir hom meer. Die dood verloor sy angel. Hy beoordeel die owerheid anders. Hy heg 'n veel groter waarde aan die Sondag. Uiteindelik beteken dit dat so 'n mens geleer het om alles te verstaan — natuurlik iets wat ver verhewe is bo die gedagtes van die goddeloses. Dit is genade dat die gemeente van die Here ook alles mag verstaan; dit is genade dat God ons sy Gees gegee het as Trooster om ons alles te leer en ons te herinner aan alles wat Christus vir ons gesê het. Joh. 14:26. Deur die geloof in God word ons in 'n sekere sin heldersiende. Ons leer om dinge te verstaan in die lig van hulle eindbestemming.

21 Oktober **Lees:** Psalm 32 **Teks:** Spr. 28:13

BARMHARTIGHEID

Wanneer ons ons teksvers lees, lyk dit asof Salomo hierdie waarheid by sy vader Dawid gesien het en dat dit hom gebring het om dié bepaalde spreuk die lig te laat sien. Dawid se geskiedenis kan daarom ook ons teksvers vir ons die beste verklaar. Dawid pleeg owerspel met Bátseba, die vrou van Uría. Bátseba raak swanger en Dawid probeer alle moontlikhede om sy sonde te bedek. Uiteindelik gaan hy oor tot die uiterste maatreël. Hy plaas Uría op die voorste gevegslinie om so te verseker dat hy in die slag sou sneuwel. Die verwagte

gebeur dan ook. Dawid maak homself dus aan twee gruwelike sondes skuldig — owerspel en moord. Solank as wat hy oor sy oortredinge geswyg het, het die lewe vir hom ondraaglik geword. Uiteindelik kon hy dit nie meer verduur nie en bely hy dit voor God. Hierdie belydenis bring vir hom groot verligting en ook verwondering oor die genade van God. Te goed het hy maar geleer: God vergewe al my sondes, God vergewe ook die allergruwelikste sondes. God vergewe dit onvoorwaardelik. Daarom kon Dawid jubelend sing: „Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie." Hoe duidelik verklaar Dawid nie ons teksvers nie! Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind. Hoe duidelik lees ons nie: 'n Berouvolle mens se opregte smeekgebed word nooit deur God se barmhartigheid verbygegaan nie!

22 Oktober **Lees:** Spr. 30:24-33 **Teks:** Spr. 30:24-28

DIE DIERTJIES VAN DIE VELD

Die digter van Spreuke 30 was beslis 'n fyn waarnemer in die natuur. Hy het sy waarnemings egter nie net as weetgierige nuuskierige gedoen nie. Telkens as hy die dinge in die natuur ondersoek en bestudeer het, het hy 'n bepaalde ooreenkoms gesien tussen hulle optrede en die doen en late van ons mense. Telkens het hy ook 'n les gesien wat hulle vir ons kan leer. In ons teksverse sien hy vier van die nietigste diertjies van die veld, die miere, die klipdassies, die sprinkane en die geitjie. Almal van hulle is so nietig en weerloos en tog bestaan en beplan hulle. Die miere weet dat kos in die winter skaars is, daarom maak hulle in die somer bymekaar. Watter voorsiening maak ons vir ons toekoms? Is ons nie maar dikwels soos die vyf onverstandige maagde wat nie ons lampe volmaak vir wanneer die bruidegom kom nie? Die klipdassies is so weerloos maar tog by die geringste teken van gevaar vlug hulle onder die rots in vir skuiling. Weet ons in ons weerloosheid waarheen om te vlug wanneer hierdie wêreld ons bedreig? Kan ons soos die digter van Psalm 91 uitroep: Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou? Ken ons dieselfde orde en samehorigheid soos die springkane? Is daardie selfde eenstemmigheid en eensgesindheid by ons te vinde? Die geitjie lê so graag in die son en bak om in een onbewaakte oomblik met die hand gekryp te word en tog is hy in die paleise van die konings te vind. Glo ons werklik dat ons God die kleinste diertjie so bevoorreg, dat ons nie veel meer uit sy hand sal ontvang nie?

23 Oktober **Lees:** Spr. 31:10-31 **Teks:** Spr. 31:30b

DIE DEUGSAME VROU

'n Pragtige gedig, ja, 'n loflied oor die deugsame vrou! Elke vers begin met 'n letter van die Hebreeuse alfabet. Daarom is die gedig ook al genoem die goue A.B.C. van die deeglike huisvrou. Die vrou word vir ons hier geskilder as 'n selfstandige persoonlikheid. Haar eerste taak lê by haar huishouding en haar huisgesin. Verder word haar liefdadigheid, haar vriendelikheid, haar wysheid en godsvrug op 'n besondere wyse geprys. Hoe gelukkig kan 'n vader en kinders nie wees om so 'n vrou en moeder te hê nie. Met hoeveel vertroue gaan hulle nie die toekoms tegemoet nie! Al die eienskappe van hierdie vrou en moeder, al haar ywer en bevalligheid word egter klein voor die een eienskap wat sy moet besit — en daarmee kom die gedig ook by sy hoogtepunt — „'n vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word."

Moederskap is seer sekerlik vir elke vrou 'n groot voorreg maar daarmee saam ook net so 'n groot verantwoordelikheid. Hoe dikwels is dit nie maar die geval dat die vrou, wat die gesin gevoed en gekleed moet hou, ook die geestelike versorging en opvoeding van die kinders as gevolg van die afwesigheid of die onbelangstellendheid van die vader moet waarneem nie! Die krag vir so 'n grootse taak, kan sy alleen in die geloof van God afbid. Ten opsigte van so 'n vrou moet ons saam met die digter uitroep: Haar waarde is ver bo korale . . . sy moet geprys word!"

24 Oktober **Lees:** Pred. 1 **Teks:** Pred. 1:2

ALLES TEVERGEEFS

Die boek Prediker is een van die wysheidsboeke van die Bybel. In hierdie boeke gaan dit oor die vraag na die regte gesindheid en benadering in die lewe en veral ook die korrekte optrede onder alle omstandighede. Om hierdie boeke reg te verstaan is dit belangrik dat ons iets sal weet van die heersende gedagtes en strominge in die tyd toe die boeke geskryf is. In die tyd toe die boek Prediker geskryf is het die mense redelik algemeen aanvaar dat teëspoed in die lewe die direkte gevolg is van sonde wat gedoen is en dat voorspoed weer die gevolg is van vroom en wyse optrede. Veral die sogenaamde wysheidsleraars het hierdie gedagte gepropageer. Prediker is in reaksie teen hierdie gedagte. In sy boek vind ons die resultaat van sy ondersoek wat hy in die lewe gedoen het om te sien of die optimistiese siening van die wysheidsleraars op goeie gronde berus.

Die resultaat van sy ondersoek is nie baie bemoedigend nie. Prediker sê alles is tevergeefs. Met hierdie woorde begin en eindig die hoofdeel van die boek. Dít is ook die hoofgedagte wat telkens na vore kom. Vir Prediker is alle bestaan sinloos. Hy sien dit in die oneindige kringloop van die natuur; hy sien dit in die mens se lewe wat ná die dood vergete is; hy sien dit in alles onder die son. Veral ook die optimisme van die wysheidsleraars was sinloos en 'n gejaag na wind.

Prediker is nie sommer maar net pessimisties of swartgallig as hy sê alles is tevergeefs nie. Hy is baie eerlik as hy dit sê want hy het die mens se lewe objektief beskou. In die boek Prediker sê die Bybel vir ons hoe die lewe werklik op sigself, (dit wil sê sonder die geloof in Jesus Christus) is. Op sigself is alles tevergeefs en sinloos.

25 Oktober **Lees:** Pred. 2 **Teks:** Pred. 2:11

SUKSES IS SINLOOS

In hierdie hoofstuk laat Prediker ons sien hoedat 'n lewe wat ons as baie suksesvol sou beskou ook sinloos is. Hy wou graag uit eie ondervinding leer en daarom het hy groot ondernemings aangepak. Hy het alles verkry waaraan ons kan dink: Besittings soos wingerde, vrugtebome, vee, slawe en slavinne; verder ook geld, 'n puik hofhouding en alles wat 'n mens maar kan begeer. Wanneer hy egter al sy sukses en prestasies eerlik beoordeel, dan sê hy „dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind."

Hy het wel tot die gevolgtrekking gekom dat wysheid en die korrekte optrede in die lewe verkiesliker is as dwaasheid en die verkeerde optrede. Maar die wysheidsleraars was verkeerd toe hulle gedink het dat hulle deur hulle eie optrede die lewe soveel beter en sinvoller kan maak. Want op die ou end sterf hulle net soos die goddeloses. Hulle het dan ewe min beheer oor die sukses wat hulle behaal het in die lewe en hulle is net so gou vergete as die dwase en goddeloses. Daarom, sê Prediker, is die wyse en die dwaas se lot uiteindelik dieselfde.

Ons het gesê Prediker beskryf die lewe soos wat dit werklik is sonder die geloof in Jesus Christus. Sonder Christus is daar geen hoop op die opstanding uit die dood nie. Daarom kan Prediker nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat álles, óók die sukses van 'n wyse op die ou end tevergeefs en 'n gejaag na wind is nie.

26 Oktober **Lees:** Pred. 3 **Teks:** Pred. 3:14, 18

GOD ALLEEN BEPAAL VOOR- EN TEËSPOED

Hierdie hoofstuk begin met 'n treffende gedig. Deur hierdie gedig wil die skrywer aantoon dat die mens nie deur sy eie optrede voor — of teëspoed kan bepaal nie. Die gedig sê daar is 'n tyd vir elke saak — vir voorspoed én vir teëspoed. Geen

mens, ook nie die wysheidsleraar, kan deur sy dade die een bestendig en die ander voorkom nie. Voorspoed en teëspoed kom oor 'n mens se lewe sonder dat jy iets daaraan kan doen.

Dit beteken egter nie dat 'n mens aan die noodlot of aan een of ander mag uitgelewer is nie. Want nieteenstaande sy pessimistiese uitkyk weet Prediker dat God almagtig is en oor alles beskik. Buitendien is God se werk volmaak; 'n mens kan daar niks aan toevoeg of niks van wegneem nie. Daarom hoef ons nie te twyfel aan God se almag of aan sy regverdigheid nie. As daar teëspoed oor 'n mens se lewe kom, beteken dit nie dat God magteloos of onregverdig is nie; maar God het 'n bepaalde doel daarmee: Dit is naamlik dat die mens die grote en almagtige God moet vrees en dat hy nie moet dink dat hyself groot en onafhanklik is nie. Teëspoed kom oor 'n mens se lewe sodat die mens sal besef dat hy net soos die diere volledig afhanklik is van God. Op sigself is die mens klein en onmagtig en is hy niks meer as stof nie.

27 Oktober **Lees:** Pred. 4 tot 6 **Teks:** Pred. 5:1

VREES GOD!

Ons sou die gedagtes van Prediker in hierdie hoofstukke as volg kon saamvat:

In die lewe is daar meer as genoeg smarte en verdrukking. Dwaasheid is 'n euwel, daarom moet dit vermy word. Ook gierigheid moet vermy word want dit hou hoegenaamd geen voordeel in nie. Die gierigaard word sy lewe lank daardeur gedryf maar hy kry nooit genoeg nie. Eensaamheid en selfsug is nog iets wat 'n mens uit jou lewe moet uithou. Dit is baie beter om saam met iemand anders die aanslae van die lewe te trotseer as om alleen en in selfsug te lewe. As 'n mens ryk is moet jy onthou dat dit 'n gawe van God is en daarom moet rykdom reg gebruik word. Prediker sê dit is goed as iemand wat ryk is God nie vergeet nie en die gawe van sy rykdom geniet. Soms gee God egter aan iemand rykdom maar Hy gee nie saam daarmee die geleentheid om dit te geniet nie, dan help al die sorge en moeite om die besittings bymekaar te maak absoluut niks.

In die sentrale gedeelte van hierdie hoofstukke bring Prediker weer die gedagte van God se almag en sy grootheid sterk na vore. Dit is trouens een van die dinge wat baie duidelik geblyk het uit sy ondersoek: Dat God almagtig en oneindig groot is en dat die mens klein en nietig is. Daarom is 'n mens wys as jy voor God eerbiedig en nederig is.

28 Oktober **Lees:** Pred. 7 **Teks:** Pred. 7:13, 20

DIE KERN VAN DIE PROBLEEM

In hierdie hoofstuk stel Prediker dit weer ondubbelsinnig dat dit in die lewe nie is soos wat die wysheidsleraars gesê het, naamlik dat die wyse en regverdige in die lewe voorspoed ken en die goddelose teëspoed ervaar nie. Want voorspoed en onheil is albei in die hand van God en 'n mens kan daar niks aan verander nie. As jy voorgee om 'n regverdige te wees is dit geen waarborg dat jy lank sal lewe nie en net so is dit ook nie te sê dat die goddelose vroeg sterwe nie.

Om hierdie rede waarsku Prediker dat 'n mens jou nie regverdig moet hou en dink dat as jy wys optree jy jouself beveilig het nie. Aan die ander kant moet die feit dat die goddelose dikwels lank lewe en voorspoedig is, 'n mens nie weer tot die ander uiterste laat oorgaan, naamlik goddelose optrede nie. Wat hy ons aanraai is om nugter te wees en God te vrees. Want wie God vrees word in die lewe nie ontnugter nie.

Prediker erken dat wysheid verkieslik is bo dwaasheid en regverdigheid bo goddeloosheid. Die basiese fout wat die wysheidsleraars egter gemaak het was om te dink dat hulle optrede só voortreflik is dat hulle nie meer sonde doen nie. Daarom stel hy dit baie duidelik dat daar geen regverdige is wat nie sondig nie. Daarmee het hy by die kern van die hele probleem gekom. Die sonde is die diepste en wesenlikste probleem van die mens se lewe. God het die mens goed geskape; maar die mens het in hoogmoed teen God oortree en daarmee sy eie ondergang bewerk. Want van dat die mens sy eie pad begin loop het, het hy 'n totale sinlose bestaan begin voer.

29 Oktober **Lees:** Pred. 8 tot 10 **Teks:** Pred. 8:7 tot 10

GENIET DIE LEWE!

In hierdie hoogstukke is Prediker besig om die gedagtes waarmee ons reeds kennis gemaak het steeds verder toe te lig met voorbeelde. Hy erken weer dat die wysheid beslis sy voordeel het bo die dwaasheid en dat dit beslis nie verkeerd is om vroom en korrek te lewe nie; maar om te dink dat jy God daarmee kan dwing om jou te seën is totaal verkeerd. Deur sy eie optrede kan 'n mens net so min voorspoed en 'n lang lewe verseker as wat hy die wind kan teëhou. Prediker breek die optimisme van die wysheidsleraars nog verder af

wanneer hy met 'n voorbeeld uit die lewe illustreer hoedat 'n goddelose by sy dood 'n goeie begrafnis gehad het, terwyl 'n regverdige nie so bevoorreg was nie. Elkeen se lot is in die hand van die almagtige God wat daaroor beskik soos Hy wil sonder dat die mens enige iets aan die saak kan verander.

Om hierdie rede kom Prediker telkens weer tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik dat 'n mens die lewe moet geniet solank jy kan. Prediker is nie ligsinnig wanneer hy dít sê nie want telkens erken hy dat dit 'n gawe van God is om die lewe te kan geniet. Dit is vir hom dodelike erns wanneer hy sê dat ons die lewe met alles wat dit bied moet geniet as 'n gawe van God; want aan ons lot kan ons self niks verander nie. Wanneer hy dít sê bedoel hy nie dat ons losbandig moet wees nie; want behalwe dat hy telkens sê dat God die Gewer van die goeie is, sê hy ook baie duidelik dat ons ons werk moet doen met ywer en met mag.

30 Oktober **Lees:** Pred. 11, 12 **Teks:** Pred. 12:6 tot 8

'N NOODOPROEP OM DIE KOMS VAN JESUS CHRISTUS

Prediker het in sy boek vir ons die mens en sy lewe geteken soos wat dit werklik op sigself is. Dwarsdeur die boek kon 'n mens dieselfde klank hoor, naamlik dat alles tevergeefs is. Hy het selfs ook die optimisme van die wysheidsleraars tot in die grond afgebreek met koue feite en bewyse uit die lewe self. Sonder om ligsinnig te wees en sonder om te vergeet dat God die Gewer daarvan is, het hy gesê dat die mens die lewe maar moet geniet solank hy kan; want die werklikheid van die lewe, die ellende en die dood kom gou!

Hierdie gedagtes bereik 'n hoogtepunt aan die einde van die boek. Hier skets hy die mens in sy ouderdom wanneer hy sieklik en swak is en die vreugde en blydskap ontbreek. Dit is nie 'n mooi prent wat hier voor ons geestesoog afspeel nie; maar dit is soos dit werklik is. In homself is die mens niks, is al sy moeite tevergeefs en is hy uitgelewer aan sy lot, naamlik die dood.

Wie nog op homself vertrou na hy die boek Prediker gelees het is 'n opperste dwaas. Wie daarna nog dink dat hy met eie krag en vermoëns sinvol kan lewe en sy eie heil en voorspoed bestendig, het geen verstand nie. Die boek Prediker dwing ons om hulp buite onsself te soek; dit dwing ons na die geloof in Jesus Christus. Want in Hóm het God die kern van ons probleem, naamlik die sonde en die dood oorwin. In Jesus Christus is daar nuwe hoop vir sterwelinge. Vir hulle wat in Hom glo is alles nie tevergeefs nie; want in Hóm het God alles nuut gemaak.

31 Oktober **Lees: Ex. 7:1-7** **Teks: Ex. 7:6**

GEHOORSAAMHEID

Hierdie teks is uitdrukking van die absolute gehoorsaamheid van Moses en Aäron aan die opdrag en bevel wat hulle van die Here God ontvang het. Hulle het presies gedoen soos hulle beveel was: netso het hulle gedoen. Die woord wat hulle van God ontvang het was die absoluut bepalende in hulle spreke en handel teenoor die volk en teenoor die Farao.

Alleen so kon hulle wees wat hulle moes wees, kon hulle wees waartoe hulle geroepe was naamlik instrumente in die hand van God om sy volk Israel te verlos en uit te lei uit die slawehuis van Egipteland. Ontrou aan Gods Woord sou hulle nutteloos maak, nie geskik vir hulle roeping om die hoë eer te dra om in Naam en in opdrag van God die Egiptiese gode en hulle verteenwoordiger Farao, tegemoet te tree nie.

Hulle was egter gehoorsaam en God het deur hulle gedoen wat Hy wou doen en die volk Israel verlos.

Hierdie selfde absolute gehoorsaamheid aan die Woord, die bevel, die opdrag van God word van ons as Hervormde Kerk gevra. Immers, dat ons Hervormde Kerk mag wees beteken dat ons kerk is wat hervorm is na die eise van Gods Woord en dat ons ons gedurig wil hervorm na die eise van die Woord.

Alleen so 'n gehoorsaamheid aan die Woord kan ons laat wees wat ons moet wees, waartoe ons as kerk en gelowiges geroep is naamlik om voor en teenoor die wêreld getuie te wees van die evangelie van Jesus Christus. Want alleen hierdie evangelie gee die sekerheid dat die stryd teen die duiwel en sy ganse leërmag gestry en oorwin is, sodat ons oppad mag wees uit die slawehuis na die land van belofte.

1 November **Lees: Ex. 7:8-13** **Teks: Ex. 7:13**

VOORSIENIGHEID EN VERANTWOORDELIKHEID

„Maar Farao se hart was verhard . . ." dit is die telkens terugkerende refrein wat ons hoor in die geskiedenis van die botsing en stryd tussen God en Farao. Dit was egter te verwagte, want reeds vooruit het God aan Moses gesê dat Hy Farao se hart sou verhard.

Aan die een kant word daar gesê dat Farao self sy hart sou verhard, aan die ander kant dat God sy hart sou verhard. Hoe moet hierdie teenstrydigheid verstaan word?

Wat eerstens hier duidelik blyk is dat die uiteindelike verlossing en redding net aan God alleen toegeskryf sou kon word. Nie die welwillendheid of tegemoetkomende houding van Farao nie, maar alleen Gods almag sou die verlossing bewerk. Uit die hele stryd tussen God en Farao — die lewende God en die gode — sou dit eindelik duidelik wees wie die sterkere is. Maar aan die anderkant het dit nie die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van Farao opgehef nie.

Hy kon Gods almag erken en gehoorsaam. Gods voorsienigheid en Gods beskikking sluit nie ons menslike verantwoordelikheid uit nie.

Dit mag vreemd, teenstrydig, onlogies en selfs onmoontlik klink — en tog is dit soos die Bybel ons leer. Dat ons kan weet van die voorsienigheid van God, beteken nie dat ons ons ongehoorsaamheid, ons misdade en mislukkings, aan God kan toeskryf nie. Dit bly ons verantwoordelikheid.

Dat ons weet van die voorsienigheid van God, beteken dat ons weet dat nie die toeval nie, nie die noodlot nie, maar God regeer. En ons weet Hy het vir ons verlossing voorsien, want Hy het aan ons sy Seun Jesus Christus gegee en ons verantwoordelikheid is om voor Hom in gehoorsaamheid te buig.

Wie teen Hom kies, soos Farao, hy kies om onreg te doen; hy kies om vuil te bly en hy sal nog vuiler word. (Openbaring 22:11.)

2 November **Lees:** Ex. 7:14 - 8:15 **Teks:** Ex. 8:10

DIE HERE ALLEEN IS GOD

Uit die eerste twee plae moes dit al vir Farao en sy dienaars duidelik gewees het wie die ware God is, die Een wat werklik die mag in hande het. Want hier het dit al geblyk dat die wat deur hulle as gode aanbid en geëer is, geen gode is nie, geen ware maghebbers nie, maar gewone geskape dinge wat in die hand van die lewende God is wat daaroor kan beskik na sy welbehae.

Vir die Egiptenare was die Nylrivier 'n god wat hulle in die lewe moes hou. In 'n woestynland was die water van die Nyl onontbeerlik vir die voortsetting van die lewe van mens en dier. Die lewende God toon egter sy mag as Hy die water van die Nyl in bloed laat verander en in plaas daarvan dat die Egiptenare hulle kan verbly oor hulle lewensbron, moes hulle met walging en afkeer vervul wees vanweë hulle dooie en stinkende god.

Ook met die paddas, wat deur hulle as heilige diere vereer is, gebeur dieselfde. Deur die beskikking van die Here, die God van die Hebreërs, word hulle vir hulle vereerders tot 'n oorlas, tot 'n plaag waarvan hulle bid om verlos te word.

Dit is duidelik, daar is niemand soos die Here, die God van die Hebreërs, die Vader van onse Here, Jesus Christus, nie. Hy alleen is die ewig Ongeskapene wat oor elke geskape ding die volle mag het. Dat die mens geskape dinge as god vereer maak daarvan nog geen lewende God nie.

Die Here, die lewende God wat deur sy Seun Jesus Christus aan ons die lewe gee, Hy alleen is God.

3 November **Lees:** Ex. 8:16-19; Luk. 11:14-23 **Teks:** Ex. 8:19a

DIE VINGER VAN GOD

Die towenaars van Farao kon met hulle towerkunste die eerste twee plae op een of ander wyse naboots, hoewel hulle nie oor die mag beskik het om die plae soos deur die Here God beskik, te laat ophou nie. By die derde plaag kom daar egter 'n verandering. Hulle kon nie muskiete voortbring nie. Hulle towerkunste faal. Dan erken hulle: „Dit is die vinger van God." Hulle erken, die lewende God is hier besig om te doen. Hy handel en dit is duidelik dat Hy magtiger is as die gode wat deur hulle verteenwoordig word. Dit is 'n erkenning: die ryk van die gode wat deur hulle gedien word moet buig voor die ryk van die lewende God.

Toe Jesus Christus eeue later aan die Fariseërs gesê het dat Hy deur die vinger van God duiwels uitdryf, moes hulle dit goed begryp het. Want daarmee het Jesus sy lewenstaak verbind aan die verlossing uit Egipte wat vir die Jode van so 'n fundamentele betekenis was. Die geskiedenis van die verlossing uit Egipte was aan hulle bekend en ook die erkening van die towenaars van Farao.

Daarom is dit dwase kwaadsprekery as hulle beweer dat Jesus deur Beëlsebul die duiwels uitdryf. Dit sou beteken dat Satan teen homself verdeeld was en 'n koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes!

Maar hulle moes besef dat hier 'n ander koninkryk naby gekom het. 'n Koninkryk magtiger as die van Satan, die koninkryk van God. Dit is God wat hier handel. In Jesus Christus is die vinger van God besig om in hierdie wêreld sy verlossingswerk te doen. Dit gaan om die verlossing en redding van diegene wat slawe is en verdrukking moet verduur in die ryk van Satan. Diegene wat blind en doof en stom is moet verlos word om te kan sien en te kan hoor en te kan kom erken: Dit is die vinger van God.

4 November **Lees:** Ex. 9:13-35; Luk. 11:24-26 **Teks:** Ex. 9:27

MENSGEMAAKTE BEKERING

Na die plae van steekvlieë, pes onder die vee en bose swere aan mens en dier, was daar by Farao nog geen teken van omkeer op sy ingeslane weg van verharding nie. Steeds was daar nog, tenspyte van alles wat reeds gebeur het, nog geen erkenning van die kant van Farao dat die Here alleen God is nie.

Dan skielik egter na die verwoestende haelstorm, wat die Here as sewende plaag oor Egipte laat kom het, is daar skulderkenning by Farao. Hy erken dat hy gesondig het, dat die Here reg het maar hy en sy volk ongelyk. Onder die indruk van die ramp maak hy ook 'n belofte.

Maar dit is 'n valse bekering, 'n skynbekering, 'n mensgemaakte bekering om net van die ellende vry te kom. Daar is by hom geen werklike, opregte gebrokenheid van hart en verslaenheid van gees oor sy sondes nie. Moses deursien egter hierdie skyn van Farao daarom sê hy aan hom: „Maar wat u en u dienaars betref ek weet dat julle nog nie ontsag het vir die Here God nie."

Vir die lewende God is so 'n mensgemaakte bekering nie aanvaarbaar nie. Dit is immers geen totale omkeer van die bose weg en 'n toekeer na God om Hom alleen te gehoorsaam nie.

Trouens, hierdie soort bekering wat net maar onder die indruk van die oomblik, net maar in die aangesig van die nood, voorgegee word, kan gevaarlik wees. Hoe gevaarlik dit kan wees blyk uit wat Jesus oor die onreine gees in die Lukasevangelie gesê het. Wanneer 'n onreine gees uit 'n mens uitvaar, dan is dit soos wanneer 'n huis leeggemaak is, uitgevee is en versier is. Sou daar nie 'n ander intrekker in die huis, in daardie mens, gaan woon nie, sal daardie onreine gees terugkom en sewe ander geeste, slegter as hyself, neem en in daardie mens intrek. En die gevolg: „die laaste van daardie mens word erger as die eerste."

Met Farao het dit gebeur: 'n Gees van groter verharding teen die lewende God het oor hom vaardig geword. Vir elkeen wat hom net maar vir 'n oomblik „verwonder" oor die verlossingswerk van Jesus Christus, maar Hom nie wil toelaat as die Gebieder van sy lewe nie, vir hom wag 'n rampspoedige einde.

5 November **Lees:** Ex. 10:21-29; Joh. 1:1-14 **Teks:** Ex. 10:23

LIG EN DUISTERNIS

As negende plaag het God 'n dikke duisternis, wat drie dae lank geduur het, oor Egipte gebring. So 'n groot duisternis was dit, dat die een die ander nie kon sien nie, alle beweging het tot stilstand gekom. Die hele land het grafstil geword. Niks kon voortgaan nie, dit het geword soos die dood.

Dit moes 'n angsaanjagende plaag vir die Egiptenaars gewees het, want hulle het in die duisternis allerlei bose geeste aan die werk gesien, wat allerlei siektes en selfs die dood kon veroorsaak. Ook hulle songod kon hulle nie van die duisternis verlos nie. Die lewende God het getoon dat Hy magtiger is.

Aan die ander kant was daar by die kinders van Israel in die land Gosen lig. By hulle kon dinge nog normaalweg voortgaan — by hulle was daar lig en daarom lewe.

Lig is hier beeld van die genade van God en duisternis beeld van die toorn van God. Israel het genade gevind in Gods

oë en in die lig van sy genade kon hulle lewe. Farao en sy volk het Gods toorn opgewek, daarom is hulle in duisternis opgesluit soos in 'n gevangenis, soos in die dood.

Die lewende God is die beskikker oor lig — oor lewe. En Hy het vir die volk wat in duisternis sit, vir hierdie wêreld en mensheid, wat dood is in die duisternis van sondenood, 'n groot Lig laat opgaan. 'n Lig wat skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie en kon dit nie oorweldig nie. Hy is 'n waaragtige lig wat elke mens kan verlig. En hierdie Lig, die Lewe — wat die duisternis — die dood — deurbreek en oorwin het, is Jesus Christus, die Woord wat vlees geword het.

Wie in Hom glo, wandel in die lig, selfs in die duisterste nag wat hom mag omgewe.

6 November **Lees:** Ex. 11 **Teks:** Ex. 11:5

DIE FINALE STRAF

Farao het teen God gekies. Hy het verkies om onreg te doen en hy het al meer onreg gedoen. Hy was vuil en het nog vuiler geword. Tenspyte van al die waarskuwings, al die geduld het Farao ongehoorsaam gebly. Vir hom en sy volk moes dit op 'n ramp uitloop. Al die eersgeborenes in Egipteland sou sterwe, van Farao se eersgeborene wat op sy troon sit, tot die die eersgeborene van die slavin agter die handmeul en al die eersgeborenes van die vee.

'n Groot geweeklaag sou in Egipteland gehoor word, 'n geween en 'n gekners van tande. Want Egipte sou in sy hart getref word, die eersgeborenes, die spesiales, die blom van die volk sou sterf.

Dit alles het die lewende God gedoen om sy eersgebore seun Israel (Ex. 4:22), sy uitverkorene, te verlos en die doodstraf het God opgelê ter wille van die redding van sy volk. Wie aan God ongehoorsaam is, wie teen God in opstand is, hy verdien die doodstraf en hy ontvang die finale straf.

Hierdie finale straf verdien ons almal. Ons is almal opstandlinge en rebelle teen God. Maar die lewende God wat die sonde regverdiglik met die dood straf is tog nie net 'n toornende God nie, maar Hy is ook 'n genadige God wat die sondaar wil behou.

Daarom dat Hy so vreemd doen om sy eniggebore Seun, Jesus Christus, in die wêreld in te stuur om in die plek van sondaars, die finale straf op die ongehoorsaamheid, die doodstraf, op hom te neem. Ter wille van ons redding en ons saligheid het Hy die doodstraf op Hom geneem. Ter wille van ons redding en ons saligheid het Hy die dood ingegaan en oorwin om vir ons verlossing te bewerk uit die slawehuis van sonde, uit die dood.

7 November **Lees:** Ex. 7:1-8:15 **Teks:** Ex. 7:1-8:15

GOD PLAAG DIE GODDELOSE

By die sinvolle behandeling van die tien plae moet altyd noodwendig sorg gedra word dat hulle deurgaans in hulle geheel gesien, begryp en ge-evalueer word. In die geheel dien die plae nie enkel om Farao op die Here se tyd en manier tot begrip en erkenning te bring van die feit dat die Here die almagtige God is nie, maar ook om aan Israel te toon dat God vir tyd en vir ewigheid omsien na sy kinders.

In die eerste plaag tref die Here God Egipteland en Farao op tweërlei wyse: (i) Deur die Nylwater in bloed te verander, word die Nyl ondrinkbaar sodat die Egiptenare met vele moeite en probleme moet soek na ander water in die omgewing van die Nyl; (ii) Deurdat die Nylwater in bloed verander, sterwe die visse, en word die Egiptenare een van hulle vernaamste voedselbronne ontneem.

Die tweede plaag waarmee God Egipte teister is paddas. En nou is die ironie van die saak dat die padda gewoonweg glad nie 'n aaklige afskuwelike en onuitstaanbare gedierte vir die Egiptenare van destyds was nie; trouens volgens die Egiptiese volksgeloof van destyds het 'n godin met die kop van 'n padda hulp verleen aan barende vroue, en word die padda gesien as skenker van lewendmakende krag. Wanneer God dan paddas in oorvloed stuur, dan word die Egiptenare geplaag deur 'n teisterende oordosis van dit wat aanvanklik vir hulle heeltemal 'n aanvaarbare deel van hulle wêreld was — sodanig dat hulle met vele ongerief en moeite hulle daaglike lewe en aktiwiteite moes probeer voortsit, ja, onder omstandighede wat jou tot raserny wil dryf.

Wat opvallend is van al die plae is dat Moses en Aäron, ten spyte van die herhaalde beloftes van Farao se kant, tevergeefs die Egiptenare vra om toestemming dat Israel mag trek. Vanweë Farao se volhardende verharde hart, tref God Egipte met die een plaag op die ander.

So sal ons moet aanvaar dat God vandag nog die goddelose kan tref met allerhande skokkende plae. En die oomblik wanneer alle kontak met God doelbewus verbreek word, dan slaan God die goddelose op sy hardste (vgl. hoofstuk 10:28 vervolgens) — sekerlik vandag en in die toekoms ook nog!

8 November **Lees:** Ex. 8:16-32 **Teks:** Ex. 8:16-32

GOD BEPAAL DIE TREFKRAG EN DIE BREEKTYD!

Die derde plaag was muskiete, en die vierde 'n variant van eersgenoemde: steekvlieë. Wanneer in gedagte gehou word dat die Egiptenare van destyds besonder netjies op hulleself was (hulle het selfs meer as eenmaal per dag gebad),

dan kan begryp word dat hierdie twee plae van bytende en stekende swerms insekte geweldig ontwrigtend ingewerk het op hulle netjiese lewensinrigting.

Wat ons egter mooi moet begryp uit hierdie beriggewing van die een plaag op die ander oor Egipte, is dit: Dit beteken nie dat die skokkende plae, en tog wonderbaarlike tekens en gebeure, wat God deur die hand van Moses bewerk, het nie in staat was om hulle doel te bereik nie, omdat die bose verharde wil van Farao alles dan tot mislukking sou gedoem het nie. Die almagtige God hou alles in sy hande; Hy bepaal self wanneer die goddelose genoeg gehad het om werklik te breek en in te gee. God bepaal geheel die effek van sy plaag.

Vir die gelowiges moet dit tot troos en bemoediging wees om te weet dat dit dieselfde God is wat vir ons gekies het in Jesus Christus. En omdat Hy vir ons is kan niks en niemand teen ons wees nie. Hy beskik oor ons lot en skenk ons die verlossing as 'n gawe. In hierdie wêreld hoef ons daarom geen dreiging te vrees nie.

9 November **Lees:** Ex. 9:1-12 **Teks:** Ex. 9:1-12

GOD MANIPULEER DIE GODDELOSE!

Die vyfde plaag van pes onder die vee tref die hartaar van die Egiptiese ekonomie (veral dan die landbou), en knak die militêre beweeglikheid en doeltreffendheid van die land.

Die kleinvee het vleis, melk, wol en velle gelewer; beeste was kosbare besit; beeste is gebruik om die ploeg te trek en saam met esels, en kamele, is hulle ook gebruik as pakdiere (die kameel het nooit 'n belangrike rol in Egipte van destyds gespeel nie; perde is gebruik vir militêre doeleindes, om onder andere ruiters te dra of krygswaens te trek.

Egipte was bekend vir velsiektes (vgl. Deutr. 28:27): Nou word mens en dier hewig deur 'n swere epidemie neergevel. Ook die towenaars (wat aanvanklik wou kompeteer met God, en aanvanklik enkele plae kon naboots omdat God hulle daartoe in staat gestel het, maar nooit enige plae kon wegneem — na Gods beslissing) verloor nou finaal die stryd teen die Almagtige.

Dan dien vermeld te word dat, oppervlakkig gereken, Farao 'n man was met 'n bose en verharde hart (Ex. 7:13, 22; 8:19; 9:35), maar tog was dit, in diepere sin, die Here wat in werklikheid die verharde hart aan Farao gegee het (Ex. 9:12; 10:20, 27), met die doel dat God sy wonderbaarlike mag in Egipte en aan die Egiptenaars menigvuldiglik kon demonstreer (vlg. Ex. 7:3 en 10:1). Hooftuk 7:3 in aggenome, is dit baie duidelik dat God van die begin af bedoel het om Farao se hart te verhard.

En nou is dit baie duidelik dat van begin tot end, deur en deur gedurende die gebeure van die tien plae, God die Een is wat agter alles uittroon as die Een wat alle inisiatief neem en alles onder sy hand volkome beheer.

So sal ons vandag nog moet aanvaar (al lyk dit nie altyd na 'n vinnige opsomming so nie) dat God alles, ook die goddelose in hierdie wêreld onder sy hand volkome beheer. Hy is die Een wat alles in sy hand hou. So kan God vandag nog agter die verhardheid van 'n goddelose leiersfiguur staan, om dan onder die oppervlakte besig te wees om hierdie veragter van God en Gods volk te manipuleer en te gebruik in sy heilsplan.

10 November **Lees:** Ex. 9:13-35 **Teks:** Ex. 9:13-35

GESPLETENHEID!

Die sewende plaag vind gestalte in 'n buitengewone haelstorm wat met skokkende geweld neer woed op mens, dier en plant. Vreesaanjaend was die openbaring van God in die stormweer, want dit was vir die Egiptiese godsopvatting totaal vreemd en onbekend, omdat daar in die Egiptiese pantheon geen stormgod was nie. Behalwe vir slagoffers onder mens en dier, het die verwoestende storm die Egiptiese ekonomie nog 'n verdere knou toegedien: Die vlas en gars is weggeslaan. Vlas is gebruik vir die vervaardiging van Egiptiese linne. Gars is gebruik in die bereiding van brood en bier. Die koring en die spelt word tydelik gespaar vir die volgende plaag van die sprinkane.

Merkwaardig dat die figuur van Farao tegelyk in een persoon aan die eenkant slaaf is van die diktering van sy eie verharde bose wil (vgl. ook Romeinse 9:17), en aan die anderkant werktuig is in die hande van God (terwyl hy dit nie eens agterkom nie!) (Vgl. Ex. 11:9).

Maar dis nog meer merkwaardig om aan die anderkant daarop te let dat ook Moses, die gelowige, eweneens in 'n sekere sin in soortgelyke situasie verkeer: Op die oog af lyk dit of in Moses se teenwoordigheid, op Moses se woord en deur Moses se hand, daar verbasende en skokkende, buitengewoon-roerende, gebeurtenisse plaasvind. Maar in werklikheid bly daar net een wat alles bewerk en laat plaasvind: God! God kan dus aan die een kant mense gebruik in sy diens terwyl hulle dink dat hulleself maak en breek. Aan die anderkant kan dit ook gebeur dat God deur die hand van die gelowige werk. Daarom moet die gelowige se roem altyd in God wees en nooit in die verwaande roem van mense nie.

11 November **Lees:** Ex. 10:1-20 **Teks:** Ex. 10:1-20

VERTEL AAN JOU KINDERS!

Die agtste plaag — sprinkane — handel oor een van die mees gevreesde katastrofes van die Midde-Ooste van destyds, want die sprinkaanplaag vernietig in die kortste moontlike tyd feitlik alle groen plante, en die resultaat is gewoonlik 'n skrikwekkende hongersnood. En nou kom juis hierdie plaag, in onvergelyklike graad, oor Farao en Egipte!

Uit die eerste en tweede vers van Hoofstuk 10 blyk dit dat die Here God geweldige plae voor die oë van sy gelowige volk bring oor die heidense Egiptenare (wat 'n bedreiging en struikelblok vir Israel was). Hiermee was die doel onder andere dat die volk van die Here die geweldige bevrydende krag van die Almatige kon sien en besef en kon weet dat Hy alleen God is, en sodat hulle dit van geslag tot geslag aan hulle kinders moes leer sodat ook hulle hierdie dinge kan weet.

So vind daar vandag nog in die lewe van die gelowiges geweldige ingrypinge van God plaas waardeur Hy bevry uit die bedreiging van die goddelose heidendom.

Dit is dan ook sy bevel dat ons ons kinders van die groot dade van God vir ons geskiedenis sal vertel. Want ook ons eie geskiedenis getuig daarvan dat God ingryp op sy tyd en op sy eie wyse. Die gebeure by Bloedrivier is teken hiervan en daarom mag ons dit en die Here wat dit bewerk het nooit vergeet nie.

12 November **Lees:** Ex. 10:21-29 **Teks:** Ex. 10:21-29

SY VOLK SAL HY BEWAAR!

Die plaag van die duisternis het nie alleen die daaglikse lewe en werksaamhede lamgelê nie, maar word deur die Egiptenare (na aanleiding van talle bekende vloekformules wat hierdie aspek aanraak) as 'n onheilspellende straf ervaar, 'n indrukwekkende openbaring wat spreek van ongekende gevare.

Treffend hier, maar ook telkens gedurende die behandeling van die plae, blyk dit dat God sy gelowige volk bewaar van die plae wat die Egiptenare so teister. Ons sal moet aanneem dat alhoewel al die plae die hele Egipteland getref het, Israel elke keer deur 'n verdere wonderwerk van God bewaar is van die effekte van elke plaag (vergelyke byvoorbeeld Ex. 8:22 vervolgens; 9:4, 26).

So kan God vandag nog deur sy wonderbare hand sy gelowige volk bewaar van elke rampspoed wat Hy oor die goddelose wêreld bring. Waarlik, waar is die woorde van Psalm 125:1, 2: „Die wat op die Here vertrou ,is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid. Rondom Jerusalem is berge; so is die Here rondom sy volk van nou af tot in ewigheid."

13 November **Lees:** Ex. 11 **Teks:** Ex. 11

GOD VAN BEVRYDING!

Nadat alle kontak tussen Gods dienaar Moses, en Farao verbreek word (Ex. 10:28), volg die allerhewigste plaag oor Farao en Egipteland, wat Farao en Egipteland finaal laat breek om Israel in dié proses te laat trek.

Oneindig smartlik was die plaag van die dood van die eersgeborenes onder mens en dier. Wat die mens betref het dit die dood van die troonopvolger (die oudste seun van Farao se hoofvrou) ingesluit, en so deurgewerk tot die dood van die eersgeborene van die nederigste slavin.

Die Bybelse weergawe van die tien plae vorm wel 'n eenheid. Maar, wanneer ons die tien plae alleenstaande en geïsoleerd behandel, dan kom ons nog nie heeltemal volledig uit by die hele doel van dit alles nie! Die finale doel van die tien plae, waarop die hele tyd gaandeweg afgestuur word, is die hoogtepunt-gebeure van die paasnag (Exodus 12 en 13). Die gebeure van die paasnag-Exodus, en alles wat rondom Paasnag gebeur, het dus sy hele aanloop gehad in die 10 plae. Paasnag is die bevrydingsoomblik vir Israel uit die aardse hel van die Egiptiese slawehuis. Die bevryding en verlossing van Israel geskied deur die direkte en wonderbaarlikse ingrype van God. Die tien plae wil dus beklemtoon dat die uiteindelike Exodus (uittog) van Israel uit Egipte, waarop die hele tyd afgestuur is, geheel en al bewerk is deur die wonderkragtige almag van die Here God — sonder dat die gelowige volk enigsins iets tot hierdie bevryding kon bydra.

So het God ook in en deur die Here Jesus Christus eenmaal in liefde en genade die diepste kern en volkomenheid van sy bevryding geopenbaar oor elke gelowige. Die kruisevangelie spreek van 'n allesomvattende bevryding uit die nood in al sy fasette soos wat dit liggaam en siel raak vir tyd en vir ewigheid. Hierdie omvattende bevryding uit alle nood na liggaam en siel vir tyd en vir ewigheid, vermag die kruis wanneer dit die wortel van alle kwaad verdelg: Die sonde! En so bring die bevryding van Israel uit Egipte 'n aardse Palestina van melk en heuning, maar wanneer die volkome bevryding in Christus kom, dan is die land van die bevryding die volkome en ewige nuwe wêreld van 'n hemelse hiernamaals!

14 November **Lees:** Ex. 12:1-13 **Teks:** Ex. 12:13

DIE BLOED 'N TEKEN

Die Paasfees was vir Israel 'n bevrydingsfees. Die naam van die fees is ontleen aan die Hebreeuse werkwoord wat „verbygaan" beteken. Hier beteken dit dat die Here sy volk verbygaan in die oordeel. Hy spaar hulle wanneer Hy die

ander tref met sy oordele. Die verderf wat die Egiptenaars tref spring by Israel verby. Hulle mag lewe terwyl die afgodedienaars met die dood getref word.

Middernag, as die Here dwarsdeur die land trek, is daar fees onder sy volk waar Hy verbygaan, maar gejammer onder die onderdrukkers van sy volk waar Hy aangaan.

Aan hierdie verbygaan in die oordeel was 'n voorwaarde verbonde. Hy gaan net verby by hulle wat sy bevel gehoorsaam en die bloed van die offerlam as teken het.

Hierdie lam wat geslag word moes sonder gebrek wees en sy bene mog nie gebreek word nie. Op die tiende dag van die maand word die lam afgesonder en in bewaring gehou tot die veertiende dag. Met hulle maand van agt en twintig dae is die fees met volmaan gevier. Teen die aand word die lam geslag, heel oor die vuur gebraai en geëet tussen die ondergang van die son en die ondergang van die maan.

Dit was die geboortefees van 'n nuwe, vrygeworde volk. Die Here maak met Israel 'n nuwe begin en lei hulle uit die slawehuis uit. Die verlossing van die slawebande word nie deur die mense bewerk nie maar geskied deur 'n daad van die Here. Vir hierdie genade kan die Godsvolk alleen maar dank.

15 November **Lees:** Ex. 12:26-31 **Teks:** Ex. 12:27

ONS PAASLAM

Later in die geskiedenis, toe Israel in die beloofde land gewoon het, is die paaslam by die tempel in Jerusalem geslag terwyl die fees gevier is waar die feesgangers tuis was. Vir hierdie fees het Jesus ook na Jerusalem gekom totdat Hy met sy laaste pasga vir ons die heilige nagmaal ingestel het.

Die offerdiere is in die stad ingebring deur die Skaappoort. Deur hierdie selfde poort het Jesus, „die Lam van God" die stad binnegekom, nie net om die pasga te hou nie, maar om self die Offerlam te wees. So getuig Paulus van Hom: „ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus." Volgens profesie is ook van Hom geen been gebreek nie toe Hy gekruisig is. Johannes reeds het na Hom gewys en gesê: „Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"

Deur sy bloed is die nuwe Godsvolk vrygekoop van die sondebande waarin ons slawe was. Vrygeword deur Hom is die nuwe volk op weg na die hemelse Kanaän. Tot versterking van die geloof waarin ons moet volhard totdat die einde van die pelgrimsreis bereik is, het Hy vir ons die heilige nagmaal ingestel. Telkens wanneer ons hierdie fees vier gedenk ons sy versoenende sterwe vir ons. Hy was die volmaakte Offer wat ons met God versoen.

Ons rig die oog op Hom en volg die owerste Leidsman en Voleinder van ons geloof totdat ons eenmaal mag aansit aan die tafel van die Lam in die koninkryk van die hemele.

16 November **Lees:** Ex. 13:17-22 **Teks:** Ex. 13:18

DIE HERE BESKIK OP DIE WEG

Die mens sien maar net die pad wat agter ons lê. God sien die pad wat voor ons lê. Hy beskik ons weg vir ons ten goede. Natuurlik begryp ons nie altyd sy weg met ons nie. „Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en my weë is nie julle weë nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes."

Vir Israel was daar drie belangrike weë waarmee hulle die beloofde land kon bereik. Die kortpad was die kusroete langs die Middellandse See. Nog 'n pad het deur die Sinaïwoestyn geloop en 'n derde roete was die „Pelgrimsweg" vanaf Eilat na die golf van Suez — die pad „na die gebergte van Seïr."

Dit is vandag moeilik om die pad wat die Israeliete gevolg het sekuur aan te dui. Tog is dit nie die belangrikste om te weet nie maar wel dat God die weg beskik. Hy laat hulle omdraai van die pad af wat hulle gekies het. Hy weet van die gevare wat wag daar voor op die pad. Ons moet ons nie bekommer oor die pad wat Hy beskik nie. Ons kan dit vertrouend en sonder sorg oorlaat aan die Alwyse. Van ons word nie gevra om die weg te bepaal nie maar om dit gehoorsaam te bewandel.

God beskik nie net die weg nie, Hy lei ook op die pad. Hy neem aan die hand, beskerm, behoed en bewaar. Ja, Hy trek voor sy volk uit: bedags in 'n wolkkolom sodat hulle nie verdwaal nie; snags in 'n vuurkolom om die donker van die pad te verlig. Só kan hulle veilig tuiskom.

17 November **Lees:** Ex. 14:10-14 **Teks:** Ex. 14:14

GOD VOER ONS STRYD

Nadat God Israel laat wegdraai het van die Kuspad af laat Hy hulle tog, na 'n draai deur die woestyn, daarheen terugdraai. Die Farao sal dink dat hulle verdwaal het maar die Here wil Hom „aan Farao en sy hele leërmag verheerlik." Hy sou aan hulle toon wie waarlik die Here is — nie die Egiptenaars se afgode nie maar die God van Israel.

Omdat Farao, deur God getugtig met plae, sy hart weer verhard het, het hy die wapen opgeneem nie alleen teen die volk van God nie, maar teen God self.

Israel moes laer opslaan tussen Migdol en die see. Migdol was 'n Egiptiese vesting aan sy Oosgrens wat saam met ander vestings die „muur van Egipte" genoem is. Van hier kon Israel van voor aangeval word terwyl die Egiptiese leërs van agter opruk. Vasgekeer teen die Skelfsee was daar vir

hulle geen uitkoms nie. Die farao het sy kans gesien om hulle terug te voer in slawerny. Hy het nie verstaan dat niemand, selfs nie die Satan, God se volk uit sy hand kan ruk nie.

Al sou die vyand ons van agter en van voor insluit, ja, as al ons aardse weë afgesluit word, dan bly die weg na bo nog oop — die toevlug na dié God wat vir ons stry. Al staan Israel kaalvoet en kaalhand teenoor die gewapende vyand, hulle hoef nie te vrees nie. Vir elke volk wat waarlik Godsvolk is, gehoorsaam en diep afhanklik van Hom maak Hy sy Woord waar: „Rondom Jerusalem is berge; so is die Here rondom sy volk van nou af tot in ewigheid."

18 November **Lees:** Ex. 15:22-27 **Teks:** Ex. 15:26

BITTER WORD SOET

Kort nadat Israel die wonderbaarlike uitredding deur God aanskou en 'n oorwinningslied gesing het, stel Hy hulle geloof in Hom op die proef. Drie dae lank trek hulle sonder water voort in die woestyn. En toe hulle by water uitkom was die teleurstelling groot — te bitter om te drink. Wat is die reaksie by die volk as hulle beproef word? Hulle murmureer! Die toets van die geloof was te swaar. Hulle moes nog die berustende woorde van Job leer, nog leer buig en aanvaar: „Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?"

Hoe beskaamd moes hulle nie gewees het nie toe hulle die lankmoedigheid van God gewaar as Hy nogtans vir hulle die bitter water soet maak. Menigmaal staan ons beskaamd oor ons kleingeloof as Hy op sy tyd die bittere vir ons soet maak nadat Hy ons beproef het.

Nog meer beskaamd word die ontevrede en murmurerende volk as Hy hulle rus gee by Elim waar twaalf fonteine was en sewentig groot palmbome. Woestyn met God kan vir ons nog fonteine van water beteken.

Dan word die volk opnuut opgeroep tot gehoorsaamheid. Hulle moet sy insettinge en verordeninge hou. As hulle dít doen sal Hy hulle ook gesond maak. En soos Hy hulle wonde van die woestyn genees het, so genees Hy sy volk se wonde van die sonde, deur Hom van Wie die profeet gesê het dat daar deur sy wonde vir ons genesing gekom het. Hy moes aan die kruis kla oor sy dors sodat Hy vir ons die Fontein van lewende water kon wees. Soos Israel na hul tog deur die woestyn uitgekom het by fonteine en koelte, so sal Hy aan die einde van die dorre pad deur die sondige wêreld die pelgrims bring waar lafenis is vir die siel want: „Na waters waar rus is lei Hy my heen."

19 November **Lees:** Ex. 16:1-8 **Teks:** Ex. 16:4

BROOD UIT DIE HEMEL

Nie elke mens kan honger verduur ter wille van die vryheid nie. Israel verlang na die vleispotte van Egipte en sal liewer die koning van Egipte dien waar die vleispotte staan as om op te offer en God in die woestyn te dien. Hulle stel die aardse bo die hemelse en materialisme bo idealisme.

Onder beproewing is die vertroue weg. Hulle bou nie op die geloof nie; die geloof wat die vaste vertroue is op die dinge wat ons nie sien nie maar hoop.

Desnieteenstaande laat God hulle nie vaar nie, want Hy laat nooit die werk van sy hand vaar nie. Hy lei nie net uit die slawehuis uit om hulle dan op die pad te laat omkom nie. Hy sorg vir hulle met manna van bo, brood uit die hemel. Verder stuur Hy kwartels. So versadig Hy sy volk met brood in die môre en kwartels teen die aand.

Hy het hulle met alles wat goed is versorg totdat hulle by Kanaän uitgekom het. So het Hy ook vir sy profeet Elia gesorg toe hy in die woestyn wou sterwe. Deur die krag van die gawes uit God's hand het hy dwarsdeur die woestyn geloop totdat hy die berg van God bereik het.

God sorg nie net vir ons na die liggaam nie. Hy versadig ook die siel met die goeie. Aan ons gee Hy die ware Brood uit die hemel. „Want die Brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee."

20 November **Lees:** Ex. 16:28-35 **Teks:** Ex. 16:35

ONS BESTEMDE BROOD

'n Wysheid wat ons uit die Spreukeboek leer is 'n gebed soos hierdie: „Gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestemd is; dat ek nie as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die Here? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie."

Voorwaar 'n wyse Woord aan ons wat in ons voorspoed die Hand wat skenk vergeet en die oog net vestig op en die hand vasklem aan die besittings van die aarde.

Elke dag dreun dit op die plaas en druis dit in die stad soos ons jaag na ons daaglikse brood — dié daaglikse brood wat al ons aardse begeertes en behoeftes moet bevredig.

Natuurlik moet ons elke dag in ons goddelike roeping getrou en vrugbaar werksaam wees. Maar nooit mag ons vergeet nie dat al die vroeg opstaan en laat opbly vergeefs is sonder God.

Daarom moet ons saam met Moses bid: „Leer ons om ons dae só te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom."

Christus het ons leer bid vir ons daaglikse brood. Ons mag dit doen, ons moet dit doen. Alles wat kinders hul hemelse Vader in die Naam van Christus vra sal Hy hulle skenk. So eer ons God ook en behaag dit Hom dat ons lewe in diepe afhanklikheid van Hom. Dit neem ons kommer weg.

Maar nooit mag ons daaglikse brood eerste kom nie. „Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

21 November **Lees:** Ex. 23:1-13 **Teks:** Ex. 23:7

DIE REGVERDIGE REGTER

Exodus vertel die verhaal van die vrymaking en verlossing van Israel. Hierdie Boek van die Bybel wil duidelik meedeel hoe God die versugtinge en trane van Israel aangehoor en tot hulle bevryding ingegryp het. Terwyl Israel sonder die hoop op verlossing, slawediens in Egipte verrig het, het God reeds as **Bevryder** begin optree.

Op hulle swerftog word 'n tweede saak duidelik. God is nie alleen Bevryder nie, maar het ook genadiglik lewensmiddele voorsien. Terwyl hulle andersins van honger en dors sou omkom, was die Here hulle **Onderhouder.** Verder word dit in die bevryding uit die agtervolging van die Egiptenare duidelik dat die Here ook hulle **Bewaker** is.

Te midde van al hierdie heilshandelinge moes dit teleurstellend gewees het dat daar onder Israel nog steeds ontevredenheid gewees het. Die eers wanneer God bevry, onderhou en bewaar het, maar die ontevredenheid van Israel voor die aangesig van die Here opgeklink het, dat God aan hierdie volk 'n Wet gegee het. En hierdie Wet van die Here bevat 'n geweldige oordeel oor elke oortreding. In geheel gesien, eis die Here dankbaarheid en erkentlikheid teenoor Hom vir die verlossingwerk wat Hy gedoen het en eis Hy van die mens om dienooreenkomstig te handel.

God is 'n regverdige Regter wat geen valsheid, ondankbaarheid en opstandigheid duld nie. God vra gehoorsaamheid aan elke Wet. Uit ervaring weet ons dat ons nie die Wet kan vervul nie. Maar dit is geen verskoning vir ons nie. Veral nie omdat Christus die Wet vir ons vervul het nie. Ook sy voorbeeld moet ons navolg. Geen ander Naam mag deur ons geken word nie (13) die ellendige mag ons nie verdruk nie (9) die armes nie verag nie, ens. God sal die skuldige nie vryspreek nie.

22 November **Lees:** Ex. 24:1-12 **Teks:** Ex. 24:10, 11

VREUGDE

Wanneer daar in die kerk die woorde: „eet en drink" opklink, dink ons sonder twyfel aan die heilige nagmaal, die instelling van die nuwe en ewige verbond, die verbond van genade soos Christus dit verorden het . . .

In ons tekswoorde is God ook besig om 'n verbond met sy volk wat Hy uitverkies en verlos het, te sluit. Nadat die sewentig manne op die berg God aanskou het, eet en drink hulle saam. Die feestelikheid van eet en drink getuig altyd onder andere van vreugde. Ook hier in ons tekswoorde het ons duidelike tekens van blydskap. Redes vir blydskap het hulle gehad; God is gesien; God is in hulle midde en die Here gee sy Woord sigbaar, tasbaar en kenbaar.

Terwyl Israel nog 'n swerwersvolk, 'n volk in die woestyn en vreemde wêreld is, vind hierdie feestelikheid plaas. Maar juis in hierdie tyd wil God aan hulle die versekering gee dat Hy hulle na liggaam en siel sal versorg. Nie alleen wil Hy kwartels en manna en water voorsien nie, maar ook sy Woord wat hulle harte sal voed.

Dit is opvallend dat wanneer God ookal met sy volk 'n verbond sluit, daar duidelik sprake is van vreugde. By Noag, Abraham en by die instelling van die heilige nagmaal en ook in ons tekswoorde is daar vreugde en blydskap.

Ons ontbreek te dikwels hierdie heilige vreugde. Ons sien God te dikwels as 'n onregverdige regter wat sy hand vernietigend oor sy kinders uitstrek. Die Here wil ons laat feesvier; vreugdevol laat saamwees; laat eet en drink en versadig word.

„Verbly en verheug julle . . ." sê God se Seun.

Ons moet as gelowiges ook hierdie vreugde ken, asof onsself God gesien het.

23 November **Lees:** Ex. 24:11-18 **Teks:** Ex. 24:12

GOD SE WOORD

God het Israel nie alleen op 'n wonderbaarlike wyse verlos nie, maar God het 'n begin gemaak om sy Woord of wet sigbaar, tasbaar en kenbaar aan die mens te gee. As daar van 'n wonderwerk en genadegawe sprake is, dan is dit dat God sy Woord in 'n geskrewe vorm aan die mensdom gegee het. Deur hierdie Woord wat Hy gegee het, kan ons God leer ken soos Hy Homself aan ons wil openbaar.

Die aanvang van hierdie geskrewe Woord, vind ons ook tydens hierdie uittog en swerftog van Israel. Die grootste diens wat Moses aan die ganse mensdom bewys het, was om die geskrewe Woord in ontvangs te gaan neem. En dit is vir ons duidelik: Die aanvang van die geskrewe Woord lê nie in die vernuf of verbeelding van 'n mens nie, maar die oorsprong lê in die Here self.

Dit bly steeds die goeie werk van God om aan die mensdom sy Woord te gee. God gee sy Woord en die mens neem dit in ontvangs. Die menslike moeite aan hierdie Woord is gering. Van Moses word daar alleen maar 'n geringe opoffering geverg om die berg op te klim en vir 'n wyle daar te vertoef.

Dit is in hierdie verhouding tot die Woord van die Here dat ons vandag lewe. Met uiters min moeite en onkoste kan ons dit bekom. Dit bring vanselfsprekend mee dat die Woord as genadegawe verarm kan word tot 'n onwelkome verjaardaggeskenk; tot 'n ornament wat onder die stof begrawe lê of tussen tydskrifte verlore raak . . .

Dit is uiters bejammeringswaardig dat die Woord nie meer die doel dien waarvoor God dit gegee het nie! Dit word nie meer gebruik as 'n Boek van onderrig; om die Here te leer ken nie! Dit is hieroor dat die profeet Hosea gekla het: „My volk gaan ten gronde vanweë die gebrek aan kennis."

Laat ons weet: om God se Woord te ken is om vernietiging te voorkom.

24 November **Lees:** Ex. 25:1-9 **Teks:** Ex. 25:2

'N HEILIGDOM

Israel is nog steeds 'n swerwersvolk, 'n volk wat oppad is na die beloofde land; 'n volk wat in die môre tente moet opbreek en in die aand laer moet opslaan. Telkens klink daar uit hulle midde die wanhoop en vertwyfeling oor hulle toekoms. Nie dat hulle hiervoor rede gehad het nie, want God het reeds bewys gelewer dat Hy hulle bevry, beskerm en versorg op hulle trektog.

Dit is onder hierdie omstandighede dat die Here deur Moses tot Israel spreek: „Sê aan die kinders van Israel . . ." Die eerste nege verse maak die wil van die Here bekend. Die Here wil in hulle midde wees. Daar moet 'n heiligdom opgerig word; 'n tent van samekoms waar God ge-eer kan word. Die materiaal wat vir hierdie plek van samekoms gebruik moes word, was uit die midde van hierdie swerwersvolk verkrygbaar. God vra nie die onmoontlike nie! En tog moet daar sierlikheid, prag en praal aan hierdie woning wees. Goud en silwer en koper; pers-, purper- en bloedrooi stowwe.

Maar daar is 'n uitdruklike voorwaarde: „Elkeen wie se hart hom aandrywe." Die eis van God na 'n plek van samekoms, is nie 'n onverbiddelike eis nie. Dit begin by die vreugde en oortuiging van die hart; by die oortuiging van geloof en vertroue. Voor álles, voor die goud, silwer en koper en ander stowwe moet daar die aandrywing van die hart of die vurigheid van gees wees. 'n Plek van samekoms is geen gegewe grootheid wat ons vanselfsprekend kan aanvaar nie. Dit gaan nie soseer om die tent of gebou nie, maar om die samehorigheid, die verlange om saam met God te wees; die hunkering na 'n heiligdom waar God ontmoet kan word.

25 November **Lees:** Ex. 25:10-22 **Teks:** Ex. 25:15

SELFS IN ONS RUS

Exodus beteken uittog. Dit was geen aangename ontvlugtings vir 'n paar dae nie. Voortdurend is laer opgebreek en opgeslaan. Gevare en menige bedreigings was algemeen op hierdie uittog. 'n Mens sou kon verstaan dat daar irritasies onder Israel sou losbars. 'n Swerwersbestaan met al die gebreke, bedreigings en tekortkomings is vir niemand aangenaam nie.

Ons tekswoord is duidelik: Die houte waarmee die ark gedra is, moes nie verwyder word nie. Selfs wanneer Israel laer opgeslaan het en tot ruste gekom het, moes hierdie drahoute in die ringe van die ark gebly het. Die ark wat die getuienis van God bevat het, moes selfs in die rustyd van Israel gereed wees om verder uitgedra te word. Die diens aan die ark moes nie tot stilstand kom nie.

Daar kom dae in die menslike lewe dat die mens homself wil verlustig in die aardse rus en nie belas wil wees met die getuienis van God nie. Daar kom dae dat die mens wil vergeet van die gebod en die beloftes van die Here; dae waarin die mens hardnekkig weier om die wil en wet van die Here uit te dra en voort te dra. Daar kom dae dat die mens in sy sondigheid ontslae wil wees van die bevrydende Woord van God en dit alleen maar sien as 'n lastige ergerlikheid wat die Here op ons laai.

Maar God duld dit nie. Selfs in ons rus moet die Getuienis gereed gehou en verder gedra word. Rus beteken nie om van God en sy Gebod ontslae te wees nie. Tot ruste kom beteken alleen om jou in die wil van die Here te verlustig, om dit dag na dag te oordink, om by moeg verby in die wil van die Here te volhard. God se Woord en Wet gaan nooit op vakansie nie. God Self sluimer of slaap nie.

26 November **Lees:** Ex. 28:1-43 **Teks:** Ex. 28:3a

GOD VRA DIE HELE MENS

Tydens hulle uittog en swerftog kon Israel; soos trouens enige mens, God elke dag van hulle lewe beter leer ken. Een begrip waaroor geen onduidelikheid kon gewees het nie, was dat God die hele mens vir homself opeis. God is nie tevrede met 'n sekere deel van die mens nie. Ons sien dit in die tien geboeie: „Jy mag geen ander gode dien nie . . . want Ek die Here jou God is 'n jaloerse God" Jesus Christus verkondig dit nog heelwat duideliker: „Jy moet die Here liefhê met hele hart, hele siel, hele verstand en met al jou kragte." Hierdie eis van die Here spreek nie tot sekere beroepe en tot sekere lae van die bevolking nie. Die eis na liefde is nie alleen vir die priesters, leviete of profete nie, maar is ook vir die talentvolle, kunsvaardige mens.

Moses die profeet as verkondiger van Godswoord, en Moses as die koning wat Israel regeer, moes ook tot die kunstenaars van Israel spreek: Die wysheid en vaardigheid waarmee God hulle begenadig het, moes ook tot eer van God aangewend word. God duld dit nie dat die mens sy ontvange talente misbruik om geloofsvernietigend in die wêreld werksaam te wees nie. Elkeen moet rekenskap gee volgens dit wat hy in die liggaam verrig het (2 Kor. 5). Dit is ook die betekenis van die gelykennis van die talente.

Sowel kerk en staat het 'n duidelike taak en roeping teenoor die kunstenaars. Met hulle wysheid en vaardigheid mag hulle nie 'n oneer vir God wees nie. Hulle mag nie alleen met beuselagtigheid besig wees nie. Ook tot eer van die Here moet hulle lewe en werk. God vra die hele mens. As gelowige mense moet ons tot die kunstenaars in ons midde spreek.

27 November **Lees:** Ex. 29:38-46 **Teks:** Ex. 29:43, 45

DIE HERE KOM OM TE WOON

Dit is 'n ryke en onverdiende belofte. God wil onder sy uitverkore, verlosde en gelowige volk woon. Dit is altyd, van die begin af die heilige Here wat die sondige mens kom opsoek en bemoeienis met hom maak. Selfs in 'n sigbare gebou (hier 'n tent) wil God met sy kinders gemeenskap hou. Hierdie onbegrypbare wil van die Here word vir ons duidelik in sy opdrag aan Israel om 'n heiligdom vir Hom op te rig. Sonder hierdie gebod van God sou dit nooit in die hart en verstand van die mens opgekom het om vir die Here 'n heiligdom op te rig nie. Omdat die mens die wil en begeerte na gemeenskap met God-ontbreek, sou die mens nooit andersins besef het dat God onder die mens wil woon nie.

Heelwat van die Christelike erediens in die kerkgebou word vir ons in hierdie paar verse duidelik. Israel het reeds die verlossing en bewaring deur God ontvang. Die geskrewe Woord was reeds in hulle midde en deur die hart aangedryf, moes die offers vir die oprigting van hierdie huis van samekoms versamel word. God het gehandel, verlos, beveel, versoek en sy Woord aan Israel gegee voordat die mens 'n begin gemaak het om hierdie gebou op te rig. Dit is baie duidelik: As die Here nie eerste opgetree het nie, sou die mens nooit tot die daad van die oprigting van 'n heiligdom oorgegaan het nie.

Dit is egter so dat die werk aan die heiligdom deur sondige hande verrig word, dat in hierdie gebou van samekoms alleen maar sonde te vinde sou wees. Maar hierdie plek word geheilig omdat God in hierdie sondige plek teenwoordig is. God kom na hierdie gebou wat deur mense hande opgerig is. Die heiligheid van hierdie gebou van samekoms lê nie in die goud en silwer of die kunsvaardigheid waarmee dit opgerig is nie, maar alleen daarin dat God 'n behae het om in daardie gebou met sy volk te verkeer.

Ons tekswoorde is duidelik: Dit is God wat daar tot die mens kom en nie die mens wat tot God opstyg nie. Dit is God wat Hom oor die mens ontferm en nie die mens wat presteer in heiligheid nie. En dit is 'n onbegrypbare genadedaad van die Here, maar dit is vir ons genoeg. Hy wat na ons toe kom, is Here en God wat alle mag in die hemel en op aarde het. Só het Christus ook onder ons kom woon.

28 November **Lees:** Openb. 1:1-8 **Teks:** Open. 1:1a

'N TROOSWOORD

„Die Openbaring van Jesus Christus" . . . aan die apostel Johannes, wil vir die gelowige nie 'n angswekkende Boek van vrees en bewing wees, wat in die vorm van gesigte en beelde 'n opsomming wil gee van iets wat in die verre toekoms lê nie. Dit wil wees die wegneem van die sluier soos wat die woord „openbaring" in die oorspronklike taal beteken. Die wil vir die gemeente en daarom vir elke gelowige 'n troosboek by uitnemendheid wees.

Die beelde, drome en gesigte moet nie eenvoudig net letterlik probeer verklaar word deur dit vryelik aan die heersende klimaat en hedendaagse gebeure te koppel as sou dit nie finale vervulling van sekere uitsprake in Openbaring wees nie. Dit gaan in die boek Openbaring nie in die eerste plek om die bekendmaking van allerlei feite nie, maar dit gaan in hoofsaak om een Persoon en oor die handeling van díe persoon. Tereg is die gewer en inhoud van die Openbaring Jesus Christus, die Middelaar tussen God en die mens.

Christus word ook verder in die boek onder andere geopenbaar as die wortel van Dawid, omdat God aan Dawid beloof het dat Hy aan en deur hom die hele heil op die aarde sou verwerklik as die leeu uit die stam van Juda, wat weer dien op sy oorweldigende krag as oorwinnende Koning; as die Lam van God wat geslag is, wie se bloed ons vrymaak van die sonde.

So tree God dan telkens deur Christus in die wêreld in en is hy ook telkens die een wat oorwin. Deur die wonderbare lig van sy evangelie is Hy die Oorwinnaar in die oeroue stryd tussen lig en duisternis en wil Jesus dan ook elke gelowige in sy aardse stryd en benoudheid bystaan.

Tereg openbaar God dan sy Seun as Jesus „want dit is Hy wat die volk van hulle sondes sal verlos". Daarom is Hy Jesus die Saligmaker omdat dit Hy is wat sy volk weer gelukkig sal maak, deur hulle te bevry van die kettings van die duiwel. Jesus is ook die Christus, die Gesalfde omdat hy met die Heilige Gees gesalf is en deur God verordineer is tot ons groot Profeet ons ewige Koning en enigste Hoëpriester.

Ook in ons aardse stryd, al mag die aanvalle van die satan steeds hewiger word, wil God ons vertroos om dat Jesus Christus vir ons die stryd stry. Elke gelowige word dan vermaan en bemoedig om aan hierdie vleesgeworde Woord vas te hou, omdat Hy deur wie alle dinge ontstaan het, ook op die laaste dag voor die regterstoel van God, vir die wat in Hom geglo het, sal intree by die Vader.

29 November **Lees:** Openb. 1:9-20 **Teks:** Open. 1:17c

„MOENIE VREES NIE"

Die apostel Johannes as die skrywer van die boek Openbaring bevind hom as banneling op die eiland Patmos. Hy is vervolg vanweë sy evangeliese prediking en is dan ook volgens oorlewering deur keiser Domitianus na die klein rotsagtige en boomlose eiland, wat teenoor Efese lê, verban.

Wanneer Johannes op die Sondag in vervoering van gees raak, kry hy in die geestestoestand 'n gesig van die spreker en hoor hy deur die geluid van 'n trompet 'n groot stem wat sê:

> Ek is die alfa en die omega,
> die eerste en die laaste.

As Johannes hom dan omdraai sien hy die sewe goue kandelare, as verteenwoordigend van die ses gemeentes van Asië aan wie hy moet skryf. In die middel daarvan sien hy 'n figuur soos die Seun van die mens, ooreenkomstig die beeld in Daniël 7.

Die Seun van die mens word te geskilder as een in 'n wit kleed van 'n hoëpriester sonder enige sonde, met 'n koninklike waardigheid en heiligheid, met oë vir wie niks verborge is nie en wie se stem so kragtig is soos die gedruis van 'n magtige

stroom water. Hy is een wat volkome heerskappy besit en wat die nagtelike duisternis van ongeregtighede wil verlig deur sy hemelse lig, terwyl Hy 'n woord spreek wat na twee kante toe oordelend sny.

As Johannes dan deur die bo-menslike glorie van die visioen verblind word, val hy eerbiedig op sy aangesig. Maar dan lê hierdie goddelike figuur sy hand vertroostend op Johannes. Ja, Johannes moenie vrees nie want Hy is die Seun van die mens wat graf en dood oorwin het en as die lewende God besit Hy alle mag in hemel en op aarde en wat nog deur sy genade ook alles onderhou tot in ewigheid.

Daarom sal Jesus, as die Seun van die mens, ook alles vir die gelowige ten goede laat gebeur en kan ons saam met die psalmdigter ook triomferend en vertrouend uitroep: „Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie."

30 November **Lees:** Open. 2:1-7 **Teks:** Open. 2:5

GEEN DIENSWERK SONDER LIEFDE

Deur die sewe briewe aan die sewe destyds bestaande gemeentes in Asië te rig, wil die Heer ook so deur die eenheid van die briewe tot die kerk as geheel en daarom ook tot elke gelowige lidmaat, in die besonder, spreek.

Die eerste brief is gerig aan die gemeente van Efese wat deur die apostel Paulus gestig is. Hierdie gemeente was geleë in die bedrywige en bloeiende hawestad, Efese. Onder baie moeilike omstandighede het die gemeente volhard in hul arbeid. Die gemeente word selfs geprys omdat hulle die valse apostels as leuenaars ontmasker het.

Maar in hulle ywer en onvermoeide arbeid, het hulle „eerste liefde" in die slag gebly. Die eerste liefde is die liefde tot Christus waarsonder enige werk tevergeefs is. So dan is enige werk sonder die liefde tot Christus nie meer dienswerk nie, maar slegs 'n strewe om eie eer en eie gewin.

Die gemeente wat in hulle liefde tot Christus verkoel het, ontvang nou 'n strenge vermaning om hulle te bekeer, dit is om hulle rug te draai op die wêreld met al sy versoekings en om alleen maar die oë gevestig te hou op Jesus Christus. So het Paulus hulle immers van die begin af geleer — as hulle dit nie doen nie, dan loop hulle gevaar om uit die ry van die Christelike gemeenskappe verwyder te word.

Hierdie vermaning aan die gemeente van Efese geld in ons tyd nie minder vir die kerk en sy lidmate nie. Ook die kerk van vandag het die opdrag om die blye boodskap van verlossing uit te straal sonder enige menslike ervarinkies en persoonlike ontboeseminge.

Daarom word ook elke lidmaat opgeroep om daaraan te dink dat ons deur die bloed van Christus uit die wêreld vrygekoop is. Dit is dan ook Christus wat ons uit die ganse mensdom uitgeroep het tot 'n geloofstaak en ons kan maar alleen die eerste werke, as goddelike opdrag, verrig as ons ons daagliks tot die Here God bekeer.

Wie so gewetensgetrou in liefde tot Christus arbei, mag dan ook saam met die apostel Paulus weet dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs is nie. As ons volhard in ons aardse stryd en oorwin, kry ons deur Jesus Christus weer toegang tot die paradys en mag ons ook eenmaal aansit aan die hemelse dis van die Here.

1 Desember **Lees:** Open. 2:8-11 **Teks:** Openb. 2:10a

VOLHARD IN BEPROEWING

Smirna was die pragtige eeu-oue welvarende hawestad met baie ryk inwoners. Maar midde in hierdie groot stad met al sy prag en rykdomme, het die verarmde en verdrukte en vervolgde gemeente van Smirna gelê soos 'n ou lap op 'n nuwe kledingstuk.

In 64 n.C. het Nero hier 'n dekreet uitgevaardig dat die Christene 'n verbode groep is wat uitgewis moes word. Daarom verteenwoordig die geskiedenis van die gemeente van Smirna ook 'n tyd van haat en bitterheid in die geskiedenis van die kerk. So kom die Here God wat bewus was van hulle verdrukking en armoede en Hy prys die gemeente dat hulle ryk was in die geloof.

Terwyl God hulle vertroos om nie te vrees nie, kondig Hy nog erger dinge aan wat met hulle sou gebeur. Die woorde van vers 8 moet die gemeente ook bemoedig, want Christus sê dat Hy self dood was, maar weer lewend geword het. Wie dus in Christus glo, sal saam met Hom sterwe net om weer saam met Hom op te staan tot die ewige lewe.

Die gebeure wil nie die gelowiges wegdryf nie, maar die wingerd moet gesnoei word, nie om dit uit te roei nie, maar net sodat dit die volgende jaar weer meer vrug kan dra (Joh. 15). Dit is die manier waarop Christus ook met sy volgelinge werk. Die gemeente van Smirna sal tot die dood toe beproef word, maar ook daar hoef hulle nie te vrees nie, want Christus het die laaste vyand, die dood oorwin.

As die gemeente volhard en selfs stry tot die dood toe, dan sal hulle die kroon van die ewige lewe ontvang om so die onherroeplike oordeel van God vry te spring.

Soos die gemeente van Smirna beproef is, so mag ook elkeen van ons deur die Here beproef word en ook dan sla dit slegs die rykdom van ons geloof in Jesus Christus wees, wat

sal maak dat ons deur die tweede dood (ewige verdoemenis) geen skade sal ly nie. In die lig van die kruis van Christus, ook te midde van baie gevare wat ons mag bedreig, moet ons as kerk van Christus die geloofstryd stry tot die einde want „hou Christus self sy kerk in stand — Vergeefs die hel se woede".

2 Desember **Lees:** Open. 2:12-17 **Teks:** Open. 2:17

DIE RYKE BELONING

Net soos die vorige twee gemeentes, was ook die gemeente van Pergamus gehuisves in 'n baie belangrike stad. Pergamus was nie net die hoofstad van die destydse Asië nie, maar die stad was ook die middelpunt van die heidense godsdienste. Bo en behalwe die feit dat die tempel van die heidense god van genesing, hier gestaan het en gevolglik siekes van oral oor die heidense wêreld daarheen gelok het, was die stad ook bekend vir sy keiserverering. Verder was Pergamus 'n hoogsontwikkelde stad vir sy tyd, waar eens op een na die grootste biblioteek van die wêreld gestaan het, maar wat deur Marcus Antonius na Egipte geneem is vir sy geliefde Cleopatra.

Vanweë die verering van die heidense gode wat altyd gepaard gegaan het met losbandigheid, dronkenskap en onsedelikheid, asook die offers wat aan die keiser gebring is, noem Johannes die plek waar die Christene tussen al die anti-goddelike magte gewoon het, tereg „die plek waar die troon van Satan is.".

Aan hierdie gemeente rig Johannes die „swaardbrief" want ook hulle woonplek, doen en late was aan die Here nie onbekend nie. Die gemeente word geprys omdat hulle vasgehou het aan die Naam van die Here ten spyte van al die verleidings in die stad en die marteldood wat 'n sekere Antipas moes sterf. Maar ook die lidmate was nie onbesproke van karakter nie, want die Here het ook enkele dinge teen die gemeente. Die enkele dinge slaan nie op onbenullighede nie, maar wys na ernstige feite. Daar was gemeentelede wat toegegee het aan die versoekinge en het dan so ontrou aan God geraak.

God eis geloofsgehoorsaamheid en trou van sy kerk. Selfs onder baie moeilike omstandighede moet die kerk volhard in die geloofstryd tot by die wederkoms van Christus. In ons dienswerk aan Christus en in die kerk, moet ons nie agter allerhande vreemde ideologië en praktyke aan hardloop nie.

Wie egter trou bly tot die einde aan sy Meester en hom daagliks bekeer van sy verkeerde weg, sal Christus nie net alleen versadig word met die onsigbare hemelse spyse nie, maar so 'n gelowige sal ook die wit keursteen van onskuld ontvang wat sal aandui dat ons alleen in Christus geregverdig is.

3 Desember **Lees:** Open. 2:18-29 **Teks:** Open. 2:28

WEES ELKE DAG GEREED

Thiatíre is geen onbekende stad vir die Bybelleser nie, want reeds toe ons van Lydia die purperverkoopster gelees het, het ons gehoor dat sy van Thiatíre afkomstig was. Die purperkleurstof was besonder duur en gevolglik was Thiatire dan ook 'n baie welvarende handelsentrum met sy bloeiende tekstielnywerheid.

As gevolg van sy bloeiende handel het die stad dan ook besonder baie „vakbonde" (handels-unies) gehad en juis dit het 'n geweldige probleem vir die Christene aldaar geskep. Om enigsins te hoop op sukses moes jy lid wees van die unies, wat nou ineengeskakel was met die heidense godsdienste. Sou 'n gelowige nie lid geword het van so 'n unie nie, het hy gevaar geloop om doodgesmoor te word in die sakewêreld. Aan die anderkant weer sou hy lid wees, moes hy deel dikwels aangesit het by maaltye wat aan afgode gewy was en wyn drink wat ter ere van die heidense gode geskink is.

Dog te midde van die druk om deel te neem aan die onsedelike heidense praktyke van die industrie-arbeid, het die gemeente toegeneem in liefde en geloofsvertroue. Tog word die gemeente ook bestraf omdat hulle toegelaat het dat hulle deur 'n baie invloedryke listige vrou verlei word tot afvalligheid aan die Here hulle God. Verder het hulle ook meegedoen aan praktyke wat nie by 'n gelowige se lewenswandel pas nie.

Daarom word elke lidmaat vermaan om maar net vas te hou aan die suiwere evangelie met sy eise van waarheid en heiligheid. Dit is al wat die gelowiges het en ook nodig het om hulle gereed te hou tot by die wederkoms van Christus.

Die geskiedenis van Thiatíre wil ook 'n boodskap van vermaning inhou vir ons ekonomiese welvarende land, dat ons baie versigtig moet wees dat ons nooit ons godsdiens op die ekonomiese tafel van dialoog sal plaas nie. Ook in hierdie komende kersgety moet ons veral waak om nie mee te doen aan wellustige drinkpartye van ondernemings nie, maar moet ons gereedmaak om die Christusfees te vier soos wat die suiwere evangelie dit van ons vereis in lof en dankprysing tot eer van God.

Die gelowige wat so gesind is, sal die belofte van die môrester, dit is Jesus self ontvang, wat ons by sy wederkoms sal „inlei in die dag van ewige heerlikheid".

4 Desember **Lees:** Mat. 24:36-44 en Open. 3:1-6 **Teks:** Open. 3:2a

WORD WAKKER

Die ietwat onbekende gemeente van Sardis, was geleë in een van die toonaangewendste koninklike en koningsgesinde stede van Asië. Dit was 'n stad wat veral baie trekke gehad het vir die keiserverering. Alhoewel die gemeente die naam gehad het van 'n lewenskragtige gemeente, word hulle ontmasker as oppervlakkig in hulle godsdienstige lewe — 'n gemeente met 'n skyngeloof.

Hierdie gemeente wat in sy geestelike lewe verdoof het, ontvang slegs beskuldigings sonder enige woord van lof. Die gemeente word vermaan om uit hierdie innerlike doodsheid wakker te word, want anders sal Christus hulle by sy wederkoms aan die slaap vang.

Die gemeente word dan by hernuwing herinner aan die evangelie-prediking wat hulle gehoor het en waaronder hulle tot bekering gekom het deur die geloof in Jesus Christus. Van die gemeente word verder verwag om dadelik sy lewenshouding te verander tot 'n positiewe geloofslewe, met Jesus as inhoud en sonder enige eiegewin. Die gemeente moet en kan wakker word, want Sardis wat geestelik dood is, kan deur Christus weer lewend gemaak word.

Hierdie woord van die Here aan die gemeente van Sardis, raak ook die gemeentes van die hededaagse kerk met sy steeds toenemende getal buitekerklikes en kerklosse lidmate.

Mag hierdie vermanings ook ons uit ons traagheid wakker skud, sodat ons elkeen nie net 'n lidmaat nie, maar 'n lewende lidmaat van die kerk van Christus mag wees. Laat ons nie verflou in ons dienswerk en laat ons nie ons „onderlinge byeenkomste" (ons kerk toe gaan) verwaarloos nie, soos die Hebreërbrief dit van ons vereis.

As ons so volhard in ons geloofslewe en oorwin, sal ons beklee word met witklere. Die wit simboliseer die oorwinning en is verder die kleed van geregtigheid wat vir ons verwerf is deur die bloed van Jesus Christus.

5 Desember **Lees:** Openb. 4 **Teks:** Openb. 4:8b

DIE KOMS EN WEDERKOMS VAN CHRISTUS

Een van die visioene wat Johannes deur 'n opening in die hemel sien, is die vier lewende wesens wat dag en nag sonder ophou sê: „Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige . . ." Johannes aanskou hier hoe die woorde van Psalm 19 'n lewende werklikheid word, waar daar geskryf staan: „Die hemele verkondig die eer van God." Hy begryp nou ook die drie maal heilig, verklaring van God deur die serafs in Jesaja 6.

Hierdie lofprysing van die vier lewende wesens wil eintlik vir ons sê dat God in sy heerlikheid só groot is, dat niks en niemand anders met Hom vergelyk kan word nie. Wanneer iets, buite God om, wettiglik heilig genoem kan word, dan is dit 'n heiligheid wat in elke geval van Bo gegee en ontvang is. En nou sê hierdie teks verder dat die drie maal heilige God dié Een is wat is, wat was en wat kom. In ander godsdienste kry ons ook aanduidinge van een of ander godheid wat beskryf word as iemand wat in die verlede, hede en toekoms dieselfde bly. Só 'n godheid word dan beskryf as iemand „wat is, wat was en wat sal wees". Maar ons teks praat van die enigste, drie maal heilige God wat was en wat is en wat kom. En juis hierdie laaste woord het 'n allesbepalende betekenis.

Die Christendom ken dus 'n God wat kom. Dit het, trouens, reeds gebeur. Hy het in die bestaan, in die geskiedenis van die mense ingekom deur sy geboorte in Bethlehem. Hy het gekom om te soek en te red wat verlore was. Sy lyding, kruisdood, opstanding en hemelvaart was sigbare tekens en bewyse hiervan. Maar aan die einde van die tyd sal Hy wéér kom om die gelowiges te kom haal, sodat hulle kan wees waar Hy reeds is.

In skepping, verlossing en voleinding het ons dus 'n drie maal heilige God wat was, wat is en wat kom. Hy het Homself aan ons geopenbaar deur Jesus Christus, wat reeds gekom het, maar wéér sal kom om te oordeel oor die lewende en die dode.

6 Desember **Lees:** Openb. 5 **Teks:** Openb. 5:5

DIE LAM EN DIE LEEU

Openbaring hoofstuk 5 handel oor die verseëlde boek met die sewe seëls en die Lam wat die enigste Een is wat waardig is om hierdie boek oop te maak. Hier word verwys na die Lam van God, Jesus Christus.

Maar nou is dit merkwaardig dat ons teksvers nie na Christus as die Lam verwys nie, maar die teks noem die Seun van God die Leeu wat uit die stam van Juda is. Verder is hierdie Leeu 'n afstammeling van Dawid. Die titel van die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid, het die meeste in lyn gelê met die politieke Messiasverwagting van die Jode. Hulle verwagting was baie sterk gebaseer op Genesis 49:9 en 10 en só kom kom die Christene se geloof in die gekruisigde Messias en die Messias van die Thora (eerste vyf boeke van Moses) nogal baie met mekaar ooreen. Die Lam is dieselfde as die Seun van Dawid wat deur Israel verwag word. Lam en Leeu is een en dieselfde persoon.

Wanneer die teks praat van die Leeu uit die stam van Juda, spreek hierdie beeld van moed en krag om te oorwin en te bevry. Sy bedoeling was om die gelowiges vir God te koop met sy bloed uit elke stam en taal en volk en nasie. Hy wou die gelowiges maak tot konings en priesters vir die Here. Hy wou gehad het dat die gelowiges as konings op aarde sou heers. As Hy dit kon regkry, sou dit duidelike tekens van sy oorwinning wees.

As Lam van God en Leeu uit die stam van Juda, het Jesus Christus die oorwinning reeds behaal en wél deur sy lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart. En omdat Hy oorwin het, is alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee.

Christus se vleeswording, sy geboorte in Bethlehem, sy kruisdood, opstanding en hemelvaart lyk dus vir ons na die vernedering van die Lam van God wat geslag moes word, maar in werklikheid was dit ook dinge wat met die Leeu uit die stam van Juda moes gebeur om sy oorwinning en verhoging oor alles en almal aan te dui. 'n Oorwinning en verhoging wat die gelowiges se verkiesing vas gemaak het.

7 Desember **Lees:** Openb. 6 **Teks:** Openb. 6:6

VOEDSELNOOD VIR TYD EN EWIGHEID

In Openbaring, hoofstuk 6, word die verloop van die geskiedenis van die wêreld en die kerk in 'n reeks beelde aan ons voorgehou. Die gebeurtenisse loop vanaf die tyd toe daar met die verkondiging van die evangelie begin is, tot op daardie dag toe God se eindoordeel 'n werklikheid geword het. Die verloop van die geskiedenis word aangekondig deur die Lam wat die sewe seëls oopgemaak het. Dit is dus Christus self wat die verloop van die „laaste dinge" in die „laaste dae" deur sy aankondiging aan almal bekend maak.

In die eerste twee beelde het ons te doen met oorlog en burgeroorloog (of rewolusie) en elke oorlog word deur hongersnood gevolg. Daarom word 'n ruiter op 'n swart perd gesien as die derde seël oopgemaak word. Die ruiter het 'n skaal in sy hand, wat 'n verdere aanduiding van hongersnood is, want voedselhoeveelhede word met die skaal afgeweeg. En nou sê ons teks dat 'n rantsoen koring vir 'n penning gekoop kan word. 'n Penning was in dié tyd 'n volle dag se loon. Dus: een persoon sal vir homself slegs vir een dag lank koring kan koop van 'n volle dag se loon. Die voedsel van die arm man, naamlik gars, sal tien maal so duur wees as gewoonlik. Voedsel sal duur wees, maar ook skaars en dit dui die gedagte van die weegskaal aan, want vroeër is koring volgens inhoudsmate afgemeet en verkoop, maar nou word dit geweeg.

Wyn en olie dui op weelde-artikels, wat nog deur die ryk mense bekostig sal kan word. Die armes sal dus deur die skaarste aan voedsel en die stygende voedselpryse getref word, maar luukse artikels sal volop wees en deur die rykes gekoop word.

Ons is weer op weg na Kersfees toe. Die knoop-manie sal ons almal seker weer tref. Oral sal ons weer hoor hoe verskriklik duur alles geword het, veral voedselware.

In werklikheid verdraai ons die betekenis van Kersfees met die dolle gejaag en oormatige gekoop van baie onbenulligheide. Kersfees is 'n Christusfees en nie 'n eetfees waarby ons tafels ten duurste met onnodige voedsel oorlaai word nie.

'n Oproep kom tot meer nugterheid en eenvoud rondom Kersfees, want dan kan ons onsself sinvol besig hou met die Christusfees en minder onrus belewe oor die geweldige styging van pryse. Ons kan liewer Jesaja en uitnodiging aanneem, wat lui: „O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbei vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig."

8 Desember **Lees:** Openb. 7 **Teks:** Openb. 7:9

EER AAN GOD OP AARDE EN IN DIE HEMEL

In Openbaring 6 word vertel van die ontsaglike gevare wat daar in die eindtyd in die lewe van die gelowiges sal kom en hoe God se raadsplanne ontvou word. In die sewende hoofstuk lees ons weer dat die getroue Israeliete uit hierdie gevare gered sal word. 'n Simboliese getal word vir ons genoem om die volkomendheid en volledigheid van die aantal verseëldes aan te dui, naamlik honderd vier en veertigduisend. Hierdie verseëldes sal uit al die stamme van die kinders van Israel gered word. Die Israel wat op aarde is, soos ons lees in vers een van hierdie hoofstuk.

Al die kinders van Israel is dus deelgenote van die seën van die Here. In Galate 3:14 lees ons egter dat ook die heidene wat tot die geloof gekom het, in Christus deel het aan hierdie seëninge. Daarom is die stamme van die kinders van Israel 'n aanduiding van die hele mensheid wat onder die evangelie leef. In hierdie hoofstuk is Israel dus die nuwe volk van God, die kerk van Jesus Christus. Openbaring 7:1-8 handel oor die strydende kerk op aarde, terwyl verse 9 tot 17 praat van die triomferende kerk in die hemel. In vers 9 word die strydende kerk nie meer op die aarde gesien nie, maar Johannes sien die

oorwinnende kerk in die hemel. Teenoor hulle wat op aarde getel en vir bewaring verseël is, is hierdie hemelse skare ontelbaar, want hulle verteenwoordig alle nasies, stamme, volke en tale. Hulle is nie net die martelare nie, maar almal wat in die groot verdrukking getrou gebly het. As teken van hulle oorwinning dra hulle wit klere en staan hulle met palmtakke in hul hande. Uit dankbaarheid staan hulle voor die troon van die Lam en bring hulle lof en eer aan Hom wat op die troon sit.

By Christus se geboorte, in die eerste boek van die Nuwe Testament beskrywe, lees ons: „En hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gevind en neergeval en Hom hulde bewys. Daarop maak hulle hul skatte oop en bring vir Hom geskenke: goud en wierook en mirre."

Aanbidding, lof en eer vir Christus begin dus op aarde, maar ons teks wys ons daarop dat dit tot in die hemel aan Hom toegebring sal word deur die gelowige uit elke volk en taal en nasie wat die oorwinning oor die bose saam met Hom sal deel.

9 Desember **Lees:** Openb. 9:1-12 **Teks:** Openb. 9:4

GOD BESKERM DIE GELOWIGES

In Openbaring 8 word aangekondig hoe God se oordele die aarde sal tref. In hierdie hoofstuk word daar al gedeeltelik met die uitvoering van die oordele begin, maar in hoofstuk 9 werk al die gebeure op tot 'n klimaks. Die drie keer wat die wee uitgespreek word, kom die onderwêreld met mening in aksie en dit maak die oordele vir die mense haas onverdraagbaar.

Een van die eerste beelde uit Openbaring 9 wat vir die mens ontsetting ingehou het, was die beeld van die sprinkane. Hulle opdrag word beperk, want aan hulle word gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of boom moet beskadig nie. Hulle mag dus nie doen wat hulle gewoonlik doen nie. Die opdrag wat aan hulle gegee word, dien as 'n bewys dat die sprinkane 'n sinnebeeldige voorstelling van die oordele van God is.

Maar nou kry hulle die opdrag om die mense skade aan te doen deur hulle te pynig. Merkwaardig is dat die verseëldes van hierdie pyniging gevrywaar word. En hierdie feit dat die verseëldes enige skade of pyn gespaar word, is in lyn met Openbaring 7:3, waar daar geskryf staan: „Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." Dit kom dus daarop neer dat God diegene bewaar wat aan hom behoort, maar die mense wat nie die seël van God op hulle voorhoofde het nie, sal gepynig en beskadig word.

Hierdie teksvers roep ons daartoe op om in die wêreld soos opregte Christusgelowiges te lewe; soos mense wat in leer en lewe getrou is aan ons doop en belydenis. So moet dit altyd wees. Veral met Kersfees wat weer naderkom. Ons moet ons lig só laat skyn voor die mense dat hulle ons goeie werke kan sien, sodat ons Vader in die hemele daardeur verheerlik kan word. As ons dit doen, sal ons daarvan verseker kan wees dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

10 Desember **Lees:** Openb. 10:1-11 **Teks:** Openb. 10:6

DIE EINDOORWINNING VAN GOD

In hierdie Skrifgedeelte kondig 'n engel met 'n eed aan dat die volle raad van God in vervulling sal gaan. Ses basuine is reeds geblaas, maar daar is belowe dat sewe geblaas sou word. En so sal dit gebeur, want die engel wil nou juis kom sê dat die tyd aangebreek het dat die sewende basuin moet blaas.

Hierdie eed wat die engel sweer, doen hy in die Naam van Hom wat aan geen tyd gebonde is nie. Die engel sweer by Hom wat is van ewigheid tot ewigheid. Hy wat bo alle ander skepsele verhewe is as Skepper en Onderhouer. Hy wat alles en almal in aansyn geroep het.

Die eed wat die engel in die Naam van die Here aflê, laat ons baie dink aan die engel se eed in Daniël 12:5-7. Die groot verskil is dat die engel in Daniël uitstel van die oordeel aankondig. Hy praat van 'n tyd, tye en 'n halwe tyd voordat alles in vervulling sal gaan. Die engel in Daniël sê dat alles verseël sal bly tot in die eindtyd. Hierteenoor sê die engel in Openbaring 10 dat daar geen uitstel meer sal wees nie of anders vertaal: dat daar geen tyd meer sal wees nie. Die tyd waarin die teenstanders van God en Christus skynbaar vrye spel gehad het, is verby. Die ses basuine was maar net 'n voorspel tot dit wat nog moet kom wanneer die sewende en laaste basuin geblaas word. Wanneer ons rondom ons kyk, wil dit voorkom asof God se vyande en teenstanders vrye spel in die wêreld het. Dit lyk asof hulle deur niks en niemand gestuit kan word in hulle ongebondenheid nie. Dit is egter net skyn, want God is die alfa en die omega, die begin en die einde. En omdat Hy die begin en die einde is, het Hy ook die eerste maar veral die laaste woord. Die gelowiges kan daarvan verseker wees dat God ten slotte sal ingryp om sy vyande en teenstanders te onderwerp en dan sal elke knie voor Hom buig en elke tong sal bely dat Hy God is.

11 Desember **Lees:** Openb. 11:15-19 **Teks:** Openb. 11:15

EWIGE KONINGSHEERSKAPPY VAN CHRISTUS

Nadat al ses basuine geblaas is, kom die sewende en laaste engel na vore om sý basuin te blaas. En wanneer die sewende basuin geblaas word, gaan daar lofprysende stemme in die hemel op. Waarskynlik kom hierdie lofprysing van die kant van die vier lewende wesens as verteenwoordigers van die hele skepping of ook van die engeleskaar.

Aan wie hierdie lofprysende stemme behoort is egter nie so belangrik nie. Wat wél van groot betekenis is, is die inhoud van hulle woorde. Die groot stemme in die hemel sê eerstens dat die koninkryke van die wêreld die eiendom van die Here geword het. Ondanks die skyn dat die magte, wat God vyandiggesind is, die gesag voer, het God Homself nou geopenbaar as die Eienaar van en Beskikker oor alles. Hy voer alle heerskappy.

Maar saam met God is sy Gesalfde, sy Christus. Hy is daar om al die heerskappy te vestig en uit te oefen. Oor Christus se gesag sê Daniël 7:14: „En aan hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie." (Vergelyk ook Matt. 28:18.) Omdat Hy 'n Koning is, sal Hy ook daarvoor sorg dat Hy as Koning sal heers tot in alle ewigheid.

Verder is Christus die Woord van God. Hy was van die begin af by God, maar Hy was self ook God. Hierdie Woord het egter vlees geword en het onder ons gewoon en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid socs van die eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid. Met Kersfees besef ons weer dat Christus God is wat vlees geword het. Só het Hy Immanuel, God met ons geword wat as Koning heers en regeer oor alles en almal wat bestaan.

12 Desember **Lees:** Openb. 12:1-6 **Teks:** Openb. 12:5

SATAN GEFNUIK

Kersfees herinner aan lig wat duisternis kom verdryf. Kersfees herinner aan die eeue-oue stryd tussen die kerk en die wêreld; aan die stryd van ons Here Jesus Christus teen die satan.

In ons teksvers word kernagtig oor hierdie sake gepraat: Die gemeente van die Here vóór die geboorte van Jesus Christus, word voorgestel as 'n verwagtende vrou. Eeue lank, van die tyd van Adam en Eva af, het die gemeente gewag op die geboorte van die Verlosser wat sou kom.

Ook die duiwel het geweet van Gods belofte dat daar Een sou kom wat die kop van die slang sou kom vermorsel — en die duiwel het ook, maar met moord in sy hart, gewag op sy geboorte.

Toe het dit gebeur: Ongeveer tweeduisend jaar gelede, in die land van die Jode, het die vrou 'n manlike Kind gebaar: Jesus Christus is gebore uit die geledere van die volk van God. Hy is bestem om oor al die nasies streng te regeer. Aan Hóm is hulle verantwoording verskuldig, aan sy genade het hulle hul bestaan te danke.

Die draak, dit wil sê die satan, het aangestorm om die Kind te verslind. Die kindermoord in Bethlehem, die beswaddering en haat van talle mense teen Jesus, en die kruisiging, getuig van die woede van die vuurrooi draak.

Die aanslae van die draak het hom egter niks gebaat nie: Jesus Christus het opgevaar na die hemel: die Kind van die vrou is weggeruk na God en sy troon. Vandáár regeer Hy sy gemeente én die wêreld en daarvandaan sal Hy weer kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Gelukkig die mens van wie dán gesê sal kan word dat hy of sy behoort aan die Kind!

13 Desember **Lees:** Openb. 13:1-10 **Teks:** Openb. 13:7

DIE ANTICHRIS

Die goddelike Drieëenheid, naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees, is volgens die Bybel intens geïnteresseerd in die werklike en blywende welsyn van die mense. In kerklike taal sê ons liewers „die ewige heil" van die mense.

In die boek Openbaring, leer ons egter ook 'n ónheilige drieëenheid ken, naamlik die draak (die duiwel of die satan), die dier uit die see (die antichris) en die dier uit die aarde (die valse profeet). Hulle wil die mensdom sover kry om die drieenige God te verwerp en al hulle hulp en al hulle heil by die onheilige, duiwelse „drieëenheid" te soek.

In ons teksvers het ons te doen met die antichris, al word hy hier nie so genoem nie.

By die Jodendom was daar 'n verwagting van 'n magtige teenstander van God wat kort voor die einde van hierdie bedeling of van hierdie wêreld, so optree. By die Christene wat op die wederkoms van Jesus Christus gewag het (en nog steeds wag!) het die teenstander die naam antichris gekry. Dit beteken dat hy hom téén Christus stel, maar dit het ook die implikasie dat hy hom in die plek van Christus stel. Nie Jesus Christus nie, maar hý die „antichris", is die een na wie die mense moet luister. Dít is waarop hy sal aanspraak maak.

Volgens die algemene briewe van Johannes, is die antichris reeds in die hede aan die werk en verskyn hy in die verleidende ,valse profete wat die gemeente se belydenis aangaande Jesus Christus bestry.

Volgens ons teksvers sal hy 'n bepaalde tyd kry om oor die ganse aarde te regeer en word 'n wêreldwye Christenvervolging onder sy leiding verwag.

Openbaring 13 toon dat toenemende goddeloosheid hoe nader ons aan die einde kom, vir die gemeente geen verassing moet wees nie en dat dit allermins vir God 'n verassing is. Openbaring 13 laat ook blyk dat selfs wanneer die goddeloosheid op aarde sy hoogtepunt sal bereik, daar nog altyd mense sal wees wat end uit in die geloof volhard. Dit is dié mense wie se name van die grondlegging van die aarde in die lewensboek van die Lam geskrywe is.

Wie in Christus uitverkies is, sal lewe, selfs al het die antichris hom of haar doodgemaak!

14 Desember **Lees:** Openb. 14:1-5 **Teks:** Openb. 14:1

ENDUIT BEWAAR

Nadat die leser in hoofstuk 13 kennis gemaak het met die verskrikkinge van die antichris en die valse profeet, is dit 'n verkwikking om in ons teksvers te verneem van hierdie honderd vier en veertigduisend.

Op hulle voorhoofde staan die Naam van die Lam (dit wil sê van Jesus Christus) en van sy Vader geskrywe. Dit is die teken dat hierdie mense aan die Lam en aan sy Vader behoort. Maar wie is hulle? Kom ons let op die kenmerke van hierdie groep:

Hulle het hulle nie met vroue besoedel nie, want hulle is maagdelik rein. Dit is waarskynlik 'n aanduiding dat hulle enduit aan Jesus Christus getrou gebly het, hulle het hul nie aan geestelike ontrou, geestelike hoerery skuldig gemaak nie.

'n Tweede kenmerk is dat hulle die Lam volg waar Hy ookal gaan. Hulle volg Jesus Christus onder alle omstandighede en in alle situasies.

Vervolgens word gesê dat hulle van die mense vrygekoop is as eerstelinge vir God en die Lam. Die woord „eerstelinge" word hier anders as by Paulus gebruik. By Paulus val die klem daarop dat die eersteling die eerste deel van die oes is, wat dan impliseer dat ook die res van die oes sal volg. Hier in Openbaring, val die klem daarop dat die eersteling aan Gód gewy is. Die mense is deur die bloed van Jesus Christus losgekoop. Hulle is uit die geledere van die mensdom afgesonder en aan God en die Lam gewy.

Hoewel hulle te midde van 'n leuenagtige mensdom geleef het, was hulle mense wat die waarheid gepraat het: In hulle monde is geen leuen gevind nie.

Die honderd vier en veertigduisend simboliseer die kerk, die ware gemeente van die Here. Dwarsdeur die sware tye van antichristelike wêreldoorheersing en wêreldverleiding deur die valse profeet, het hulle verseëling van krag gebly. Hulle is ná dié moeilike tyd saam met die Lam op Sion — 'n Aanduiding dat hulle in die besonder vreugdebrengende teenwoordigheid van God is.

15 Desember **Lees:** Openb. 15:1-8 **Teks:** Openb. 15:4

LOOF DIE HERE!

'n Hoofstuk of twee vroeër, het Johannes vertel van die visioen waarin die groot meerderheid mense die antichris (die dier uit die see) aanbid en gesê het: „Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?" (13:4.) Dit was 'n retoriese vraag waarop hulle net een antwoord verwag het, naamlik: Niemand nie!

Noú hoor ons egter van **oorwinnaars** oor die dier en alles wat in noue verband met hom staan! Lidmate van die lydende kerk het hulle stryd klaar gestry. Hulle is nou lidmate van die triomferende kerk.

Moses was die groot verlossersfiguur in die Ou Testament. Hy was die leier van die volk uit Egipte uit. Jesus Christus van die Nuwe Testament, het sy volk uit 'n veel groter slawerny verlos. Die verlostes sing nou één lied, die Lied van Moses en van die Lam. Blykens die inhoud is die lied tot verheerliking van God.

Weer word 'n retoriese vraag gestel: „Wie sal U nie vrees nie, Here en u Naam nie verheerlik nie?" — Die verlostes, hulle wat reeds anderkant die graf is, vra hierdie vraag in hulle loflied. Dit is vir hulle wat die verhewenheid van God en sy regverdigde dade leer ken het, heeltemal ondenkbaar dat iemand God nie sou vrees en in die hoogste mate loof en prys nie.

God moét gevrees en verheerlik word deur al wat mens is.

Volgens die Bybel kan daar eintlik nie twyfel oor bestaan nie. Veral belydende Christene behoort dit as'tware as vanselfsprekend te weet en te beoefen.

'n Mens wat God vrees en sy Naam verheerlik, is niemand wat erns maak met sy dankbaarheidslewe. So 'n mens gaan graag kerk toe, dien God en sy naaste met liefde, en maak gereeld gebruik van die voorreg om te kan bid!

16 Desember **Lees:** Openb. 19:11-21 **Teks:** Openb. 19:16

JESUS CHRISTUS DIE OPPERHEER

Hierdie beelde in vers 11-21, teken die wederkomende Christus as Verlosser en Regter. Hierdie keer kom Hy nie incognito, as hulpelose kindjie in 'n krip nie, maar as die magtige Koning.

Teen Hóm delf die antichris en die valse profeet finaal en fataal die onderspit. Hulle wat vir die lyding en die dood van soveel Christene verantwoordelik was, word lewend gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand; hulle volgelinge word doodgemaak met die swaard wat uit sy mond gaan.

Een van die name waarmee Hy genoem word, is die in ons tekswoorde: „Die Koning van die konings en die Here van die here."

Die Christene het dit deur die eeue heen geglo, maar nou moet ook die wêreld teen wil en dank leer: Daar is geen koning meer verhewe of met groter mag beklee as Jesus Christus nie; daar is geen heer wat nie moet opkyk na Hom nie; daar is niemand wat nie aan Jesus Christus verantwoording verskuldig is nie.

Die wederkoms sal aan die lig bring dat Hy met reg hierdie titel het.

Ons Afrikaners vier vandag Geloftefees. In 'n krisisoomblik van ons volksbestaan het God geluister na die smeekbedes van ons mense. Almal was in lewensgevaar — Volgens menslike berekeninge kon hulle die aanslag nie weerstaan nie. Hulle het geroep, God het geluister toe alles nag was om hul heen. Dieselfde God, die Koning van die konings en die Here van die here, leef vandag nog. Hý is ons enigste hoop om in ons vaderland te kan bly voortbestaan en hier gelukkig te kan lewe en sterwe.

Mag ons genade kry om enduit in Hom te glo!

17 Desember **Lees:** Openb. 20:1-6 **Teks:** Openb. 20:6

DIE EERSTE OPSTANDING

Die uitleg van Openb. 20:1-6 is 'n baie omstrede kwessie in die kerk. Die verklarings hieroor loop wyd uiteen. 'n Mens sou die uitleggers in twee groot groepe kon verdeel, naamlik die wat die duisendjarige ryk of millenium sien as iets wat in die toekoms te wagte is, en die ander groep wat dit nie doen nie. Binne hierdie twee groepe is daar ook 'n hele verskeidenheid standpunte.

As die groot meerderheid skrifverklaarders gelyk het, is die duisendjarige ryk 'n **simboliese** aanduiding van 'n situasie wat gedurende die hele tydperk tussen die hemelvaart van die Here Jesus Christus tot kort voor sy wederkoms voorkom.

Die mense is almal van nature geestelik dood. Diegene wat begin om die evangelie te glo, gaan oor uit die dood tot die lewe. Dít is **die eerste opstanding** van ons teksvers. Súlke mense is in die hoogste mate gelukkig. Hulle is ook heilig in die sin dat hulle afgesonder is vir God. Hulle behoort nie aan hulself of die wêreld of die satan nie, maar aan die Here! Hulle is heilig!

Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, dit wil sê hulle sal nie in die verdoemenis beland nie. Hulle kry in teendeel deel aan die heerskappy van die priesterkoning, Jesus Christus.

Besonderhede oor die wýse waarop hulle deur Jesus Christus in sy diens gebruik word, kry ons nie in hierdie verse nie. Dat hierdie gelukkige mense werk het om te doen, so egter duidelik.

Geagte leser, as u in die God van die Bybel glo, is u in Christus uitverkore. U is geroepe om God en u naaste te dien. Van die een wat veel ontvang het, word ook veel geëis.

Laat ons in dankbare gehoorsaamheid ons toelê op die dienswerk waartoe ons geroepe is. Dit is tog nie te veel gevra vir mense wat die voorreg het om deel te hê aan die eerste opstanding nie!

18 Desember **Lees:** Openb. 22:11-17 **Teks:** Openb. 22:17

VERRASSENDE AANBOD

Wie die boek Openbaring nie noukeurig gelees het nie, kan 'n verkeerde indruk kry. 'n Mens kan die indruk kry dat dit 'n vreesaanjaende bangmaakboek is. Net 'n dwaas sal die waarskuwinge in hierdie boek ignoreer, maar ook in hierdie boek word die Blye Boodskap duidelik deurgegee. Let maar op ons tekswoorde: „. . . En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."

Die verwysing na die water van die lewe, herinner aan ander Bybelse uitsprake waarin die beelde van dors en water ook 'n belangrike rol speel. Wie van ons ken byvoorbeeld nie die woorde in Jeremia 2:13 nie, waar in verband met Israel gesê word: **„My, die fontein van lewende water,** het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie."

In die Johannes-evangelie word berig van 'n belofte van Jesus dat wie in Hom glo, nooit dors kry nie. Op 'n ander plek verneem ons dat Jesus op 'n fees uitgeroep het: „As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, . . . strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."

Dit gaan om geestelike dors by 'n mens, wat net by die Here self geles kan word.

Al die ander waterbronne stel teleur. So was dit in Bybelse tye en so is dit nou nog.

Die verbasende is nie dat Gód oor die water van die lewe beskik nie, maar dat sondaars sonder aansien van die persoon, uitgenooi word om daarvan te kom drink. Dit is gratis verkrygbaar!

Hoewel ons dit verniet kan kry, beteken dit nie dat hierdie water niks werd is nie. In teendeel, „Dit het die duurste prys gekos:

die Lam van God, gelei ter slagting,
het ons van sondeskuld verlos."

19 Desember **Lees:** Luk. 1:1-5 **Teks:** Luk. 1:1, 2

'N HISTORIESE WERKLIKHEID

Die unieke styl waarmee Lukas sy evangelie begin, maak hierdie boek 'n merkwaardige geskrif. Geen ander evangelieskrywer spreek sy leser in die eerste persoon toe nie, nog minder maak hulle hulle oogmerke vooraf bekend. Ook begin hy nie met 'n geslagsregister, soos dit onder die Jode die gewoonte was nie.

Tog blyk dit uit sy geskrif, dat hy nie alleen 'n fyn beskaafde mens was nie, maar dat hy daarby 'n histories-wetenskaplike aanleg besit het. Sy doel met hierdie geskrif was nie om 'n apologetiese werk of 'n strydskrif op te stel nie. Maar om aan die hand van alle beskikbare gegewens 'n goeie boodskap saam te stel, sodat hy aan die Christene en die heidene kon toon, op watter vaste historiese feite hulle geloof gegrond was.

Lukas was nie self 'n getuie van die gebeure, rondom die lewe en die werk van Christus nie. As hy egter oor sy bronne praat, dan gebruik hy 'n uitdrukking wat merkwaardig is. Hy skryf dat sy segsmanne; „dienaars van die Woord" is. Onmiddellik is die vraag, maar wat bedoel hy met „Woord"? Hy kan tog nie die Christendom bedoel nie. Néé, met hierdie uitdrukking, wys Lukas heen na 'n Mag óf Krag wat reeds verskyn het, wat reeds begin het en nog steeds voortgaan om mense aan te spreek. Egter op so 'n wyse aan te spreek, dat hy dit nodig vind om meer breedvoerig oor hierdie Mag te skrywe.

Daarom is die „Woord", soos Lukas dit hier bedoel, die „Woord" wat, volgens die Johannes evangelie, vlees geword het in die persoon van Jesus Christus. Jesus se Naam word hier nie direk genoem nie, maar tog word die doel en betekenis van Jesus se geboorte in Bethlehem op 'n besondere wyse beklemtoon.

Dit was 'n werklikheid, 'n ware gebeurtenis, 'n saak wat onder ons vervul is met ander woorde, 'n gebeurtenis wat ook afgehandel is. Want God het in en deur Christus, die verlossingswerk voltooi en daarom kan die blye boodskap, as die waarheid aan die wye wêreld verkondig word.

20 Desember **Lees:** Hand. 1:1-14 **Teks:** Luk. 1:3, 4

DIE KOMENDE KONINKRYK

In sy voorwoord noem Lukas self die onmiddellike doel van sy boek. Hy rig sy geskrif aan Theofilus, sodat „hy met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent hy onderrig is". Maar Lukas het hierdie goeie boodskap nie slegs vir Theofilus opgestel nie, maar dit ook ongetwyfeld vir alle bekeerlinge uit die heidendom geskrywe.

Die evangelie van Lukas is 'n histories-wetenskaplike werk, maar tog is dit nie 'n gewone geskiedskrywing of biografie van Jesus Christus in die gewone sin van die woord nie. Die Lukas evangelie is egter die uitvoerigste en omvattendste evangelie van die vier. Baie van die mooiste verhale aangaande Jesus, asook van sy aangrypendste gelykenisse kom net in Lukas voor.

'n Besondere gesigspunt kom egter by Lukas na vore, naamlik dié van die kerk in die wêreld. Hy skrywe nie bloot 'n mooi verhaal neer nie, maar sy doel is om mense te oortuig, te bekeer, te verlos en geestelik op te bou. Dit blyk veral uit die feit, dat hy hier Theofilus 'n „hooggeagte" noem. Dus iemand wat wel al mondelinge onderrig ontvang het, maar wie se kennis betreffende Christus nog nie volledig was nie. In die Handelinge boek spreek Lukas Theofilus sonder die hoogeagte aan en dit skyn asof hy intussen van 'n goedgesinde belangstellende tot 'n oortuigde en belydende gelowige verander het.

Daarom is Jesus, vir Lukas, nie die einde van die tyd nie. Jesus staan sonder twyfel wel aan die einde van 'n sekere tyd, naamlik dié van die Ou Testament, want in Hom gaan al die profete se beloftes in vervulling. Maar aan die anderkant, staan Jesus ook aan die begin van die nuwe tyd wat met die nuwe verbond begin.

16 Desember **Lees:** Openb. 19:11-21 **Teks:** Openb. 19:16

Jesus Christus is dus die middelpunt van alle mense se verlange, want Hy kom om Israel voor te berei vir God se koninkryk wat naby gekom het. Wanneer Hy egter verwerp word, dan word Christus die eersteling van die komende koninkryk in sy volheid.

Lukas se „goeie boodskap is" uit geloof tot geloof geskrywe, sodat Jesus as Here en Verlosser verkondig kan word.

21 Desember **Lees:** Luk. 1:5-25 **Teks:** Luk. 1:76, 77

'N BOODSKAP VAN ONRUS

Johannes die Doper het geen maklike taak gehad nie. As die wegbereider van Jesus, moet hy onder die volk van Israel, die weë van die Here reguit maak. Die Israeliet het wel 'n verlosser koning verwag, maar so 'n man het hulle geglo, moet hulle van die juk van die Romeinse oorheersing verlos.

Johannes bring egter nie hierdie boodskap nie. Néé, die koning wat kom sou nie vir 'n aardse koninkryk vestig nie, maar sy koninkryk sou Hy in die harte van mense vestig. Daar waar Hy die vrug van ware geregtigheid, reinheid en liefde in die lewe van mense vind. Waar hy dit nie vind nie, daar tref Hy met sy oordeel.

Dit was vir Israel 'n verontrustende boodskap. Hulle was immers kinders van die verbond, hulle lei 'n rein lewe volgens die wette van die skrifgeleerdes en die eise van die Fariseërs — hierop het hulle hulle hoop gevestig.

Die onrus onder Israel, na die aanhoor van hierdie boodskap, was egter van korte duur. Want wanneer die Verlosser Koning in Bethlehem gebore word, wanneer Hy opgroei en nie met wapengeweld as 'n matige Heerser na vore tree nie — dan daag hulle Hom voor die Joodse Raad weens bedrog. Veel meer, hulle verwerp Johannes se boodskap, want hulle wil hulle eie weë reguit maak, daarom skree hulle vir Pilatus om die Koning van die Jode aan 'n vloekhout te kruisig.

Die fees wat ons binne enkele dae sal vier, die fees wat van blydskap en vreugde getuig oor die koms van Christus — Ja, die fees van Kersfees wat ons daaraan herinner dat Johannes inderdaad 'n ware boodskap verkondig het, hierdie fees begin by die krip in die stal van Bethlehem. Reeds daar moet ons kies, naamlik vir God óf teen God. Want alleen deur en in die Kind Jesus Christus, wat te Bethlehem gebore is, lê ons saligheid en die vergifnis van ons sonde.

As ons ewige Koning maak Hy vir ons die krom weë reguit, sodat dit mag uitloop op die huis met sy baie woninge.

22 Desember **Lees:** Luk. 1:39-45 **Teks:** Luk. 1:41

'N MERKWAARDIGE ONTMOETING

Die ontmoeting tussen Maria, die moeder van Christus en Elisabet, die moeder van Johannes is 'n merkwaardige gebeurtenis. Volgens Lukas was albei swanger, wanneer dié ontmoeting plaasvind. Albei die vroue leef in stille afwagting op die gebeure wat moet volg.

Maar tog is daar 'n wesenlike verskil tussen die twee vroue se ongebore kinders. Toe Elisabet die groet van Maria hoor, „het die kindjie in haar skoot opgespring en Elisabet is vervul met die Heilige Gees".

By hierdie ontmoeting gaan die belofte wat die engel aan Sagaria, in vers 15 gemaak het, in vervulling. Johannes, die seun wat God aan hierdie kinderlose egpaar skenk sal vervul word met die gawes van die Heilige Gees.

Johannes word nie gebore as verlosser van die wêreld nie, néé, deur die krag van die Heilige Gees was dit sy taak om die weg voor te berei, vir Hom wat na Hom sou kom. Hy kon nie red en verlos nie, maar hy het getuig van Hom wat alles anders sou maak.

Daarom het die engel aan Maria gesê: „Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu."

Die Kind wat Maria in die wêreld bring, sou Jesus genoem word, omdat Hy die Seun van God is. In en deur Hom sou die gawes van die Heilige Gees openbaar word — anders as Johannes wat daarmee vervul was.

Jesus Christus is die Een wat nie alleen gekom het om verlorenes te red nie, maar omdat Hy deur die krag van die Heilige Gees verwek is, omdat Hy sondeloos is, daarom kon Hy ook vir die sondaar sterf. Om dieselfde rede kom Hy as ons Here, aan ons 'n ander Trooster beloof en gee wat by ons bly tot Hy weer eendag op die wolke kom.

23 Desember **Lees:** Luk. 2:8-20 **Teks:** Luk. 2:17

STAGNASIE OF ESKALASIE

Die geboorte van Christus het byna onopvallend plaasgevind in Bethlehem. Daar is geen luide trompetgeskal, wanneer hierdie wonder plaasvind nie. Daar word nie fees gevier nie, die meeste mense in Bethlehem is nie eers bewus van die gebeure nie. Hoe anders is dit nie by sy kruisiging, want dan volg die sensasiebe'uste skare Hom tot by Golgota. Maar

by sy opstanding en hemelvaart is daar weer net 'n paar teenwoordig. Ja, slegs 'n paar mense beleef al die gebeure wat in Christus se lewe plaasgevind het.

Die hemelse gesigte en tekens wat die vleeswording van die ewige Seun van God aangekondig het, is nie aan die wêreld as 'n geheel gegee nie, maar aan 'n groepie eenvoudige skaapwagters en aan enkele wyse manne uit die Ooste.

Die herders beleef 'n rare ervaring, wanneer die engel aan hulle verskyn. Tog bring die engel 'n blye boodskap en die herders vertrek onmiddellik om die teken te soek wat aan hulle gegee is.

Die herders vertoef nie by die visioen van die engel of hemelse leerskare nie. Néé, die aankondiging word aangegryp en gedryf deur die boodskap van die engel, vertrek hulle, op pad om die Kind te soek wat in doeke toegedraai is. Dus nadat hulle die boodskap gehoor het, het hulle geglo. In gehoorsaamheid het hulle die Teken gaan soek, hulle vind Jesus by sy ouers waar Hy in die krip lê.

En dan volg hulle spontane reaksie, nadat hulle gesien het, „het hulle oral die woord bekend gemaak wat aan hulle van dié Kindjie vertel is". Die herders bly nie verstom staan voor die krip nie, maar hulle gaan verder.

Die mensdom herdenk graag Kersfees. Maar daar eindig dit, die „Woord" word nie verder beleef en uitgedra wat aan hulle bekend gemaak is met Kersfees nie. Baie min mense onthou Goeie Vrydag, nog minder dié opstanding óf die hemelvaart. Dit is asof die Christendom saam met die wêreldling rondom Kersfees stagneer.

Die tragiek van die kruisiging, die vreugde van die opstanding en die troos van die hemelvaart word selde oral gevier soos wat dit met Kersfees die geval is.

Daarinteen, die herders het gehoor, geglo, gesien en verder gegaan om alles te beleef en te vertel.

24 Desember **Lees:** Luk. 2:25-35 **Teks:** Luk. 2:29, 30

'N WAARDIGE VERWAGTING

Teen die tyd dat ou kersdag aanbreek, is dit asof die mensdom van verligting sug, omdat Kersfees so te sê verby is. Die handelswêreld skep asem omdat hulle reklame veldtogte vir kersinkope waarskynlik 'n sukses was. Sommige mense is

verlig, omdat hulle oortuig is dat hulle die mooiste en duurste geskenke kon bekom vir hulle familie en vriende.

Maar by die gelowige merk 'n mens 'n gees van stille afwagting op. 'n Stemming wat die Christen diep bekommerd maak. Want op die kersdag sal hy die vraag moet beantwoord: Was jy 'n getroue dienskneg wat hierdie vreugde en vrede waardig is?

In die verhaal rondom Simeon lees 'n mens iets van hierdie afwagting en vertroosting. Simeon was 'n bejaarde, vroom man wat gehoop het op die verlossing wat die Messias sou bring. Deur die Heilige Gees was dit aan hom geopenbaar, dat hy nie sou sterf, voordat hy die Christus van die Here gesien het nie. Op 'n dag wanneer hy die tempel binnegaan, tref hy Jesus saam met sy ouers daar aan. Gelei deur die Heilige Gees het Simeon oombliklik besef dat hierdie Kind die beloofde Messias is.

Oorweldig van vreugde hef Simeon dan 'n lofsang aan, waarin die volgende beeld vervat is: 'n Slaaf is deur sy heer aangesê om deur die lang, donker nag op 'n hoë plek wag te hou vir die opkoms van 'n bepaalde ster. Wanneer die ster verskyn moet die slaaf dit dadelik aankondig. Na moeisame ure van wag, sien hy eindelik die ster in al sy helderheid. Wanneer hy dan hierdie gebeurtenis aangekondig het, dan word hy ontslaan van sy taak om langer wag te hou.

Simeon het hierdie beeld ingedagte in sy lofsang, omdat hy opdrag gehad het om te wag vir die „opkoms van die Son van geregtigheid". Eindelik het hy, noudat die Kindjie in sy arms is, die verlossing van God, soos dit gestalte vind in Christus gesien. Daarom weet hy dat God hom in vrede sal laat gaan, dat God hom sal ontslaan van sy taak om langer wag te hou.

Op die vooraand van kersdag moet die gelowige ook verantwoordig doen. Want aan die gelowige is die opdrag gegee, dat hy tussen die hemelvaart en die wederkoms van Christus dissipels van die nasies moet maak. Sodat almal gelowige diensknegte sal wees wat hoop op die wederkoms van Christus. Ons moet werk, want die nag kom nader, wanneer daar gevra sal word of ons die geboorte van die Bethlehem Kind wel aan die wêreld verkondig het.

Wie die opdrag waardig was, sy bekommerde afwagting sal op daardie dag oorgaan in verligting. Want hy word nie ontslaan soos 'n slaaf nie, maar beloon as 'n getroue dienskneg wat ingaan in die vreugde van sy Here.

25 Desember **Lees: Luk. 2:1-7** **Teks: Luk. 2:76**

'N HEERLIKE VERRASSING

Dit is vandag Kersfees. Op hierdie dag is daar vreugde en blydskap in die hart van die gelowige Christen. Dit is vir hom 'n fees van vrede en die mens in welbehae, omdat die heerlikheid van God oor hom skyn.

Hierdie heerlikheid van God het op die kersnag, met die verskyning van die engel aan die herders in die veld, 'n beroering veroorsaak. So getref was die herders deur die gebeure in daardie donker nag, dat hulle onmiddellik, nadat hulle die Kindjie in die krip gevind het, uitgegaan het en van hierdie Lig wat in die wêreld skyn, begin getuig het.

'n Mens kan hulle blydskap verstaan, want die heerlikheid van God wat nou weer oor die wêreld skyn was 'n groot verrassing.

Vroeër in die geskiedenis het God sy heerlikheid oor die volk Israel laat skyn, toe Hy hulle in die woestyn bedags met 'n wolkkolom en snags met 'n vuurkolom gelei het. Hierdie openbaring van God was vir die Israeliet, die sigbare beeld van God se beskerming, leiding, hulp en raad. Wanneer hy die vuur of wolkkolom aanskou, weet hy dat die God van die verbond naby is. Die Israeliet het sy bevoorregte posisie besef, want hy word deur 'n lewende God gelei. Dit is die God van sy vaders wat hom nou na die beloofde land lei, sonder dat sy voet struikel voor die aanslag van die nasies.

Hier op die kersnag vind daar egter 'n unieke gebeurtenis plaas. Die engel van die Here verskyn aan herders in die veld en die heerlikheid van die Here het om hulle geskyn. Nou word God se heerlikheid sigbaar in vlees en bloed.

Alle oë het dit nie aanskou nie, maar aan alle ore word verkondig dat die majesteit, die heerlikheid van God 'n werklikheid geword het in die lewe van elke mens wat dit glo.

Die koninkryk waarvan Johannes getuig het, naamlik die koninkryk van die hemelse het naby gekom. Dit is 'n unieke ryk, omdat met die geboorte van Jesus Christus die burgerskap van hierdie koninkryk uitgebrei is oor die ganse mensdom.

Die heerlikheid van God skyn nou nie meer uitsluitlik oor Israel nie, maar in Jesus Christus het God se heerlikheid 'n sigbare beeld geword van sy beskerming, leiding, hulp en raad. Sy heerlikheid het gekom om oor alle mense te skyn, sodat daar vir die ganse mensdom 'n lig op sy pad mag wees.

'n Lig wat die duisternis nie kan oorweldig nie, 'n Lig wat vreugde en vrede bring, omdat elke knie nou voor die heerlikheid van die Here kan buig.

26 Desember **Lees:** Mat. 1 vers 1 tot 17 **Teks:** Drie name uit die geslagsregister van Jesus

TAMAR, RAGAB, RUT . . . EN JESUS

Hierbo staan geskryf dat u Mattheus 1 verse 1 tot 17 moet lees. Het dit u verveel om hierdie geslagsregister van Jesus te lees . . . net 'n klomp name? Moontlik wel. Maar . . .

Ons wat so pas Kersfees gevier het, laat ons net vir 'n paar oomblikke kyk na **drie** van hierdie name: TAMAR, RAGAB en RUT. Kan dit waar wees dat **sulke** name in die geslagsregister van Jesus opgeteken is . . . na die vlees uit die geslag van Dawid. Word Ragab dan nie 'n **hoer** genoem nie (Josua 2)? En is dit nie Tamar, die skoondogter van Juda, met wie Juda omgang gehad het, onder die indruk dat sy 'n ontugvrou is nie? (Genesis 38.) En is Rut nie 'n Moabitiese vrou wat nie in die vergadering van die Here kon inkom nie? (Deuteronomium 23 verse 2 en 3.)

Loop **hierdie** geslagsregister nie uit op die kersgebeure, die geboorte in Bethlehem nie? Ja seker! Dis 'n pad wat loop **dwarsdeur** alle menslike smaad en skande. Waarom? God stuur sy Seun na 'n wêreld van sondaars en sondaresse . . . om te red! Daarom word sy Seun diep in die gelykheid van die vlees getrek, uitgesonderd die sonde, sodat hy wat geen sonde gehad het nie vir ons as volmaakte en heilige Middelaar kan intree by God. Sondaars en sondaresse sal die verlossingswerk van God nooit kan keer nie.

Met Kersfees staan ons by die **werklikheid** van die verlossing uit en die vergifnis van sonde. Na Kersfees staan ons as **dankbare** mense, diep bewus van God se verlossingdaad in Christus, met die vraag op ons lippe: Wat wil U Here hê, moet ek doen?

27 Desember **Lees:** Mat. 2 verse 1 tot 12 **Teks:** Mat. 2:5

TE BETHLEHEM

Bethlehem . . . „huis van brood"! By hierdie „broodhuis" het ons eergister gestaan. Hy wat vir die hongeriges brood gegee het, nie slegs aardse brood nie maar die „brood van God wat uit die Hemel neerdaal", hy is hier gebore. Die naam Bethlehem kom so in merkwaardige lig te staan.

In ons teksvers lê daar iets tragies. Die kerkmense van die Ou Testament, die owerpriesters en skrifgeleerdes ken hulle „Bybel"; hulle dra kennis van die messiaanse profesieë in die boekrolle. Hulle kan dadelik die vinger op die teks lê.

Wanneer koning Herodes by hulle navraag doen oor waar die Christus gebore sou word, is hulle Bybelkennis in orde. Hulle antwoord is korrek. **Miga** het voorspel dat dit in Bethlehem Efrata sal wees.

Wat help egter hierdie kennis van die Skrifte wanneer hulle voete nie in beweging kom soos die voete van die skaapwagters nie? Toe die engelboodskap van „groot blydskap" vir die hele volk die skaapwagters bereik het, het hulle vir mekaar gesê: „Kom laat ons na Bethlehem gaan en hierdie dinge sien wat gebeur het, wat die Here aan ons bekend gemaak het." Daar het roering in hulle harte gekom. 'n Mens wat die evangelie hoor en glo, kom in beweging. Ons verneem egter niks van blydskap in die harte van hierdie kerkmanne nie. Ons hoor net van die tintelende vreugde in die harte van die skaapwagters . . . en die wyse manne uit die heidenlande. Maar die kerk is stil . . .

Is dit nie 'n ontsettende moontlikheid nie, dat 'n mens in die aangesig van die Kersgebeure die Christus van die Skrifte in die Skrifbladsye kan toevou, om hom te bêre op jou bedkassie, of in jou boekrak nie . . . sonder enige vreugde in jou siel?

28 Desember **Lees:** Joh. 1 verse 1 tot 14 **Teks:** Joh. 1 vers 42

DIE MESSIAS GEVIND

Die Griekse matematikus Archimedes het ongeveer 300 jaar voor die geboorte van Christus uitgeroep: „Eureka . . . eureka . . .", wat beteken: „ek het gevind; ek het gevind!" Dit was in verband met die wetenskaplike wet van die soortlike gewig dat hy 'n opspraakwekkende ontdekking gemaak het na baie nadenke en navorsing.

Hier is dit Andreas, die broer van Petrus wat uitroep: „Ons het die Messias gevind" . . . meer gevind as net 'n abstrakte en koue wetenskaplike waarheid. Hy het ook soos Archimedes die waarheid gevind, maar tog so anders — nee hy het dié Waarheid, 'n Persoon, Jesus Christus gevind.

Andreas het Christus gevind eers nadat Christus hom gevind het! — Ons lees dat hy eers 'n dag by Jesus gebly het. In ons teksverband verneem ons ook 'n dergelyke volgorde wanneer Filippus aan Nataniël sê: „Ons het hom gevind van wie Moses in die wet geskryf het", nadat ons gelees het: „En hy (Jesus) het Filippus gevind."

So pas het ons Kersfees gevier — die fees wat wil getuig dat God ons vir sy Seun gevind het . . . want ons was verlore en verdwaal. Al die pogings van die mens om vanuit homself God te vind, het inmekaar getuimel soos 'n kaartehuis.

En nou, nadat ons gevind is — gaan ons dié blydskap vir onsself hou? Nee, ons lees aangaande Andreas die mooiste getuienis wat daar oor 'n mens gesê kan word. Ons verneem dat Andreas toe hy Christus gevind het nadat Christus hom gevind het, ook sy broer na Jesus toe gelei het. Daar wag dus werk vir ons wat Kersfees gevier het . . . daar is baie broers en susters saam met ons op die pad.

29 Desember **Lees:** Mat. 2 verse 19 tot 23 **Teks:** Mat. 2 vers 20

„STAAN OP, NEEM DIE KINDJIE . . ."

Josef moes pas na die eerste Kersfees haastig padgee. Twee keer sou hy van die engel van die Here die opdrag ontvang om op te staan en die Kindjie en sy moeder te neem. Die eerste Kersfees het dus nie so rustig verloop as wat allerlei prentjies vir ons teken nie. Josef moes opstaan en vlug omdat Herodes die Kindjie wou doodmaak.

Na Kersfees, na die dood van Herodes, kry Josef weer die opdrag om op te staan en die Kindjie en sy moeder te neem en vanuit Egipteland terug te gaan na die land van Israel. Waarom? Nie alleen omdat 'n profetiese woord uit Hosea vervul moes word nie („uit Egipte het ek my Seun geroep"), maar omdat die heilsplan van God soos aangekondig deur die profete, moes voortgaan. Die belofte van eeue het in vervulling gegaan. Die Messias het verskyn in die gestalte van 'n Kindjie. Maar die reddingsplan van God het nie in Bethlehem geëindig nie. Dit gaan voort na Golgota en na 'n graf waarvan die steen weggerol sal word. Josef kan daarom nie in Egipte bly woon nie. Hy moet opstaan en na die land van Israel gaan, want vandaar sal die boodskap van hierdie Kindjie oor die hele wêreld uitgedra word. Josef moet gaan want die evangelie moet oor Golgota heen! Die skaduwee van Herodes gaan al langer en langer word totdat die skaduwee van Pontius Pilatus loodreg op die kruis sal val . . . sodat daar redding en lewe kan wees.

30 Desember **Lees:** Mat. 3 verse 1 tot 12 **Teks:** Mat. 3 vers 2

KERSFEES EN BEKERING

Die jaar loop ten einde! Ons leef tussen 25 en 31 Desember, vir sover dit die kalender van die **wêreld** betref. Wat die **kerk** betref het die jaar pas begin op 25 Desember. Wat die bekering betref maak dit nie saak watter dag en datum dit is nie. Bekering is 'n saak vir elke dag . . .

Johannes die Doper het as profeet en voorloper van Jesus in die tyd van die eerste Kersfees kon leef. Sy prediking getuig dat hy dit weet dat die Koninkryk van die hemel naby gekom het. Die Heiland is gebore! Daarom moet hy preek. Die proklamasie van hierdie evangelie roep altyd tot bekering. Mense wat weet van die Heer wat gebore is, is mense wat tog na die Heer toe wil gaan. Anders is hulle vreugde nie eg nie. Om na die Heer toe te gaan, soos die wyse manne uit die ooste en die skaapwagters van die herdersvelde, buitekant Bethlehem . . . dit is bekering. Om te bly stilsit met die vinger op die tekste, dit is onbekeerdheid, verharding!

Johannes het gevra na „die vrugte wat by die bekering pas." Die skaapwagters en wyse manne uit die ooste het hierdie vrugte gedra toe hulle in beweging gekom het na Jesus toe. Bekering en dankbaarheid loop hand aan hand deur die lewe. Die blydskap oor die tyding van Kersfees plaas my voete op die pad van afkeer van bose paaie, roep my eers tot halt, sodat ek vir 'n wyle in myself kan keer soos die verlore seun in die ver land. Maar dan kan die terugkeer ook nie uitbly nie en ek keer my toe na die Kind van Bethlehem. Toekering na die Kind van Bethlehem is bekering.

31 Desember **Lees:** Joh. 1 verse 15 tot 34 **Teks:** Joh. 1 vers 29

„DAAR IS DIE LAM VAN GOD . . ."

Ons stel 'n vraag op hierdie laaste dag van die jaar: Is dit moontlik dat 'n mens wat ses dae gelede geleef het in die tintelende, kinderlike vreugde van Kersfees, op oujaarsdag so neergevel in droefgeestigheid daar kan uitsien? Lê 25 Desember en 31 Desember dan so ver uitmekaar? Is dit nie só dat Kersfees, die één dag, vir al die ander dae van die jaar 'n boodskap uitstort nie?

Kersfees is soos die padwyser op ons paaie. Dit wys na die toekoms heen! „Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Die boodskap word gerealiseer in die gestalte van 'n lam wat die sonde van die wêreld wegdra. Isak wou van sy vader weet waar die offerlam is. Die antwoord was dat God self vir Hom 'n lam sou voorsien. Dit het gebeur in die koms van Christus. Soos 'n lam wat na die slagplek gelei word" . . . (Jesaja 53.) Dit is die werk van hierdie lam om die sonde die woestyn in te dra, om dit weg te neem.

Die kerk het geen vindingryke program om aan die wêreld voor te lê met die oog op wêreldverbetering in die jaar 1977 nie. Die kerk — u en ek is die kerk — het 'n beskeie taak, om ook soos Johannes die Doper aangaande Hom te „getuig", te „roep" en te „sê" dat Hy eerder is as ek, dat hy eerste moet wees en ek laaste, dat ook ek uit sy volheid ontvang het, ja genade op genade.

Op die drumpel van die nuwe jaar 1977, staan ook ons Paaslam wat op Golgota vir ons geslag is, om so die sonde weg te neem en vir ons die lewensmakende Gees te verwerf, die Gees wat in Christus as die hoof en in ons as sy lidmate woon.

Amen.

TELEFOON 3-6417

ONDERSTEUN U EIE
BOEKHANDEL

PAUL KRUGERSTRAAT 480
POSBUS 460
PRETORIA 0001

MEMORANDUM

MEMORANDUM

MEMORANDUM

MEMORANDUM